# Pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders

**L Bruwer**

**orcid.org/0000-0003-1630-7365**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister Theologiae in Pastorale Studies* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof G Breed

Gradeplegtigheid: Julie 2020

Studentenommer: 21699402

## BEDANKINGS

My opregte dank en waardering aan:

- My Hemelse Vader, Jesus Christus wat my die geleentheid gegee het om hierdie studie te kon onderneem sodat ek beter insig kon verkry om jongmense met emosionele pyn by te staan en te help.
- Aan my twee dogters, Jeanne-Mari en Michelle, baie dankie vir julle gebede en ondersteuning. Ek waardeer julle. Onthou altyd hoe spesiaal julle is.
- My studieleier, Prof Gert Breed. Baie dankie vir wat u vir my gedoen het. Ek waardeer al die hulp en leiding.
- Prof Wentzel Coetzer en Sonette, baie dankie vir julle bemoediging. Mag die Here julle hiervoor seën.
- Baie dankie ook aan Noordwes-Universiteit vir die finansiële hulp en ondersteuning. Dit het my ongelooflik baie gehelp.
- ŉ Besondere woord van dank aan personeel van die Teologiese Biblioteek van die Noordwes-Universiteit. Mevrou Hester Lombard, bibliotekaresse asook Adri Smit en Sydney Vos, julle is ware staatmakers en word opreg waardeer.
- Baie dankie aan Hester Lombaard vir die hulp met my bronnelys. Jy is baie spesiaal.
- Baie dankie ook aan Petra Gainsford vir die hulp met die tegniese versorging van die studie. Jou hulp word opreg waardeer.
- Chantell Joubert, baie dankie vir jou hulp met die sketse. Jy het dit vir my so maklik gemaak.
- Baie dankie ook aan Dr. Franci Jordaan wat die taalversorging van die studie behartig het.

*Mag elkeen wat hierdie studie lees besef dat by God volkome genesing moontlik is. Dat Hy vir julle soos in Jer. 29:11 beskryf, hoop vir die toekoms wil gee. Dat ŉ intieme verhouding met die lewende God jou hele lewe kan transformeer.*

## OPSOMMING

Hierdie studie handel oor die pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders. Die oogmerk is om riglyne saam te stel sodat adolessente meisies met afwesige vaders, ten spyte van hulle omstandighede, pastoraal versorg en begelei kan word.

Osmer se vier-punt-model word as vertrekpunt gebruik. Eerstens word die vraag "Wat gebeur tans?" beantwoord deur ŉ literatuurstudie in hoofstuk 2 te loots waarin die huidige stand van sake ondersoek word. Hier word vasgestel wat die statistiek rondom vader-afwesigheid tans in die Westerse wêreld asook Suid-Afrika is. Die invloed wat vader-afwesigheid op die adolessente meisie se lewe het, is verken deur die verskillende ontwikkelingsfases van die meisie te ondersoek, naamlik die fisiese-, emosionele-, kognitiewe- en sosiale ontwikkeling. Sekondêre gevolge van vader-afwesigheid word ook verken en sluit armoede, opvoedkundige onderprestasies, losbandigheid en tiener swangerskappe, drank- en dwelm misbruik asook eetversteurings in. Die invloed wat die gemeenskap, kerk en skool op die pastorale versorging aan die adolessente meisie met ŉ afwesige vader het, word ook ondersoek.

Die tweede vraag naamlik "Waarom gebeur dit?" word in hoofstuk 3 beantwoord deur vas te stel wat die oorsake van vader-afwesigheid is en waarom dit so ŉ enorme effek op die meisie se lewe het. Die sosiologiese veranderinge in die samelewing, die struktuur van die gesin wat verander het, die rol van die vader as broodwinner, werksomstandighede en loopbaanstrukture wat al hoe meer gekompliseerd raak asook die rol van die vader in die postmoderne tyd en geloofsverflouing is ondersoek. Die primêre gevolge op die adolessente meisie se lewe, naamlik haar identiteitverandering, haar verwagtings rondom verhoudings, asook pa-honger en pa-wonde, is verken.

In hoofstuk 4 word na hulpverleningsmodelle vanuit die grenswetenskappe gekyk. Die verskillende hulpverleningsmodelle word ondersoek en bruikbare, praktiese aspekte uit elke model is aangetoon.

Verskeie, bestaande, pastorale hulpverleningsmodelle word in hoofstuk 5 ondersoek. Hier word veral op gebed gefokus waar Jesus se genesende krag onder leiding van die Heilige Gees vir genesing van diep, emosionele wonde gebruik word. Praktiese stappe

en bruikbare aspekte vanuit elke model word aangetoon.

Hoofstuk 6 fokus op die praktiese riglyne vanuit die Woord van God. Die boek Efesiërs word ondersoek en riglyne vanuit die Skrif word vir die genesing van diep, emosionele pyn aangetoon.

In hoofstuk 7 word merkers vanuit die Skrif, elke pastorale model sowel as ander modelle wat, vanuit die grenswetenskappe aangetoon, wat gebruik kan word. Riglyne vir die pastorale versorging van adolessente meisies met afwesige vaders word voorgestel.

**Sleutel terme**

- Pastoraal
- Berading
- Adolessent
- Afwesige vader

## ABSTRACT

This study is about pastoral care for adolescent girls with absent fathers. The purpose is to compile guidelines so that adolescent girls with absent fathers can be cared for and guided pastorally despite their circumstances.

Osmer's four-point model is used as a point of departure. Firstly, the question “What is happening?” is answered by launching a literature study in Chapter 2 that examines the current state of affairs. Statistics about father absence in the Western world as well as South Africa are determined here. The influence of a father's absence on the adolescent girl's life is explored by examining the various stages of development of the girl, namely physical-, emotional-, cognitive- and social development. Secondary effects of father absence are also explored and include poverty, educational under-achievement, promiscuity and teen pregnancies, alcohol and drug abuse and eating disorders. The influence of the community, church and school on pastoral care of the adolescent girl with an absent father was also investigated.

The second question, “Why does this happen?” is answered by finding out why father absence has become so prominent in recent years and why it has such a huge effect on the girl's life. Chapter 3 therefore examines the origin of the problem of the absent father where the causes of father absence in society are investigated. The sociological changes in society, the structure of the family that has changed, the role of the father as breadwinner, working conditions and career structures that are becoming increasingly complicated as well as the role of the father in the post-modern era and backsliding in faith were examined. The primary effects on the adolescent girl's life are explored, namely the change in her identity, her expectations about relationships, as well as father-hunger and father-wounds.

In Chapter 4 we look at assistance models from related sciences. The various assistance models were examined and useful, practical aspects from each model are identified.

Several existing pastoral care models were examined in Chapter 5. The focus here is on prayer using Jesus' healing power under the guidance of the Holy Spirit to heal deep, emotional wounds. Practical steps and useful aspects from each model are shown.

Chapter 6 focuses on practical guidelines from the Word of God. The book of Ephesians is examined and Scriptural guidelines are cited for healing emotional pain.

In Chapter 7, markers from Scripture, each pastoral model as well as models that can be used from the border sciences are shown. Guidelines for the pastoral care of adolescent girls with absent fathers are suggested.

**Key terms**

- Pastoral
- Counselling
- Adolescent
- Absent father

# INHOUDSOPGAWE


**BEDANKINGS** ........ **I**
**OPSOMMING** ........ **II**
**ABSTRACT** ........ **IV**

**HOOFSTUK 1: AGTERGROND EN MOTIVERING** ........ **1**

**1.1 Agtergrond** ........ **1**

**1.2 Sleutelterme** ........ **2**

1.2.1 Pastoraal ........ 2

1.2.2 Berading ........ 3

1.2.3 Adolessent ........ 4

1.2.4 Afwesige Vader ........ 5

**1.3 Probleemstelling** ........ **6**

1.3.1 Literatuurstudie ........ 6

1.3.2 Stand van die internasionale navorsing ........ 6

1.3.3 Stand van Suid-Afrikaanse navorsing ........ 7

1.3.4 Beskikbaarheid van data ........ 8

1.3.5 Leemtes in die navorsingsveld ........ 8

1.3.5.1 Artikels ........ 9

1.3.5.2 Proefskrifte en verhandelings ........ 10

1.3.5.3 Boekpublikasies ........ 11

**1.4 Sentrale navorsingsvraag** ........ **14**

**1.5 Doel van die studie** ........ **14**

**1.6 Sentrale teoretiese argument ... 15**

**1.7 Metodologie ... 15**

**1.8 Etiese oorwegings ... 17**

**1.9 Skematiese voorstelling ... 18**

**1.10 Struktuur van die studie ... 18**

**HOOFSTUK 2: DIE HUIDIGE SITUASIE RONDOM DIE MAN AS AFWESIGE VADER ... 20**

**2.1 Inleiding ... 20**

**2.2 Statistiek rakende vader-afwesigheid in die Westerse wêreld ... 20**

**2.3 Statistiek rakende vader-afwesigheid in Suid-Afrika ... 22**

**2.4 Gevolgtrekking ... 25**

**2.5 Fisiese ontwikkeling ... 25**

**2.6 Emosionele ontwikkeling ... 26**

**2.7 Kognitiewe ontwikkeling ... 27**

**2.8 Sosiale ontwikkeling ... 28**

**2.9 Die effek van vader-afwesigheid op die adolessente meisie se lewe ... 30**

2.9.1 Wat is ’n afwesige, onbetrokke vader? ... 30

2.9.2 Die effek van ’n afwesige, onbetrokke vader ... 30

2.9.3 Armoede ... 31

2.9.4 Swak opvoedkundige prestasies ... 32

2.9.5 Losbandigheid en tiener swangerskappe ... 34

2.9.6 Drank- en dwelmmisbruik ... 35

2.9.7 Eetversteurings ... 35

2.9.8 Identiteit en verhoudings met die teenoorgestelde geslag ... 36

**2.10 Gevolgtrekking ... 37**

**2.11 Die invloed van die gemeenskap op die pastorale versorging van die adolessente meisie ... 38**

**2.12 Die invloed van die kerk op die pastorale versorging van die adolessente meisie ... 38**

**2.13 Die invloed van die skool op die pastorale versorging van die adolessente meisie ... 40**

**2.14 Gevolgtrekking ... 41**

**HOOFSTUK 3: DIE ONTSTAAN VAN DIE PROBLEMATIEK RONDOM DIE AFWESIGE VADER ... 43**

**3.1 Inleiding ... 43**

**3.2 Oorsake van vader-afwesigheid ... 43**

3.2.1 Sosiologiese veranderinge in die samelewing ... 43

3.2.2 Die veranderende struktuur van die gesin ... 44

3.2.3 Die vader se rol as enigste broodwinner het verander ... 46

3.2.4 Werksomstandighede en loopbaanstrukture raak al meer gekompliseerd ... 47

3.2.5 Die veranderende rol van die vader in die postmoderne tyd ... 48

3.2.5.1 Hoe lyk die vader van die 21ste eeu? ... 49

3.2.6 Geloofsverflouing ... 50

3.2.7 Gevolgtrekking ... 51

**3.3 Hoekom het die afwesige pa so 'n negatiewe invloed op die dogter? ..... 52**

3.3.1 Aanpassings in identiteit ..... 52

3.3.2 Die meisie se verwagtinge rondom verhoudings verander ..... 54

**3.4 Bydraende komponente ..... 56**

3.4.1 Pa-wonde ..... 56

3.4.2 Pa-honger ..... 58

3.4.3 Gevolgtrekking ..... 59

**HOOFSTUK 4: HULPVERLENING AAN ADOLESSENTE MEISIES MET AFWESIGE VADERS VANUIT DIE GEDRAGSWETENSKAPPE ..... 61**

**4.1 Inleiding ..... 61**

**4.2 Kursusse en terapietegnieke ..... 61**

4.2.1 Kursus spesifiek ten opsigte van vader-dogter verhoudings ..... 61

4.2.1.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit hierdie vader-dogter kursus ..... 62

4.2.2 *Group cinematherapy* ..... 62

4.2.2.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die *group cinematherapy* model ..... 64

4.2.3 Hulp vanuit die Sosiologie, volgens Wineburgh, aan kinders met afwesige vaders ..... 64

4.2.3.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die Wineburgh benadering ..... 65

4.2.4 Die "Wonderwerk-vraag" ..... 66

4.2.4.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die model van die "Wonderwerk-vraag" ..... 67

4.2.5 Musiekterapie ..... 67

4.2.5.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die Musiekterapie ..... 68

4.2.6 Bewustheidsgebaseerde benaderings (*Mindfulness)* ..... 68

4.2.6.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die bewustheidsgebaseerde benadering ..... 70

4.2.7 Geldard en Geldard se benadering ..... 70

4.2.7.1 Inleiding ..... 70

4.2.7.2 Wanneer soek adolessente hulp? ..... 72

4.2.7.3 Gevolgtrekking ..... 73

4.2.7.4 Wat is die pro-aktiewe benadering? ..... 73

4.2.8 Gevolgtrekking ..... 74

4.2.8.1 Die pro-aktiewe proses: stappe soos voorgestel deur Geldard en Geldard ..... 75

4.2.9 Gevolgtrekking ..... 78

4.2.9.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die Geldard en Geldard benadering ..... 79

4.2.10 Gevolgtrekking ..... 80

**HOOFSTUK 5: BELANGRIKE PERSPEKTIEWE VANUIT VERSKILLENDE PASTORAAL-TEOLOGIESE MODELLE MET BETREKKING TOT DIE BEGELEIDING VAN ADOLESSENTE MEISIES MET AFWESIGE VADERS ..... 81**

**5.1 Inleiding ..... 81**

**5.2 Bestaande pastorale hulpverleningsmodelle ..... 81**

5.2.1 Jan Frank se 10-fase genesingsmodel ..... 82

5.2.1.1 Stap1: Konfronteer die probleem ..... 82

5.2.1.2 Stap 2: Herroep die insident ..... 84

5.2.1.3 Stap 3: Ervaar die gevoelens ... 86

5.2.1.4 Stap 4: Identifiseer en vestig verantwoordelikheid ... 87

5.2.1.5 Stap 5: Identifiseer gedragsprobleme en simptome ... 87

5.2.1.6 Stap 6: Hou andere dop en onderrig jouself ... 88

5.2.1.7 Stap 7: Konfronteer die aggressor ... 89

5.2.1.8 Stap 8: Gee erkenning aan vergifnis ... 90

5.2.1.9 Stap 9: Herbou selfbeeld en verhoudings ... 92

5.2.1.10 Stap 10: Reik uit en betoon empatie met ander ... 94

5.2.1.11 Bruikbare praktiese aspekte vanuit Jan Frank se 10-fase-genesingsmodel ... 96

5.2.2 Die beradingsmodel van Sara Trollinger ... 97

5.2.2.1 Stap 1: Wat is die adolessent se verhouding met God? (Dit sluit verlossing en vergifnis in) ... 99

5.2.2.2 Stap 2: Wat veroorsaak die pyn? ... 101

5.2.2.3 Stap 3: Wat het in die verlede gebeur wat aangespreek behoort te word? ... 103

5.2.2.4 Stap 4: Identifiseer hul probleme en begelei hulle tot verlossing in Christus ... 104

5.2.2.5 Stap 5: Watter gedragsveranderings en grense is nodig om gesond te word? ... 106

5.2.2.6 Bruikbare praktiese aspekte vanuit Trollinger se genesingsmodel ... 109

5.2.3 Charles H Kraft se model van innerlike genesing ... 110

5.2.3.1 Inleiding ... 110

5.2.3.2 Wat presies word met diepvlakgenesing bedoel? ..... 110
5.2.3.3 Vryheid as fokus ..... 111
5.2.3.4 Emosionele wortels van diepvlak probleme ..... 113
5.2.3.5 Proses om wonde van die verlede te hanteer ..... 115
5.2.3.6 Genesing van ŉ beskadigde selfbeeld ..... 116
5.2.3.7 Hoe word diepvlakgenesing toegepas? ..... 118
5.2.3.8 Bruikbare praktiese aspekte vanuit Charles H Kraft se model van innerlike genesing ..... 119
**5.3 Gevolgtrekking ..... 120**
**HOOFSTUK 6: RIGLYNE UIT EFESIËRS VIR PASTORALE VERSORGING AAN ADOLESSENTE MEISIES WIE SE VADERS AFWESIG IS ..... 121**
**6.1 Inleiding ..... 121**
**6.2 Efesiërs en pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders ..... 122**
6.2.1 Efesiërs: ŉ pastorale brief ..... 122
6.2.2 Die struktuur van die brief ..... 123
6.2.3 Toepaslikheid van die brief vir riglyne oor die pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders ..... 125
6.2.3.1 Identiteit ..... 125
6.2.3.2 Pa-wonde ..... 130
6.2.3.3 Pa-honger ..... 132
6.2.3.4 Verhoudings ..... 133
6.2.4 Gevolgtrekking ..... 136

**HOOFSTUK 7 DIE FORMULERING VAN PRAKTYK-TEORETIESE RIGLYNE VIR PASTORALE VERSORGING AAN ADOLESSENTE MEISIES MET AFWESIGE VADERS ....... 138**

**7.1 Inleiding ....... 138**

**7.2 Doelstellings ....... 138**

**7.3 Belangrike merkers vir die saamstel van die riglyne vir pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders ....... 139**

7.3.1 Merkers vanuit die Skrif ....... 139

7.3.2 Merkers vanuit die genesingsmodelle ....... 140

7.3.3 Merkers vanuit die grenswetenskappe ....... 141

**7.4 Voorgestelde riglyne vir die pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders ....... 143**

7.4.1 Fase1: Belangrike aspekte ter voorbereiding ....... 143

7.4.2 Fase 2: Verkryging van inligting ....... 144

7.4.3 Fase 3: Die gebedsessie ....... 146

7.4.4 Fase 4: Vergifnis ....... 147

7.4.5 Fase 5: Nuwe grense ....... 147

7.4.6 Fase 6: Aanspreeklikheid ....... 147

7.4.7 Fase 7: Opvolg en Koinonia ....... 148

**7.5 Samevattend ....... 149**

**HOOFSTUK 8 SAMEVATTENDE PERSPEKTIEWE ....... 150**

**8.1 Waarom die studie onderneem is ....... 150**

**8.2 Doelstellings en doelwitte van die studie ....... 150**

**8.3 Sentrale teoretiese argument ....... 151**

**8.4 Metodologie ... 151**

**8.5 Afdeling A: Die beskrywend-empiriese taak ... 151**

8.5.1 Hfst. 2: Gevolgtrekking ten opsigte van problematiek van die pa as afwesige vader ... 151

**8.6 Afdeling B: Die interpretatiewe taak ... 153**

8.6.1 Hfst. 3: Gevolgtrekkings ten opsigte van die ontstaan van die problematiek rondom die afwesige vader ... 153

**8.7 Afdeling C: Die normatiewe taak ... 154**

8.7.1 Hfst. 4: Gevolgtrekkings ten opsigte van hulpverlening aan adolessente met afwesige vaders vanuit die gedragswetenskappe ... 154

8.7.2 Hfst. 5: Gevolgtrekkings ten opsigte van belangrike perspektiewe vanuit verskillende pastoraal-teologiese modelle met betrekking tot die begeleiding van adolessente meisies met afwesige vaders. ... 155

8.7.2.1 Jan Frank se 10-Fase genesingsmodel ... 156

8.7.2.2 Sara Trollinger se beradingsmodel ... 156

8.7.2.3 Charles Kraft se model van diepvlakgenesing ... 157

8.7.2.4 Hfst. 6: Gevolgtrekkings ten opsigte van die riglyne vanuit Efesiërs vir pastorale hulpverlening aan adolessente meisies met afwesige vaders ... 158

**8.8 Afdeling D: Pragmatiese taak ... 161**

8.8.1.1 Gevolgtrekkings vanuit die formulering van praktyk-teoretiese riglyne vir pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders ... 161

8.8.2 Finale gevolgtrekkings ... 161

8.8.3 Voorgestelde temas vir verdere navorsing ... 162

**BRONNELYS ........................................................................................ 163**
**BYLAAG A: AGTERGRONDINVENTARIS VAN BERADENES .......... 187**

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1-1: Skematiese voorstel van hoe die studie uitgevoer gaan word............ 18

Tabel 5.1: Lys van probleme (Frank, 1995:32).................................................. 84

Tabel 5.2: Lys van gebeure wat intense pyn veroorsaak (Frank, 1995:43). ......... 85

Tabel 5.3: Kontrasterende gevoelenslys (Frank, 1995:54). ................................. 86

Tabel 5.4: Lys van erkenning aan pyn wat ervaar is (Frank, 1995:138). .............. 92

## LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1: Persentasie kinders uit enkelouergesinne (U.S. Census Bureau, 2017).+ ................................................................................ 21

Figuur 2.2: Sosiale vaderskap: kinders wat in huise met biologiese vaders of ander mans woon (StatsSA, 2017:np)............................................... 23

Figuur 2.3: Kinderhuisvesting in verskillende tipes huishoudings (StatsSA, 2017:np). ........................................................................................ 24

Figuur 3.1: Persoonlikheidsontwikkelingsvoorstelling (Mõttus, 2017:95)............... 53

Figuur 4.1: Die wêreld van die jong persoon en die beradingsomgewing (Geldard & Geldard, 2010:70). ......................................................... 72

Figuur 4.2: Skematiese voorstelling van die pro-aktiewe proses (Geldard & Geldard, 2010:75). ........................................................................ 73

Figuur 5.5: Kontras tussen God se prentjie en die van Satan (Kraft, 2010:141). ...................................................................................... 117

# HOOFSTUK 1: AGTERGROND EN MOTIVERING

## 1.1 Agtergrond

Wêreldwyd, en dus ook in Suid-Afrika ondergaan die gesinstruktuur wesenlike veranderinge (Venter, 2004:62). Die Westerse samelewing, veral Amerika, is tans in ŉ krisis weens vader-afwesigheid volgens National Fatherhood Initiative (2016:np). Die tradisionele of kerngesin bestaande uit ŉ pa, ŉ ma en kinders kom al minder voor en gesinne word grotendeels deur die afwesigheid van die vader gekenmerk. Meer Amerikaanse kinders groei deesdae op sonder hulle biologiese vader in die huis as in enige ander tydperk van Amerikaanse geskiedenis (Adewale, 2013:22). In Suid-Afrika lyk dit nie beter nie. Volgens Hall (2017:np) het huisgesinne in Suid-Afrika, waar die kinders saam met beide ouers woon, vanaf 2002 tot 2015 met 4% verminder – vanaf 39% na slegs 35%. Verder woon 40% van alle kinders in Suid-Afrika slegs by hulle ma.

Enkelouergesinne weens buite-egtelike geboortes, egskeiding, kunsmatige bevrugting en ekonomiese druk, kom ook al hoe meer voor (Zastrow en Kirst-Ashman, 2007:452-469). Die navorser is van mening dat bogenoemde aantoon dat die gesinstruktuur besig is om te verander en dat pa's al hoe meer afwesig is. Die afwesigheid van die pa, hetsy fisies of emosioneel, het verreikende negatiewe gevolge vir die kind (Eddy *et al.*, 2013).

Volgens Booth *et al.* (2010:601) is kinders wat uit tradisionele ouerhuise kom waar daar ŉ pa en ŉ ma is, geneig om minder gedragsprobleme soos misdadigheid, depressie, geweld of substansgebruik te openbaar. Hulle het ŉ beter selfbeeld en vaar ook beter op skool.

Mancini (2010:32) beweer dat dogters wat sonder vaders grootword, van liefde, selfvertroue en selfwaarde beroof word en dat dit uiters nadelig vir die algehele welstand van die dogter is.

Victoria Secunda (1996:195) verwoord iets hiervan soos volg:

> Losing a father in childhood forever changes the shape of a daughter's identity – how she views the world and herself. Not only is her connection to the first and most important man in her life sharply curtailed or extinguished, but all her perceptions, all

> her decisions, all her future relationships are filtered through that early, unimaginable, ineffable loss.

Daar is in die verlede aanvaar dat die ma die grootste invloed op die kind se lewe het aangesien sy die meeste tyd saam met die kind spandeer (Bögels & Phares, 2008). Die primêre rol van die vader soos algemeen verstaan is, het oor die afgelope twee dekades heelwat verander. Volgens Lamb (2000:24) het die vader se rol verander van morele leiding, na die fokus op voorsiening as broodwinner, die model wat die manlike geslagsrol verteenwoordig, ondersteuner in die huwelik en uiteindelik die van koestering. Sy betrokkenheid by sy kinders se opvoeding is dus meer prominent en die verwagting van die samelewing het dus dramaties verander (Popenoe, 1996:1).

## 1.2 Sleutelterme

Die volgende sleutelterme sal vervolgens bespreek word om aan te dui hoe dit in die studie gebruik sal word:

Pastoraal, berading, adolessent, afwesige vader.

### 1.2.1 Pastoraal

Volgens Mills (1990:836-844) is pastorale sorg oorspronklik van die Bybelse begrip van ŉ herder afgelei en hou dit met die bekommernis oor mense se nood verband. Pastorale berading word as ŉ gespesialiseerde tipe pastorale sorg beskryf waar die persoon in nood, sy pyn kan verwoord en hulp kan soek om dit te verwerk (Patton, 1990:849-854).

McClure (2014:275) beskryf die nuutste ontwikkeling rakende pastorale sorg vir die een-en-twintigste eeu as drievoudig, naamlik: eerstens die wegbeweeg vanaf die model vir individuele sorg deur ŉ professionele persoon na ŉ model waar daar na die gemeenskap deur die gemeenskap omgesien word; tweedens pastorale sorg se ontwikkeling as ŉ publieke teologie; en derdens word die primêre doel eerder as strategiese deelname in plaas van persoonlike insig gesien.

Doehring (2015:xxii) beskryf ook die woord "pastoraal" as verwysend na die beeld van die herder soos in Bybelse tekste en Christelike tradisies gevind. Die herder se sorg vir die trop is in historiese en Bybelse tye gebruik om uit te beeld hoe Christelike en Joodse

leiers na die spirituele sorg van die gelowige gemeenskappe, deur die uitbeelding van God se liefde, omgesien het.

Die e-WAT (2018:np) beskryf die woord pastoraal as "Wat betref of verband hou met die geestelike versorging van ŉ persoon of persone, soos deur ŉ pastor".

Kruger (1993:4) gebruik die volgende definisie om die woord pastoraal te omskryf:

> Pastoraal is die teologiese wetenskap wat hom besig hou met die bestudering van die Skrif, toegespits op die bediening van Jesus Christus deur die herder as die geroepe bedienaar aan die mens in sy konkrete situasie met die oog op persoonlike vertroosting, vermaning en opbouing deur grondige lewensvernuwing of beeldherstel.

God is egter ons Herder wat ons siele verkwik en ons nuwe krag gee. Daar is verskeie Skrifgedeeltes wat hierna verwys, waarvan die bekendste seker Psalm 23:1 is. In die nuwe vertaling (Bybel:1983:587) word dit soos volg beskryf: "Die Here is my Herder, Ek kom niks kort nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag".

### 1.2.2 Berading

Molineux (2017) beskryf berading as ŉ tipe terapie waarin daar met ŉ ander persoon oor huidige probleme gepraat word sodat nuwe insigte verkry kan word en daardeur dan ŉ toepaslike aksie voorgestel word. Dit kan ook as hulpverlening aan emosioneel verwonde mense gesien word.

Volgens Jacobs (2002:75-76) is daar verskeie tipes berading maar vir hierdie studie word daar spesifiek op pastorale berading gefokus. In alle tipes berading is die verhouding tussen berader en beradene op ŉ samewerkende vennootskap gebaseer waarin beide partye verantwoordelikheid aanvaar. Volgens hom benodig die berader vaardighede soos om te luister na wat gesê word, asook dit wat nie gesê word nie, om empatie te betoon, om nie veroordelend op te tree nie en om ŉ goeie verhouding met die beradene te bou.

Dit is belangrik dat die berader nie die beradene in enige ander rol as beradene sal sien nie aangesien daar eksplisiet op die verhouding tussen beradene en berader staatgemaak word sodat die sterk emosies wat tydens berading na vore kom nie op ŉ onge-

wenste manier uitdrukking vind nie. Berading kan op individue, egpare of families toegepas word.

### 1.2.3 Adolessent

Adolessensie kan as die proses omskryf word waardeur ŉ kind gaan om volwasse te word. Dit gaan gewoonlik met groot hormonale-, emosionele- en fisiese veranderinge gepaard. Dit is ŉ tydperk van intense seksuele ontwikkeling en rusteloosheid en word dikwels deur ŉ gebrek aan selfvertroue en kwesbaarheid gekenmerk. Die adolessent kan probleme soos eetversteurings, angstigheid, fobies en selfs paniekaanvalle ervaar (Harris en White, 2018).

Dit begin met puberteit, ongeveer 10 – 12 jarige ouderdom en eindig met fisiologiese volwassenheid, ongeveer 19 jarige ouderdom, maar dit kan van individu tot individu verskil. Die tydperk word deur groot fisiese- en seksuele veranderinge gekenmerk wat ŉ wesenlike effek op die persoon se liggaam en selfbeeld het. Abstrakte denke, sosiale aanvaarding deur die groep en die soeke na meer onafhanklikheid van die ouers vind plaas (APA, 2015:23). Vir hierdie studie word adolessensie beskou as tussen die ouderdomme van 12 en 19 jaar.

Volgens Spicer (1987:5-7) is dit ŉ periode waarin die adolessent probleme met selfbegrip asook verhoudings met familie en soms die gemeenskap ondervind. Hulle ondervind dikwels vreemde gevoelens. Adolessensie kan kortliks beskryf word as die tydperk waarin daar skeiding van die ouers begin plaasvind, onafhanklikheid verkry word, besluite rakende ŉ werk- en leefstyl geneem word, die morele en ideologiese waardesisteem ontwikkel word, seksualiteit waargeneem word en daar besluit word hoe om die seksuele gevoelens te hanteer. Die adolessent ontwikkel ook vervolgens die vermoë om met ander mense in verhoudings te staan.

Volgens Shoemaker (1990:8-9) word adolessensie as die proses beskryf waardeur aansienlike fisiese-, intellektuele- en sosiale veranderinge wat plaasvind in ŉ eenheid gekonsolideer word wat identiteit genoem word. Dit behels kortliks dat die adolessent sal weet wie hy/sy is, waarin geglo word en watter waardes van toepassing is asook wat graag bereik wil word. Daar word verder aangevoer dat die adolessent iets moet hê om in te glo en voel hulle word aanvaar.

Wright (2011:386) beskryf adolessensie egter as een van die moeilikste oorgangsfases in enige mens se lewe. Volgens hom kan adolessente self-twyfel en gevoelens van minderwaardigheid meer intens ervaar. Sosiale druk bereik tydens hierdie fase 'n hoogtepunt. Die adolessent se eiewaarde hang van aanvaarding deur die groep af. Volgens Wright (2011:386) is hierdie groep een van die mees onstabiele pilare van die samelewing.

### 1.2.4 Afwesige Vader

God word in die Bybel as die Vader beskryf. Dit word op twee maniere verstaan. Eerstens verwys dit na God as die Skepper van alles (Ef 3:14) en dan Jesus wat God as Vader aanspreek (Parks, 1990:1344). Verskeie gedeeltes in die Bybel verwys na God as die Skepper van alles (Hand 4:24; Ps 146:6; Op 14:7). In Matteus 6:9-13 praat Jesus van "Onse Vader" wat aandui dat God vir die mensdom 'n Vader is. In Johannes 20:17 verwys Jesus ook daarna dat Hy na Sy Vader en Ons Vader gaan.

e-WAT (2018) beskryf afwesig as iemand wat nie teenwoordig is nie. Vader-afwesigheid impliseer dus 'n vader wat weens een of ander omstandigheid nie teenwoordig is by sy kinders nie. Dit kan as gevolg van een van die volgende situasies gebeur:

- **Fisiese afwesigheid**
  Dit sluit in dood, egskeiding, verlating, vaders wat nooit getrou het nie of wat vir lang tye weg van die huis is, soos vir sport of besigheid. Dit sluit ook vaders in, wat nie toegelaat word om hulle kinders te besoek nie, of wat tronkstraf uitdien.

- **Emosionele afwesigheid**
  Dit sluit in vaders wat in die huis teenwoordig is maar nie betrokke by hulle kinders se lewens is nie. Dit kan wees weens persoonlike probleme of vaders wat doelbewus kies om onbetrokke te wees. Hulle bestee geen tyd saam met hulle kinders nie. Dit kan ook vaders insluit wat gewoonlik ingedagte, onoplettend of vaag is.

## 1.3 Probleemstelling

### 1.3.1 Literatuurstudie

In die literatuurstudie moet na toepaslike literatuur gekyk word en dus is verskeie aspekte tydens hierdie oorsig in gedagte gehou. Daar is op die pastorale versorging en ondersteuning aan adolessente meisies met afwesige vaders gefokus. Riglyne vir Christelike, pastorale versorging word aangebied ten einde die adolessente meisie, ten spyte van haar omstandighede, te help, te begelei en te bemagtig. Kruissnitte in toepaslike literatuur van ander navorsingsvelde word ook gemaak.

Ten einde ŉ literatuurstudie te doen, is ondersoek ingestel na navorsing wat reeds oor die onderwerp gedoen is. Verskeie studies is rakende egskeiding gedoen (Botha & Hay, 2016; Du Plooy & Van Rensburg, 2016; Matsafu, 2005), die invloed van die afwesige vader op sy seun se lewe (Botha & Ackermann, 2014; Steytler, 2007) en pastorale berading en riglyne aan die vader (Steytler & Strydom, 2013; Visagie, 2005).

### 1.3.2 Stand van die internasionale navorsing

Alhoewel die meeste kinders in Amerika in huise grootword waarin daar twee getroude ouers woon, is bevind dat 23% van kinders in huise grootword waarin daar slegs ŉ enkelouer – gewoonlik die ma – teenwoordig is, wat die tweede algemeenste gesin-samestelling in Amerika is.

Tussen 1960 en 2016 het die persentasie van twee-ouergesinne vanaf 88% na 69% gedaal, terwyl die persentasie van enkelouergesinne met slegs ŉ ma van 8% na 23% gestyg het volgens die U.S. Census Bureau (2016).

Statistiek wat in 2017 bekendgemaak is deur die U.S. Census Bureau het bevind dat 83.9% van kinders uit enkelouergesinne slegs by hulle ma woon. Ongeveer 20 miljoen kinders in Amerika onder die ouderdom van 18, word dus in enkelouer huishoudings groot. Dit is 27.1% van alle kinders onder 18 jaar in Amerika. Daar is dus ongeveer 16.77 miljoen gesinne waar daar slegs ŉ moeder teenwoordig is.

Hierdie kinders het ŉ groter risiko om arm te wees, gedragsprobleme te ontwikkel, mishandeling en verwaarlosing te ervaar, by drank- en dwelmmisbruik betrokke te raak,

swak opvoedkundige prestasies te behaal, as tieners swanger te raak en selfs in die tronk te beland (U.S. Census Bureau, 2016).

Nie al hierdie tendense is op die Suid-Afrikaanse omgewing van toepassing nie. Dit is belangrik om in ag te neem dat Suid-Afrika se unieke samestelling dit tegelykertyd ŉ eerste wêreld en derde wêreld land maak. Suid-Afrika het dus soveel groter uitdagings.

### 1.3.3 Stand van Suid-Afrikaanse navorsing

In Suid-Afrika lyk die statistiek anders. Daar is bevind dat daar 11.4 miljoen kinders tussen die ouderdomme van 7-17 jaar is, waarvan ongeveer 2.2 miljoen weeskinders is en die wat sonder ŉ vader in die huis grootword ongeveer 59.8% daarvan uitmaak (StatsSA 2016). Die vader-afwesigheid in Suid-Afrika moet egter teen ŉ historiese-, sosiale-, ekonomiese- en kulturele agtergrond gesien word (Eddy *et al*., 2013). Volgens Bertelsmann (2016) het veral swart mans tydens apartheid ver van die huis gewerk en gewoon ten einde vir die gesin te sorg.

Freeks (2013:3-4) beklemtoon die feit dat baie vaders vandag steeds verplig is om ver van die huis te werk soos by myne of industrieë, en dit veroorsaak dat die stabiliteit, groei van die gesin en dissipline binne die huis negatief beïnvloed word. Armoede, isolasie, gebrek aan emosionele sekuriteit, bitterheid en self-twyfel is verdere probleme wat kan ontstaan. Volgens hom veroorsaak vader-afwesigheid die tipe probleme in ŉ gemeenskap wat die hele nasie kan benadeel.

Nielsen (2014a:np) het bevind dat dogters wie se pa aktief op akademiese- of sportgebied betrokke was terwyl hulle groot geword het, en hulle aangemoedig het, geneig is om verder te studeer en meer uitdagende beroepe te volg. Sulke dogters is meer gedissiplineerd, ambisieus en suksesvol en is meer bereid om hulle beroepskeuses te heroorweeg indien hulle pa hul keuse sou afkeur. Dogters wat in die sewentiger jare gebore is, het ŉ drie keer groter kans om in dieselfde beroepsrigting as hulle pa's te werk. Hulle het ŉ groter kans om nie tydens adolessensie swanger te raak nie, wil gewoonlik eers hulle akademiese doelwitte bereik voor hulle trou en het gewoonlik bevredigende verhoudings en suksesvolle huwelike. Hulle het ŉ kleiner kans om klinies depressief te raak of eetversteurings te ontwikkel en het die vaardighede en houding om beter verhoudings met die teenoorgestelde geslag te handhaaf.

Daar is bevind dat die invloed wat die fisiese afwesigheid van die vader het, selfs al is die ouers geskei, grootliks deur ʼn goeie verhouding tussen die ouers verminder word. Die verhouding tussen die ouers het dus ʼn indirekte invloed op die welsyn en ontwikkeling van die kind (Bögels & Phares, 2008:544; Lamb, 2010:11). Volgens Freeks (2013:25-26) het ʼn pa wat emosioneel by sy kind betrokke is, ʼn enorme invloed op die kind se identiteit wat seksuele identiteit insluit.

Krohn en Bogan (2001:598) het bevind dat dogters sonder vaderfigure desperaat vir aandag van die manlike geslag is en hulle het die konstante behoefte om deur mans aanvaar te word. Dit kan dus hulle losbandige gedrag en die toename in tiener swangerskappe verklaar.

Hierdie navorsing beklemtoon die invloed van die vader in sy dogter se lewe.

### 1.3.4 Beskikbaarheid van data

Suid-Afrikaanse navorsers sukkel dikwels om betroubare data te bekom aangesien daar nog nie baie empiriese navorsing gedoen is rondom die invloed van die afwesige vader op die adolessente meisie se lewe nie. Baie navorsing is rondom die invloed van die afwesigheid van die vader op sy seun se lewe gedoen (Diamond, 2007; Miller, 2012; Steytler, 2007). Krampe en Newton (2012:774) het egter bevind dat daar min studies oor vaders en hulle volwasse dogters gedoen is. Verskeie studies is rondom die man as afwesige pa (Botha, 2014; Freeks, 2004; Van Niekerk, 2005), sowel as die invloed van afwesige vaders op dogters gedoen (Koen, 2010; Peyper, 2013), maar min navorsing kon rakende die pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders gevind word.

### 1.3.5 Leemtes in die navorsingsveld

Wanneer na bestaande navorsing rakende meisies met afwesige vaders gekyk word, is dit duidelik dat daar ʼn ernstige leemte rakende die pastorale versorging aan hierdie meisies te midde van hulle omstandighede bestaan.

Verskeie artikels, proefskrifte en verhandelings, asook boeke is nagevors en die volgende leemtes in bestaande navorsing is gevind:

#### 1.3.5.1 Artikels

Freeks *et al.* (2015) bevind dat die Suid-Afrikaanse gesinsisteem waar vader-afwesigheid algemeen voorkom veroorsaak dat die gesin nie doeltreffend kan funksioneer nie. Die bevindinge rondom die onvervulde behoeftes van die meisies word ondersteun, maar die leemtes in hierdie studie is dat daar slegs op die welstand van die vaders gefokus word om hulle te laat besef watter waarde hulle in die gesin het. Geen riglyne vir hulpverlening aan die meisies om hulle onvervulde behoeftes aan vader-betrokkenheid in hulle lewens te bevredig of om optimaal te funksioneer te midde van vader-afwesigheid word aangetoon nie.

Coleman *et al.* (2004) bevind dat die kind se ontwikkeling positief deur ŉ vader se interaksie met sy kind beïnvloed word. In hierdie artikel word riglyne aan pediaters gegee oor hoe om vaders te ondersteun en hulle betrokkenheid by die versorging en ontwikkeling van hulle kinders te verhoog. Hier word ook statistiek gegee oor die verbetering van vader-aanwesigheid in kinders se lewens en riglyne vir die vaders om deel van die kind se lewe te bly ten spyte van enkelouergesinne.

Allgood *et al.* (2012) bevind dat die persepsie wat die dogter van die vader se gedrag het (ongeag sy werklike gedrag) die grootste invloed op haar ontwikkeling het. Slegs een etniese groep is as respondente gebruik en die bevindinge is nie noodwendig waar vir alle adolessente meisies nie. Die tipe huislike omstandighede van die meisies is ook nie in ag geneem nie. Die studie verskaf egter ŉ goeie basis om die verhouding tussen ŉ dogter en haar pa beter te verstaan. Daar is in die studie bevind dat die betrokkenheid van die vader in sy dogter se lewe ŉ positiewe invloed op haar selfbeeld en haar tevredenheid met die lewe het. Daar is egter glad nie daarop gefokus om meisies met probleme rakende afwesige vaders te help nie.

Die artikel van Sanders en Mayeda (2008) fokus op beide die invloed van ŉ verantwoordelike en toegewyde vader wat as beskermende faktor vir substans-gebruik deur sy dogter dien, sowel as die invloed van die afwesige vader wat ŉ groot risiko vir die dogter vir substansgebruik inhou. Daar word verskeie tegnieke genoem wat gebruik word om meisies te help met voorkoming van, sowel as ingryping tydens, substansgebruik. Inligting in hierdie studie kan gebruik word aangesien daar tegnieke genoem word wat

gebruik word om die meisie te help om te voorkom dat sy substansgebruik sal toepas of om van substansgebruik te herstel. Die studie is egter slegs op substansgebruik gemik en ander faktore en gevolge van vader-afwesigheid word nie aangespreek nie.

Mbugua (2005) merk tereg op dat moderne vaderskap soveel meer as voorsiening, beskerming en straf is. Vervullende vaderskap beteken betrokkenheid in jou kinders se lewens sowel as verbetering van jouself oor hoe om ŉ beter vader te wees, met ander woorde die begeerte om op geen gedeelte van jou kind se ontwikkeling en behoeftes uitgesluit te wees nie. Dit gee ŉ aanduiding van hoe ŉ vader behoort te wees. Dit fokus nie spesifiek op die invloed van die vader op sy dogter nie en geen metode vir hulpverlening aan dogters in ander omstandighede word aangetoon nie.

#### 1.3.5.2 Proefskrifte en verhandelings

Peyper (2013) se bevindinge rondom die intellektuele-, emosionele- en sosiale ontwikkeling van die adolessente meisie word ondersteun. In haar studie word daar egter slegs op die emosioneel afwesige vader gefokus, en ander vorme van afwesige vaders word nie aangespreek nie.

Van Niekerk (2005) se studie is spesifiek daarop gemik om die kerk se rol in die oplossing van die afwesige vader probleem aan te spreek. Daar word na die skep van ŉ huweliks- en gesinskultuur verwys wat samewerking met ander instansies soos skole, asook die samelewing tot gevolg sal hê. Verskeie programme om gesinne met afwesige vaders te ondersteun word voorgestel. Daar word ook voorgestel dat die vader self Bybelgefundeerde beginsels op sy kinders moet toepas, en hulle hierin begelei en onderrig. Daar word primêr op hulpverlening aan die vader en die gesin gefokus.

Mancini (2010) se proefskrif fokus veral op die invloed van egskeiding op die meisie se lewe. Daar word beweer dat die dogter die swaarste deur egskeiding getref word en dat dit onbeplande swangerskap, asook ŉ lae selfbeeld tot gevolg kan hê en dat hulle makliker skool op ŉ vroeë ouderdom verlaat. As volwassenes is hulle meer geneig tot armoede en egskeiding, en verval makliker in losbandigheid. Die studie bevestig die gevolge van vader-afwesigheid, maar fokus nie op alle vorme van vader-afwesigheid nie en geen hulpverleningsvaardighede word aan adolessente meisies gegee wat hulle in hierdie situasie bevind nie.

De Jager (2009) se studie is op kinders voor adolessensie fase gemik. Ten spyte hiervan, fokus die studie veral op die kwaliteit van die verhouding wat die kind met die afwesige vader het. Aanbevelings word veral rondom die bewustheid van die gemeenskap gemaak soos die gemeenskapsleiers, maatskappye en werkgewers ten opsigte van enkelouers en hulle behoeftes en probleme. Aanbevelings word ook rondom ondersteuning aan beide die enkelouer en die kind weergegee. Daar word riglyne vir hulpverlening aan kinders aangetoon tydens, byvoorbeeld egskeiding, en vervolgens word daar ook riglyne aan die vader gegee om betrokkenheid by die kind aan te moedig. Dit is egter meestal op die ouer en nie op die kind gemik nie.

Visagie (2005) se studie fokus op die rol van die vader in die hedendaagse – of post-modernistiese tyd. Die rol van die vader binne die metafoor van God as die Vader word aangetoon en ʼn raamwerk vir pastorale berading aan die vader te midde van die hedendaagse tydgleuf waarin geleef word, word voorgestel.

#### 1.3.5.3 Boekpublikasies

Lamb (2010) bevestig dat verskeie navorsers erken dat vaders se rol nie meer slegs die van broodwinner is nie, maar dat die vader verskeie beduidende rolle in die gesin vertolk. Slegs deur die vader se vertolking van hierdie rolle, asook die relatiewe belangrikheid van die rolle in die sosio-ekologiese konteks, kan die invloed van die vader op die kind se ontwikkeling geëvalueer word. Hy beweer voorts dat die rol van die vader as ʼn ouer belangriker as die rol van die vader as ʼn manlike volwassene is. Kinders wat in ʼn veilige, ondersteunende en sensitiewe verhouding met hulle ouers is, is psigologies beter aangepas as kinders wat nie so ʼn verhouding met hulle ouers het nie. Die familiekonteks is net so belangrik as die individuele verhoudings. Geen riglyne word aan die adolessente meisie rakende die problematiek rondom die afwesigheid van die vader gebied nie. Slegs inligting rakende die ontwikkeling van die kind en die vader se rol in daardie ontwikkeling word bespreek.

Thomas *et al.* het reeds in 1974 beweer dat die reaksies wat ʼn mens van die verskillende gehore in sy lewe ontvang, die belangrikste bron vir die ontwikkeling van die selfbeeld is. Drie aspekte van die adolessent se selfkonsep word behandel, naamlik selfbeeld, kontekstuele stabiliteit en veranderlikheid van selfbeeld en identiteit. Die beste selfbeeld

van ŉ kind word deur die gekombineerde effek van ondersteuning en beheer deur die ouers verkry. Verskeie aspekte rondom die struktuur van adolessente selfbeeld word bespreek. Amitin (2016:140) ondersteun hierdie siening aangesien hy beweer dat vaders van kardinale belang vir ŉ kind is om sy identiteit en selfwaarde te ontdek. Daar word nie spesifiek die selfbeeld van die adolessente meisie bespreek nie en geen riglyne rakende die afwesigheid van die vader en hoe om die invloed daarvan op die dogter te hanteer word verskaf nie.

Straus (2017:6) beweer dat gedragstelsels soos eksplorasie, affiliasie en versorging eers geaktiveer word wanneer die primêre doel van sekuriteit bereik is en alle bedreigings verwyder is. Fisiese en emosionele isolasie is traumaties vir mense en om aangetrokke tot mense te wees verskaf sekuriteit en veiligheid. Straus (2017:7) beweer verder dat "Secure dependence actually fosters autonomy and self-confidence better than any other strategy". Beradingsriglyne word verskaf van hoe om adolessente te help om ŉ gevoel van die self te ontwikkel, hoe om mense weer te vertrou, asook selfregulering. *Developmental relational therapy* word breedvoerig beskryf en is daarop gemik om die adolessent te help om emosies uit te druk en in voeling daarmee te kom. Hierdie boek is veral daarop gemik om die ontwikkeling van die getraumatiseerde adolessent weer op die regte pad te kry. Dit spreek nie spesifiek die invloed van die afwesige vader op die adolessent se lewe aan en hoe om die invloed daarvan te midde van die omstandighede te hanteer nie.

Sowers (2010:73-96) stel ŉ mentorprogram voor waarin kinders wat sonder vaders grootword aan ŉ manlike mentor voorgestel word. Volgens hom het kinders uit vaderlose huise ŉ swak selfbeeld en twyfel hulle aan hulself. Dit word binne ŉ ondersteunende verhouding gedurende mentorskap aangespreek. Mentorskap word deur hom as "...an intentional relationship with the goal of seeing the mentee grow and mature into a complete adult" beskryf. Hy beweer verder dat die persepsie van wie God is, grootliks deur die vaders beïnvloed word en dat vergewingsgesindheid en mentorskap baie kan doen, om die skade wat deur ŉ afwesige vader aangerig word, te herstel. Alhoewel hierdie ŉ baie goeie langtermyn program blyk te wees, is daar leemtes wat nie hierin aangespreek word nie. Dit is hoofsaaklik op kinders uit vaderlose huise gemik en die kind met ŉ emosioneel afwesige vader, gaan nie hieruit voordeel trek nie. Verder moet

Christen mans gevind word wat bereid is om as mentors op te tree en baie tyd saam met die kind te spandeer wat nie altyd maklik of moontlik is nie.

Littauer (1996:107-120) se beradingsmodel wat hy “Praying a client into the presence of the Lord” noem, is ʼn gebedsessie waartydens hy die beradene in die teenwoordigheid van die Here Jesus plaas. Hy noem egter nooit vooraf dat dit die bedoeling is nie, aangesien die beradene dit self moet ervaar en indien hy/sy nie die Here Jesus se teenwoordigheid tydens die sessie ervaar nie, daar nie ʼn verwagting geskep is wat nie nagekom is nie. Die Here besluit self of Hy Homself wil openbaar of nie. Littauer (1996:107-120) stel voor dat daar ʼn gebedsvennoot tydens die sessie teenwoordig is, maar dat niks gewaarborg is nie aangesien die Here self hieroor besluit. Die leemte in hierdie gebedsessie is dat die persoon vir die Here kan kwaad wees en gevolglik nie ʼn gebedsessie wil doen nie.

Kraft (2010:240-265) stel ʼn pastorale model, gebaseer op gebed, voor. Tydens hierdie diep gebedsessies word die liefde van Christus ervaar wat seën vir die beradene bring. Dit is belangrik dat die persoon uit sy eie vrye wil met God wil werk om heling te verkry. Alhoewel daar algemene riglyne van stappe is wat gevolg kan word, is dit belangrik om gehoorsaam te wees en na die Heilige Gees te luister. Dit is verder belangrik vir die berader om naby die Here te leef. Die leemte hierin is dat indien die persoon kwaad vir God is en dus nie vrywillig aan die gebedsessie wil deelneem nie, berading en heling nie kan plaasvind nie.

Opsommend kan dus gestel word dat deur middel van ʼn literatuurstudie vasgestel word of navorsers uit Suid-Afrika en internasionaal, effektiewe pastorale versorging ontwikkel het wat op adolessente meisies met afwesige vaders toegepas kan word. Leemtes en tendense word uitgewys en spesifieke verwysing word na die situasie in Suid-Afrika gegee waarop die studie hoofsaaklik sal fokus. Effektiewe pastorale versorging, op ʼn Christelike perspektief gebaseer, word voorgestel wat die leemtes soos uitgewys, aan-spreek.

Die vernietigende effek wat vader-afwesigheid op sy dogter se lewe het, kan orals gesien word en het ʼn direkte invloed op toekomstige generasies. Verskeie jong meisies het hulp nodig om die leemte wat deur die afwesigheid van die vader veroorsaak is, te verwerk.

## 1.4 Sentrale navorsingsvraag

Die sentrale navorsingsvraag is dus: Watter riglyne vir pastorale versorging en begeleiding aan adolessente meisies wie se vaders afwesig is, kan gegee word?

Uit hierdie breë navorsingsvraag kan daar individueel na die volgende sub-aspekte gekyk word:

- Wat is die huidige situasie rondom die effek van vader-afwesigheid op die adolessente meisie? (Wat gebeur tans?).
- Wat is die oorsake van vader-afwesigheid en waarom het afwesigheid van vaders so groot invloed op meisies (Hoekom gebeur dit?).
- Watter riglyne vanuit die gedragswetenskappe en pastorale modelle kan gevind word vir die pastorale versorging en begeleiding aan die adolessente meisie met ŉ afwesige vader? (Wat behoort te gebeur?).
- Watter riglyne vanuit die Bybel kan voorgestel word vir effektiewe pastorale versorging en begeleiding aan adolessente meisies met afwesige vaders? (Wat behoort te gebeur?).
- Watter praktiese riglyne kan voorgestel word vir effektiewe pastorale versorging en begeleiding aan adolessente meisies met afwesige vaders en bemagtiging aan adolessente meisies met afwesige vaders ten spyte van hulle omstandighede? (Wat kan hieraan gedoen word?).

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat dit noodsaaklik is om op welke manier ook al ŉ bydrae te probeer lewer om die adolessente meisie met ŉ afwesige vader te bemagtig en pastoraal te versorg. Die probleemstelling moet dus met definitiewe, afgebakende doelwitte meewerk om hierdie doel te bereik.

## 1.5 Doel van die studie

Hierdie studie vind binne die navorsingsveld van die Pastoraat en gemeentebediening plaas. Dit poog om ŉ bydrae te maak tot die verbetering van die bediening deur die gemeente as geheel.

Die doel van hierdie studie is om riglyne vir pastorale versorging en begeleiding daar te

stel wat gebruik kan word om adolessente meisies met afwesige vaders toe te rus en pastoraal effektief te ondersteun.

Die volgende doelwitte word nagestreef om die doelstelling te bereik:

- Om deur middel van ’n literatuurstudie die huidige stand van sake rakende die effek van vader-afwesigheid op die adolessente meisie te bepaal.
- Om vas te stel wat die oorsake van vader-afwesigheid is en waarom afwesigheid van vaders so ’n groot invloed op meisies het.
- Om riglyne vanuit aangrensende wetenskappe en bestaande pastorale beradingsmodelle rakende hulpverlening aan adolessente meisies met afwesige vaders te verkry.
- Om riglyne vanuit die Bybel vir pastorale versorging en begeleiding aan adolessente meisies met afwesige vaders te verkry.
- Om vanuit die navorsingsresultate praktiese riglyne vir die pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders voor te stel.

## 1.6 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die daarstelling van riglyne vanuit die perspektief van die Bybel, pastorale modelle en aangrensende wetenskappe die pastorale versorging en begeleiding van adolessente meisies met afwesige vaders verbeter en die meisies so toegerus word om hulle volle potensiaal te verwesenlik.

## 1.7 Metodologie

Daar bestaan verskeie tipes navorsingsmodelle in Praktiese teologie. Cameron *et al,* (2011) beskryf hulle model, bekend as *Theological action research*, as ’n kritiese, interaktiewe teologiese gesprek met buitestanders sodat probleme deur ’n verskeidenheid metodes van data-insameling opgelos kan word. Woodbridge (2014) beskryf EDNA as ’n model op ’n Bybelse benadering gegrond. Die akroniem staan vir (1) *Exploratory research* wat die vraag aanspreek van wat aanleiding tot die huidige situasie gegee het; (2) *Descriptive research* wat vra wat nou besig is om te gebeur; (3) *Normative research* behels die vraag wat behoort te gebeur; en (4) *Action research* behels hoe hierop reageer behoort te word.

Hierdie model stem baie met die model van Osmer (2008:4) ooreen waar die vier kerntake van praktiese teologiese interpretasie beskryf word as (1) “Beskrywend-empiriese taak” wat vra wat gaan aan; (2) “Interpretiewe taak” wat vra waarom dit gebeur; (3) “Normatiewe taak” wat wil weet wat behoort aan te gaan; en (4) “Pragmatiese taak” wat wil vasstel hoe daarop gereageer behoort te word.

In hierdie studie is daar deur die vier vrae van Osmer (2008) gewerk met ŉ in diepte studie volgens die riglyne van die EDNA model. Dit het ten doel om riglyne voor te stel wat gebruik kan word om die adolessente meisie te help om, te midde van haar omstandighede, optimaal te funksioneer.

Die eerste vraag van “Wat gebeur tans?” is beantwoord deur te kyk na watter effek die afwesigheid van die vader op die adolessente meisie het. Tydens hierdie literatuurstudie is daar op die fisiese-, emosionele-, sosiale- en kognitiewe ontwikkeling van die adolessente meisie gefokus. Ander aspekte wat ondersoek is, is hoe haar identiteit deur vader-afwesigheid geraak word en hoe sy dit hanteer. Die gevolge van vader-afwesigheid naamlik armoede, losbandigheid, substansgebruik, tienerswangerskap, swak skolastiese prestasies, eetversteurings en verhoudings met die teenoorgestelde geslag is ook ondersoek. Die ondersoek is vanuit die gedragswetenskappe en die teologiese wetenskap gedoen.

Die tweede vraag naamlik “Waarom gebeur dit?”, is aan die hand van navorsingsprojekte van ander studievelde soos Sosiologie en Psigologie, ondersoek. Wetenskaplike bydraes uit vaktydskrifte, boeke en ongepubliseerde bundels is ook bygewerk. Aktuele artikels uit joernale is gebruik om plaaslike tendense en gebeure te verreken. Die vraag wat hier beantwoord word, is hoekom vader-afwesigheid die afgelope aantal jare so prominent geword het. Daar is vasgestel hoe ŉ gesonde gesin behoort te funksioneer, asook die verskillende rolle van die vader binne ŉ gesin. Verskillende tipes vader-afwesigheid is ondersoek ten einde ŉ breër agtergrond te verskaf sodat die uitwerking van die vader se afwesigheid op die dogter se lewe, binne haar milieu, beter begryp kan word.

Die derde vraag naamlik “Wat behoort te gebeur?” is eerstens beantwoord deur vas te stel watter bestaande beradingsmodelle vanuit die gedragswetenskappe vir die pastorale versorging aan die adolessente meisie met ŉ afwesige vader beskikbaar is. Tweedens is

bestaande pastorale beradingsmodelle ondersoek en riglyne vasgestel en aangebied vir die bemagtiging en hulpverlening aan adolessente meisies met afwesige vaders. Verder is die vraag beantwoord deur riglyne vanuit die Bybel rakende verhoudings en die pastorale versorging aan meisies met afwesige vaders te verskaf deur verskeie Skrifgedeeltes uit die Bybel te gebruik, maar veral op die brief aan die Efesiërs te fokus.

Die laaste vraag naamlik “Hoe kan hierop reageer word of wat kan hieraan gedoen word?” is beantwoord deur die formulering van riglyne vir die pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders vanuit die gedragswetenskappe, bestaande pastorale modelle en die Woord van God. Daar is ook ’n literatuurstudie gedoen.

### 1.8 Etiese oorwegings

Daar is geen direkte kontak met enige respondent in hierdie studie nie, en gevolglik hou die studie dus geen risiko in vir enige persoon nie. Alle literatuur is in die openbare domein beskikbaar.

### 1.9 Skematiese voorstelling

**Tabel 1-1: Skematiese voorstel van hoe die studie uitgevoer gaan word.**

| **Indeling volgens Osmer** | **Probleemstelling** | **Doelwitte** | **Metode** |
|---|---|---|---|
| **Beskrywend-Empiriese taak** Wat gebeur tans? | Wat is die huidige situasie rondom vader-afwesigheid? | Om die effek van vader-afwesigheid op die adolessente meisie se lewe vas te stel. | Literatuurstudie is gedoen. |
| **Interpretatiewe taak** Waarom gebeur dit? | Wat is die oorsake van vader-afwesigheid? | Bestudeer navorsing uit studievelde soos Sosiologie en Psigo-logie ten einde te be-paal wat die oorsake van die probleem is. | Literatuurstudie en bestaande navorsing is bestudeer. |
| **Normatiewe taak** Wat behoort te gebeur? | Watter bestaande beradingsmodelle en riglyne is beskikbaar wat gebruik kan word vir pastorale versor-ging en begeleiding aan adolessente meisies met afwesige vaders. | Ondersoek beradings-modelle vanuit die gedragswetenskappe asook bestaande pas-torale beradingsmodel-le en Skrifgedeeltes om riglyne vir pastorale versorging aan adoles-sente meisies met af-wesige vaders daar te stel. | Doen ŉ literatuurstu-die van beradings-modelle uit die ge-dragswetenskappe asook uit die Pastoraat. Doen eksegese op sekere tekste vanuit die Bybel asook ŉ literatuurstudie. |
| **Pragmatiese taak** Wat kan hieraan gedoen word? | Watter riglyne vir die pastorale versorging van adolessente mei-sies met afwesige vaders kan vanuit die navorsingsresultate geformuleer word? | Om riglyne vanuit na-vorsingsresultate te for-muleer vir die pastorale versorging aan meisies met afwesige vaders. | Integrering van al die inligting wat verkry is, om riglyne vir pastorale versorging aan adolessente meisies te verskaf. |

### 1.10 Struktuur van die studie

**Hoofstuk 1:** Die probleemstelling, doelstelling, motivering en metodologie van die studie word bespreek.

**Hoofstuk 2:** Die problematiek rondom die man as afwesige vader word ondersoek.

Navorsing ten opsigte van die invloed op die adolessente meisie word verken. Die gevolge van vader-afwesigheid word ondersoek.

**Hoofstuk 3:** Die spesifieke rolle van die vader binne 'n kerngesin bestaande uit 'n pa, 'n ma en kinders wat binne een huishouding saamwoon word bespreek. Die verskillende tipes gesinne word ook vanuit bestaande navorsing beskryf asook die redes vir die huidige stand van sake rakende vader-afwesigheid.

**Hoofstuk 4:** Bestaande beradingsmodelle vanuit die gedragswetenskappe word bestudeer en riglyne daar gestel vir die versorging en hulpverlening aan adolessente meisies met afwesige vaders.

**Hoofstuk 5:** Pastorale beradingsmodelle word bestudeer en riglyne aangebied vir bemagtiging en hulpverlening aan adolessente meisies wie se vaders afwesig is.

**Hoofstuk 6:** Riglyne uit Efesiërs vir pastorale versorging aan adolessente meisies wie se vaders afwesig is.

**Hoofstuk 7:** Die formulering van praktyk-teoretiese riglyne vir pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders.

**Hoofstuk 8:** Samevattende perspektiewe.

# HOOFSTUK 2: DIE HUIDIGE SITUASIE RONDOM DIE MAN AS AFWESIGE VADER

## 2.1 Inleiding

Die eerste vraag van Osmer, naamlik "Wat gebeur tans?" word in hierdie hoofstuk beantwoord deur vas te stel wat die huidige situasie rondom vader-afwesigheid is.

Die ondersoek word in twee dele verdeel, naamlik eerstens ŉ literatuurstudie wat die huidige situasie wêreldwyd, maar veral rakende Suid-Afrika statisties ondersoek. Die invloed van vader-afwesigheid op die fisiese-, emosionele-, sosiale- en kognitiewe ontwikkeling van die adolessente meisie, met spesiale inagneming van die ontwikkeling van haar identiteit, word tydens hierdie literatuurstudie verken.

Verder word die gevolge van vader-afwesigheid met spesifieke verwysing na die invloed op die adolessente meisie ondersoek. Die ondersoek word vanuit die gedragswetenskappe en die teologiese wetenskap gedoen.

Tweedens, met betrekking tot die situasie rondom die huidige pastorale versorging aan die adolessente meisie met ŉ afwesige vader, word veral op die huidige situasie rondom die rol van die gemeenskap, die kerk en die skool gefokus.


## 2.2 Statistiek rakende vader-afwesigheid in die Westerse wêreld

Wêreldwyd is vader-afwesigheid besig om toe te neem. Dit word in statistiek weerspieël wat deur die U.S. Census Bureau (2012:5) vrygestel is, naamlik:

- kerngesinne het vanaf 81% in 1970 na 66% in 2012 gedaal;
- getroude pare met kinders het vanaf 40% in 1970 na slegs 20% in 2012 gehalveer;
- enkelouer huishoudings het met 10% vanaf 17% in 1970 na 27% in 2012 verhoog;
- armoede het veral in swart- (26%) of Spaans (24%) saamgestelde huishoudings voorgekom waarin meer as een generasie gebly het.

Volgens U.S. Census Bureau (2011:3) het enkelouergesinne in veral ontwikkelde lande aansienlik verhoog weens die verhoogde egskeidingstendens, asook ongetroude vroue wat swanger raak.

In die onderstaande figuur 2.1 word die persentasie van enkelouergesinne wêreldwyd aangetoon (Casey & Maldonado, 2012:3). Die data wat gebruik is, is 2011 vir Verenigde state van Amerika, 2006 vir Noorweë en 2007 vir al die ander lande. Enkelouergesinne het met minstens 10% in alle lande, behalwe in Spanje, gestyg. In vier lande was dit selfs meer as 20%, met die Verenigde State van Amerika op 27%.




**Figuur 2.1: Persentasie kinders uit enkelouergesinne (U.S. Census Bureau, 2017).**

Volgens die U.S Census Bureau (2017, tabel C3) is daar ŉ vader afwesigheidskrisis in Amerika. Meer as een uit vier van die 19.7 miljoen kinders in Amerika word sonder ŉ vader in die huis groot.

Die volgende statistiek van die National Fatherhood Initiative (2016:np) toon probleme aan wat kinders ondervind wat sonder ŉ biologiese-, stief- of aangenome vader grootword:

- vier keer groter kans om arm te wees;
- sewe keer groter kans vir tiener swangerskappe;
- groter kans om gedragsprobleme te ondervind;
- groter kans om mishandel en verwaarloos te word;
- twee keer groter kans om as baba te sterf;
- groter kans om alkohol en dwelms te gebruik;
- groter kans om tronk toe te gaan;
- twee keer groter kans om oorgewig te wees;
- groter kans om by misdaad betrokke te raak;
- twee keer groter kans om die skool vroeg te verlaat.

Vervolgens gaan die situasie in Suid-Afrika ondersoek word.

## 2.3 Statistiek rakende vader-afwesigheid in Suid-Afrika


Die teenwoordigheid of afwesigheid van ŉ vader in die adolessente meisie se lewe het ŉ baie groot invloed op haar lewe met verreikende positiewe of negatiewe gevolge. Volgens Van den Berg en Makusha (2018:7) is mans in Suid-Afrika nie voldoende betrokke by die versorging van hulle kinders nie.

Roodt (2018:1) is van mening dat baie van Suid-Afrika se sosiale probleme na die tekort aan ŉ stabiele familie-omgewing teruggevoer kan word. Die risiko vir negatiewe vooruitsigte word verhoog deur kinders wat nie hulle vaders ken nie, wat in uitgebreide huishoudings grootword of self huishoudings behartig. Volgens hom is slegs 39.4% van huishoudings in Suid-Afrika kern huishoudings waarin beide ouers teenwoordig is.

Tweederdes van alle huishoudings bestaan uit saamgestelde gesinne waar daar ander familielede saam in die huis woon. Dit is veral van toepassing op swart huishoudings. 40.8% kinders woon slegs by hulle moeder, terwyl 21.3% by geen ouer woonagtig is nie. 8.6% kinders het hulle vader verloor aan die dood, terwyl 2.6% beide ouers verloor het

en dus weeskinders is. 40% swart kinders in Suid-Afrika het 'n onbetrokke afwesige vader, terwyl slegs 7% 'n afwesige vader het wat, op een of ander manier, betrokke in sy kind se lewe is (Van den Berg & Makusha, 2018:9).

Vaderskap in Suid-Afrika is baie kompleks. Van den Berg en Makusha (2018:5-7) toon verder aan dat die rol van die vader in baie huishoudings nie noodwendig deur 'n biologiese vader vervul word nie, maar wel deur 'n oom, broer, oupa of 'n ander manlike persoon. Hier word spesifiek na "sosiale vaders" verwys wat die potensiaal vir versorging van die kinders aantoon. In die onderstaande figuur 2.2 word die verband statisties voorgestel (StatsSA: 2017:np).





**Figuur 2.2: Sosiale vaderskap: kinders wat in huise met biologiese vaders of ander mans woon (StatsSA, 2017:np).**

Uitgebreide gesinne in Suid-Afrika waarin daar gewoonlik 'n grootouer teenwoordig is, was in die verlede 'n plek van veiligheid vir weeskinders. Die grootouers se vermoë om hierdie rol te vertolk word egter deur die hoë aanwesigheid van MIV/VIGS, werkloosheid en armoede belemmer. Dit veroorsaak dat hulle nie altyd vir die kinders kan sorg nie (Tanga, 2013:176).

Die gesinsamestelling in Suid-Afrika verskil ook wesenlik van die res van die wêreld. Dit is die enigste land ter wêreld waar beide poligamie (deur die *Customary marriages act13*) en dieselfde geslag verbintenisse (deur die *Civil union act14*) wettiglik erken word, wat die dimensie van vaderskap in Suid-Afrika beïnvloed (Rabe, 2018:14).

In 2015 is die populasie van Suid-Afrika op 54.4 miljoen mense geskat waarvan 18.6 miljoen kinders was; dus ongeveer 34% van die totale bevolking. Daar is bevind dat minder as 30% van swart kinders in huise grootword waarin beide ouers teenwoordig is, terwyl 81% van Indiër kinders en 78% van wit kinders met beide biologiese ouers in die huishouding grootword. 43% swart kinders woon slegs by die moeder. Daar was in 2015 reeds 3.1 miljoen weeskinders in Suid-Afrika wat 17% van alle kinders verteenwoordig. 58000 kinders was in huishoudings woonagtig waarin daar geen volwasse persoon teenwoordig was nie. Alhoewel dit slegs 0.3% van alle kinders verteenwoordig, is dit kommerwekkend (Hall & Sambu, 2017:101-103).

Rabe (2018:14) bied in die onderstaande figuur 2.3 ŉ uiteensetting van die verskillende tipes huishoudings soos vanuit data in StatsSA (2017:np) verkry.




**Figuur 2.3: Kinderhuisvesting in verskillende tipes huishoudings (StatsSA, 2017:np).**

## 2.4 Gevolgtrekking

Dit is dus duidelik dat die gesinsamestelling en vaderskap in Suid-Afrika baie uitdagings inhou en baie kompleks is. Vaderskap behels dikwels nie slegs ’n biologiese vader nie, maar enige ander man wat in die huishouding teenwoordig is. Die landswette wat in Suid-Afrika van toepassing is wat beide dieselfde geslag huwelike en poligamie erken, beïnvloed ook die hele dinamiek rondom vaderskap in Suid-Afrika. Met poligamie word die identiteit van die vader dikwels bepaal deur wie getroud is met die moeder of wie “aanbied” om die vader te wees (Morrell, 2006:13).

Volgens Lubbe (2007:261) word die getroude, kern familie, bestaande uit ’n vader, ’n moeder en kinders, steeds wêreldwyd, sowel as in Suid-Afrika, as die norm beskou. Dieselfde geslag huwelike veroorsaak spanning in die gemeenskap weens die veranderende familiestruktuur. Oral waar kinders aan aktiwiteite in skool- en kerkverband deelneem, is hulle bewus van die stigma en diskriminasie weens hulle familiestruktuur. Hierdie stand van sake verhoog sosiale probleme met gevolglike probleemgedrag by kinders.

Vervolgens gaan die invloed van die vader op die fisiese-, emosionele-, kognitiewe- en sosiale ontwikkeling van die kind ondersoek word met spesifieke verwysing na die rol van die vader in hierdie ontwikkelingsfases van die adolessente meisie.

## 2.5 Fisiese ontwikkeling

Adolessensie is ’n tydperk waarin daar geweldige groot fisiese veranderinge in die adolessent plaasvind. Volgens Morelli (2018:np), verskil die tempo van fisiese ontwikkeling tydens adolessensie dramaties van persoon tot persoon. Tiener meisies wat te stadig ontwikkel kan selfbewus wees of selfs wonder of daar iets fout met hulle is. Die wat te vinning ontwikkel, kry dikwels meer aandag as wat verwag word en voel ongemaklik en opvallend, aangesien hulle nie gewoond daaraan is om op ’n seksuele manier bewonder te word nie. Volgens hom groei sommige meisies ook geweldig vinnig en hulle ledemate kan proporsioneel uit verhouding tot die res van die liggaam groei. Dit kan frustrasie en verwarrende gevoelens veroorsaak. Hierdie standpunt word deur Williams en Currie (2000:143) ondersteun, waarin die vatbaarheid vir ’n laer selfbeeld en swak selfevaluering vir jong meisies verhoog word, indien hulle hul fisiese ontwikkeling as “anders as die norm” beleef.

Tydens puberteit, wat adolessensie voorafgaan, ontstaan die begin van seksuele volwassenheid en word dit na die tydvak van adolessensie deurgedra wat met baie hormonale veranderinge gepaard gaan (Dahl, 2004:11).

Die fisiese veranderinge gaan ook met emosionele veranderinge in die adolessent gepaard.

**2.6 Emosionele ontwikkeling**

Emosioneel ontwikkel die adolessent ook geweldig baie. Dit sluit in haar aksies en reaksies ten opsigte van interne en eksterne gebeure, asook emosies.

Dit is ŉ tydperk van storm en drang. ŉ Tydperk waarin die adolessent ŉ natuurlike neiging ontwikkel ten opsigte daarvan om risiko's te neem, sensasie te soek en baie sterk emosies te ontwikkel. Hulle word aangetrek deur video's wat skok en sintuie bombardeer, kyk dikwels gruwelfilms en jaag adrenalienritte by pretparke na. Dit is ŉ tydperk in die jongmens se lewe waarin seks, dwelms, baie harde musiek en hoog-stimulerende ondervindings baie aanloklik is. Vir sommige adolessente kan hierdie tydperk heel normaal en rustig verloop, maar by ander kan dit roekelose gedrag en impulsiewe besluite tot gevolg hê (Dahl, 2004:7-8).

Adolessensie is ook ŉ tydperk waarin daar ŉ bewuswording van ŉ eie identiteit ontstaan (Dahl, 2004:21). Volgens Sebastian *et al*. (2008:441-445) word groter klem geplaas op hoe adolessente deur die groep gesien word met die gevolglike druk wat dit veroorsaak. Daar is dus ŉ groter selfbewustheid en bewuswording van groepsdruk.

Volgens Erasmus en de Klerk (2002:347) vrees adolessente om in die teenwoordigheid van ander lede van die portuurgroep uitgesonder te word.

Freeks *et al*. (2015:53) het bevind dat vader-afwesigheid ŉ nadelige impak op die selfbeeld en gevoel van eiewaarde van dogters het. Hulle voel verwerp en dit het ŉ nadelige invloed op die ontwikkeling van hulle selfbeeld.

Booth *et al*. (2010:599-600) het bevind dat adolessente uit enkelmoedergesinne, wat noue bande met hulle vaders het, aansienlik beter vaar as adolessente uit twee-ouergesinne wat geen band met hulle vaders het nie. Hulle selfbeeld is baie beter, hulle is

geneig om minder by misdadige gedrag betrokke te raak en toon ook minder simptome van depressie. Daar is egter ook bevind dat adolessente uit twee-ouergesinne wat ŉ noue band met hulle vaders het die beste vaar.

Navorsing rakende vader-betrokkenheid en latere geestelike gesondheidsuitkomste het bewys dat, emosionele- en gedragsprobleme wat op sewe jarige ouderdom ervaar is, op 16-jarige ouderdom manifesteer. Adolessente meisies word veral hierdeur geraak. Emosionele probleme wat op 33-jarige ouderdom ervaar word, word aan emosionele- en gedragsprobleme gekoppel wat op 16-jarige ouderdom ervaar is. Weereens is dit veral op adolessente meisies van toepassing (Flouri & Buchanan, 2003:71,75).

Dit is dus duidelik dat vader-afwesigheid kinders se emosionele welstand tydens adolessensie en in die volwasse lewe geweldig affekteer en ŉ beduidende bydrae tot gedragsprobleme lewer wat lae selfbeeld, vroeë seksuele verhoudings en dwelmmisbruik insluit (Flouri & Buchanan, 2003:71,75).

Vervolgens gaan die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent ondersoek word, aangesien daar ook op hierdie vlak geweldig baie ontwikkeling plaasvind.

## 2.7 Kognitiewe ontwikkeling

Tydens adolessensie word die formele operasionele stadium van kognitiewe ontwikkeling bereik waarin daar abstrak gedink kan word, gespekuleer kan word oor moontlikhede en waarskynlikhede en gereflekteer kan word oor eie denkprosesse (Laberge, 2006:1207).

Adolessensie word deur reuse veranderinge in die brein en neurologiese stelsel in totaliteit gekenmerk wat bevorderlik vir hoër kognitiewe funksies, redeneringsvermoë, interpersoonlike interaksies, kognitiewe beheer van emosies, risiko teenoor beloning en motivering is. Hierdie veranderinge kan egter die risiko vir kognitiewe gedragsversteuring en verslawings vergroot (Paus *et al.,* 2008:954).

Volgens Erasmus en de Klerk (2002:345) ontwikkel die kognitiewe vermoë van die adolessent op twee vlakke, naamlik kwantitatief waarin intellektuele take makliker en vinniger bemeester word, en kwalitatief waar die denkprosesse verander. Adolessente begin nadink oor begrippe soos die bestaan van God, die politiek, onderwerpe vanuit die wetenskap, asook persoonlike waardes en gevoelens.

Sosiale interaksie en kognitiewe ontwikkeling word deur Vygotsky se sosiale ontwikkelingsteorie, sowel as die sosiale leerteorie aangespreek. Deur hierdie teorieë te bestudeer het Brown (2018:6) die belangrikheid van vader-afwesigheid op die dogter se ontwikkeling vasgestel. Beide die teorieë erken die belangrikheid van ʼn vader se invloed op die kognitiewe ontwikkeling van sy dogter.

Radl *et al.* (2017:234-235) het bevind dat die struktuur van die huishouding direk met die opvoedkundige uitkoms van adolessente in ontwikkelde lande verband hou. Daar is bevind dat die afwesigheid van die vader beduidend nadelig vir die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent is. Multigeneratiewe huishoudings wat grootouers insluit, het ook beduidend negatiewe kognitiewe ontwikkeling getoon. ʼn Skaarste aan ekonomiese hulpbronne in sulke gesinne het ʼn groot invloed.

Morele ontwikkeling is nou aan kognitiewe ontwikkeling gekoppel en daarom is die adolessent in staat om meer krities oor sake te begin dink wat vantevore net aanvaar is. Erasmus en de Klerk (2002:346-350) is van mening dat die morele identiteit van ʼn mens ʼn dimensie van sy eie persoonlike identiteit is. Die adolessent moet self ʼn waardeoordeel kan fel en nie iets doen net omdat hy byvoorbeeld daardeur ʼn onderwyser wil plesier nie.

Adolessente bevraagteken bykans alles wat aan hulle voorgehou word. Volgens Louw (1992:431) is die portuurgroep ʼn baie belangrike faktor in die adolessent se morele ontwikkeling, aangesien die portuurgroep sekere standaarde stel waarmee die adolessent saamstem of verskil, wat die adolessent se sosiale ontwikkeling beïnvloed. Vervolgens gaan die sosiale ontwikkeling van die adolessent van nader beskou word.

### 2.8 Sosiale ontwikkeling

Sosiaal ontwikkel die adolessente meisie baie. Sy raak meer onafhanklik van haar ouers, terwyl sy probeer om meer aanvaarding by die groep te verkry en sodoende ontwikkel sy meer sosiale, volwasse, intieme verhoudings. Sy ontwikkel ook ʼn onafhanklike eie identiteit (Spielman, 2005:6).

Miklikowska (2011:1349) het bevind dat die behoefte aan vaderlike teenwoordigheid vermoëns rondom empatie, in adolessente tot gevolg het. Dit veroorsaak geleentheid vir die adolessent om die neiging tot empatie te versterk.

Ebstyne en Boyatzis (2004:2) bevestig ŉ positiewe korrelasie tussen die adolessent se betrokkenheid in geloof en positiewe ontwikkelingsuitkomste. Dit is dus belangrik om gedurende hierdie fase waarin die adolessent se identiteit gevestig word, ondersoek in te stel na die spirituele ontwikkeling van die adolessent.

Volgens Crone en Dahl (2012:636) is die transformasie vanaf ŉ kind na ŉ onafhanklike en verantwoordelike volwassene, verstrengel met aanpassings in die persoon se persoonlike motivering en doelwitte. Dit sluit in die ontwikkeling van prioriteite rakende aspekte soos identiteit, vriende, romantiese verhoudings, die gemeenskap en die kerk, sowel as die familie. Dit word in die onderstaande veranderinge in gedrag, wat tydens adolessensie plaasvind, saamgevat (Anon, 2014):

- Die adolessent ontwikkel haar identiteit deur vas te stel wie sy is en waar sy inpas wat deur groepsdruk, kultuur, media, skool en familieverwagtinge beïnvloed kan word.
- Haar besluite en verhoudings met familie en vriende verander namate haar onafhanklikheid toeneem.
- Nuwe ervarings, selfs risikogedrag, kan voorkom aangesien breinontwikkeling die adolessent van nature nuwe uitdagings laat aanpak.
- ŉ Sterker stel morele waardes ontwikkel, aangesien hulle verantwoordelikheid vir gedrag, besluite en die gevolge daarvan, begin aanvaar.
- Gedrag en identiteit word grootliks deur vriende beïnvloed.
- Romantiese verhoudings mag ontstaan, alhoewel dit nie noodwendig baie intieme verhoudings is nie.
- Kommunikasie met vriende word grootliks deur die internet, selfone en sosiale media beïnvloed.

Vervolgens gaan die effek wat die afwesige vader op die adolessente meisie se lewe het, ondersoek en toegelig word. Daar is verskeie negatiewe gevolge wat weens vader-afwesigheid ontstaan. Die belangrikste gevolge wat toegelig gaan word, is armoede, swak opvoedkundige prestasies, losbandigheid en tienerswangerskappe, drank en dwelmmisbruik, eetversteurings, identiteit en verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

## 2.9 Die effek van vader-afwesigheid op die adolessente meisie se lewe

Vader-afwesigheid het ŉ groot effek op die ontwikkeling van die adolessente meisie. Verskeie aspekte van haar lewe word hierdeur beïnvloed.

Vervolgens gaan gekyk word na wat ŉ afwesige vader is, asook die effek en gevolge van ŉ afwesige, onbetrokke vader.

### 2.9.1 Wat is ŉ afwesige, onbetrokke vader?

ŉ Afwesige vader word as ŉ vader gesien wat fisies afwesig is, soos deur dood; of wat nie in dieselfde huis as die adolessente meisie woon nie, soos deur egskeiding of verlating. Afwesige vaders kan egter ook gesien word as vaders wat wel in dieselfde huis as die adolessente meisie woon, maar emosioneel afwesig is.

Dit beteken die vader gee geen aandag aan sy dogter nie, doen niks saam met haar nie, werk dikwels baie lang ure en is selde tuis (Peyper, 2013:78-92).

### 2.9.2 Die effek van ŉ afwesige, onbetrokke vader

Daar is verskeie negatiewe gevolge vir adolessente meisies met afwesige vaders. Die eise wat deur vaderloosheid gestel word, is geweldig hoog veral indien die nodige ondersteuningstrukture ontbreek (Coetzer, 2015:7). Robinson (2004:1) is van mening dat die afwesigheid van ŉ vader veroorsaak dat mense na binne huil. Hulle ervaar angs, ŉ behoefte om te oor-kompenseer, het ŉ lae selfbeeld en geen eiewaarde nie. Hulle identiteit is aangetas en bitterheid en woede is deel van hulle lewens. Hoe hulle God, ander mense en hulleself sien en ervaar, word direk deur die afwesigheid van die vader beïnvloed. Robinson (2004:1) beweer verder dat kinders wat sonder vaders opgroei dikwels almal probeer tevrede stel, selfs ten koste van hulleself omdat hulle verwerping vrees. Veral vroue sal dikwels oor-presteerders word ten einde aan ander te bewys dat hulle iemand is.

Bomo (2016:np) ondersteun hierdie mening deur aan te voer dat ongeag die rede vir vader-afwesigheid, die impak daarvan krities op die dogter se persoonlike ontwikkeling is, aangesien die vader-dogter verhouding faktore soos interpersoonlike verhoudings, selfbeeld, aspirasies en selfvertroue direk beïnvloed. Indien die trauma van skeiding met

die vader gedurende adolessensie plaasvind, kan die impak soveel groter wees aangesien daar probleme ervaar kan word met vertroue, selfbeeld en ʼn ongesonde behoefte om ten alle tye aanvaar en liefgehê te word. Dit eindig dikwels in ʼn bose kringloop van self-vernietigende gedrag wat fisiese en emosionele mishandeling kan insluit.

Sulke dogters kan ongeliefd en onwaardig voel en kan aandag op verkeerde plekke en maniere soek. Soos Bomo (2016:np) tereg opmerk: "The father-daughter relationship has a strong impact on the mental construct of teenage girls. If this relationship is broken for various reasons whatsoever, the young woman suffers, and it has an impact on almost every aspect of her life".

Daar is verskeie aspekte van die adolessent se lewe wat negatief geraak word deur die afwesigheid van die vader. Die belangrikste aspekte word vervolgens bespreek.

### 2.9.3 Armoede

Dit is voor die handliggend dat gesinne sonder ʼn vader ʼn tekort aan ʼn addisionele bron van inkomste het. Die moeder kan nie noodwendig finansieel in al die behoeftes van die kind voorsien nie. Armoede is dus ʼn groot faktor in sulke jongmense se lewens.

Die U.S. Census Bureau (2011:13) het bevind dat kinders uit gesinne met slegs ʼn moeder, ʼn vier keer groter kans het om arm te wees teenoor gesinne met beide ouers teenwoordig. Daar is bevind dat 46.5% van kinders in enkelmoedergesinne in armoede leef teenoor slegs 10.6% van kinders wat uit gesinne kom waar die ouers getroud is.

In Suid-Afrika lyk die situasie veel erger, aangesien hier ook gesinne is waarin daar geen ouers teenwoordig is nie. Volgens StatsSA (2015:14) leef 13.8 miljoen mense in Suid-Afrika, in uiterste armoede; dit sluit 51% van gesinne in waarin daar geen ouers teenwoordig is nie. Daar is ook bevind dat 64% van alle geregistreerde geboortes, geen inligting rakende die vaders bevat nie. Hierdie kinders word dus groot sonder ʼn vader en gevolglik het hulle ʼn baie groter kans om onder armoede gebuk te gaan.

Baie van hierdie tipe gesinne ontvang ondersteuningstoelaes van die regering wat help om die armoedeprobleem effens te verlig. Budlender (2018:94) het bevind dat nege uit elke 10 kinders in geografiese landelike gebiede se huishoudings, ondersteuningstoelaes

van die regering ontvang terwyl tweederdes van huishoudings in stedelike gebiede ook regeringstoelaes ontvang.

Budlender (2018:34-37) het verder bevind dat enkelouergesinne en uitgebreide huishoudings die armste in Suid-Afrika is. Die rede hiervoor kan wees weens die gebrek aan die afdwing van betaling van onderhoud deur vaders of bloot omdat baie vaders nie die betaling van onderhoud kan bekostig nie. Ongeveer twee miljoen Suid-Afrikaanse kinders woon in enkelouer huishoudings teenoor 12 miljoen wat in uitgebreide huishoudings woonagtig is. Ten spyte van die hoeveelheid kinders wat in uitgebreide huishoudings woon, waarin daar ŉ vaderfiguur teenwoordig is, leef baie kinders, veral in die provinsies van Limpopo en die Oos-Kaap, in uiterste armoede (Cullinan, 2015:np). Dit is hoofsaaklik swart kinders uit bogenoemde twee provinsies, wat groot landelike gebiede insluit, wat uitermate deur armoede geraak word.

Volgens Holborn en Eddy (2011:5) het die langtermyn effek van die trekarbiedstelsel ŉ groot bydrae ten opsigte van die vaderkrisis in Suid-Afrika gelewer. Dit was nie altyd moontlik vir mense om ŉ inkomte te verdien in die gebied waar hulle woonagtig was nie. Veral swart mans was verplig om na dorpe en stede te trek om werk te soek en sodoende hulle families en kinders alleen agter te laat in die landelike gebiede waar hulle woonagtig was; ŉ tendens wat steeds voortduur. Baie vaders werk dus ver van die huis en kinders af.

### 2.9.4 Swak opvoedkundige prestasies

ŉ Verdere probleem vir adolessente meisies met afwesige vaders is swak skolastiese prestasies. Dit word vererger indien die teenwoordige ouer self min skolastiese opleiding gehad het (StatsSA, 2015). Ward (2008:40) het bevind dat kinders wat uit enkelmoedergesinne kom, ŉ opvoedkundige bereiking van ŉ halwe jaar tot een volle jaar minder het as kinders uit ŉ gesin met beide ouers teenwoordig. Dit is ongeag die rede vir die vaderafwesigheid.

Die impak wat ŉ vader op die dogter se skolastiese prestasies en veral haar beroepskeuse het, moet nie onderskat word nie. Vaders het ŉ baie groter impak op dogters se beroepskeuses as in vorige generasies. Vaders mentor hulle dogters om meer kompete-

rende beroepe, wat voorheen hoofsaaklik deur mans gevul is, te volg (Morrill & Hellerstein, 2011:338).

Radl *et al.* (2017:228) het bevind dat die opvoedkundige geleenthede van kinders uit huise met afwesige vaders veral meer op ŉ kognitiewe vlak as ŉ nie-kognitiewe vlak (emosioneel en sosiaal) geaffekteer word. Hier is spesifiek na wiskundige prestasies gekyk. Dit is veral belangrik vir die beroepskeuse van meisies.

Aangesien sekere beroepe tradisioneel as meer manlike beroepe gesien word, is meisies dikwels geneig om dit nie te volg nie, veral as hulle ŉ swak verhouding met hulle vaders het. Volgens Jungen (2008:16-18) is dit duidelik dat die ouer-kind verhouding grootliks die adolessent se beroepskeuse beïnvloed. Daar is bevind dat die verwagtinge van ouers ŉ groot invloed op die beroepskeuse van die jong volwassene het en dat die vader se verwagtinge veral ŉ impak op die dogter se beroepskeuse het (Jacobs *et al.,* 2006:402).

Dit word ook duidelik deur Nielsen (2014a:np) ondersteun wat bevind het dat ŉ dogter se verhouding met haar vader ŉ direkte invloed het op haar beroepsukses en finansiële welstand. Volgens haar kan ŉ vader sy dogter help om self-gedissiplineerd, ambisieus en suksesvol te wees. Dogters met vaders wat hulle intellektuele prestasies en selfvertroue bevorder het, het ŉ groter kans om te gradueer en in ŉ hoër-betalende werk aangestel te word. Daar is verder bevind dat dogters wat ŉ oop, goeie verhouding met hulle pa's het, selfs bereid sou wees om hulle beroepskeuses te heroorweeg indien hulle vaders nie daarmee sou saamstem nie.

Cooper (2009:509-510) het in ŉ studie met Afro-Amerikaanse adolessente meisies bevind dat ŉ positiewe verhouding met hulle vaders, ŉ beter selfbeeld en beter akademiesverwante uitkomste het. Die vader-dogter verhouding het ŉ beduidende invloed op die meisies se akademiese betrokkenheid – ŉ tendens wat nog nie met moeder-dogter verhoudings wetenskaplik bewys kon word nie.

Sally Krawcheck (2017:34), die hoof uitvoerende beampte van *Ellevest*[1] weerspieël iets hiervan in die volgende aanhaling: "If the most important man in my life believed in me, and believed I could succeed by being me – and that "me" was a girl – then I could certainly believe in myself".

### 2.9.5 Losbandigheid en tiener swangerskappe

Meisies wat uit vader-afwesige huise kom, is tot losbandige gedrag geneig en raak vervolgens op 'n vroeër ouderdom seksueel aktief wat dikwels op tiener swangerskappe uitloop. Hulle is geneig om 'n groter behoefte aan aanvaarding en toenadering ten opsigte van die teenoorgestelde geslag te ervaar, en is bereid om selfs teen hul eie waardesisteem te gaan vir hierdie aanvaarding (Freeks & Lotter, 2009:522).

Radwan (2006-2017) het bevind dat 'n kind wat nooit haar pa geken het nie, psigologiese probleme kan ontwikkel. Hier kan die meisie byvoorbeeld 'n "goudgrawer" word wat baie deur geld beïndruk word en rykdom sal najaag. Sulke meisies mag voel hulle is van liefde beroof, aangesien 'n meisie se romantiese verhoudings op haar verhouding met haar vader gebaseer is. Sy kan voel asof sy maklik en vinnig aan mans wat haar pad kruis geheg raak.

'n Interessante fisiologiese bevinding is deur Comings *et al.* (2002:1049-1050) gemaak. Daar is bevind dat 'n genetiese verduideliking verskaf kan word, vir dogters wat gedurende die eerste sewe jaar van hulle lewens aan 'n stresvolle omgewing blootgestel is, wat veral as gevolg van vader-afwesigheid ontstaan het. Dit kan daartoe lei dat sy geneig is tot vroeëre puberteit, seksualiteit en onstabiele verhoudings. Daar is ook bevind dat vaders wat hulle gesinne gereeld verlaat, 'n spesifieke "dna-geen" na hulle dogters kan oordra. Dit kan vroeë puberteit en gepaardgaande gedragsprobleme tot gevolg het.

---

[1] **Ellevest** is een van die beste digitale platforms wat ge-outomiseerde, algoritme aangedrewe finansiële beplanning en dienste lewer en is spesiaal ontwerp om vroue te help om beheer van hulle finansiële toekoms te neem. Die maatskappy is gestig deur Merrill Lynch Wealth Management met Sally Krawcheck as die hoof uitvoerende beampte.

Trollinger (2007:110,111) is van mening dat die hedendaagse generasie groot probleme rakende morele waardes en hulle gesondheid ondervind. Volgens haar het vandag se adolessente geen respek vir wat God bedoel het hoe seksualiteit en seks behoort te wees nie, aangesien die ouers dit nie op ŉ verantwoordelike wyse aan die jongmense oorgedra het nie.

Adolessente uit gebroke huise het ŉ intense begeerte om geliefd te wees. Hulle word aan groepsdruk en dwelms en verskeie ander negatiewe invloede wat hulle morele ontwikkeling skaad blootgestel, sodat hulle nie ŉ gesonde persepsie van hulle eie seksualiteit besit nie (Trollinger, 2007:110,111).

Daar is egter hoop. La Guardia *et al*. (2014:344) het bevind dat indien families egskeidings ervaar waarin die ouers nog steeds in ouerskap saamwerk en die vader in sy dogter se lewe betrokke bly, dogters hierdeur gehelp kan word om slegte seksuele besluite te voorkom.

### 2.9.6 Drank- en dwelmmisbruik

Dwelms en drankmisbruik kom ook al hoe meer onder adolessente voor as ŉ manier om van innerlike pyn te ontsnap.

Rostad *et al*. (2015:218) het bevind dat die kwaliteit van die verhouding wat meisiestudente met hul vaders het, ŉ goeie aanduiding van die waarskynlikheid is dat hulle onwettige dwelms sal gebruik, al dan nie. Hemovich en Crano (2009:2106) het bevind dat kinders wat uit huise kom waarin daar twee ouers teenwoordig is, dramaties minder substanse gebruik het wat marijuana en amfetamiene insluit, as kinders uit enkelouergesinne. Kinders uit enkelouergesinne het ŉ aansienlik groter risiko getoon om by verskeie tipes dwelmmisbruik betrokke te raak, as kinders uit twee-ouergesinne.

Eetversteurings is ŉ verdere probleem wat as gevolg van die afwesigheid van ŉ vader kan ontstaan.

### 2.9.7 Eetversteurings

Verskeie tipes eetversteurings kan by adolessente meisies met afwesige vaders voorkom, maar die belangrikste eetversteurings is anorexia nervosa en bulimia nervosa.

Marzola en Abbate-Daga (2018:113) definieer anorexia nervosa as ŉ baie ernstige geestesongesteldheid wat hoofsaaklik by adolessente meisies voorkom. Dit word hoofsaaklik deur afwykende patrone van eetgewoontes, geweldige lae liggaamsgewig, baie beperkte energieverbruik en ŉ geweldige vrees om gewig op te tel, gekenmerk. Daar is ŉ totale verwronge beeld van die liggaamsgewig, aangesien hulle feitlik sterwend is maar steeds hulleself as vet beleef.

Degortes *et al.* (2018:127) beskryf bulimia nervosa as herhalende en onbeheerbare episodes van ooreting gevolg deur onvanpaste, kompenserende gedrag om te verhoed dat gewig aangesit word. Die gedrag sluit in self-geïnduseerde braking, vas, oormatige oefening of baie streng diëte met ŉ onbehoorlike invloed op die self-evaluering as gevolg van die liggaamsgewig en vorm.

Eetversteurings is ŉ direkte gevolg van kliniese depressie in dogters wat ŉ swak verhouding met hulle vaders het (Nielsen, 2014b:364). Nielsen (2014b:364) beweer verder dat van die algemeenste probleme tussen dogters en hulle vaders ŉ gebrek aan liefde en kommunikasie, en ŉ verwronge beeld rakende seksualiteit is. Die dogter voel dikwels dat haar vader haar ignoreer, nie liefhet nie, dat sy onbelangrik in sy lewe is, dat hy ongelukkig is omdat sy nie aan sy verwagtinge voldoen nie en dat hy ongelukkig is omdat sy tot ŉ volwasse dame opgegroei het. Dikwels kan hulle nie openlik en eerlik met die vader kommunikeer nie. Gebrek aan kommunikasie beïnvloed weer haar selfbeeld en verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

### 2.9.8 Identiteit en verhoudings met die teenoorgestelde geslag

Daar is bevind dat vader-afwesigheid grotendeels ŉ bydraende faktor tot wanaangepaste gedrag by dogters is, wat ŉ lae selfbeeld en vroeë seksuele verhoudings kan insluit (East *et al.*, 2006:292).

Kinders met versorgende en betrokke vaders het gewoonlik ŉ goeie selfbeeld en hulle verhoudings met die portuurgroep is gesond. Sulke kinders het ook ŉ hoë selfwaarde (Green, 2002:1).

Botha (2014:71) toon aan dat sommige kinders met afwesige vaders geloofskwessies ontwikkel en sodoende sukkel om God as liefdevolle vader te ervaar. Die mening word

ondersteun deur Hill (2018) wat beweer dat die afwesigheid van ŉ vader kan veroorsaak dat die kind nie in staat is om liefde te gee of te ontvang nie, aangesien hulle niemand vertrou nie, selfsugtig raak, en ŉ gevoel van hartseer ervaar wat hulle hoop, geloof en vreugde laat verloor.

Meyers (2018:np) vervat iets hiervan in die volgende aanhaling:

> I hated the way I looked because I thought it caused my father's disinterest in me. As I got older, my self-esteem plummeted and I was sure no man would ever find me attractive. I rejected happiness because I never felt worthy of it. I did so much to sabotage my life and make myself miserable (Meyers, 2018:np).

Dogters van wie die ouers geskei is, maar met ŉ kwaliteit verhouding met die vader, is in staat om kwaliteit verhoudings met die teenoorgestelde geslag te hê (Schaick & Stolberg, 2001:118). Katz (2010:352) beweer dogters wat ŉ goeie verhouding met hulle vaders het, is geneig om meer selfgeldend en selfversekerd op te tree en sal weier om teen hulle sin seks met hulle kêrels te hê.

Volgens Leman (2014: 2-6) berei ŉ betrokke pa sy dogter voor vir die mislukking of sukses van ŉ verhouding met die teenoorgestelde geslag, hoe ŉ huweliksverhouding behoort te werk en hy verteenwoordig ook God in sy dogter se lewe. Hierdie is geen geringe taak nie. Dit skep vir die dogter in haar verhoudings met mans ŉ gevoel van geborgenheid, liefde en vertroue, aangesien sy weet hoe sy behandel behoort te word.

### 2.10 Gevolgtrekking

Uit die literatuur is dit dus duidelik dat die afwesige vader ŉ groot invloed op sy adolessente dogter se lewe het. Die huidige situasie en omvang van afwesige vaders wêreldwyd, maar veral ook in Suid-Afrika, beïnvloed hierdie meisies se hele lewe aangesien hulle identiteit aangetas word. Kinders met afwesige vaders groei dikwels in armoede op omdat die enkelmoeder doodeenvoudig nie genoeg verdien om die kind te onderhou nie en dikwels dra die vaders glad nie tot die huishouding by nie, met nadelige gevolge soos swak skolastiese prestasies en tienerswangerskappe wat ŉ bose kringloop veroorsaak.

Die adolessente meisie wat sonder ŉ pa groot word, is dikwels geneig om ŉ eetversteuring te ontwikkel en sy sukkel om ŉ goeie verhouding met die teenoorgestelde geslag te handhaaf.

Vervolgens gaan bepaal word wat die invloed van die gemeenskap, die kerk en die skool ten opsigte van pastorale versorging in die algemeen is.

## 2.11 Die invloed van die gemeenskap op die pastorale versorging van die adolessente meisie

Die gemeenskap het ŉ groot rol te speel in die ontwikkeling en versorging van die adolessente meisie met ŉ afwesige vader. Agbiji en Agbiji (2016:4) beskou pastorale sorg, veral ten opsigte van ontwikkeling, as ŉ inherente waarde van mense wat hulle in staat stel om situasies te hanteer en sodoende hulleself te bemagtig. Dit veroorsaak dat hulle nuwe moontlikhede sien en rus hulle met noodsaaklike lewensvaardighede toe sodat hulle in staat is om die regte vrae te vra, die regte besluite te neem en ŉ betekenisvolle lewe te lei. Pastorale sorg behels dus ŉ algemene daad van omgee deur alle lede van ŉ geloofsgemeenskap wat die kerk en ander gelowiges insluit.

In die Westerse wêreld word pastorale sorg as deel van mediese sorg beskou. In Afrika is dit nie die geval nie, weens verskille in kulturele waardes rakende wat presies as siektes en gesondheid beskou word. Onvoldoende aandag word dus deur Afrika regerings aan gesondheidsbeleid, navorsing en beplanning veral rakende pastorale sorg gegee. Daar is bevind dat baie mense in Afrika probleme met siektes en armoede ondervind en dus is die gesondheidsorg onvoldoende. Hierdie mense beskou geloof as ŉ bron van krag wat dus ŉ sterk verband tussen gesondheid, geloof en pastorale sorg toon (Agbiji & Agbiji, 2016:6).

## 2.12 Die invloed van die kerk op die pastorale versorging van die adolessente meisie

Volgens Akpanessien (2015:87), in ŉ studie wat in Nigerië gedoen is, is baie priesters bekommerd oor die pastorale impak wat hulle op die lewens van die jeug het. Hulle is van mening dat hulle in die oë van die meeste jongmense totaal betekenisloos is en dat die jeug deurmekaar is rakende die kerk se rol in die gemeenskap. Dit raak vir priesters baie

moeilik om die jeug te bereik aangesien die jongmense meestal nie tuis is wanneer huisbesoek gedoen word nie en dikwels verveeld in die kerk is. Dit wil voorkom asof jongmense in Nigerië dringende pastorale aandag van die kerk in die besonder benodig.

Baloyi (2016:5) is van mening dat openbare skole deel van die gemeenskap is. Ouers dien op rade in skole en sekere onderwysers is ook Christene wat die kerk se rol in skole versterk. Deur lidmate van kerke in skole betrokke te maak, kan die leerder aangemoedig word om goed te doen en ŉ klimaat van positiewe en vreedsame onderrig kan bewerkstellig word.

Volgens Townes (2017:4) sukkel sommige kerke daarmee om praktiese maniere te vind vir pastorale versorging aan hedendaagse families, veral die enkelouergesin. Weens ŉ tekort aan gesonde praktiese teologie rakende enkelouerskap, raak kerke negatief teenoor enkelouergesinne veral rondom die versorging van enkelmoeders.

Enkelouerskap word in Psalm 68:6 beskryf waar God gesien word as ŉ vader vir die vaderlose. God het ook aan Sy volgelinge in Jakobus 1:27 en 1 Timoteus 5:3 gesê om die weduwees te respekteer en die weeskinders te besoek en hierdie verse beklemtoon God se begeerte om die weduwees en weeskinders te help.

Volgens Walker (2015:7-8) roep die briewe van Jakobus en Paulus gelowiges op tot omgee vir die weduwees en weeskinders wat swaarkry. Aangesien hulp aan weduwees en weeskinders reeds in die Bybelse tyd belangrik vir die kerk was, is die navorser van mening dat dit ook vir vandag se kerk belangrik behoort te wees. Selfs in die Ou Testament in Jesaja 1:17, beveel God die mense van die Ou Testamentiese tyd om die weeskind te verdedig en te pleit vir die regte van die weduwee wat die gebroke gesinne van vandag kan verteenwoordig aangesien weduwees en weeskinders verteenwoordigend was van gebroke gesinne in die Bybel (Walker, 2015:8).

Die aantal enkelouergesinne in Amerika het dramaties gestyg en die Christenkerk het nie hierdie verskuiwing in populasie waargeneem nie. Die gevolg is dat die kerk tans oneffektief is rakende enkelouergesinne weens onkundigheid oor die veranderende kultuur (Walker, 2015:4).

Janse van Rensburg en Breed (2011:1) is van mening dat daar ŉ groter bewustheid moet

wees dat elke individu die kerk verteenwoordig. Hulle glo dat ware pastorale sorg ŉ holistiese benadering is, wat alle spirituele- en fisiese behoeftes insluit. Die rede waarom dit nie gebeur nie kan wees dat die pastor ŉ tekort aan kennis, tegniese vaardighede of motivering het. Een van die probleme is armoede wat dramaties die afgelope aantal jare toegeneem het. Druk word nou op die kerk geplaas om armoede op ŉ meer gestruktureerde en permanente manier aan te spreek.

Die navorser is van mening dat pastorale sorg deur die kerk ingrypende verandering in die lewens van baie adolessente meisies, uit veral armoede geteisterde huishoudings kan meebring, maar dat die hedendaagse kerk nie behoorlik toegerus is om aan veral enkelouergesinne die nodige pastorale sorg te verleen nie.

Vervolgens gaan ondersoek ingestel word na die pastorale versorging aan adolessente meisies in die huidige skoolsituasie.

## 2.13 Die invloed van die skool op die pastorale versorging van die adolessente meisie

Pastorale versorging van adolessente meisies kan nie slegs deur die skole gedoen word nie, alhoewel beleidmakers, gemeenskapsleiers en selfs ouers soms van mening is dat kinders se onderrig die uitsluitlike verantwoordelikheid van die onderwyser is (NEA, 2008:2).

In die Westerse wêreld word daar groot klem op gelê om bekwame, addisionele personeel aan te stel wat met die algemene versorging van die leerders help (Brener *et al.*, 2007:494). Dit sluit fisiese-, emosionele-, kognitiewe- en sosiale ondersteuning in. Iets hiervan word in die volgende statistiek rakende skole in die Westerse samelewing weerspieël.

In Amerikaanse skole was daar in 2006 reeds beraders aangestel by 77.9% skole, psigiaters by 61.4% skole en sosiale werkers by 41.7% skole (Brener *et al.*, 2007:494). Daar is egter bevind dat voorsiening van hulpwerkers deur beleidsdokumente, wette en fiskale ondersteuning moet verbeter.

Nouer skakeling met die gemeenskap moet ook plaasvind om in die gesondheid en akademiese behoeftes van die skole te voorsien (Brener *et al.,* 2007:498). Dit is dus

duidelik dat die Amerikaanse skole wel probeer omsien na die pastorale versorging van die leerders, maar dat daar nie voldoende hulpbronne beskikbaar is nie.

Die situasie in Suid-Afrika lyk egter anders. Baie skole het geen beraders wat leerders kan bystaan nie. Hierdie werk moet dikwels deur die onderwyses gedoen word. Dit is veral op skole in armoede geteisterde gebiede van toepassing (Bhana *et al.,* 2006:20). Hulle beweer verder dat MIV/VIGS ʼn addisionele aanvraag vir pastorale versorging op skole plaas wat in hierdie armoede geteisterde gebiede geleë is. Skole is dikwels die enigste plek waar leerders enige vorm van sorg ontvang. Weens die gebrek aan hulpbronne, ʼn kurrikulum wat totaal oorlaai is, sowel as verskeie verpligtinge van onderwysers gaan sulke verantwoordelikhede dikwels verlore (Bhana *et al.,* 2006:8).

Die onderwysers is dikwels nie opgelei om pastorale versorging aan hierdie leerders te verskaf nie. Die regering verskaf ook nie opgeleide personeel of die nodige opleiding aan onderwysers vir hierdie taak nie. In die gegoede skole het die leerders egter die geleentheid om wel pastorale sorg op ʼn individuele basis by opgeleide persone te ontvang (Bhana *et al*.*,* 2006:20).

### 2.14 Gevolgtrekking

Dit is dus duidelik dat die gemeenskap, die kerk en die skool ʼn groot verantwoordelikheid rakende die pastorale versorging aan die adolessente meisie het. Die gemeenskap sluit in familie en vriende wat nou met die kerk en die skool ineenskakel.

Pastore, predikante en onderwysers het ʼn groot invloed op die adolessent met ʼn geleentheid om ʼn verskil in sulke jongmense se lewens te maak. Daar is egter tans ʼn tekort aan opgeleide personeel in Suid-Afrikaanse skole, veral in die landelike gebiede wat hierdie taak bemoeilik.

Die hedendaagse kerk is ook nie toegerus om pastorale sorg aan die veranderde familiestruktuur te verleen nie. Enkelouergesinne het dramaties toegeneem en die kerke het nie die verandering aangespreek nie. Gevolglik is die pastor nie volledig opgelei om aan hierdie gesinne holistiese pastorale sorg te verleen nie.

In die volgende hoofstuk word die problematiek rondom die afwesigheid van die vader

ondersoek. Sosiologiese veranderinge in die samelewing, tesame met die veranderde rol van die vader sal verken word met ŉ in diepte ondersoek na waarom vader-afwesigheid so ŉ groot invloed op die adolessente meisie se lewe het.

# HOOFSTUK 3: DIE ONTSTAAN VAN DIE PROBLEMATIEK RONDOM DIE AFWESIGE VADER

## 3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die huidige stand van sake ondersoek. Statistiek ten opsigte van vader-afwesigheid is verskaf. Die stand van sake ten opsigte van die moontlike invloed op die dogters van afwesige vaders is beskryf en daar is ook na die gemeenskap, die kerk en die skool se invloed op dogters met afwesige vaders gekyk. Vervolgens moet die oorsake van vader-afwesigheid vasgestel word, asook waarom die afwesigheid van vaders so ŉ groot invloed op dogters het.

Die tweede vraag van Osmer naamlik "Hoekom gebeur dit?" vra na die oorsake van ŉ bepaalde probleem wat ondersoek word. Hierdie vraag sal beantwoord word deur die sosiologiese- en psigologiese oorsake van vader-afwesigheid in die samelewing te ondersoek tesame met die veranderende gesinstruktuur, die vader se rol binne die gesin, asook bydraende komponente soos identiteitsverandering, verwagtinge rondom verhoudings, pa-wonde en pa-honger. Dit sal vanuit die gedragswetenskappe en die teologiese wetenskap gedoen word.

## 3.2 Oorsake van vader-afwesigheid

Sosiologiese veranderinge in die samelewing het verreikende negatiewe gevolge vir die gesin gehad.

### 3.2.1 Sosiologiese veranderinge in die samelewing

Vader-afwesigheid is ŉ probleem wat reeds in antieke tye teenwoordig was. Volgens Hübner en Ratzan (2009:8-9), word daar beweer dat nagenoeg een derde van alle kinders in die antieke Mediterreense gebied hulle vaders voor hulle 15 jaar oud was verloor het. ŉ Verdere derde het hulle vaders voor die ouderdom van 25 jaar verloor. Alhoewel die lewensverwagting van mans in daardie tyd ongeveer 20-30 jaar was, het mans steeds relatief laat getrou. Daar kan dus aanvaar word dat die meeste samelewings van daardie tyd ŉ tipe vader-afwesigheid ervaar het.

Die vroeë afsterwe van die vader het verreikende ekonomiese-, sosiale- en emosionele gevolge gehad. Vaders was ŉ verbintenis tussen die familie en die res van die gemeenskap en gevolglik was die sosiale kapitaal wat families verloor het wanneer ŉ vader sou sterf, van kardinale belang. Kinders van sulke vaders het wesenlike ekonomiese- en sosiale uitdagings gehad, aangesien hulle nie kon staatmaak op familie erfenis nie (Hübner & Ratzan, 2009:10). Vir dogters was die situasie egter baie erg. Hulle moes vir hulleself sorg deur in die familiebesigheid of handel in te gaan, anders het hulle as ŉ huisbediende of in die ergste gevalle as prostitute gaan werk. Weens hulle armoede was ŉ respektabele huwelik feitlik onmoontlik, aangesien hulle nie die nodige bruidskat kon voorsien nie (Hübner & Ratzan, 2009:11).

Volgens Palkovitz (2002:38) het vaders in Amerika, gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu, hulle klein eenmanbesighede en plase verlaat om werk in die ontluikende industriële ekonomie te gaan soek. Vaders het dus as ŉ afwesige broodwinner opgetree, aangesien hulle ver van die huis gewerk het terwyl die moeders alleen verantwoordelik vir die opvoeding van die kinders was. Dit het die opvatting versterk dat die vader-kind-verhouding min invloed op die ontwikkeling van die kind uitoefen. Aanvanklike teorieë vanuit die ontwikkelingssielkunde het hierdie opvatting ondersteun (Cabrera *et al*., 2000:127; Levy, 1983:24; Freeman, 2008:114).

Verskeie sosiale veranderinge het egter veroorsaak dat die struktuur van die gesin verander het. Vervolgens gaan die faktore wat hierdie verandering van die rol van die vader meegebring het van naderby ondersoek word.

### 3.2.2 Die veranderende struktuur van die gesin

Die struktuur van die gesin het sedert die 1800s dramaties verander. Vroue in Amerika was tot ongeveer 1940 wel by familiebesighede en in fabrieke betrokke, maar slegs tot hulle troudag, waarna hulle dan tuisgebly het vir die versorging van hulle kinders. Slegs 12% van getroude vroue met voorskoolse kinders was in die arbeidsmark teen 1950 betrokke, terwyl dit na 20% in 1997 gestyg het. Dit het veroorsaak dat al minder kinders in families woonagtig was, waarin die vader die alleen broodwinner was (Cabrera *et al.,* 2000:127).

Volgens Cabrera *et al*. (2000:128) het die struktuur van die gesin verder weens die toenemende afwesigheid van die vader verander. In 1960 was enkelmoedergesinne slegs 6% verteenwoordig, terwyl dit in 1998 tot 24% gestyg het.

Barras (2000:45) is van mening dat die feministiese beweging van die 1960's 'n massiewe impak op die rol van die vader in die Amerikaanse gemeenskap gehad het. Volgens hom het vroue besluit om kinders te hê sonder dat hulle getroud is, sodat hulle aan die mans kon bewys dat hulle as beide vaders en moeders vir die kinders kan optree. White en Klein (2002:185-190) ondersteun hierdie bewering in hulle teorie oor feminisme.

Mander (2001:142) toon in navorsing aan dat die twee wêreldoorloë, veral in Amerika, baie daartoe bygedra het dat die vrou die rol van die vader moes oorneem aangesien die vaders afwesig was. Baie vroue het buitenshuis begin werk en gewoond geraak aan 'n hoër lewensstyl en 'n posisie in die arbeidsmark en wou na die oorloë steeds in die arbeidsmark werksaam wees (Palkovitz, 2002:39, Goldin, 1991:741).

In Suid-Afrika was baie vroue verplig om tot die arbeidsmag toe te tree, aangesien daar soveel enkelouer en uitgebreide gesinne in Suid-Afrika is. Die trekarbeidstelsel in Suid-Afrika het grootskaalse vaderloosheid, veral onder die swart bevolking veroorsaak. Aangesien swart mans vir 'n sogenaamde bruidskat verantwoordelik is wat as *lobola* en *nhlawulo* bekend staan, het hulle na die myne gestroom om geld bymekaar te maak om dit te betaal. In 1893 was daar 30 000 mynwerkers in die destydse Transvaal wat vandag Gauteng, Mpumalanga, Limpopo en Noord-Wes provinsies insluit. Teen 1977 was daar reeds 600 000 mynwerkers. Weens kontrakte wat voortdurend hernu is, het die myners vir die grootste deel van elke jaar weg van die gesin gewoon. Die wet op stedelike gebiede het veroorsaak dat hierdie mans se gesinne nie saam met hulle in die stedelike gebiede kon woon nie en hulle het dus in die landelike gebiede agtergebly (StatsSA, 2017:18). Die versorgingstaak van die pa en die ma is dus herverdeel.

Toenemend verbrokkel huwelike in Suid-Afrika. Die egskeidingsyfers in Suid-Afrika in 2016 het dramaties vanaf 2003 verhoog. Die egskeidingsyfer vir swart mense het vanaf 24.3% in 2003 na 42.0% in 2016 gestyg, vir kleurlinge 12.4% in 2003 teenoor 18.6% in 2016 en Indiërs was 4.8% in 2003 teenoor 6.0% in 2016 (StatsSA. 2016:35). Blankes was die enigste groep waarvan die egskeidingsyfer vanaf 40.0% in 2003 na slegs 24.8% in 2016 gedaal het.

Die egskeidingsyfer het ook vir tradisionele huwelike gestyg. In 2016 was meer as een uit drie, of 42% van egskeidings in Suid-Afrika, tussen swart egpare, waarvan baie van hulle persoonlike lewens rondom tradisionele gebruike gereguleer is. Die baie egskeidings veroorsaak dat daar dikwels nuwe mans of "vaders" in kinders se lewens toegelaat word wat veroorsaak dat die dinamiek van die gesinstruktuur voortdurend verander (Cabrera *et al.,* 2000:128).

Die swart gemeenskappe maak veral van "sosiale vaders" gebruik wat deel van die uitgebreide gesin uitmaak. In Suid-Afrika leef 71% kinders in ŉ huishouding waarin daar ten minste een man, wat nie noodwendig die biologiese vader is nie, bly. Daar is nie duidelikheid daaroor of hierdie mans wel versorgers is of nie, maar laat wel die moontlikheid daarvan manifesteer (StatsSA, 2017:7-8; Clowes *et al.,* 2013:265).

ŉ Verdere aspek wat volgens Cabrera *et al.* (2000:128) ŉ invloed op die veranderende struktuur van die gesin het, is die konsep van vaderskap wat deur die kulturele diversiteit binne ŉ gemeenskap beïnvloed word. In Amerika is die rasse en etniese samestelling weens invloei van immigrante uit Europa verander. Vaderskap word binne verskillende kulture verskillend beskou. Die navorser is van mening dat dit ook vir Suid-Afrika met sy diversiteit van verskillende etniese groepe geld.

Die verskillende rolle wat die vader binne die gesin speel, word vervolgens verder ondersoek.

### 3.2.3 Die vader se rol as enigste broodwinner het verander

Die rolverwagting van die vader as broodwinner is tydens die 20ste eeu baie sterk gevestig. Volgens Palkovitz (2002:39) is die man se vermoë om as broodwinner suksesvol te wees direk aan die gesin se sosiale status gekoppel. Dit word deur ŉ studie onderskryf waarin bevind is dat mans in Italië en ander Europese lande inkomste as die belangrikste aspek van hulle werk beskou (Bosoni, 2014:308).

Die twee wêreldoorloë het veroorsaak dat die vader in Europese lande vir lang tye weg van die huis was en die moeder moes noodgedwonge die rol van broodwinner tydelik oorneem. Na die oorloë het die vader egter weer sy rol as broodwinner ingeneem, alhoewel hy steeds baie weg van die huis was (Palkovitz, 2002:39).

Visagie (2005:43-44) lei hieruit af dat die vader weens die lang tye weg van die huis nie baie tyd saam met die kinders kon deurbring nie. Verder moes die vrou hom versorg wanneer hy moeg van die dag se werk tuiskom, aangesien hy weens die broodwinnersrol in 'n onaantasbare kategorie tydens daardie tyd geplaas is. Sy hulp was slegs ingeroep om die kinders te dissiplineer in gevalle waar die moeder moedeloos met die dissipline van die kinders was. Vroeëre navorsing het veral op hierdie dissiplinêre rol van die vader gefokus (Pedersen, 1987:4).

Die vrou in Europese lande asook Amerika se toetrede tot die arbeidsmark gedurende die oorloë het veroorsaak dat sy nie meer slegs by die huis wou bly na die oorloë nie, aangesien sy onafhanklikheid gesmaak het. Die verhoogde lewenskostes het haar verder genoodsaak om buitenshuis te werk, terwyl nuwe werksgeleenthede vir vroue dit ook makliker gemaak het (Hochschild, 1995:443). Die vader was dus nie meer die enigste broodwinner nie en gevolglik het die rolverdeling tuis ook begin verander.

Studies wat in Italië en ander Europese lande gedoen is, fokus egter op die transformasie van die vader as "primêre broodwinner" na "nuwe vader" of "betrokke vader". Hierdie transformasie is veral deur faktore soos die veranderinge in die gesinstruktuur beïnvloed wat onder andere die vermindering in huwelike, mense wat slegs saamwoon, verwydering tussen egpare en egskeidings behels. Die verspreiding van gesinne waarin beide partye broodwinners is, die komplekse onderhandelinge tussen egpare rakende take wat gedoen moet word en rolverdelings, asook kraamverlof en vaderskapverlof, is verdere bydraende faktore die afgelope paar dekades van die twintigste eeu wat verreikende gevolge vir die vader se rol as alleen broodwinner binne die gesin ingehou het (Bosoni, 2014:293).

### 3.2.4 Werksomstandighede en loopbaanstrukture raak al meer gekompliseerd

Ouers wat geweldig hard werk, stel hulle kinders bloot aan dieselfde stres as iemand wat 'n geestesongesteldheid het en veral mans, word die hardste hierdeur geraak. In gesinne waar die ouer in 'n lae betalende werk is, kan dit dieselfde invloed op die kinders hê as ouers wat depressief is (Bita, 2013).

Baie ouers word geforseer om meer as een werk aan te neem of om lang ure, weens die

onsekerheid en wisselvalligheid van die werksmark en lae betalende beroepe, te werk (Hayghe, 1997:43).

Presser (2003:64-65) toon aan dat baie gemeenskappe in die wêreld, transformeer na diensekonomieë wat hy die *24/7 economy* noem. In hierdie tipe ekonomie is daar ŉ vereiste vir 24-uur diens wat veroorsaak dat die werkskedules van personeel gedurende die aande, nagte en naweke dramaties verhoog word en dit staan as die sogenaamde "nie-standaard skedules" bekend. Sulke werkskedules het ŉ negatiewe impak op die kind wat moonlik kan manifiseer in gedragsprobleme, probleme met kognitiewe ontwikkeling, oorgewig en vetsug.

In Amerika het buitenshuise werk reeds in 1996 ŉ integrale deel van baie moeders se lewens gevorm. Baie vroue is reeds goed in hulle beroepe gevestig voor hulle moeders word. Hayghe (1997:41-43) toon aan dat die aantal moeders wat voltyds in Amerika werk, aansienlik verhoog het, van slegs 46% in 1975, tot 77% in 1996. Hierdie tendens kan aan die hedendaagse sosiale norme toegeskryf word.

Die werkloosheidsyfer van ongeveer 27.1% in Suid-Afrika, kompliseer die situasie verder teen die agtergrond van bovermelde gegewens (StatsSA, 2019:7).

#### 3.2.5 Die veranderende rol van die vader in die postmoderne tyd

Die rol van die vader is nie meer duidelik gedefinieer soos in die verlede nie. Daar word van vaders verwag om by ŉ verskeidenheid sosiologiese veranderinge aan te pas wat hulle vaderskaprol beïnvloed en veroorsaak dat hulleself die betekenis van hierdie rol as vader bevraagteken. Vanuit ŉ vaderskap perspektief moet vervolgens onderskei word wat die verskille tussen wat van die hedendaagse vader verwag word en hoe hy die optrede van sy eie vader waargeneem het, is (Williams, 2008:488; Dick, 2011:108).

Volgens Lamb (1987:2-3) was daar vier spesifieke historiese periodes waarin vaderskap volgens ŉ spesifieke paradigma gedomineer was, naamlik die vader as morele onderwyser, die vader as broodwinner, die vader as seksrolmodel en die vader as versorger. Hy beweer verder dat tydens elkeen van hierdie fases daar spesifieke kulturele riglyne was wat die vaderskaprol se verwagtinge uiteengesit het. Die morele onderwyser was byvoorbeeld vir sy kind se morele en onderwysbehoeftes verantwoordelik wat op Christe-

like waardes uit die Woord van God gebaseer is. Tydens die vader as broodwinner periode is daar duidelike riglyne vir die verskillende geslagte uitgespel rakende versorging en voorsiening. Die seksrolperiode is gebruik vir die vader om veral vir die seun ŉ voorbeeld te wees van hoe mans in die gesinslewe op ŉ positiewe manier inpas. Die vader se rol as versorger word egter deur ŉ evolusie in die vaderskaprol gekenmerk en vaders word nou op grond van hoe hulle op die kinders se lewens ingestel is beoordeel, terwyl al die vorige vereistes steeds geldig is.

#### 3.2.5.1 Hoe lyk die vader van die 21ste eeu?

Vaderskaprolle was in die verlede deur ŉ groot hoeveelheid sekerheid gekenmerk, maar veranderinge in veral die arbeidsmark het die tradisionele rol van die vader beïnvloed (Williams, 2008:488). Die spesifieke omstandighede van die gesin is ŉ verdere faktor wat vaderskaprolle grootliks beïnvloed. Alhoewel vaders deeglik van die rolle wat van hulle verwag word bewus kan wees, bepaal die omstandighede, wat meestal nie deur hulle gekies word nie, hoe hulle moet optree. Hulle word dus geforseer om volgens die situasie op te tree en dus raak vaderskap meer individualisties (Williams, 2008:490).

Volgens Dick (2011:107-108) word die rol van die vader deur kultuur en sosiale konstrukte voortdurend verander. Dit word deur verskeie faktore beïnvloed wat dikwels uit die vader se innerlike motivering, asook die lewenslesse en ondervinding ontstaan wat hy deur die lewe opgedoen het. Vir die psigoanalitiese literatuur is hierdie ŉ groot uitdaging. Hy voer verder aan dat daar ŉ beduidende skuif in die persepsie van die rol van die vader is en dat die vader nou ŉ nuwe identiteit vorm wat van sy vader en sy oupa verskil.

Volgens Anderson (2007:3) seëvier die postmodernistiese diversiteit, wat morele relativisme tot gevolg kan hê, asook ŉ vraag laat ontstaan na die aanvaarding van gedrag verskillend van ŉ Christelike perspektief rakende die familie.

In ŉ Pew studie (2015:5-6) wat op 2012 data van die U.S. Census Bureau in Amerika gedoen is, is bevind dat die aantal vaders wat tuisbly, vanaf 10% in 1989 na 16% in 2012 gestyg het. 21% van hierdie vaders het aangetoon dat hulle spesifiek tuisbly om na die gesin om te sien. Dit verteenwoordig ŉ viervoudige groei van 1989 tot 2012 aangesien slegs 5% van vaders in 1989 aangetoon het dat hulle spesifiek tuisbly om na die gesin om te sien.

Die navorser is van mening dat vandag se vaders nie meer slegs die tradisioneel getroude man is, wat die broodwinner is en die kinders dissiplineer nie. Hy kan deesdae enkellopend, getroud, werksaam of 'n tuisbly pa, stiefouer of selfs dieselfde geslag vader wees. Die rol van die vader het dus van die tradisionele vader verander na verskeie ongedefinieerde vaderskaprolle wat nie meer streng gedefinieer is nie, weens vroue se outonomie, egskeidings, tweede huwelike en kindergeboortes buite die huwelik.

'n Verdere oorsaak van die veranderende rol van die vader is geloofsverflouing. Die invloed van geloofsverflouing op die dinamiek van die gesin en die vaderskaprol is 'n verdere aspek wat ondersoek gaan word.

### 3.2.6 Geloofsverflouing

Ons as mense leef volgens kultuur, wat kommunikasie moontlik maak en word na volgende generasies deur woorde, gebare en aksies oorgedra. Kultuur is wat 'n groep mense in gemeen het, wat hulle identiteit bepaal en wie hulle werklik is. Die mens word dus van ander lewende wesens deur sy kultuur onderskei, aangesien hy dit self skep (O'Callaghan, 2017:25).

Geloof dui egter op die vertroue, betroubaarheid en geloof in die realiteit of persoon of goddelike wese waarin geglo word. Die dinamika van geloof word dus meer deur die een bepaal waarin geglo word, as deur die een wat glo. In die Christengeloof word in God die Vader, Jesus, Sy Seun, en die Heilige Gees geglo. Die feit dat God betroubaar is en Homself aan ons as mense openbaar, is 'n duidelike teken dat daar nie sprake van "gelowe" kan wees nie. Geloof het dus betekenis aangesien God, God is, en kultuur het betekenis aangesien mense nie slegs deel van die natuur is nie, maar sosiaal en vry is. Beide word dus van geslag tot geslag oorgedra. In die hedendaagse dinamika van kultuur en verandering, word die mens uitgedaag om leefstyl, kultuur en geloof te verbeter of te verander (O'Callaghan, 2017:28).

Die moderne kultuur is histories egter diep deur die Christelike geloof beïnvloed. Dit wil deesdae egter voorkom asof hierdie kultuur, doelbewus nie aan die Christelike geloof gekoppel wil wees nie, (O'Callaghan, 2017:37) en dus geloofsverflouing tot gevolg het.

In 'n studie deur die Global index of religiosity and atheism wat in 2012 (Gallup Interna-

tional Association, 2012:6) gedoen is, is bevind dat die Verenigde State van Amerika se godsdienstigheid vanaf 73% in 2005 na slegs 60% in 2012 gedaal het. Suid-Afrika is die land wat die vyfde hoogste daling van mense wat hulleself as gelowiges beskryf het– vanaf 83% in 2005 na slegs 64% in 2012.

Die persentasie Amerikaners wat ateïste word groei voortdurend (Cooperman *et al.,* 2015:14). Volgens 'n Pew studie (2015:3) het die Christelike gedeelte van die Amerikaanse bevolking vanaf 78.4% in 2007 na 70.6% in 2014 gedaal. Mense wat aan geen kerk behoort nie het vanaf 16.1% in 2007 na 22.8% in 2014 gestyg. Ander nie-Christelike gelowe het ook met 1.2% vanaf 4.7% in 2007 na 5.9% in 2014 gestyg.

Die invloed van 'n vader se geloof op sy kinders se geloofslewe, is baie groter as die invloed van die moeder se geloof op die kinders se geloofslewe namate hulle volwasse word (Heilman, 2016; Craven, 2006; Low, 2003). Indien 'n vader nie gereeld kerk toe gaan nie, sal slegs 1 uit 50 kinders gereelde kerkgangers word. Die persentasie styg na ongeveer tweederdes tot driekwart van kinders wat gereeld en ongereeld kerk sal bywoon in gesinne waar die vader gereeld kerk toe gegaan het. Die boodskap wat oorgedra word, is dat indien pa geloof in God ernstig opneem, geloof in God ernstig opgeneem moet word (Heilman, 2016; Craven, 2006; Low, 2003). Dit bevestig die kritiese invloed van die vader in die vorming van die organisatoriese godsdienstige aktiwiteite van sy kinders (Zhai *et al*., 2007:141).

### 3.2.7 Gevolgtrekking

Die oorsake van vader-afwesigheid kom duidelik in die sosiologiese veranderinge in die samelewing na vore. Die veranderende struktuur van die gesin waarin moeders meer tot die arbeidsmark toegetree het, die feministiese beweging, die twee wêreldoorloë en die verbrokkeling van gesinne met die toenemende afwesigheid van die vader, asook kulturele diversiteit, het veroorsaak dat die struktuur van die gesin totaal verander het. Die hele dinamiek binne die gesin het dus verander.

Die vader is nie meer die enigste broodwinner in die gesin nie, aangesien baie moeders nou ook buitenshuis werksaam is. Dikwels bly die vader deesdae tuis om na die kinders om te sien. Dit het veroorsaak dat daar 'n transformasie van die vader as broodwinner na

die “nuwe, betrokke” vader ontstaan het. Dit het ook tot gevolg gehad dat die rolverdeling binne die gesin verander en meer kompleks geword het.

Dikwels werk beide ouers van die hedendaagse gesin baie lang ure en dit veroorsaak stres by die kinders. Die werksmark se wisselvalligheid, onsekerheid en ekonomieë waarin diens vier-en-twintig uur per dag vereis word, veroorsaak dat beide ouers moet werk. Dit het ŉ negatiewe impak op kinders en veroorsaak gedragsprobleme, aangesien die ouers nie meer tyd het om, weens hulle werksverpligtinge, aan die kinders te spandeer nie.

Verder was die vader se rol in die verlede duidelik gedefinieer. Hy het presies geweet wat van hom verwag word. In die postmoderne tyd, weens veral veranderinge in die arbeidsmark, word die vader se rol dikwels deur omstandighede beïnvloed. Dit veroorsaak dat aanvaarding van gedrag, verskillend van Christelike beginsels, plaasvind. Die hedendaagse dinamika rondom kultuur en verandering daag ook die mens uit om alles te verander of “te verbeter”. Dit sluit geloof in. Die tendens in die wêreld is dat Christelike geloof al meer verflou en sodoende die morele beginsels wat daarmee saamgaan. Ateïsme en sekularisme groei wêreldwyd en die rol wat die vader in die geloofsaktiwiteite van sy kinders, asook hulle toekomstige geloofsbeoefening speel, word totaal misken.

Vervolgens gaan ondersoek ingestel word na aspekte van die adolessente meisie se lewe wat deur die afwesigheid van die vader geaffekteer word. Dit is belangrik om vas te stel waarom dit so groot invloed op die meisie se lewe het.

## 3.3 Hoekom het die afwesige pa so ŉ negatiewe invloed op die dogter?

Verskeie aspekte van die adolessente meisie se lewe word deur die afwesigheid van haar vader geaffekteer, ongeag die rede vir sy afwesigheid. Ondersoek word ingestel na hoe haar identiteit beïnvloed word, asook haar verhoudings met veral die teenoorgestelde geslag. Die wonde wat die afwesigheid van haar vader veroorsaak, asook haar honger na haar vader se liefde en aandag, word ondersoek.


### 3.3.1 Aanpassings in identiteit

Erikson (1980:121-122) beweer dat kinders gedurende die verskillende ontwikkelingsfases, identifiseer met spesifieke aspekte van mense deur wie hulle die meeste beïnvloed

word, soos hulle ouers. Kinderjare identifikasie hang dus van bevredigende interaksie met betroubare en betekenisvolle rolle af wat deur generasies verskaf word wat soos in ŉ gesin saambly.

Die *Five factor model of personality traits* of kortliks die FFT is volgens McCrae en Costa Jr. (2017:273) reeds 20 jaar gelede deur Tupes en Christal ontdek, maar word nou eers aanvaar. Mõttus (2017: 87) beskryf hierdie model as ŉ model wat tans as een van die groot persoonlikheidsteorieë van die Psigologie beskou word. Dit is ŉ omvattende teorie op getoetsde hipoteses van verskeie teoretici soos Allport, Cattell en Eysenck gebaseer en kyk onder andere na eienskappe, gedrag en sosiale-kognitiewe ontwikkeling. Hierdie teorie beweer dat persoonlikheidshandelinge, of basiese persoonlike tendense, totaal van invloede van buite geïsoleer is en dus slegs as gevolg van die basiese, intrinsieke genetiese programme binne die individu ontwikkel.

Die persoonlikheidsontwikkeling volgens hierdie teorie word soos volg skematies voorgestel:




**Figuur 3.1: Persoonlikheidsontwikkelingsvoorstelling (Mõttus, 2017:95).**

Verskeie studies het aangetoon dat die afwesigheid van ŉ vader ŉ baie negatiewe invloed op ŉ dogter se selfbeeld het. Dit verminder haar selfvertroue en haar vertroue in haar eie vermoëns as mens.

Alle vlakke van haar lewe word negatief geraak indien sy nie ŉ gesonde verhouding met haar pa het nie (Meyers, 2018; Allgood *et al.*, 2012:104).

Volgens Mercer (2008:80) word die identiteit van die adolessente meisie deur die verlies van haar vader hervorm, soveel so, dat hierdie verlies-gebaseerde identiteit ook ander aspekte van haar selfvertroue affekteer. Sy moet dus ŉ ander identiteit in terme van wie sy nou is, bou. Dit kan jare neem voor sy in staat is om haar identiteit te rekonstrueer.

Hierdie standpunt word deur Wakerman (2015:4) ondersteun. Volgens hom kan ŉ meisie soms die dood van haar pa as iets onheilspellends beleef wat in haar lewe gebeur het en dat dit iets oor haar waardigheid sê. Sy beleef dit as ŉ skande en dat sy minder werd as ander mense is. Haar groot vrees is egter dat die groep sou ontdek dat sy anders is. Sy glo verder sy is minder werd om liefgehê te word aangesien sy slegs een ouer het. Sy voel verward en selfbewus. Dit word deur Erikson (1980:235) se teorie rakende identiteit versus rolverwarring ondersteun, waarin hy beweer adolessente beleef ŉ fisiologiese rewolusie binne hulleself en is vervolgens meer bekommerd oor hoe hulle in die oë van ander mense lyk, vergeleke met hoe hulle oor hulleself voel. Die ego-identiteit word vervolgens gevorm en hierin is die moontlikheid vir rolverwarring opgesluit. In hulle poging om hulleself te vind, kan hulle maklik tydelik ooridentifiseer met sogenaamde heros tot op die punt waar hulle geen identiteit het nie.

Jackson (2010:3) beskryf haar gevoel as jong vaderlose meisie as iemand wat heeltyd gevoel het ŉ groot deel van haarself is weg. Dat ŉ deel van haar identiteit weg is wat slegs deur haar vader gevul kon word. Verder beweer Krohn en Bogan (2001:598) dat ŉ meisie se vroulikheid, wat ŉ groot deel van haar identiteit is, deur haar vader gevorm word. Dit het ŉ direkte invloed op hoe sy verhoudings hanteer; veral verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

### 3.3.2 Die meisie se verwagtinge rondom verhoudings verander

ŉ Vader of ander manlike persone wat as vaderfiguur geidentifiseer word in ŉ meisie se lewe, stel die riglyn van hoe ŉ verhouding met ŉ man behoort te wees. Kinders aanvaar die liefde wat deur hulle ouers gegee of nie gegee word nie, as normaal. Dit vorm die basis van hulle verwagtinge rondom verhoudings in die toekoms – met ander woorde ouers leer kinders hoe om liefde te gee en te ontvang, hoe om verskille te hanteer en hoe om hulle gevoelens te verwerk. ŉ Meisie se verhouding met haar vader vorm dus haar bewustelike en onbewustelike persepsies van wat sy in ŉ verhouding te wagte kan wees

en wat aanvaarbaar in ’n romantiese verhouding is (Kromberg, 2013).

Psigoanaliste, sedert Freud se tyd, se teorieë bevestig dat die vader die hooffaktor in sy dogter se vertroue in haar vroulikheid is en dus is die vader se verhouding met sy dogter van kardinale belang vir haar positiewe aanvaarding as ’n vrou (Wakerman, 2015:18).

Erikson (1980:134) se teorie rakende intimiteit beskou volwaardige betrokkenheid by ander as die gevolg van self-afbakening. Wanneer dit in die jongmens ontbreek, kan ’n eienaardige tipe spanning binne die individu ontstaan, asof so ’n tentatiewe verbintenis tot ’n verlies van identiteit mag lei en gevolglik noodsaak dit ’n innerlike versigtigheid tot ’n verbintenis. Volgens hom kan geen individuele ego sonder ’n spesifieke menslike omgewing bestaan nie (Erickson, 1980:162).

Dalton III *et al*. (2006:14) ondersteun dat die vader se gedrag as ouer direk met die jong volwassene se romantiese verhoudings verband hou. Hoe meer positief die ouerskap van veral die vader was, hoe sterker is die meisie se geloof in haar vermoë om sterk en goeie verhoudings met die teenoorgestelde geslag te vorm.

Mercer (2008:79-83) beskryf die invloed van vaderloosheid op die adolessente meisie se lewe in die vorm van ’n fiktiewe verhaal *Our father who art in a tree* wat oor die verhaal van ’n adolessente meisie handel wie se vader gesterf het. Die meisie het gevind dat sy kort na haar pa se dood, kontak met haar vader kon maak deur in ’n spesifieke boom te gaan sit. Die invloed wat die dood van haar vader op haar lewe het, met die gepaardgaande emosies, gevoelens en aanpassings word duidelik hierin beskryf. Vervolgens gaan kortliks weergegee word waarom die dood van die vader so ’n enorme invloed op die adolessente meisie se verhoudings het, soos in hierdie boek beskryf is:

- Sy ervaar dat mense haar vermy asof sy ’n aansteeklike siekte het.
- Sy ervaar dat haar besondere verhouding met haar pa ’n spesifieke status bo ander verhoudings het, en dat ander verhoudings nie maklik hierdie verhouding kan vervang nie. Hierdie pyn word deel van haar karakter, en sy ontwikkel empatie sodat sy makliker ander in pyn kan bystaan.
- Sy moet ’n nuwe verhouding met haarself rakende haar identiteit opbou wat weens die verlies van haar vader verander het en dit kan jare neem. Verlies van ’n vader

neem baie langer om in die adolessent se lewe te verwerk, as wat ander verliese neem om te verwerk.

- Sy begin voel daar is iets fout met haar, aangesien haar vader se dood so ʼn impak op haar lewe het terwyl ander mense nie dink ʼn vader se dood is so belangrik nie.
- Haar verhouding met die lewende God het verander. Sy voel daar is geen verhouding meer nie en sy doen verkeerde dinge soos om promiskueus te raak in ʼn poging om van die pyn te ontsnap.

Alhoewel hierdie spesifiek op die verlies van ʼn vader deur dood gemik is, is die navorser van mening dat dit ook die geval met ander tipes vaderverlies, soos egskeiding kan wees.

Vervolgens gaan ander bydraende komponente ondersoek word.

## 3.4 Bydraende komponente

### 3.4.1 Pa-wonde

Diamond (2017:np) skryf dat baie kinders sonder ʼn liefdevolle, betrokke vader in hul lewens groot word. Die wond wat deur ʼn vader se afwesigheid gelaat word, word meestal onderdruk terwyl die persoon met haar lewe aangaan. Dikwels is mense onbewus van hoe diep hierdie wond hul fisiese- en emosionele gesondheid, sowel as hul verhoudings-lewe raak. Die vader-wond word veroorsaak deur, dit wat NIE deur die vader gegee word nie, en dikwels is baie mense onbewus hiervan. Dit is dus moeiliker identifiseerbaar en gevolglik meer destruktief. Die afwesigheid van ʼn vader se liefde is verantwoordelik vir hierdie sogenaamde "vader-wond". Alhoewel kinders onbewus hiervan mag wees, veroorsaak dit dat hulle dade en reaksies dikwels skadelik en selfs vernietigend is. Die kind sien die emosionele of fisiese afwesigheid van die vader as verwerping. "Jy is nie belangrik nie" is die onbewuste boodskap wat oorgedra word. Hierdie gevoelens van "jy is nie werd om liefgehê te word nie of om aandag aan gegee te word nie", duur dikwels ʼn leeftyd en veroorsaak dat die kinders minderwaardig voel en probleme met ander verhoudings kan ondervind. Hulle soek aandag en bevestiging by ander mense, dinge en prestasies wat egter nooit die wond wat deur die vader veroorsaak is, heel nie (Hix, 2018:45-46).

Wanneer ʼn kind van ʼn vader se teenwoordigheid in haar lewe ontneem word, ontstaan

innerlike druk wat haar laat glo dat sy vir die gebrek aan vaderlike aandag geblameer behoort te word en dat daar iets fout met haar is. Sy voel onbegeerlik en dat niemand haar kan liefhê nie. Hierdie gevoelens van skaamte rakende die vader se gebrek aan aandag, vorm die grondslag van opeenvolgende gevoelens van verontwaardiging en eiegeregtigheid (Furman, 1999:272). Snellers wat hier as gevolg van die onverwerkte trauma vanuit die verlede mag manifesteer, is dikwels net ŉ noodkreet om hulp (Ferreira, 2014:244).

Warren (2014:np), die vorige president van National Fatherhood Initiative weerspieël iets hiervan wanneer hy die volgende skryf "Kids have a hole in their soul in the shape of their dad. And if a father is unwilling or unable to fill that hole, it can leave a wound that is not easily healed".

Hierdie wond kan na die meisie se volwasse lewe deurgevoer word soos uiteengesit deur Jimenez (2002:80-81) in sy resensie van Baras se boek *What happened to daddy's little girl.* Die karaktereienskappe van die sogenaamde "vaderlose vrousindroom" soos in die boek uiteengesit, word soos volg beskryf:

Die pyn wat die meisie weens die verlies van haar vader ervaar, word onbewustelik die dryfveer agter haar totale bestaan. Sy voel onwaardig om liefgehê te word en alhoewel sy die gevoelens ontken, eindig sy dikwels wel in verhoudings en omstandighede wat hierdie gevoelens in haar wakker maak. Sy vrees verwerping en verlating, maar ook verbintenis aan ŉ persoon weens haar verbintenis aan haar vader wat so sleg uitgedraai het. Sy besef sy het geen beheer oor haar verlies van haar vader nie en daarom wil sy elke verhouding beheer. Sy glo ook dat ŉ baba die gat in haar binneste sal heel. Sy oorkompenseer dikwels tot op die punt van verslawings soos drank of dwelms, maar ook selfs psigologiese verslawings soos obsessies en ongegronde vrees. Sy gee dikwels aan woede en depressie toe.

Diamond (2017) onderskryf hierdie karaktereienskappe soos volg:

- Sy bly voortdurend na liefde soek – geen man kan die gat in haar binneste vul nie.
- Die vader-wond veroorsaak ŉ filter waardeur sy negatief na mans en vroue kyk – geen man of selfs kind kan ooit iets in haar oë reg doen nie.

- Sy het dikwels woede uitbarstings teenoor mans – een oomblik is sy liefdevol en die volgende oomblik wil sy moord pleeg.
- Sy kan oor moontlike verwerping beangs raak – veral indien haar vader haar as kind verwerp het.
- So ʼn vrou trou dikwels met ʼn man wat ook ʼn vader-wond het – wat kan veroorsaak dat die pyn na haar man geprojekteer word.

Jongmense met vaders wat nie in dieselfde huis woon nie of wat emosioneel afwesig in hulle lewens is, leef in emosionele woestyne. Groepsdruk sal nie so ʼn groot invloed op jongmense se lewens hê indien hulle vaders betrokke in hulle lewens is nie. Hulle is desperaat na iets opsoek om die leemte wat deur die vader se afwesigheid veroorsaak word, te vul, en dikwels word dit met verkeerde gedrag gevul wat pynlike en destruktiewe gevolge het (Capra & Capra, 2017:57).

ʼn Ander komponent wat direk hiermee saamhang is "Pa-honger".

### 3.4.2 Pa-honger

Pa-honger word as "A deep, persistent desire for emotional connection with father that is experienced by all children" beskryf deur Main (2004:21). Hertzog (2001:51) beskryf dit soos volg: "…an affective state experienced when the father is absent". Perrin *et al*. (2009:315) beskryf dit egter as die verlange van ʼn persoon na ʼn vader wat afwesig is; hetsy emosioneel, fisies of psigologies. Hulle is van mening dat pa-honger nooit werklik gemeet is nie en daarom het hulle ʼn skaal ontwikkel om pa-honger te meet, die sogenaamde *father hunger scale*.

Pavlakos (2017:11) bevestig dat die vader ʼn beduidende bydrae tot die psigologiese ontwikkeling van die kind volgens psigoanalitiese teoretici lewer. Pa-honger kan gedurende enige tydstip van ʼn persoon se lewe ontstaan, maar dit gebeur meestal indien die vader afwesig is gedurende die kinderjare of adolessensie (Perrin *et al.,* 2009:310).

Kinders word met ʼn ingebore hunkering om met hulle vaders te verbind gebore. Indien dit nie gebeur nie, word die behoefte om met die vader te verbind al hoe groter wat selftwyfel, pyn, angs en depressie tot gevolg het (Main, 2004:21). Hierdie bevindinge van Main word deur Schaller (s.a.) ondersteun wat pa-honger as die leemte beskryf wat in die

siel van ŉ mens gelaat word weens die afwesigheid van ŉ volwasse vader-kind-verbintenis. Pa-honger ontstaan wanneer daar te min kwaliteit vaderskap deur ŉ kind of jong volwassene ontvang word. Die afwesigheid van hierdie rolmodel en ondersteuning van ŉ vader word met ŉ minder bevredigende lewe geassosieer. Daar is dus te min intimiteit tussen ŉ vader en sy kind.

Pavlakos (2017:100) het bevind dat jong meisies wat ernstige "pa-honger" ondervind, dit moeilik vind om self-geldend op te tree en hulle behoeftes aan ander bekend te maak. Hierdie "pa-honger", veral in die konteks van die afwesigheid van die vader, veroorsaak dat hulle sukkel om woede uit te druk uit vrees dat hulle ander mense aanstoot kan gee. Hulle beskryf hulleself as liggelowig en as iemand wat maklik deur ander uitgebuit kan word.

Vir vroue en dogters hou dit dikwels verband met konflik rondom kos en gewig. Indien hulle nie ŉ manier vind om hierdie pa-honger te hanteer nie, word die emosionele hunkering net groter en sterker en dit beïnvloed alle verhoudings. Hierdie hunkering word vervolgens ook van geslag tot geslag oorgedra en later word dit as deel van die familiekultuur aanvaar (Main, 2004:21).

Dogters is dikwels in konflik met hulleself omdat hulle so graag noue kontak met hulle vaders wil hê, maar terselfdertyd skuldig voel omdat hulle dit begeer. Die meisies hanteer hierdie konflik deur diëte en om obsessief oor hulle gewig te raak in ŉ poging om hulle vaders se goedkeuring te verkry. Dit lei dikwels tot die beredenering van as ek maar net skraal was sou my pa lief vir my gewees het en in die proses verwerp hulle hul eie fisiese en psigologiese behoeftes (Main, 2004:21-22).

### 3.4.3 Gevolgtrekking

Dit is dus duidelik uit die navorsing dat die adolessente meisie met ŉ afwesige vader dikwels ŉ identiteitskrisis beleef. Sy is genoodsaak om haar identiteit te verander weens die afwesigheid van die vader waarin sy haarself as "anders" as die groep ervaar.

Haar verwagtinge rondom verhoudings, veral haar optrede teenoor mans, verander aangesien haar pa haar nooit geleer – of aan haar gemoduleer – het hoe om sulke verhoudings te hanteer nie. Sulke meisies beleef dikwels "pa-wonde" met diep emosionele let-

sels en kan maklik voel dat hulle nie waardig is om liefgehê te word nie. Hulle ontwikkel ŉ intense honger na ŉ pa wat veroorsaak dat hulle nie woede op ŉ gesonde, natuurlike manier kan hanteer nie, aangesien hulle bang is dat hulle woede iemand te na sal kom. Dit veroorsaak dikwels dat hulle maklik uitgebuit word.

In die volgende hoofstuk word vasgestel watter hulpverleningstegnieke vanuit die gedragswetenskappe beskikbaar is.

# HOOFSTUK 4: HULPVERLENING AAN ADOLESSENTE MEISIES MET AFWESIGE VADERS VANUIT DIE GEDRAGSWETENSKAPPE

## 4.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die oorsake van vader-afwesigheid vanuit ŉ psigologiese en sosiologiese perspektief ondersoek. Sosiologiese veranderinge in die samelewing asook die verandering in die gesinstruktuur, die postmoderne rol van die vader, tesame met veranderende werksomstandighede en geloofsverflouing is ondersoek. Daar is ook bepaal waarom vader-afwesigheid so ŉ groot invloed op die meisie se lewe het deur ondersoek in te stel na haar identiteitsvorming, verandering in verhoudings, die wonde wat deur die afwesigheid van die vader veroorsaak word, asook haar "honger" na ŉ pa.

Die derde vraag van Osmer naamlik "Wat behoort te gebeur?" gaan eerstens vanuit die gedragswetenskappe beantwoord word deur vas te stel watter hulpverlening aan meisies met afwesige vaders tans vanuit die Psigologie en Sosiologie verleen word. Hier sal veral op bestaande tegnieke gelet word.

## 4.2 Kursusse en terapietegnieke

### 4.2.1 Kursus spesifiek ten opsigte van vader-dogter verhoudings

ŉ Voorgraadse kursus vir studente meisies genaamd *Fathers and daughters* is in Amerika bekendgestel en hierdie kursus word elke semester aangebied. In 2001, was dit vir die vorige sewe jaar reeds so vol bespreek dat dit moontlik sou wees om twee kursusse elke semester aan te bied. Die vraag ontstaan waarom die kursus so gewild is, aangesien die meeste kollegestudente waarskynlik na hulle studies nie meer saam met hulle vaders in een huis gaan woon nie. Navorsing het bewys dat die vader-dogter verhouding relatief min aandag teenoor die moeder-dogter en vader-seun verhouding gekry het, dat die media vader-dogter verhoudings dikwels ignoreer, en dat boeke deur sielkundiges geskryf en navorsing oor die onderwerp, baie min voorkom (Nielsen, 2001).

Die antwoord op die vraag na die gewildheid van bogenoemde kursus kan gevind word in die vier hoofdoelwitte van die unieke kursus, naamlik:

- Dat studente bewus gemaak word van navorsing en statistiek rondom vader-dogter verhoudings.
- Dat hulle sekere dele van die navorsing op hulle eie verhouding met hulle vaders sal toepas.
- Dat hulle hul vaders beter sal leer ken.
- Dat hulle sekere veranderinge in hulle eie gedrag en houding sal aanbring ten einde die verhouding met hulle vaders te verbeter.

Die meisies verkry ook insae in die gevoelens en emosies van die vader wat geskei is. Hy onttrek dikwels na sy werk, indien die huwelik ongelukkig is, en dus kan die meisies maklik aanvaar dat hy hulle nie liefhet nie. ŉ Ander perspektief op die geskeide vader word in die kursus aangebied en die navorser is van mening dat hierdie kursus ŉ baie goeie grondslag vir verhoudingsbou tussen meisies en hulle vaders sal bied.

#### 4.2.1.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit hierdie vader-dogter kursus

- Die kursus is spesifiek op die verhouding tussen ŉ vader en sy dogter gemik.
- Tydens hierdie kursus kan die meisie die navorsing op haar eie verhouding met haar vader toepas.
- Sy kan ook aanpassings in haar gedrag en houding teenoor haar vader maak ten einde die verhouding te verbeter.

### 4.2.2 *Group cinematherapy*

Die *Good Shepherd Center* in Baltimore, Maryland, bestaan uit ongeveer 100 meisies wat in sewe eenhede ingedeel is. Meisies met ernstige probleme word hierheen verwys en in al die gevalle het hulle vaders hulle verlaat of het geen bydrae tot hierdie meisies se lewens gelewer nie (Bierman *et al.,* 2003:5).

Bierman *et al.* (2003:1-2) beskryf die *group cinematherapy* wat hier toegepas word, as ŉ tipe van psigoterapie wat op films gefokus is en vervolgens as ŉ aanvullende psigoterapeutiese tegniek vir adolessente meisies gebruik word. Hierdie spesifieke tegniek word

in ’n residensiële sentrum gebruik waar die meisies in verskillende eenhede ingedeel word. Elke eenheid bestaan uit meisies met ’n spesifieke behoefte weens ooreenstemmende gebeurtenisse in hulle verlede. Die dogters neem in hulle unieke groep aan die *cinematherapy* deel.

Heston en Kottman (1997:93-94) beskryf gewilde films as artistieke metafore wat ook as terapeutiese metafore gebruik kan word. Deur die film te kyk, identifiseer die kliënt met die lewe van die akteurs, die regisseur en die teksskrywer, wat weer ’n verhouding tussen die kliënt, die berader en die storie wat deur die film vertel word, bewerkstellig. Hierdeur kan die berader die kliënt help om haar gevoel van andersheid en isolasie te vervang met ’n identifisering met, asook ’n empatiese begrip van, die karakters in die film. Gevolglik kan die berader die omskeppende krag van hierdie metafore gebruik. Dit gebeur op drie vlakke. Die eerste vlak bestaan uit die probleemstruktuur van betekenis van die fisiese woorde en beelde. Dit aktiveer die tweede vlak wat ’n geassosieerde dieper vlak van betekenis het, waarmee die kliënt direk of indirek kan assosieer. Hierdie assosiasies, idees of gevoelens kom dan voor asof dit universeel is en nie uniek tot die kliënt is nie. Vlak twee is in staat om vlak drie te aktiveer wat uit ’n herstelde, diep struktuur van betekenis kry, bestaan. Die kliënt het dus hier die geleentheid om ’n groter bewustheid van persoonlike, belangrike kwessies te verkry, deur die assosiasies, idees of gevoelens wat deur die metafoor na vore gekom het, in haar individuele lewensondervindinge toe te pas. Sy kan hierdie ondervindinge vanuit ’n breër perspektief verken (Bierman *et al.*, 2003:5).

Aangesien die meisies nie vrywillig deel word van die program nie, is daar aanvanklik baie weerstand en ontkenning, wat die sessies en samewerking bemoeilik. Dit is ook aanvanklik moeilik vir die meisies om persoonlike inligting met die groep te deel, veral aangesien hulle ook saamwoon en enige iets wat gesê is teen hulle in ’n latere woordewisseling gebruik kan word. Namate hulle meer in die groepsessies betrokke raak, voel dit gewoonlik baie veiliger vir die meisies om persoonlike kwessies in die groep te bespreek eerder as in individuele sessies, aangesien hulle begin besef het die probleme baie meer universeel is as wat hulle gedink het. Die terapeute moet die meisies ondersteun en oortuig om van psigoterapie gebruik te maak. Wanneer dit egter bewerkstellig is, vind die meisies baie baat by die groepsessies (Heston & Kottman, 1997:11).

#### 4.2.2.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die *group cinematherapy* model

- Die beradene identifiseer met die karakters uit die films en besef dat haar gevoelens, idees en assosiasies nie uniek is nie, maar universeel voorkom en dit stel haar in staat om makliker persoonlike kwessies in 'n groep te bespreek.
- Sy kan dus haar gevoelens vanuit 'n breër perspektief verken.

### 4.2.3 Hulp vanuit die Sosiologie, volgens Wineburgh, aan kinders met afwesige vaders

Volgens Wineburgh (2000:265-266), 'n kliniese sosiale werker met 'n privaatpraktyk in New York en Westchester County, wat hoofsaaklik 'n kognitiewe benadering volg met gesinsterapie, word afwesige vaders nie as die enigste rede vir die probleemgedrag van kinders beskou nie, maar wel as 'n groot bydraende faktor wat geassesseer moet word. Tydens die eerste fase waar die probleemkind vir terapie ingeneem word, word daar 'n assessering van die vader situasie gedoen. Die rede hiervoor is om die kind in die konteks van die familie beter te verstaan en die korrekte behandeling te oorweeg. Die volgende vrae rondom die vader word ondersoek ten einde vas te stel hoe die familiestruktuur werk:

- Is daar geheime rondom die vader wat deur die moeder van die kinders weerhou word (dikwels weet hulle in elk geval hiervan)?
- Het die kind die vader se van en watter verduideliking word aan die kind gegee vir vader-afwesigheid?
- Wat verstaan die kind as die rede vir vader-afwesigheid en is daar enige "vader-honger" tekens by die kind aanwesig?
- Blameer die kinders ma vir pa se afwesigheid of identifiseer ma een van die kinders met die onverantwoordelike vader?
- Indien daar kinders van verskillende vaders in dieselfde gesin is, is daar wedywering oor wie se vader die beste is?

Die rol en betrokkenheidsvlak van die vader word vasgestel deur met al die betrokke partye te vergader, insluitende die vader, indien moontlik, sodat die beste metode vir die betrokke behandeling vasgestel kan word. Kinders behoort die geleentheid gegun te word om vrae rondom die afwesigheid van die vader te vra ten einde dit te kan hanteer. Dit is

dus ŉ voorvereiste in die geval, om alle gesinslede te verenig met ŉ spesifieke doel, naamlik wedersydse respek en harmonie. Die ma se outoriteit moet herstel word en dit vind plaas deur sekere reëls in te stel. Die ouerlike stelsel van outoriteit moet weer in werking gestel word en die ma is die hooffiguur wat aan die vader toestemming gee vir betrokkenheid in die kind se lewe. Sy moet toesien dat afsprake nagekom word en dat gesinsake openlik en volwasse bespreek word. Beide ouers moet persoonlike verskille eenkant laat.

Verskeie faktore beïnvloed die behandeling. Wanneer die basiese behoeftes egter aangespreek is, en beide ouers saam werk, word ŉ kognitiewe, openlike proses gevolg waarin die feite rondom die afwesigheid van die vader verduidelik en verstaan word. Privaatsessies het die risiko dat die terapeut as die bron van emosionele ondersteuning en die oplossing van konflik beskou kan word. Gedurende groepsessies, waar die hele gesin teenwoordig is, kry almal die geleentheid om hulle gedagtes, gevoelens en misverstande uit te spreek en gevolglik kan daar tot ŉ beter gesamentlike verstaan van die afwesigheid van die vader gekom word.

Dit is belangrik dat die kind besef dit is nie haar skuld dat die vader weg is nie, maar dat idealisering van die afwesige pa ook deurgewerk word sodat sy die afwesige vader meer objektief beskou. Die kind moet dus leer om van negatiewe identifikasies en gedrag, ten spyte van die verhouding met die vader, te distansieer (Wineburgh, 2000:272).

#### 4.2.3.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die Wineburgh benadering

- Voor enige sessie word daar ŉ assessering van die vader situasie gedoen, sodat die kind in die konteks van die familie beter verstaan kan word en die korrekte behandeling oorweeg kan word.
- ŉ Vergadering met alle lede van die gesin word gehou ten einde vaderbetrokkenheid vas te stel.
- Die kind word die geleentheid gegun om die vrae wat die kind rondom die afwesigheid van die vader het, te vra sodat die kind in staat gestel word om die vaderafwesigheid beter te verstaan. Sodoende kan wedersydse respek en harmonie bewerkstellig word.

- Die kind besef ook dat dit nie haar skuld is dat die vader afwesig is nie en sy kan die idealisering van die vader meer objektief beskou.
- Sy word geleer om van negatiewe identifikasies en gedrag te distansieer ten spyte van die vader-afwesigheid.

#### 4.2.4 Die "Wonderwerk-vraag"

Hierdie tegniek is "toevallig" deur Insoo Kim Berg ontdek toe ŉ kliënt tydens ŉ sessie uitgeroep het "Miskien kan net ŉ wonderwerk help" (De Jong & Berg, 1998:77). Basies is die tegniek op ŉ veronderstelling gebaseer. Veronderstel die kliënt gaan slaap vanaand en daar gebeur ŉ wonderwerk terwyl sy slaap wat al haar probleme oplos sonder dat sy daarvan bewus is. Hierdie wonderwerk veroorsaak dus dat al die probleme waarvoor die kliënt vir terapie gekom het, verdwyn het terwyl sy vas aan die slaap was. Niemand weet dus daarvan nie tot hulle tekens in die kliënt se alledaagse lewe waarneem dat daar ŉ wonderwerk gebeur het wat al haar probleme opgelos het.

Die kliënt en die terapeut gaan op ŉ denkbeeldige, gesamentlike soektog in die kliënt se alledaagse lewe om die tekens te ontdek dat die wonderwerk plaasgevind het en dat die probleme verdwyn het. Aangesien die tekens van die wonderwerk slegs in die alledaagse lewe van die kliënt manifesteer en waargeneem kan word, kan hierdie vraag ook as die "realiteitsvraag" beskryf word. Daar word dus vasgestel hoe sy haar lewe sou beleef indien so ŉ wonderwerk gebeur het (De Shazer *et al.,* 2007:37-39).

Die manier waarop die vraag gevra word, is baie belangrik. Dit moet op so ŉ manier gevra word, dat die kliënt die indruk kry dat die terapeut baie graag die antwoord wil hoor. Dit is ook belangrik dat die terapeut glo dat die kliënt die vermoë het om ŉ betekenisvolle beskrywing te gee van hoe sy graag wil hê dat haar lewe moet lyk en hoe sy graag in die wêreld sal wil funksioneer.

Die terapeut begin die sessie deur uit te vind waarin die persoon goed is, sodat die oplossing deel van haar alledaagse lewe kan uitmaak. ŉ Lewe waarin sy reeds sekere vaardighede en bevoegdhede het om oplossings te vind. Wanneer daar vasgestel is wat die persoon se vermoëns en kennis is wat haar deur elke dag dra, kan hierdie vermoëns gebruik word om ŉ oplossing te konstrueer. Dit skep ŉ konteks waarin die persoon

gemaklik voel om spontaan oor probleme te praat. Daar word nie direk oor die probleem uitgevra nie, eerder oor die oplossing.

Daar word aanvaar dat die kliënt die terapeut inligting rakende die probleem sal gee soos die sessie vorder, en dat die kliënt dit nodig sal vind om sulke inligting te verskaf. Daar word vervolgens op die hede gefokus. Die kliënt word basies onbewustelik geforseer om op ŉ sekere nuwe manier te begin dink. Dit help om die kliënt se selfvertroue te versterk en haar hoop te gee (De Shazer *et al.,* 2007:74-78).

#### 4.2.4.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die model van die "Wonderwerk-vraag"

- Met die vra van hierdie vraag word die kliënt die indruk gegee dat sy in staat is om ŉ betekenisvolle beskrywing te gee van hoe sy wil hê haar lewe moet wees.
- Haar vermoëns en kennis kan gebruik word om ŉ oplossing vir haar probleme te konstrueer.
- Daar word op haar huidige omstandighede gefokus sodat ŉ klein stappie in die regte rigting gekonstrueer kan word.
- Onbewustelik word sy dus geforseer om op ŉ unieke, nuwe manier te begin dink.

### 4.2.5 Musiekterapie

Volgens Charalampidis (2014:41-42) is kinders met afwesige vaders geneig om ander mense nie maklik te vertrou nie en gevolglik is dit aanvanklik moeilik om met hulle te werk. Hulle is egter almal desperaat om ŉ vriend of iemand te hê wat vir hulle omgee en hulle verstaan. Wat hulle egter die meeste mis is ŉ rolmodel wat hulle kan leer hoe om te lewe, hulle te gedra, watter keuses om te maak en watter waardes om na te streef. Om hierdie gaping wat die afwesige vader in hulle lewens laat, te vul, maak hulle van ander bronne gebruik.

Musiek is ŉ volgende terapeutiese hulpmiddel wat aangewend kan word om probleme wat met vader-afwesigheid verband hou aan te spreek. Musiekterapie is dus ŉ gepaste metode om vaderlose adolessente te nader en te ondersteun.

Dit is belangrik om goeie kontak met die kliënt wie se vader afwesig in sy/haar lewe is,

op te bou en musiek laat die terapeut en die kliënt in ŉ veilige atmosfeer kontak maak, aangesien musiek ŉ integrale deel van die adolessent se lewe uitmaak.

Deur saam musiek te maak, leer die vaderlose adolessent om die terapeut makliker te vertrou en musiek word as ŉ simboliese stuk gereedskap gebruik waarin die kliënt veilig voel om nuwe dinge, soos vertroue, te ervaar.

Aangesien emosies ŉ groot rol in die kliënt se lewe speel, kan hulle emosies veilig deur die musiek aangespreek word, aangesien dit dikwels baie makliker is om emosies in musiek uit te beeld as om daaroor te praat. Die terapeut leer baie van die kliënt aangesien hulle dikwels met waardes assosieer wat in musiek weergegee word.

Die jongmens met ŉ afwesige vader ervaar musiek as ŉ veilige ruimte waarbinne hulle intieme verhoudings kan laat herleef en bou; ŉ plek waar hulle stemme gehoor kan word en hulle met die hulp van die musiekterapie nuwe en beter keuses rakende hulle lewens kan maak.

Musiekterapie neem egter ŉ baie lang tyd. Gewoonlik tussen drie tot vyf jaar, maar dit kan selfs tot sewe jaar duur (Charalampidis, 2014:22).

#### 4.2.5.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die Musiekterapie

- Die beradene gebruik die musiek as ŉ veilige gereedskapstuk waarin nuwe dinge soos vertroue ervaar kan word aangesien die beradene dit as ŉ veilige omgewing beleef.
- Dit is baie makliker om emosies met musiek uit te beeld as om daaroor te praat en dus kan die beradene se emosies veilig deur die musiek aangespreek word.
- Die musiek word verder as ŉ veilige omgewing gesien waarin intieme verhoudings gebou kan word en waarin die beradene voel haar stem word gehoor.

### 4.2.6 Bewustheidsgebaseerde benaderings (*Mindfulness)*

Burke (2010:133) beweer dat daar al hoe meer bewustheidsgebaseerde benaderings gevolg word om bewustheidsvaardighede aan te leer ten einde psigologiese gesondheid en welsyn te bevorder. Hierdie spesifieke manier van aandag gee, word deur Kabat-Zinn

(2003:145) as “the awareness that emerges through paying attention on purpose, in the present moment, and non-judgementally to the unfolding of experience” beskryf.

Die mees dominante bewustheidsgebaseerde benaderings sluit die volgende in:

- MBSR – bewustheidsgebaseerde stresvermindering (Mindfulness-based stress reduction).
- MBCT – bewustheidsgebaseerde kognitiewe terapie (Mindfulness-based cognitive therapy).
- DBT – dialektiese gedragsterapie (Dialectical behavior therapy).
- ACT – aanvaarding en verbintenisterapie (Acceptance and commitment therapy).

Die metode van onderrig in bewustheidsterapie verskil egter vir elk van bogenoemde benaderings. In hierdie studie word veral op MBSR en MBCT gefokus. Hierdie benaderings sluit in ’n reeks bewustheidsgebaseerde meditasie praktyke wat vanuit die Boeddhisme afkomstig is wat in ’n sekulêre konteks toegepas word en nie aan enige geloof of filosofiese tradisies verbind word nie (Dryden & Still, 2006:6).

Hierdie praktyke is ervaringsleerprogramme wat weeklikse groepsessies, gereelde tuisoefeninge, asook die formele bewustheidsgebaseerde kurrikulum bestaande uit liggaamskanderings en meditasies rakende sit, beweging en stap insluit. Verder word ook daaglikse, informele bewustheidspraktyke geïnkorporeer wat intensionele bewustheidspraktyke van alledaagse aktiwiteite soos stort, eet en inkopies doen, insluit. Groepsessies word ook aangebied wat navrae deur die begeleier, bespreking van ondervindings, asook onder andere die rol van persepsie, die verstand-liggaam assosiasie, streshantering en die ontwikkeling van innerlike hulpbronne om die gesondheid te verbeter, insluit (Burke, 2010:134).

Alhoewel hierdie tipe terapie hoofsaaklik vir volwassenes ontwikkel is, is daar ’n al hoe groter aanduiding dat dit vir alle ouderdomsgroepe, insluitende adolessente gebruik word, ten spyte van ’n gebrek aan empiriese bewyse van die effektiwiteit van terapie in jonger ouderdomsgroepe (Burke, 2010:143).

#### 4.2.6.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die bewustheidsgebaseerde benadering

- Die groepsessies wat hier aangebied word, veral rakende die hantering van stress kan vir die adolessente meisie met ŉ afwesige vader van hulp wees.

### 4.2.7 Geldard en Geldard se benadering

#### 4.2.7.1 Inleiding

Dr Kathryn Geldard is ŉ adjunk senior dosent in berading aan die fakulteit van Kuns en Besigheid aan die *University of the Sunshine Coast* (USC) in Australië. Sy is vir beradingsprogramme van hierdie Universiteit, asook die meestersgraadprogram in berading verantwoordelik. Sy het veral navorsing rondom die adolessent groepsberading, opleiding van beraders, assessering en effektiwiteit gedoen. Sy is ook by die ontwikkeling van ŉ kultureel-sensitiewe adolessente groeps-ondersteuningsprogram onder die inheemse mense betrokke. Sy het verskeie boeke geskryf soos *Counselling Adolescents* wat in 2010 verskyn het.

Haar man David Geldard het wye ondervinding met getraumatiseerde kinders en hulle families as beradingsielkundige. Hy is veral by die opleiding van beraders, sosiale werkers en sielkundiges betrokke op maniere hoe om die media en aktiwiteite te gebruik wanneer daar berading op kinders gedoen word. Hy hou ook daarvan om opleiding in beradingsmetodes in ervaringsleer en gesinsterapie te gee. Hy en sy vrou het saam verskeie boeke geskryf.


Volgens hulle verskil die metodes wat behoort gebruik te word vir berading aan adolessente van metodes wat vir berading aan kinders en volwassenes gebruik word op die volgende maniere:

- ŉ Spesifieke kliënt-berader verhouding wat gepas vir adolessente is, moet aangebied word. Die proses wat vir adolessente gebruik word, is anders as die proses wat vir kinders gebruik word en verskil ook van die proses wat vir volwassenes gebruik word.
- Spesifieke vaardighede en strategieë wat die beradingsgesprek met die adolessent verbeter, word benodig.

- Dit is belangrik vir die berader om te onthou dat die adolessent onafhanklik van die gesin begin raak en meer op die groepverhoudings, sowel as ander verhoudings binne die opvoedingsisteem staatmaak.
- Die adolessent raak meer onafhanklik, en gevolglik is dit vir hulle belangrik dat hulle ouers nie noodwendig by die beradingsessie betrek word nie. Alhoewel dit die berader in ŉ moeilike situasie kan plaas, is dit noodsaaklik om hierdie gevoel te respekteer. Daar is adolessente wat egter nie omgee dat hulle ouers deel van die proses is nie en hier kan dus ŉ kombinasie van groepsessies en individuele sessies gebruik word. Die berader kan selfs met onderhandelings tussen ouer en kind help.
- Die adolessent se volwassenheid, selfbeeld en ontwikkelingsbehoeftes moet tydens berading in ag geneem word. Hulle moet die geleentheid kry om self te besluit wat hulle aandeel in die beradingsessie gaan wees en self verantwoordelikheid vir die sukses daarvan aanvaar. Adolessente is egter in die proses om hulle eie identiteit te vorm wat hulle persoonlike vermoë om vir hulleself te kies en verantwoordelikheid vir hulle eie lewens neem, insluit. Die benadering behoort dus te wees om hulle direk en aktief met strategieë te betrek wat spesifiek na hulle behoeftes omsien op maniere wat vir hulle aanvaarbaar is.
- Verskeie metodes kan gebruik word soos individuele beradingsessies waarin persoonlike probleme openbaar gemaak word, en vervolgens ook gesin- of groepsterapie. Self-help ondersteuningsgroepe of ŉ kombinasie hiervan kan ook gebruik word (Geldard & Geldard, 2010:65-69).

Uit onderstaande Figuur 4.1 blyk dit duidelik dat die gesinsomgewing as ŉ veilige plek gesien word waar koestering plaasvind en moet dus ŉ soliede grens hê. In die proses van volwassewording beweeg die adolessent na die groepsomgewing waar hy/sy aan verskeie invloede blootgestel word. Die adolessent het beide ŉ binnegrens wat sy/haar persoonlikheid, geskiedenis en vaardighede insluit, asook ŉ buitegrens wat vir invloed van buite af oopgestel is. Namate die adolessent volwasse word, ontwikkel hul eiewaarde en gevolglik stel dit die adolessent in staat om makliker in die groepsomgewing aan te pas en sy/haar eie besluite en keuses te maak (Geldard & Geldard, 2010:69).

Die verhouding van die adolessent se wêreld en die beradingsomgewing, kan skematies soos volg voorgestel word (Geldard & Geldard, 2010:70).




**Figuur 4.1: Die wêreld van die jong persoon en die beradingsomgewing (Geldard & Geldard, 2010:70).**

#### 4.2.7.2 Wanneer soek adolessente hulp?


Geldard en Geldard (2010:71-72) toon aan dat hulp gesoek word wanneer lewens-omstandighede baie moeilik raak as gevolg van ernstige probleme wat deur die adolessent ondervind word en alle vorige pogings om oplossings te vind, misluk het. Hulle probeer dikwels by ander jongmense hulp soek en is dikwels op die ouers aangewese om namens hulle hulp te soek. Baie ouers is nie in staat om dit te doen nie en gevolglik word hulle deur skole, statutêre organisasies, self-help groepe of die gemeenskap verwys. Die stigma wat aan berading gekoppel word verhoed egter dikwels dat adolessente hulp soek.

#### 4.2.7.3 Gevolgtrekking

Die beradingsproses vir adolessente vereis ŉ spesifieke kliënt-berader verhouding wat verskil van die prosesse wat vir kinders gebruik word sowel as die wat vir volwassenes gebruik word. Die beradingsgesprek word deur spesifieke vaardighede en strategieë verbeter. ŉ Pro-aktiewe proses stel die berader in staat om die ontwikkelingsbehoeftes van die adolessent wat van gesinsbetrokkenheid na groepsverhoudings beweeg, in ag te neem. Adolessente raadpleeg dikwels die groep, in plaas van volwassenes, vir probleem-oplossings. Individuele terapie in kombinasie met gesinsterapie is dikwels baie voordelig.

#### 4.2.7.4 Wat is die pro-aktiewe benadering?

Die volgende illustrasie toon die pro-aktiewe benadering wat die ontwikkelingsproses van die adolessent akkommodeer aan.




**Figuur 4.2: Skematiese voorstelling van die pro-aktiewe proses (Geldard & Geldard, 2010:75).**

Die eksistensialisme, wat die basis vir hierdie benadering vorm, fokus op die doel van die lewe; vryheid om besluite te neem wat met verantwoordelikheid gepaard gaan binne die grense van die sosiale omgewing en die ontwikkeling van ŉ identiteit en verhoudings met

ander persone. Die verhouding tussen die berader en die adolessent word dus as van kardinale belang gesien.

Konstruktivistiese denke gebruik persoonlike ondervindings om oortuigings rakende die wêreld te maak, sodat konstrukte gevorm kan word wat die konsep van die wêreld waarin geleef word ontsluit. Aangesien die adolessent in ŉ ontwikkelingsfase is, word die konstrukte voordurend verander. Hierdie veranderings lei dikwels tot skuldgevoelens of angstigheid. Die adolessent se konstrukte wat sy/haar persoonlike indrukke van die wêreld waarin hulle leef verteenwoordig, moet dus gerespekteer, ondersoek en verken word deur aktief daarna te luister sodat die berader strategieë en tegnieke kan gebruik wat hierdie konstrukte ondersteun.

Hulpverlening aan adolessente vereis dat die berader die ontwikkelingsproses, behoeftes en take van die adolessent behoorlik verstaan. Verder word die kommunikasie tussen berader en adolessent verbeter indien die berader in staat is om in aanraking met sy/haar eie "innerlike adolessent" te kom. ŉ Verdere belangrike aspek is die vermoë van die berader om individualisme te simboliseer en te demonstreer. Professionele, etiese grense moet egter behoue bly. Die berader moet daarna streef om opreg en nie-veroordelend teenoor die adolessent op te tree. Daar moet op ŉ gepaste manier warmte en omgee gedemonstreer word sodat die adolessent gemaklik en vry kan voel om diep gevoelens te deel.

Die kwaliteit van die verhouding tussen beradene en berader bepaal dikwels die uitkoms van die sessie. Dit sluit in kwaliteite soos ŉ goeie interpersoonlike verhouding, aanvaarding, begrip, toepaslike vlakke van empatie en warmte, balans en die vermoë om kulturele verskille in ag te neem (Geldard & Geldard, 2010:75-85).

#### 4.2.8 Gevolgtrekking

Opsommend kan aangetoon word dat die pro-aktiewe benadering staatmaak op ŉ ekstensionistiese filosofie waarop die konstruktivistiese denkwyse gebou word. Die persoonlike eienskappe van die berader en die spesifieke kwaliteite van die berading is van kardinale belang. Deur die ekstensionisme word die doel van die lewe deur eie ondervindinge bepaal. Hierdie ondervindinge verander voortdurend en gevolglik verander die konstrukte wat adolessente bou rakende die wêreld waarin hulle leef. Dit is dus belangrik

vir die berader om die vlak van ontwikkeling van die adolessent in ag te neem en te verstaan, en om in staat te wees om met sy/haar eie "binne adolessent" in aanraking te kom sodat die berader met die adolessent kan identifiseer. Individualiteit behoort gedemonstreer te word en daar moet nie-veroordelend opgetree word, sodat die adolessent met vrymoedigheid ernstige probleme kan deel. Dit is ook belangrik om kulturele verskille in ag te neem en empaties en met aanvaarding en begrip die verhouding tussen berader en adolessent te bou (Geldard & Geldard, 2010:85).

#### 4.2.8.1 Die pro-aktiewe proses: stappe soos voorgestel deur Geldard en Geldard

**Stap 1: Inleiding**

Wanneer adolessente probleme ondervind, blok dit die normale ontwikkelingspad van kind na volwasse stadium. Adolessente behoort in staat te wees om vanuit hulleself strategieë en hulpbronne te ontwikkel om die probleme op te los, deur van die hulp van hulle groep, ouers of ander belangrike mense in hulle lewens gebruik te maak. Sommige probleme is egter so ernstig, herhalend of privaat dat professionele hulp benodig word. Indien dit nie verkry word nie, kan die resultaat wanaangepaste gedrag soos onttrekking, aggressie, gebruik van dwelms of selfs selfmoord wees.

**Stap 2: Pro-aktiewe berader gedrag**

ŉ Pro-aktiewe berader beskik oor die volgende karatereienskappe, naamlik om die ontwikkelingsbehoeftes van die adolessent in ag te neem; die adolessent te glo; adolessente kommunikasie te akkommodeer; om pro-aktief te kan optree en die adolessent se deel van inligting te respekteer.

Dit is belangrik vir die berader om met sy/haar persoonlike, "innerlike adolessent" in aanraking te kom sodat die wêreld van die adolessent beter verstaan kan word. Dit is verder belangrik om tipiese adolessente gedrag soos veranderlikheid en onbetroubaarheid te aanvaar. Soms mag die berader suspisieus benader word en nie vertrou word nie. Die berader behoort egter buigsaam en aanpasbaar te wees.

Fundamenteel is die adolessent besig om vanuit ŉ situasie van uiterste beheer en kontrole na ŉ situasie van meer outonomie en verantwoordelikheid te beweeg. Die adolessent behoort dus die keuse, binne limiete, te hê om te besluit wat toepaslik vir elke sessie is

en om ’n sessie by te woon of nie. Die gevolge van die keuses moet egter ook gekommunikeer word.

Dit is belangrik om die adolessent te glo. Slegs wanneer daar teenstrydighede voorkom, mag dit met die adolessent bespreek word en vervolgens kan die teenstrydige konstrukte met meer realistiese konstrukte vervang word. Die aanspreek van teenstrydighede bou vertroue, aangesien baie adolessente van mening is dat volwassenes hulle misverstaan en nie glo wat hulle sê nie.

Adolessente wil oor probleme op hulle eie tyd praat en dit is dikwels vir ander mense ongeleë. Hulle wyk ook dikwels tydens gesprekke van die belangrike probleem af, maar behoort toegelaat te word om dit te doen. Hulle praat ook maklik oor nie-toepaslike onderwerpe tydens gesprekke en gebruik baie keer humor om die erns van die bespreking uit te balanseer.

Adolessente is dikwels onseker en rusteloos tydens beradingsessies. Hulle raak maklik verveeld en ongeduldig en moet dus aktief betrokke bly. Die vaardighede en strategieë wat gebruik word, moet voortdurend volgens die direkte behoeftes van die adolessent op daardie stadium van die sessie verander word sodat geleenthede nie verlore gaan nie.

Selfopenbaring laat adolessente toe om die sterk emosies en gevoelens wat tydens trauma plaasgevind het, te ervaar. Dikwels word hierdie verhale met die groep bespreek, aangesien dit veiligheid en intimiteit bewerkstellig. Die berader kan dus ook van sy/haar verhaal met die adolessent deel ten einde vertroue te bewerkstellig.

Vertroulikheid is egter van kardinale belang vir adolessente om enige ernstige trauma te openbaar. Daar is egter wetlike-, etiese- en professionele verpligtinge om sekere openbarings soos mishandeling, selfmoordneigings of planne om ander seer te maak, aan te meld. Ouers en versorgers het egter ook ’n reg om van hierdie probleme te weet, aangesien hulle die adolessent vir berading laat gaan het. Dit is egter belangrik om hierdie aangeleentheid met die beradene te bespreek, sodat besluit kan word hoe en wanneer die openbaring sal geskied.

Dit laat die adolessent met ’n sekere mate van beheer oor die gevolge. Beraders behoort dus sulke besprekings met ouers en versorgers in die teenwoordigheid van die ado-

lessent te doen, aangesien vertroulikheid tydens berading die adolessent die geleentheid bied om vertroulike probleme te bespreek.

Elke sessie met 'n adolessent bestaan uit verhoudingsbou, om die probleem te assesseer en die probleem aan te spreek. Die berader orkestreer net die beradingsproses, terwyl die adolessent toegelaat word om binne die grense te ontdek en probleme op te los. Adolessente behoort vaardighede gegee te word waarmee soortgelyke probleme in die toekoms hanteer kan word, ten einde hulle in staat te stel om die nodige veranderinge sonder verdere berading aan te bring.

Dit is belangrik om 'n goeie verhouding met die adolessent op te bou deur op hulle vlak te kommunikeer en van mikro-vaardighede[2] tydens die beradingsproses gebruik te maak. Voortdurende ontwikkeling en instandhouding van die verhouding is noodsaaklik, aangesien adolessente voortdurend verhoudings evalueer. Dit is belangrik vir die adolessent om konstrukte rakende verhoudings te ondersoek en met nuwe konstrukte in 'n omgewing te eksperimenteer waar hulle veilig voel en nie veroordeel sal word nie.

Daar word dus met die adolessent gekontrakteer dat hulle self oplossings sal soek, dat daar perke aan die vertroulikheid is, dat hulle self besluit het om vir berading te gaan en dat dit hulle eie keuse is oor wat hulle bereid is om te doen. Dit sluit toekomstige sessies in.

Tydens die sessies word die probleem aangespreek deur na die storie te luister en dit te glo; temas en probleme te identifiseer en die emosionele toestand van die adolessent te evalueer.

Tydens die storievertelling word empatie betoon, emosionele reaksies word raakgesien en verbaal bevestig. Die adolessent sal duidelike verligting toon, aangesien 'n volwassene hom of haar glo.

---

[2] Mikro-vaardighede word beskou as byvoorbeeld om teenwoordig te wees tydens die gesprek, om te parafraseer, om gevoelens te reflekteer, empatie te betoon en die gesprek te kan opsom.

Dikwels soek adolessente oplossings vir spesifieke probleme tydens terapie. Ander probeer slegs die probleem beter verstaan en soek self later oplossings. Hierdie jong mense moet gekomplimenteer word vir die aanvaarding van eie verantwoordelikheid.

Verskeie oplossing word ondersoek en geëvalueer, tesame met alle positiewe en negatiewe gevolge. Slegs oplossings wat in ooreenstemming met die adolessent se persoonlike konstrukte, of hersiene konstrukte is, kan oorweeg word. Hiermee saam moet die wil en vermoë bestaan om hierdie oplossings uit te voer.

Oplossings moet getoets word, ten einde die gevoel van mislukking wat maklik kan ontstaan, te verhoed. Die toets van oplossings word as nuttig gesien, aangesien nuwe inligting hierdeur verkry is (Geldard & Geldard, 2010:86-102).

#### 4.2.9 Gevolgtrekking

Gedurende die beradingsproses aan adolessente moet aandag aan drie primêre funksies gegee word, naamlik om verhouding te bou, die probleem te assesseer, en vervolgens die probleem aan te spreek. Daar moet pro-aktief aan die adolessent se behoeftes, soos dit gedurende die sessie verander, aandag gegee word. Mikro-vaardighede[3] moet voortdurend verander word. Kommunikasiemetodes waarin die adolessent toegelaat word om ook oor ander sake as net die probleem te praat behoort gebruik te word. Die berader kan soms persoonlike trauma in die sessie openbaar aan die adolessent, indien hy of sy voel dat dit ondersteuning en vertroosting aan die adolessent kan bied. Verskeie beradingstrategieë word tydens die sessies gebruik.

Daar moet voortdurend op die ontwikkelingsbehoeftes van die adolessent gefokus word en die berader behoort empaties op te tree. Deur die adolessent te glo, word vertroue gebou, maar die perke van vertroulikheid moet duidelik uitgestippel word. Elke sessie moet volledig wees, sodat indien die adolessent nie vir verdere sessies terugkom nie, die proses as afgehandel beskou kan word en die adolessent nie met verdere seer onverwerkte emosies gelaat word nie. Verder moet elke oplossing getoets word, sodat

---

[3] Sien voetnota 2 op bladsy 77

die adolessent dit nie as mislukking ervaar indien dit nie in die praktyk werk nie (Geldard & Geldard, 2010:103).

### 4.2.9.1 Bruikbare praktiese aspekte vanuit die Geldard en Geldard benadering

- ŉ Spesifieke kliënt-berader verhouding vir adolessente moet geskep word en dit verskil van die proses en strategieë wat vir kinders en volwassenes gebruik word.
- Die volwassenheid, selfbeeld en ontwikkelingsbehoeftes van die adolessent moet in ag geneem word tydens die keuse van die strategieë, aangesien dit vir hulle aanvaarbaar moet wees.
- In die beradingsproses moet die adolessent aktief betrek word.
- Die konstrukte wat die adolessent ontwikkel moet gerespekteer, ondersoek en verken word deur aktief daarna te luister.
- Die ontwikkelingsproses, behoeftes en take van die adolessent moet behoorlik verstaan word.
- Daar moet opreg en nie-veroordelend teenoor die adolessent opgetree word, sodat hulle gemaklik voel om diep gevoelens te deel.
- ŉ Goeie interpersoonlike verhouding, aanvaarding, begrip, empatie en warmte is noodsaaklik.
- Dit is belangrik om die adolessent te glo, haar kommunikasiestyl te akkommodeer, pro-aktief op te tree en die inligting wat sy deel te respekteer.
- Wanneer dit wetlik vereis word dat sekere probleme met die ouers bespreek moet word, is dit belangrik om die aangeleentheid met die beradene te bespreek sodat daar saam op ŉ strategie hieroor besluit kan word.
- Mikro-vaardighede[4] moet tydens die proses verander word.
- Daar moet pro-aktief opgetree word en vertroulikheid wat wetlike aspekte in ag neem, moet behoue bly.
- Die emosionele toestand van die adolessent moet deurlopend geëvalueer word.
- Die adolessent moet vaardighede aangeleer word om toekomstige probleme die hoof te bied, sonder dat berading noodwendig noodsaaklik is en die adolessent in staat is om onafhanklik van die berader te kan funksioneer.

---

[4] Sien voetnota 2 op bladsy 77

### 4.2.10 Gevolgtrekking

Belangrike en tersaaklike riglyne is uit die studie van bogenoemde tegnieke verkry wat in die finale hoofstuk van hierdie studie verreken sal word.

Dit wil egter voorkom asof daar verskeie tegnieke vanuit die Psigologie en Sosiologie bestaan wat gebruik word om adolessente meisies met afwesige vaders te help en te ondersteun. In nie een van hierdie tegnieke word geloof in God egter as prioriteit gestel nie. Die beginsels wat in die Woord van God as riglyne gegee word vir hoe families behoort te funksioneer, asook vaderskap en kinders se gedrag word nêrens in hierdie modelle in aanmerking geneem of toegepas nie.

Vervolgens gaan daar ondersoek ingestel word na bestaande pastorale hulpverlening aan adolessente meisies met afwesige vaders waar riglyne vanuit die Bybel deel uitmaak van die begeleidingsproses. Voorstelle van pastorale hulp aan hierdie meisies sal ook verskaf word waar gebed as hulpmiddel vir genesing gebruik word.

# HOOFSTUK 5: BELANGRIKE PERSPEKTIEWE VANUIT VERSKILLENDE PASTORAAL-TEOLOGIESE MODELLE MET BETREKKING TOT DIE BEGELEIDING VAN ADOLESSENTE MEISIES MET AFWESIGE VADERS

## 5.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is beradingsmodelle vir hulpverlening aan meisies met afwesige vaders vanuit die Sosiologie en die Psigologie ondersoek. Daar is aandag aan vader-dogter verhoudings, deur tegnieke soos voorgraadse kursusse gegee. Hierdie kursusse is daarop gefokus om die dogter van die vader se gevoelens bewus te maak asook hoe haar eie gedrag kan verander ten einde 'n beter verhouding met haar vader te verkry. Ander tegnieke wat ondersoek is, is *group cinematherapy* wat as 'n tipe psigoterapeutiese tegniek vir verwonde adolessente meisies gebruik word. Sosiologiese tegnieke vir hulpverlening waarin die vader situasie geassesseer word ten einde die meisie se probleem binne die konteks van die familie aan te spreek, is verken. Die vader-dogter verhouding word hier veral as kardinaal beskou. Die "wonderwerk vraag", musiekterapie en bewustheidsgebaseerde benaderings is ook ondersoek.

In hierdie hoofstuk gaan die derde vraag van Osmer naamlik "Wat behoort te gebeur?" verder ondersoek word vanuit 'n pastorale perspektief. Modelle wat ondersoek gaan word, is Jan Frank se 10-fase genesingsmodel waar veral op genesing van emosionele wonde gefokus word, Sara Trollinger se model vir berading aan adolessente en ouers, asook Charles Kraft se model van innerlike genesing.

## 5.2 Bestaande pastorale hulpverleningsmodelle

Daar bestaan verskeie pastorale hulpverleningsmodelle waaruit riglyne vir die begeleiding van meisies met afwesige vaders verkry kan word. Die eerste model, naamlik Jan Frank se 10-fase genesingsmodel, is vanuit die oogpunt van 'n vrou geskryf wat self as jong meisie vader-probleme ondervind het. Trollinger se model is spesifiek op adolessente en hulle ouers van toepassing, terwyl Kraft 'n benadering het wat veral op die leiding van die Heilige Gees vir volkome innerlike genesing van diep, emosionele wonde gemik is.

Die navorser is van mening dat pastorale riglyne vanuit hierdie modelle verkry kan word ten einde adolessente meisies met afwesige vaders by te staan en, ten spyte van hulle omstandighede, te bemagtig.

Vervolgens gaan Jan Frank se model ondersoek word.

### 5.2.1 Jan Frank se 10-fase genesingsmodel

Jan Frank is ʼn gelisensieerde huwelik-, familie- en kinderberader. Sy lei ondersteuningsgroepe en terapiegroepe vir slagoffers van bloedskande of seksuele trauma en lei professionele persone, pastore en leke-predikers in effektiewe berading aan hierdie slagoffers op. Sy is die stigter van *Free to Care Ministries* wat ʼn nie-winsgewende organisasie is met die doel om die behoeftes van individue en families wat aan mishandeling blootgestel was, aan te spreek. Sy het deur haar eie verhaal van bloedskande met haar stiefpa die probleem onder Christene se aandag gebring. Dave Seamands (Frank, 1995:vi) beskryf hierdie daad van haar as “Her honesty and understanding about the hurt and humiliation of what she experienced gives other victims the courage necessary to face the hurt, and the hope necessary to believe healing is possible.” Sy stel die volgende model vir hulpverlening aan getraumatiseerde persone voor, wat adolessente meisies met afwesige vaders insluit. Alhoewel die model spesifiek vir die pastorale begeleiding ten opsigte van bloedskande of seksuele trauma geskryf is, kan die beginsels ewe goed op die behandling van die pyn as gevolg van vader-afwesigheid toegepas word.

Frank (1995:11-151) stel die volgende stappe in die beradingsproses voor:

#### 5.2.1.1 Stap1: Konfronteer die probleem

Volgens Frank (1995:11-13) bestaan daar drie tipes slagoffers, naamlik die *repressed victim* of die slagoffer wat die gebeure in haar geheue blokkeer en dus totaal onbewus daarvan is dat daar ooit so iets gebeur het; die *suppressed victim* of die slagoffer met onderdrukte geheue wat weet dat die voorval wel plaasgevind het, maar glo dat dit nie meer toepaslik vir haar lewe is nie, en laastens die *oppressed victim* of die slagoffer wie se gees swaarmoedig is en weet dat die insident plaasgevind het, maar dink dat sy reeds daardeur gewerk het. Dit is dus belangrik om te bepaal met watter tipe slagoffer gewerk word.

Frank (1995:13) stel verder voor dat die persoon self sy/haar lewe deeglik moet ondersoek, sodat die persoon hom/haarself in waarheid kan evalueer. Slegs deur die probleem te konfronteer en eerlik alle simptome wat daaruit voortspruit te erken, word die Heilige Gees toegelaat om diep, heling te bewerkstellig. Simptome wat kan voorkom is depressie, woede, angs en vrees, skuld en skaamte, probleme met verhoudings, herhaalde viktimisering, ekstreme beheer van emosies of selfs totale blokkering daarvan, huweliksprobleme veral rakende seksualiteit, asook lae selfbeeld en eiewaarde. Alhoewel hierdie probleme in isolasie gereeld mag voorkom, is dit veral belangrik wanneer dit in kombinasie en op herhalende basis voorkom dat ondersoek na emosionele verwonding ingestel moet word (Frank, 1995:13-14).

Adolessente met emosionele pyn, ondervind egter ook addisionele probleme as simptoom van die innerlike pyn, soos byvoorbeeld promiskuïteit, wegloop van die huis af, keuse van verkeerde vriende, dwelm- en alkoholmisbruik en ’n algemene rebelsheid teenoor outoriteit (Frank, 1995:29). Indien hierdie simptome bly voorkom, is dit belangrik om selfondersoek te doen, soos dit ook in 1 Korintiërs 11:28 bepaal word (Frank, 1995:32) wat die volgende sê: “Maar elkeen moet eers homself ondersoek...” (Bybel, 1983:226). Daar moet ’n bewustheid plaasvind van eie sondes sodat dit bely kan word en probleme rakende verhoudings met ander en God herstel kan word.

**Praktiese riglyne**

Frank (1995:32) gee die volgende lys wat prakties gebruik kan word, waar die beradene probleme wat hy/sy ondervind kan afmerk. Die doel van die lys is om op ’n praktiese manier die geleentheid te skep vir die adolessent om die simptome te identifiseer waarvan die oorsaak in sy/haar warboel gevoelens of gedagtes versteek is. Hierdie lys dien dus as aanknopingspunt tot die diepere gesprekke wat volg.

**Tabel 5.1: Lys van probleme (Frank, 1995:32).**

| **Probleem** | √ | **Probleem** | √ |
|---|---|---|---|
| Hoofpyne | | Lae eiewaarde | |
| Skuld/skaamte | | Vrees | |
| Depressie | | Seksuele probleme | |
| Moegheid | | Alleenheid | |
| Geheue blokkasies | | Nagmerries | |
| Isolasie | | Anorexia | |
| Angsaanvalle | | Bulimia | |
| Woede | | Kompulsiewe gedrag | |
| Geheueverlies | | Geen selfvertroue | |
| Angs | | Herhaalde viktimisering | |
| Afstand van God af | | | |

Indien meer as sewe van bogenoemde probleme deur die adolessent afgemerk is na selfondersoek gedoen is, is dit raadsaam vir die adolessent om voort te gaan met gesprekke met ŉ Christenberader.

Memoriseer ook Johannes 8:32 wat die volgende sê: "…en julle sal begryp wat die waarheid beteken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Du Rand, 2011:1121).

#### 5.2.1.2 Stap 2: Herroep die insident

Die insident moet geverbaliseer word. Baie mense blokkeer die emosies en gedagtes oor wat gebeur het. Deur daaroor te praat word emosies en gevoelens wat aan die gebeure vasgevang was en gekoppel is, losgelaat. Dit verander nie die impak van die gebeure nie, maar stel van die emosies aan die gebeure gekoppel vry. Alhoewel daar baie Skrifgedeeltes is wat aandui dat mens nie in die verlede moet bly vassteek nie, soos 2 Korintiërs 5:17 en Filippense 3:13, is dit van die uiterste belang vir die slagoffer om in diepte na haar ondervinding te kyk, aangesien sy dikwels ŉ leeftyd spandeer om die pyn te onderdruk of te ontken. Daar is ŉ wesenlike verskil tussen, selfbejammering aan die een kant waarin daar voortdurend in die verlede bly ronddwaal op ŉ negatiewe, self-vernietigende manier en, aan die ander kant, om ŉ verlies te analiseer wat die wese van die mens ten diepste affekteer (Frank, 1995:35-36).

Dit is dikwels noodsaaklik vir die slagoffer om die familiegeskiedenis en dinamiek te verduidelik, sodat die gebeurtenis in konteks gesien kan word, aangesien trauma dikwels in disfunksionele families voorkom. Die slagoffer word ook van valse skuldgevoelens bevry wat Satan in plek probeer hou. Dit sal ook vir ander insidente geld wat later na vore mag kom. Dit is daarom belangrik om sulke gebeure met iemand te deel wat met begrip en aanvaarding sal reageer en nie slegs sal voorstel dat die slagoffer met haar lewe aanbeweeg nie (Frank, 1995:37-39).

Herroeping van die gebeure is waardevol vir die slagoffer, aangesien dit die begin van toekomstige verandering behels. Dit is egter nie ŉ kitsoplossing nie en dit is dikwels baie pynlik, aangesien dit diep, intense emosies vrystel, wat die slagoffer andersins in haar volwasse lewe altyd sou beïnvloed op een of ander manier.

Hierdie emosies moet in ŉ veilige omgewing na die lig gebring word. Somtyds sal dit vir die beradene voel asof sy weer die intense emosies ondervind, maar met begeleiding kan die persoon gehelp word om die innerlike pyn te verwerk (Frank, 1995:42).

**Praktiese riglyne**

Skryf ten minste een gebeurtenis wat intense pyn veroorsaak het neer en merk hoe daarop gereageer is deur die volgende tabel te voltooi:

**Tabel 5.2: Lys van gebeure wat intense pyn veroorsaak (Frank, 1995:43).**

| **Probleem** | √ | **Probleem** | √ |
|---|---|---|---|
| Reageer asof dit nie seergemaak het nie | | Onttrek | |
| Huil | | Iemand daarvan vertel | |
| Gevoelens van verwerping of verne-dering ervaar | | Verantwoordelik vir gebeure voel | |
| Op ander manier woede ervaar het | | Ander | |

Bepaal of die pyn steeds op dieselfde manier as in die verlede hanteer word. Lees Nehemia 2:11-18 en memoriseer Jesaja 41:10 (Frank, 1995:43).

#### 5.2.1.3 Stap 3: Ervaar die gevoelens

Frank (1995:48-49) is van mening dat die volle herbelewing en gevoelens wat tydens die trauma ervaar is, weer beleef moet word maar met die hulp van ʼn opgeleide berader of terapeut, aangesien dit intense emosies is wat na vore kom. Hier moet ten minste een insident van die verlede herroep en die gevoelens wat toe ervaar is, herbeleef word. Indien dit moeilik is, kan van terapeutiese tegnieke gebruik gemaak word, soos om na ou foto's te kyk of ʼn plan van die huis waar die trauma plaasgevind het te teken, maar onder toesig van ʼn opgeleide terapeut.

Kinders wat erge trauma beleef het, soos byvoorbeeld bloedskande of molestering, se behoefte aan gesonde liefde is negatief beïnvloed, en hulle word vervolgens volwassenes met ʼn konstante soeke na liefde. Dit is dus belangrik om die emosies en gevoelens wat hulle tydens die trauma beleef het, weer te ervaar as deel van die helingsproses.

Dikwels het die meisie haar gevoelens afgesny as ʼn manier om te oorleef en om die intense pyn te kan hanteer (Frank, 1995:51).

**Praktiese riglyne**

Deur visualisering moet die persoon terug gaan na die insident wat in stap twee herleef is en bepaal of daar kontrasterende gevoelens teenwoordig was deur die volgende tabel te voltooi:

**Tabel 5.3: Kontrasterende gevoelenslys (Frank, 1995:54).**

| **Probleem** | √ | **Probleem** | √ |
|---|---|---|---|
| Verleentheid | | Verwerping | |
| Skande | | Liefde | |
| Woede | | Verwarring | |
| Wrok | | Hartseer | |
| Haat | | Frustrasie | |
| Geluk | | Skaamte | |
| Warmte | | Goedkeuring | |
| Vrees | | Skuldgevoelens | |

Lees Jesaja 53:2-5. en memoriseer Hebreërs 4:15 (Frank, 1995:54).

#### 5.2.1.4 Stap 4: Identifiseer en vestig verantwoordelikheid

Volgens Frank (1995:55-58) is een van die moeilikste besluite vir ŉ slagoffer van ŉ seksuele misdaad om die aggressor alleenlik aanspreeklik te hou vir wat gebeur het, aangesien die meisie dikwels voel dat sy self ook aandeel gehad het in die gebeure. In hierdie stadium van die beradingsmodel moet die oortreder, indien moontlik, egter alleen verantwoordelikheid aanvaar, aangesien die slagoffer nie die verantwoordelikheid van die aggressor moet probeer uitkanselleer deur sy verantwoordelikheid te rasionaliseer nie. Die oortreder/aggressor en enige ander persoon wat moontlik aandadig was se verantwoordelikheid moet beklemtoon word.

Dikwels is slagoffers ook bang om iemand in ŉ outoriteitsposisie te vertel wat gebeur het en bly liewer stil hieroor, al voel hulle skuldig om stil te bly, omdat hulle bang is dat dit die familie uitmekaar kan skeur. Hierdie gevoelens speel egter ŉ belangrike rol in die helingsproses (Frank, 1995:58).

**Praktiese riglyne**

Laat die beradene ŉ lys van traumatiese gebeure in die verlede maak waarvoor hy/sy skuld aanvaar het.

Probeer ŉ foto van die beradene op daardie ouderdom kry ten einde die toepaslikheid van die aanspreeklikheid te bepaal.

Lees 2 Samuel 13:1-19. Tamar se kwesbaarheid word hier verwoord, maar in verse 20-39 word aangetoon dat Absalom presies weet wie aanspreeklik is. Memoriseer Jesaja 54:4-5 (Frank, 1995:74).

#### 5.2.1.5 Stap 5: Identifiseer gedragsprobleme en simptome

Dit is belangrik om die probleemareas op te spoor. Tydens hierdie stap word sekere gedrag en simptome wat as gevolg van die trauma ontstaan het geïdentifiseer. Dit beteken daar word na huidige patrone veral rondom interpersoonlike verhoudings gekyk. Die onaanvaarbare kenmerke wat gewoonlik die interaksie met ander oorheers, word vervolgens geïdentifiseer.

Stel vas waar in die kliënt se lewe dit oorspronklik vandaan kom. Hierdie ongesonde patrone en gedrag word op ŉ gedissiplineerde wyse met gesonde patrone, keuses en gedrag vervang. Negatiewe patrone wat tydens kinderjare gevestig is, is byvoorbeeld kommunikasiemetodes en perfeksionisme (Frank, 1995:78).

ŉ Drie-punt plan word vervolgens in werking gestel om die probleem aan te spreek. Eerstens word vasgestel deur watter omstandighede die negatiewe gedrag geaktiveer word. Tweedens word daar tydens hierdie bepaalde omstandighede, nuwe keuses gemaak deur die ou reaksies te vermy en met nuwe reaksies te vervang. Derdens word die nuwe gedragspatrone geoefen. Dit is baie belangrik om te besef dat die onderskeiding, wysheid en krag van die Heilige Gees benodig word ten einde hierdie gedrag te kan verander (Frank, 1995:80).

**Praktiese riglyne**

Identifiseer ŉ probleemarea en vra die Heilige Gees vir hulp om dit te kan verander. Stel ŉ plan van ŉ nuwe manier van optrede op indien dit weer gebeur en probeer daarby hou. Bepaal na ten minste twee weke of dit gewerk het en of die plan moet verander.

Lees Romeine 6:4-22 en memoriseer Filippense 2:13 (Frank, 1995:83).

#### 5.2.1.6 Stap 6: Hou andere dop en onderrig jouself

Tydens hierdie stap word die fokus na buite die persoon self verskuif. Dit bring groot vertroosting om in die teenwoordigheid van iemand anders te wees wat deur presies dieselfde trauma gegaan het. Mense het ŉ innerlike behoefte om te besef dat hulle nie alleen deur so ŉ krisis gegaan het nie en daarom word hulle aangemoedig om met mense wat soortgelyke krisisse beleef het, te assosieer. Ondersteuningsgroepe is baie belangrik want hier kan die persoon net homself wees en bemoedig word. Persone word ook aangemoedig om hulleself oor die onderwerp van die trauma te onderrig deur boeke en artikels te lees en veral Christelike literatuur te bekom. Baie slagoffers het valse veronderstellings en waardesisteme wat moet verander en hiervoor is die ondersteuningsgroep ŉ groot pluspunt. Die persoon ontdek ŉ veilige plek waarin sodanige veranderinge kan plaasvind (Frank, 1995:86-90).

**Praktiese riglyne**

Lees ten minste een boek wat met die trauma waardeur gegaan is verband hou. Skryf ten minste een nuwe aspek van insig wat verkry is en implementeer daarvolgens ten minste een nuwe manier van dink, voel of optrede. Deel die emosionele verwonding met ten minste een persoon wat vertrou kan word en behou kontak op ŉ gereelde basis.

Lees 1 Korintiërs 12:12-26 en memoriseer Hebreërs 10:24-25 (Frank, 1995:91-92).

#### 5.2.1.7 Stap 7: Konfronteer die aggressor

Vanuit die gesigspunt van die slagoffer, is konfrontasie van die aggressor die moeilikste van al die stappe. Die onderliggende rede vir konfrontasie moet egter altyd versoening wees.

Die proses benodig gewoonlik baie gebed en wysheid, tesame met goeie begeleiding aangesien dit baie individueel van aard is. Om die aggressor te konfronteer word nie vir jong slagoffers of slagoffers wat min of geen kontak met die aggressor het, aanbeveel nie. Verder word dit ook nie vir slagoffers aanbeveel vir wie dit gevaarlik sou wees om konfrontasie met die aggressor te begin nie. Alle persone wat op een of ander wyse betrokke was moet eers geïdentifiseer word. Die slagoffer moet die aggressor vanuit ŉ posisie van sterkte konfronteer waarin sy glo sy onskuldig is. Sy moet verder vertroue in haarself hê en nie telkens terugbeweeg na die rol van slagoffer nie. Soms is ŉ periode van skeiding nodig waar daar afstand tussen die betrokke persone en gebeure verkry word, sodat die emosies eers kan afplat en perspektief op die gebeure verkry kan word.

Slagoffers het dikwels ook ŉ verdraaide Godsbeeld wat reggestel moet word. Die opbou van innerlike krag en verbetering van die selfbeeld, asook die vestiging van ŉ verhouding met God is baie belangrik voor konfrontasie plaasvind. Indien die slagoffer steeds in kontak met die aggressor is, moet konfrontasie plaasvind. Indien dit nie moontlik is nie, kan rollespel en ander terapeutiese tegnieke gebruik word (Frank, 1995:93-108).

**Praktiese riglyne**

Die slagoffer behoort neer te skryf wat tydens die konfrontasie gesê moet word. Wees spesifiek oor die insident, sowel as die gevoelens wat beleef is tydens die gebeurtenis en daarna. Lees dit voor aan ’n terapeut en verkry insette.

Indien direkte konfrontering moet plaasvind, bid vir onderskeidingsvermoë vanaf die Heilige Gees. Repeteer die konfrontasie voor ’n spieël of voor iemand anders en let veral daarop dat liggaamstaal dit wat gesê word moet ondersteun.

Lees 2 Samuel 12 en memoriseer Psalm 29:11 en Psalm 31:24 (Frank, 1995:115-116).

#### 5.2.1.8 Stap 8: Gee erkenning aan vergifnis

Vergifnis gebeur nie sommer vanself nie. Dit is ’n proses. Hoe dieper die wonde is, hoe langer die proses. Slegs die Heilige Gees kan heling bewerkstellig en die persoon moet in ’n posisie wees om dit te kan ontvang (Frank, 1995:118-119).

Volgens Jan Frank bestaan vergifnis uit vier stappe (Frank, 1995:128):

- **Gee erkenning aan die pyn en eien dit toe**
  Die verontregte persoon moet volle erkenning aan die pyn gee wat as gevolg van die verwonding gely is. Dit, tesame met die proses om daardeur te werk, veroorsaak dat die verontregte uiteindelik in staat sal kan wees om die persoon wat die verwonding veroorsaak het, te kan vergewe (Frank, 1995:130).

- **Gee regte prys**
  Die reg op bitterheid, wrok en woede moet laat staan word. Erken die pyn en gebondenheid wat as gevolg hiervan ervaar is en laat dit gaan. Dit mag tyd neem (Frank, 1995:134).

- **Daar moet ’n begeerte na versoening wees**
  ’n Begeerte om te wil versoen beteken nie dat dit wat gebeur het kondonering of applous verdien, of dat die pyn wat daardeur veroorsaak is ontken word nie. Selfs in die Bybel het God gevolge vir onverantwoordelike gedrag aangetoon. So byvoorbeeld is Dawid wat gesondig het en deur die profeet Natan ingelig dat God

hom vergewe het, maar nogtans sal daar gevolge vir sy familie wees. God maak nie outomaties die uitkansellering van die gevolge van die sonde deel van die vergifnis nie. Dit is dus belangrik vir slagoffers om te besef dat vergifnis nie beteken dat daar geen gevolge gaan wees nie. God gebruik dikwels gevolge om die mens iets te leer.

Gevolge kan moeilike besluite wees wat geneem moet word, soos byvoorbeeld dat iemand na aan die slagoffer gearresteer word. Om die reg egter sy gang te laat gaan bevestig aan die slagoffer dat wat in die verlede gebeur het, nie haar skuld was nie en verder dat daar ander persone is wat omgee en haar teen verdere viktimisasie beskerm (Frank, 1995:134-135).

- **Herbou vervolgens die verhouding**
  Dit is belangrik om 'n uitnodiging om die verhouding te herstel aan die oortreder deur onvoorwaardelike liefde en aanvaarding te gee (Frank, 1995:128). Dit is so dat die oortreder soms nie belangstel om die verhouding te herbou nie.

  Dikwels is dit moeilik vir die slagoffer om tot aksie oor te gaan, alhoewel die praktyk aantoon dat die handeling en die gedetermineerdheid om tot handeling oor te gaan dikwels tot positiewe gevoelens en emosies lei. Dit is ook baie moeilik om nuwe keuses en wilsbesluite te maak en geviktimiseerde persone het dikwels 'n swak selfbeeld. Dit is egter noodsaaklik vir die slagoffer om eerstens haar selfbeeld te herstel, alvorens sy in staat sal wees om ander verhoudings te herbou (Frank, 1995:136-137).

**Praktiese riglyne**

Gee erkenning aan die pyn – merk watter van die volgende gevoelens tydens viktimisasie ervaar is:

**Tabel 5.4: Lys van erkenning aan pyn wat ervaar is (Frank, 1995:138).**

| Probleem | √ | Probleem | √ |
|---|---|---|---|
| Skaamte | | Gebrek aan sekuriteit | |
| Teleurstelling | | Bang | |
| Magteloos | | Verleentheid | |
| Verwarring | | Bitterheid | |
| Haat | | Emosioneel afgestomp | |
| Voel vasgevang (trapped) | | Vreesbevange | |
| Woede | | Hartseer | |
| Alleenheid | | Ontsteltenis | |
| Pyn | | Vuil | |
| Enige ander negatiewe emosie of gevoel | | | |

- Aanvaar eienaarskap – identifiseer, merk en evalueer die gevoelens wat ervaar is en laat die beradene die impak daarvan op sy/haar lewe bepaal.
- Gee regte prys – bepaal of dit moontlik is om die Here vir hulp te vra met die woede en bitterheid terwyl deur die lys gewerk word.
- Versoen – visualiseer hoe Jesus se bloed gestort is en probeer dit vervolgens op die oortreder se sondes toepas.
- Herbou verhoudings, indien moontlik. Stel vas watter liefdesdaad in opregtheid teenoor die oortreder verrig kan word. Dit moet iets wees wat werklik liefde of positiewe gevoelens teenoor daardie persoon kan illustreer. Vra die hulp van die Heilige Gees sodat na die oortreder deur Jesus se oë gekyk kan word.

Lees Matteus 18:21-35 en memoriseer Kolossense 3:13. (Frank, 1995 138).

#### 5.2.1.9 Stap 9: Herbou selfbeeld en verhoudings

Coetzer (2012:83) beskryf selfbeeld as bestaande uit drie basiese behoeftes wat by alle mense teenwoordig is. Hy beskryf dit as die behoefte om te voel jy is geliefd, word aanvaar en behoort êrens; die behoefte om aanvaarbaar te wees en te voel jy is iets werd en die behoefte om te voel jy is bevoeg en dus toegerus.

- **Hoe om die selfbeeld te heel**

    - **Vernuwe denke en vestig nuwe persepsies oor God**

      Dikwels het mense ŉ wanpersepsie oor God. Hulle sien Hom as ŉ kritiese vader wat nooit tevrede met hulle pogings is nie. Dit is moeilik vir mense met ŉ wanpersepsie van God om Sy vergifnis te aanvaar, aangesien hulle glo daar moet iets in ruil daarvoor gedoen word. Hulle is dus nie in staat om die werk wat Jesus aan die kruis gedoen het vir hulleself toe te eien nie. Die leuen moet egter geïdentifiseer en erken word. Daar moet besef word dat God se Vaderhart net so gebroke is oor die onreg wat die slagoffer aangedoen is, maar dat Hy in staat is om vanuit die grootste ellende en pyn totale heling te bewerkstellig. Die slagoffer se beeld van God moet dus verander (Frank, 1995:145-146).

    - **Restoureer verhoudings**

      Dit is dikwels vir die slagoffer onmoontlik om intieme verhoudings met ander te vestig weens hulle vals persepsies van God, hulleself en andere. Die slagoffer moet dus nuwe patrone van interaksie met ander vestig, sowel as gesonde kommunikasie herstel. Wanneer die slagoffer haarself vir God oopmaak en gehoorsaam aan Hom is, begin daar wesenlike veranderings in haar ander verhoudings ontstaan. Dit is belangrik vir die slagoffer om nie meer aan die ouers se outoriteit in haar lewe as volwasse vrou onderworpe te wees nie, alhoewel sy steeds haar ouers moet respekteer. Hierdie onderwerping hou dikwels verband met ŉ oorweldigende honger na liefde wat nooit ontvang is nie (Frank, 1995:146-147).

- **Innerlike genesing**

  Dit is dikwels nodig om die verwonde persoon te laat ervaar dat Jesus saam met hulle tydens die gebeure was (Frank, 1995:149). Hier word van gebed gebruik gemaak en die berader moet telkens beklemtoon dat Jesus saam met die verwonde persoon in die situasie was.

- **Stry die stryd**
  Dit is belangrik om te besef dat die Satan die heropbou van die selfbeeld en herstel van ander verhoudings gaan probeer teëstaan (Frank, 1995:149). Hier kan Satan valse skuldgevoelens beklemtoon of dalk vir die meisie laat glo dat sy nooit sal herstel of ŉ vreugdevolle lewe sal lei nie.

**Praktiese riglyne**

Die volgende terapeutiese oefening kan met die beradene gedoen word:

- Trek drie kolomme op ŉ stuk papier en skryf die volgende woorde bo-aan elkeen van die kolomme: bevoegdheid, behoort en waardigheid. Skryf vervolgens insidente neer waarin elkeen van hierdie gevoelens beleef is in die verlede.
- Afhangende van die lengte van die lys in elke kolom kan die volgende areas van die selfbeeld uitgewys word:
  - As bevoegdheid die langste lys het, is daar moontlik ŉ geneigdheid vir die beradene om hom/haarself te bewys ten einde liefde en erkenning te ontvang.
  - Indien die lys van gevoelens rondom behoort die langste is, probeer die beradene heelwaarskynlik heeltyd ander gelukkig hou ten einde aanvaar te word.
  - Indien die lys rondom waardigheid die langste is, is daar moontlik ongesonde verdedigingsmeganismes in plek om hiervoor te kompenseer (Frank, 1995:151).
  - Vra die Heilige Gees om verkeerde persepsies rondom die self en God met waarhede uit God se Woord te vervang (Coetzer, 2012:83-91).

Lees Jesaja 43 en memoriseer 2 Korintiërs 10:5 (Frank, 1995:151).

### 5.2.1.10 Stap 10: Reik uit en betoon empatie met ander

Om uit te reik na ander bevorder heling van die verwonde persoon. Hulle kan voortdurend bly treur oor wat met hulle gebeur het of hulle kan hulle verwonding as ŉ getuienis gebruik om andere te bemoedig, sodat hulle op soortgelyke wyse God vir heling kan vertrou te midde van hulle omstandighede.

Persone wat emosionele verwonding beleef het, wil dikwels andere help. ’n Ondersteuningsgroep is ’n goeie idee, maar daar moet veral aan die volgende areas aandag gegee word:

- Leierskap: dit word aanbeveel dat die leierskap van so ’n groep uit ’n professionele persoon en ’n verwonde persoon, wat van die verwonding herstel het, bestaan. Indien die professionele persoon ’n man is, moet hy goeie kennis rakende bloedskande hê en in staat wees om empatie met vroue te betoon. Indien die leierskap beide vroue is, moet ten minste een van die vroue oor sterk moederlike eienskappe beskik.
- Formuleer doelwitte vir die groep deur veral op die volgende aspekte te let:
    - ’n Veilige omgewing moet voorsien word waar mense hulleself kan uitdruk en waar volkome aanvaarding en onvoorwaardelike liefde gedemonstreer word.
    - Akkurate inligting rakende viktimisering moet voorsien word.
    - Voorsien ’n plek waar mense weer hoop kry.
    - Voorsien ’n omgewing waarin nuwe gedrag getoets kan word en verkeerde denkpatrone uitgedaag kan word.
    - Voorsien ’n atmosfeer waarin mense God se liefde vir hulle kan ervaar.

**Praktiese riglyne**

’n Ondersteuningsgroep behoort die volgende aspekte in te sluit:

- ’n Tydskedule, bepaalde aantal lede, toelatingsvereistes, vertroulikheid, die vorm en aard van die byeenkomste, die kostes, waar die groep gaan vergader en hoe die groep, byvoorbeeld deur ’n kerk, gevorm gaan word.
- Daar is bevind dat vir vrouegroepe dit effektief is om vir 10 weke te funksioneer, met ’n maksimum van 10 vroue vir 90 minute per week.
- Bid oor die keuring van voornemende lede en kies lede wat op verskillende fases van die helingsproses is.
- Elke lid moet haarself tot vertroulikheid van alles verbind wat in die groepsessies bespreek mag word. Dit is van uiterste belang om God die eer te gee (Frank, 1995:159-161).

Die navorser is van mening dat hierdie ondersteuningsgroepe ook ŉ groot bydrae in die lewens van adolessente meisies met afwesige vaders kan lewer.

#### 5.2.1.11 Bruikbare praktiese aspekte vanuit Jan Frank se 10-fase-genesingsmodel

- ŉ Meisie wat vanweë die afwesigheid van haar vader trauma beleef het, moet begelei word om deeglike selfevaluering te doen en haarself in waarheid te ondersoek. Hierdeur word die Heilige Gees toegelaat om heling te bewerkstellig.
- Verbalisering van die gebeure deur die meisies wat traumatiese ervarings weens vader-afwesigheid beleef het, is belangrik en daar moet gefokus word om die gebeurtenis in die familiekonteks te sien.
- Die meisie met ŉ afwesige vader behoort die gevoelens wat tydens die traumatiese gebeurtenis ervaar is, onder leiding van ŉ opgeleide terapeut te herbeleef aangesien gevoelens wat deur traumatiese gebeure veroorsaak is, dikwels onderdruk en ontken word.
- Dit is belangrik dat die beradene spesifiek fokus op wie aanspreeklik vir die traumatiese gebeure was.
- Dit is veral belangrik indien daar molestering of verkragting plaasgevind het dat die beradene, wat vir die doel van hierdie studie, die meisie met ŉ afwesige vader insluit, die aggressor alleen aanspreeklik vir die gebeure hou en dit nie probeer verdoesel nie.
- Gedragspatrone, veral rondom verhoudings van die meisie met ŉ afwesige vader, wat weens traumatiese gebeure ontstaan het, word intensief ondersoek en onder leiding van die Heilige Gees verander.
- Groot klem word op ondersteuningsgroepe van mense gelê wat deur soortgelyke traumatiese gebeure gegaan het, sodat valse veronderstellings en waardesisteme verander kan word. Die navorser is van mening dat ondersteuningsgroepe wat veral klem op meisies met afwesige vaders sal lê, of ouer dames wat deur soortgelyke traumas as adolessente meisies gegaan het, van groot waarde sal wees.
- Die aggressor moet vervolgens gekonfronteer word en dit vind onder begeleiding met baie intensiewe gebed plaas. Dikwels moet die beeld wat slagoffers van God het ook herstel word. Omdat die aardse vader dikwels vir die traumatiese ervaring

verantwoordelik is, word die beeld van God as Vader aangetas en behoort meisies met afwesige vaders begelei te word om die beeld wat hulle van God het te verander.

- Dit is veral belangrik vir die meisie met ʼn afwesige vader om hom te vergewe deur die pyn toe te eien, haar gebondenheid te ervaar en dit vervolgens te laat gaan, die aggressor te vergewe en die verhouding te herbou. Hier word veral klem op die herstel van die selfbeeld en verhoudings gelê.
- Nuwe persepsies oor God moet gevestig word deur te besef wat Jesus aan die kruis gedoen het en die leuen te identifiseer. Meisies met afwesige vaders moet hierin deur ʼn opgeleide terapeut onder leiding van die Heilige Gees begelei word.
- Gehoorsaamheid aan God is belangrik in die herstelproses van veral intieme verhoudings en kommunikasie en dus moet die meisie met ʼn afwesige vader in die proses van gehoorsaamheid aan God begelei word.
- Dit is belangrik om die beradene, vir die doel van hierdie studie is dit die adolessente meisie met ʼn afwesige vader, Jesus se teenwoordigheid tydens die trauma te laat ervaar.
- Die meisie met ʼn afwesige vader wat trauma beleef het, kan empatie betoon deur na ander uit te reik en hulle te bemoedig. God word ook vir heling vertrou ten spyte van die beradene se omstandighede.

### 5.2.2 Die beradingsmodel van Sara Trollinger

Hierdie model is op werklike gevallestudies van adolessente deur beraders by *House of Hope* in Orlando in Florida gebaseer. Hulle gebruik die sogenaamde *Triage Counseling Process*. Sara E. Trolliger is die stigter en president van die *House of Hope* in Orlando. Deur haar beproefde, Christelike model lei sy duisende beraders wêreldwyd op. Sy het vir 25 jaar in Orlando skoolgehou voor sy *House of Hope* gestig het. Sy het ʼn doktorsgraad van die *International Seminary* verwerf. In 1951 het sy Jesus as haar persoonlike redder tydens ʼn diens van Billy Graham aangeneem (House of Hope Orlando, s.a).

Die rede waarom hierdie model gekies word, is eerstens omdat die fondasie van die model op die Woord van God gebaseer is. Tweedens omdat die berading onder die leiding van die Heilige Gees plaasvind waar daar doelbewus na Sy leiding rakende Bybelse wysheid, kennis, onderskeiding van die gees, verlossing, innerlike heling, bevryding

van slawerny en bevryding van gedrag wat deur geslagte voorkom gevra word. Deur gebed word die deur geopen sodat die Heilige Gees die sessie volgens Sy wil kan behartig. Derdens word die ouers by die berading betrek en dus word hulp aan beide die adolessent en die ouers verleen (Trolliger, 2007:xxii-xxiii). ŉ Adolessent kan nie na ŉ disfunksionele familie teruggestuur word en van hulle verwag word om ŉ sukses van hulle lewens te maak nie. Dit is dus noodsaaklik dat die ouers ŉ kerk moet bywoon wat die Drie-enige God verkondig. Weeklikse ouerskapklasse en ŉ besoek van ten minste twee ure per Sondag aan hulle adolessente kinders word ook verwag (Trollinger, 2007:30).

Die model bestaan basies uit die volgende hoofpunte:

- **Stap 1: Stel vas wat die adolessent se verhouding met God is?**
  Hier word bepaal of die persoon ŉ verhouding met Jesus Christus het en die belangrikste terapie in stap 1 is verlossing en vergifnis.

- **Stap 2: Wat veroorsaak die pyn?**
  Hier in stap 2 is die persoon stabiel maar het dieper wonde wat behandel moet word. Die belangrikste terapie in stap 2 is vir innerlike heling.

- **Stap 3**: **Wat het in die verlede gebeur wat aangespreek behoort te word?**
  In stap 3 word die oorsaak en diepte van die verwonding bepaal. Dit geskied deur middel van die assessering van die familiegeskiedenis. Die persoon is stabiel, maar moet gemonitor word.

- **Stap 4: Identifiseer hul probleme en begelei hulle tot verlossing in Christus.**
  Werklike terapie begin in stap 4. In hierdie stap word daar gefokus op die verbreking van enige betrokkenheid wat die persoon by bose magte of praktyke mag hê, met totale oorgawe aan die Heilige Gees uiteindelik. Identifikasie van probleme kan onmiddellik geskied of later afhangende van die persoon self.

- **Stap 5: Watter gedragsveranderinge en grense is nodig om gesond te word?**
  Die persoon is gereed om huis toe te gaan. Die persoon word ingelig oor die terapie wat benodig word om weer in die samelewing terug te gaan. Nasorg moet

altyd beskikbaar wees en dit help die beradene om in te pas en in die samelewing te oorleef sonder om weer terug te val (Trollinger, 2007:xxvi-xxvii).

Vervolgens gaan elke stap in meer detail bespreek word.

#### 5.2.2.1 Stap 1: Wat is die adolessent se verhouding met God? (Dit sluit verlossing en vergifnis in)

- **Verlossing**

  Meeste adolessente wat verwond is, glo dat niemand hulle kan liefhê nie en hulle lewens word deur selfhaat en skaamte gedryf. Alhoewel baie verwonde adolessente worstel met hulle verhouding met God, is sommige verbasend ontvanklik vir God se liefde en die beraders moet hulle hoop in God met die beradenes deel.

  Die beradene word op liefdevolle wyse ingelig dat hy/sy die geleentheid gaan kry om te ontwikkel in die persoon wat God hom/haar bestem het om te wees sonder dat Christelike godsdiens op hulle afgedwing sal word. Alhoewel sommige adolessente se pyn en frustrasie so intens is dat hulle nie dadelik aanvaar dat God hulle liefhet nie, bereik hulle wel meestal uiteindelik tog daardie punt. Hier word veral op Jesaja 55:11 gefokus (Trollinger, 2007:2-3).

  Verlossing genees egter nie noodwendig alle spirituele, psigologiese of fisiese probleme nie. Die berader moet dus probeer vasstel wat die werklike tipe probleem is. Indien medikasie gebruik word, en daar word vasgestel dat die probleme eintlik psigologies of spiritueel is en opgelos word, sal die medikasie in samewerking met die dokter verander word (Trollinger, 2007:35).

- **Vergifnis**

  Volgens die kliniek open vergifnis die deur na alle bedieningsareas soos onder andere generasievloeke, geloftes wat gemaak is, sielsbande en goddelose oortuigings, en baan die weg vir totale vryheid (Trollinger, 2007:4-5).

  Wat beteken vergifnis egter werklik? Vergifnis beteken "…to pardon or excuse an offense without attaching a penalty; to cancel a debt". Vergifnis beteken om af-

stand te doen van die reg tot vergelding. Niemand kan enige iets aan jou doen wat nie deur die bloed van Jesus skoongewas kan word nie. God gee vrylik vergifnis aan almal. Wat wel belangrik is om te onthou, is dat vergifnis ŉ wilsbesluit is en nie op gevoelens gegrond word nie (Trollinger, 2007:39).

Dit is dikwels vir adolessente en hulle ouers moeilik om te vergewe aangesien hulle dikwels wrokke koester, verwerping ervaar, asook selfbejammering en soms selfhaat. Hulle voel ook nie in staat om die wat hulle seergemaak het te vergewe of lief te hê nie, maar hulle word gewys op, wat die Woord van God rondom die onderwerp aanbeveel, soos in Markus 11:25-26 beskryf.

Wanneer hierdie stadium in die beradingsproses bereik word, is daar drie vergifnisgebede wat saam met die beradenes gebid word. Dit behels kortliks ŉ gebed om hulle sondes te vergewe, ŉ gebed om ander te vergewe en ŉ gebed om hulleself te vergewe (Trollinger, 2007:38).

- **Wie moet vergewe word?**
  Die mense wat die naaste aan haar is, soos in Filippense 3:13 en 1 Petrus 3:8-9 beskryf, asook die mense wat herhaaldelik seermaak, soos in Matteus 15:22 beskryf. Verder moet mense wat in outoriteitsposisies aangestel is, soos in Prediker 10:4 beskryf ook vergewe word. Laastens moet God vergewe word, aangesien God dikwels vir trauma blameer word wat gebeur het. Aan die adolessent word uitgewys wie die regte vyand is, soos in Jakobus 1:17 beskryf (Trollinger, 2007:41-42).

- **Wanneer moet daar vergewe word?**
  Elke keer wanneer daar onvergewensgesindheid in die hart is – lees Efesiërs 4:30-32. Trollinger (2004:42) is ook van mening dat vergifnis ŉ proses is wat nooit ophou nie – lees Romeine 12:2.

- **Waarom is dit belangrik om te vergewe?**
  - Vergifnis maak dit moontlik om vryheid te verkry in ander areas van heling. Dit is ŉ sonde om nie te vergewe nie. Psalm 66:18 wys daarop dat God nie gebede beantwoord wanneer daar nie vergifnis in die hart is nie.

- Vergifnis word dus deur God vereis. Vergifnis is ʼn wilsbesluit in gehoorsaamheid aan God. Verskeie Skrifgedeeltes beklemtoon dit (vgl. Matt 5:44; Matt 18:33-35; Mark 11:25-26; Ef 4:26).
- God gaan nie namens jou vergewe nie, dit is ʼn wilsbesluit van jou kant af. Lees Romeine 12:18-19 en Hebreërs 12:14.
- Onvergewensgesindheid laat die persoon van binne sterf. Dit kan siektes soos kanker, virusse en artritis veroorsaak. Vergelyk Filippense 4:7 (Trollinger, 2007:43-44).

- **Hoe vergewe ʼn mens?**

  Volgens Trollinger (2007:45-46) moet die beradene hom/haarself toelaat om seer te kry (Ps 34:18). Deur vergifnis word die eie aandeel in die situasie raakgesien en kan daarvoor by God vergifnis voor gevra word (Matt 7:3-5). Dit is ʼn wilsbesluit, aangesien Jesus vir almal aan die kruis gesterf het (Matt 6:14-15 en Matt 18:35). Die beradene self word bevry deur te vergewe, en dit in God se hande oor te gee (2 Kor 10:3-5).

- **Vergifnisgebede**

  Bid die drie vergifnisgebede soos onder vergifnis genoem. Totale vergifnis het plaasgevind wanneer:

  - die beradene nie wil hê enige iemand anders moet seerkry as gevolg van wat met hulle gebeur het nie;
  - indien die oortreder God leer ken en dus genees word (alhoewel dit nie die slagoffer kan verhoed om te vergewe indien dit nie gebeur nie);
  - as die beradene nie wil hê die oortreder moet voel hy word veroordeel nie of kwaad vir homself of bang wees nie;
  - as dit maklik gemaak word vir ander om hulleself te vergewe en om die oortreder aan te hou vergewe.

#### 5.2.2.2 Stap 2: Wat veroorsaak die pyn?

Wanneer ʼn beradene aanmeld by die kliniek word ʼn deeglike analise van fisiese, sowel as emosionele wonde, gedoen.

Die beradene word weereens in gebed begelei om die wat hulle verwond het te vergewe. Tydens die gebedsessie word die beradene versoek om God te vra om hulle te wys wat die muur om hulle harte veroorsaak het. Dit gebeur omdat die persoon wat verwond word, nie weet hoe om die pyn te prosesseer nie en vervolgens word daar ŉ muur om hulle harte gebou in ŉ poging om te probeer om van die pyn te vergeet. Daar word voortdurend seker gemaak dat die wonde aangespreek is en dat daar ŉ verandering in gedrag plaasgevind het (Trollinger, 2007:8).

In elke mens is ŉ diepgewortelde begeerte na liefde, aanvaarding en eiewaarde. Dit is ouers se plig om hierdie behoeftes van die kind aan te spreek, maar in werklikheid kan slegs God hierdie behoeftes volwaardig bevredig. Kinders wat in ŉ liefdevolle omgewing opgroei waar God se waardes seëvier, ontwikkel eiewaarde.

Kinders uit disfunksionele huise ontwikkel egter ŉ valse gevoel van waardeloosheid en dit word van geslag tot geslag oorgedra. Hierdie kinders draai dikwels na destruktiewe gedragspatrone in ŉ poging om hulle onbeantwoorde behoeftes te bevredig. In huise waar die ouerlike struktuur verbrokkel het, word dikwels gevind dat die adolessent alle vertroue en sekuriteit verloor het (Trollinger, 2007:51-52).

In hierdie model word die Heilige Gees vertrou om daardie spesifieke gebiede, waar die adolessent heling benodig, uit te wys. Die volgende simptome kan verskyn indien die persoon nie heling vir die gebrokenheid ontvang nie:

- mishandeling (fisies, seksueel, geestelik, emosioneel, verbaal);
- verslawingsprobleme;
- woede;
- verwardheid (sukkel met besluitneming);
- depressie;
- ongehoorde behoefte aan aandag trek;
- vrese;
- skuldgevoelens;
- identiteteitsprobleme;
- onvergewensgesind;
- alleenheid en nagmerries, om maar net ŉ paar te noem (Trollinger, 2007:53-54).

Die doel van innerlike genesing word in Jesaja 61:1-3 uitgespel. Dit is baie belangrik dat die berader deurentyd op die Heilige Gees staatmaak, om seker te maak dat wat gesê word, wel volgens die Woord van God hanteer word. Daar moet geen veroordeling van die persoon wees nie. Indien moontlik moet die volwassene of adolessent self hulle behoefte voor God verwoord, terwyl hulle voortdurend na Jesus gedurende die gebed gelei word.

Die berader moet seker maak die beradene wil gehelp word. Gaan soek vervolgens na die oorsake van die wonde onder leiding van die Heilige Gees. Wag op God om die wonde aan die beradene te openbaar en gee die Heilige Gees genoegsaam tyd om Sy heling te doen. Nadat die proses afgehandel is, word daar gebid dat die heling geseël sal word en dat die proses sal voortgaan (Trollinger, 2007:60-61).

#### 5.2.2.3 Stap 3: Wat het in die verlede gebeur wat aangespreek behoort te word?

Volgens die Bybel in Exodus 20:5-6 word die effek van die sonde van geslag tot geslag oorgedra. Hier word na die derde tot vierde geslag van die wat Hom haat verwys. Baie verwonde adolessente kom uit gebroke en disfunksionele huise waarin die nalatenskap van vorige geslagte deel van hulle lewens is. Slegs Jesus Christus kan die greep verbeek (Trollinger, 2007:11).

Volgens Trollinger (2007:130-131) is daar twee tipes generatiewe patrone, naamlik: vloeke of seëninge wat uitgespreek word, asook die sondes van die vaders. Vloeke en seëninge kan beskryf word as "…words that have spiritual authority to set in motion something that will continue to have an effect from generation to generation". In Jakobus 3:10 word gesê dat beide vloeke en seëninge uit dieselfde mond kan kom. In Lukas 10:19 het Jesus egter die mens outoriteit oor goed gegee wat teen hom gespreek word en Jesaja 54:17 bevestig dat vloeke nie sal seëvier nie. Daar is drie bronne waaruit vloeke teen ʼn persoon gespreek kan word, naamlik: vanaf ander mense, vanaf hulleself en ongehoorsaamheid aan God se wil.

Dit is belangrik om spesifieke sondes wat die vaders gedoen het te identifiseer, sowel as enige ander vloeke wat uitgespreek is. Herhaalde negatiewe, spirituele invloede en patrone sowel as tragedies, siektes, miskrame, aborsies, vroeë sterftes, finansiële pro-

bleme, egskeiding, ensovoorts moet ook gelys word. Hierna word vir elkeen van hierdie elemente op die lys gebid en vervolgens word nagmaal daarna gehou (Trollinger, 2007:139).

ŉ Verdere probleem wat aangespreek moet word, is goddelose oortuigings. Hierdie word meestal weens trauma gevorm, maar is leuens wat geglo word. Adolessente wat nie hierdie oortuigings laat vaar nie, word nooit heeltemal volwasse nie. Hierdie oortuigings word gewoonlik versterk en dit neem gewoonlik ten minste 21 tot 30 dae vir die adolessent om die oortuiging te verander (Trollinger, 2007:146-147).

#### 5.2.2.4 Stap 4: Identifiseer hul probleme en begelei hulle tot verlossing in Christus

Baie gesinne het "emosionele chirurgie" nodig om die generatiewe siklus van sondige gedrag te stop. Deur sondige gedrag soos byvoorbeeld buite-egtelike seks, rook van dagga, dwelmmisbruik en die okkulte, is die deur oopgelaat om ongoddelike spirituele aktiwiteite in hulle lewens toe te laat wat hulle onderdruk. In Lukas 10:19 het die Here vir die mens outoriteit oor die mag van die vyand, naamlik Satan gegee en dus moet daar op die naam van Jesus staatgemaak word om outoriteit oor hierdie magte te neem. Dit is egter belangrik om voor so ŉ sessie ernstig in gebed voor te berei en om gebedsgroepe, of persone, te nader om tydens die sessie saam te bid. Verder moet Jesus gevra word om almal wat aan die sessie deelneem met Sy bloed vir beskerming, vrede en oorwinning te bedek. So ŉ sessie kan slegs onder die leiding en teenwoordigheid van die Heilige Gees plaasvind waarin die persoon sy sondes bely en Jesus vra om elke ketting te breek. Die berader moet egter deeglik van sy eie lewe bewus wees en sonde vermy (Trollinger, 2007:11-12).

Volgens Trollinger (2007:151-154) kan ŉ Christen nie deur ŉ bose gees of demoon beset word nie, aangesien hulle gees deur die Heilige Gees besit word, maar hulle kan wel deur verkeerde keuses in die verlede deure vir negatiewe, spirituele invloede oopgemaak het wat hulle kan beïnvloed. Dit is egter baie belangrik om God se onderskeiding te vra sodat duidelik onderskei kan word of daar wel negatiewe invloede is en of dit net byvoorbeeld ŉ persoonlikheidsversteuring is. Sy wysheid is hier van kardinale belang om vir die berader aan te toon wat gedoen moet word met, dit wat geopenbaar word. Dit is belangrik

om by die beradene uit te vind of daar enige okkultiese betrokkenheid deur die persoon of die familie in die verlede was en vervolgens vir elke ondervinding die beradene in gebed vir bevryding te lei. Beide die berader en die beradene moet deeglik voorberei alvorens so ŉ sessie aangepak word. Daar behoort ernstig vir onderskeiding gebid te word. Verder behoort die berader te vas en ŉ baie sterk geloof hê. Die beradene kan tydelike verligting beleef of in ernstige worsteling verkeer en moet dus met deernis en liefde behandel word. Daar moet seker gemaak word die beradene wil volkome van alle negatiewe spirituele invloede vry kom en nie slegs net van party nie. Daar moet ook deur die beradene gevas word, Bybel gelees word en volkome vergifnis gevra word. Bid saam met ŉ gebedsgenoot vir bevryding van elke ondervinding. Sluit af met lofprysing en danksegging (Trollinger, 2007:156-162).

Dikwels het sekere simbole beide Christelike en okkultiese betekenisse en die beradene moet dus nie sommer net geoordeel word nie. Adolessente met onbevredigde behoeftes beland dikwels in die greep van kultusse, aangesien die kultus dit wat hulle benodig verskaf, naamlik ŉ oor om te luister en ŉ gevoel van ek behoort iewers (Trollinger, 2007:169-170).

Seksuele aktiwiteite wat op kinders of adolessente afgedwing word, kan hulle sosioale ontwikkeling strem. Dit veroorsaak dat sommige adolessente in hulle volwasse lewens steeds soos tieners optree, aangesien hulle nooit die ontwikkeling vanaf tiener na volwassene voltooi het nie en dus nie hulle identiteit ontdek het nie. Hulle het nooit geleer hoe om liefde te ontvang of te gee nie en gevolglik word seks die enigste vorm van liefde.

Hierdie adolessente gaan dus die adolessente jare in met die emosionele kapasiteit van ŉ veel jonger kind wat tot swak kognitiewe verstaan van seks lei en dikwels eindig dit in seksverslawing (Trollinger, 2007:171-172).

Eetversteurings kom ook algemeen voor. Meisies met ŉ eetversteuring het ŉ drang om kos te beheer. Die media, ouers en portuurgroep plaas geweldige druk op meisies om maer te wees. Om maer te wees verteenwoordig nie net aantreklikheid nie, maar ook sukses, selfbeheer en hoër ekonomiese status (Trollinger, 2007:177-178).

Trollinger (2007:182-185) stel die volgende punte voor wat ouers kan doen om gesonde eetgewoontes by adolessente meisies aan te wakker. Ouers moet bedag wees op veran-

deringe tydens die fisiese groeiproses van die adolessente meisie; versigtig wees met woorde – veral oor vet wees en nie eers ŉ grap oor haar eetgewoontes maak nie. Verder moet daar nie voortdurend oor gewigsverlies en diëte voor die adolessente meisie met ŉ eetversteuring gepraat word nie, selfs al sukkel die ouer self met gewigsprobleme. Drie gebalanseerde etes moet elke dag voorsien word en feite oor gewigsverlies en die gevare van eetversteurings moet uitgewys word. Dit is belangrik om te onthou dat eetversteurings eintlik oor beheer gaan en dus moet die ouer eerder haar gawes en talente as haar voorkoms komplimenteer en hulle liefde vir haar voortdurend bevestig.

#### 5.2.2.5 Stap 5: Watter gedragsveranderings en grense is nodig om gesond te word?

Hierdie stap moet so gou as moontlik na bogenoemde vier stappe begin. Die proses bestaan uit die volgende drie hoofpunte:

- Eerstens om hulle verhouding met God te bou sodat Hy ŉ integrale deel van hulle lewe word deur die Woord van God te lees en na Hom te luister, gemeenskap met medegelowiges, gebed en lofprysing (Trollinger, 2007:13).
- Tweedens om beskadigde verhoudings tussen ouers en adolessente sowel as ander persone te herstel deur grense te stel. Fisiese grense gaan hulle help om te weet wie aan hulle mag vat en waar dit aanvaarbaar is. Deur verstandelike grense te implementeer verkry hulle die vryheid om hulle eie denke en opinies te hê. Emosionele grense help met die hantering van eie emosies en om skadelike emosies soos manipulering van ander persone raak te sien. Deur spirituele grense te stel word hulle in staat gestel om God se wil van hulle eie wil te onderskei (Trollinger, 2007:13).
- Derdens om verhoudings te bou met persone wat God ken deur tussen veilige en onveilige vriende te kan onderskei.

Dit is belangrik vir die adolessent en die ouers om vervolgens gereed te maak om huis toe te gaan. Hierdie deel van die beradingsproses bestaan uit die daar stel van heling, rigting en advies vir die pad vorentoe. Vir langtermyn sukses behoort daar grense in plek te wees wat gesonde verhoudings bou en almal behoort hulle identiteit in God te ken, wat ŉ goeie eiewaarde insluit. Verder is positiewe groepsdruk deur die familie, vriende,

gemeenskap en die kerk noodsaaklik sodat ŉ sterk geloof gebou word (Trollinger, 2007:189-190).

**Wat doen grense vir adolessente?**

Selfsbeheersing word aangeleer. Grense gee ŉ sekere mate van sekuriteit en adolessente voel verlore en ongemaklik as daar nie beperkings is nie. Ongesonde gedagtes rakende die self en ander word duidelik (Trolinger, 2007:191).

**Wat kan die ouers doen?**

In veral enkelouergesinne is dit soms baie moeilik om grense te stel en te onderhou. Die adolessente wil vry wees en die ouers wil hulle beheer. Dit is ŉ proses wat aangeleer moet word. Ouers moet weet wanneer om te laat gaan en wanneer om grense te stel. Die adolessent moet toegelaat word om besluite te neem maar ook die gevolge van daardie besluite te dra. Die grense moet egter konsekwent toegepas word (Trollinger, 2007:192).

Grense moet ten opsigte van die adolessent se ouers en ander mense gestel word. Dit is noodsaaklik aangesien ouers dikwels adolessente van ŉ gesonde en gelukkige lewe en die geleentheid om volwasse te word beroof, indien grense nie gestel word nie. God stel ook grense in Sy Woord. Lees Jeremia 7:23 en Prediker 12:13 (Trollinger, 2007:197).

God is baie duidelik oor die dinge wat Hy liefhet maar net so duidelik oor, dit wat Hy haat. Hy verklaar Sy grense sodat ons ŉ gesonde verhouding met Hom kan hê. Afwesigheid van persoonlike grense veroorsaak dat die persoon ŉ valse gevoel van verantwoordelikheid aanvaar vir ander mense se gevoelens wat vervolgens onderwerping aan ander se beheer en verwagtinge tot gevolg het (Trollinger, 2007:203-207).

Spreuke 23:7 sê "For as he thinks in his heart, so is he*"* en dit is van toepassing op hoe ŉ adolessent oor haarself voel. Adolessente met ŉ lae eiewaarde het iewers in die verlede leuens oor hulleself gehoor wat hulle verkies om te glo want dit is waar hulle veilig voel. Sodra hulle egter aanvaar dat hulle na God se beeld gemaak is, verander die houding dadelik (Trollinger, 2007:206-207).

Daar word van die adolessente verwag om sekere Skrifgedeeltes te memoriseer, soos byvoorbeeld Jeremia 29:11, Deuteronomium 28:13, Jesaja 43:2 en Markus 9:23. Valse identiteit word met ware identiteit in Christus vervang (Trollinger, 2007:209).

Dit is belangrik om te onthou dat die adolessent se eiewaarde binne die gesin gevestig word, ongeag hoe daardie familie daar uitsien. Dit is dus van kardinale belang om die hele gesin te restoureer ten einde die adolessent volkome herstel te laat ervaar (Trollinger, 2007:213).

Die ouers word aangemoedig om ŉ kerk te vind waarin die adolessent tuis voel. Dit moet ŉ kerk wees wat die Drie-enige God aanbid, maar waar hulle kan deelneem en interaksie hê met die gemeenskap, sodat ŉ basis vir die familie se sosiale lewe kan ontstaan (Trollinger, 2007:218).

Positiewe verandering kan ondermyn word deur ŉ tekort aan positiewe ondersteuning of slegte invloede van die gemeenskap en daarom is dit belangrik dat die beradene goeie kommunikasie behou, aansluit by ŉ goeie kerk en groepberadingsessies soos benodig bywoon. Kliënte moet egter steeds aan hulle geloof bou deur ŉ positiewe gedagtelewe te lei, om te leer om die regte woorde te sê en die vermoë ontwikkel om God se stem te hoor en na ander te luister (Trollinger, 2007:222-223).

Dit is vir die adolessent belangrik om sy denke in lyn met Bybelse beginsels te kry. Dit is nie sonde om ŉ slegte gedagte te kry nie, maar wel om dit te bly oordink en dit in aksie te stel. Ouers kan hiermee behulpsaam wees deur sekere gesinsgewoontes in te stel, soos byvoorbeeld deur slegs as ŉ gesin saam televisie te kyk, meer tyd saam as ŉ gesin te spandeer, meer Bybel te lees, eredienste saam by te woon, betrokke te raak by ŉ selgroep, die adolessent te laat inskakel by ŉ goeie jeugaksie, stiltetyd saam met God te spandeer, en etes saam as ŉ gesin te geniet (Trollinger, 2007:224).

Die woorde wat gebruik word wanneer met adolessente gepraat word, het die vermoë om hulle geloof te ontwikkel en ŉ positiewe identiteit gegrond op die Woord van God te bou. Indien daar herhaaldelik vir ŉ adolessent gesê word dat sy sleg is, sal sy heelwaarskynlik daarvolgens optree, aangesien hulle meestal volgens die verwagting leef wat die ouers en ander mense van hulle het. Die beraders gee voortdurend slegs positiewe woorde en bevestig die adolessente se identiteit in Christus, asook die

toekomstige hoop wat hulle in God het. Vir elke adolessent word daar verse uit die Bybel aangehaal en mee deurgewerk ten einde hulle geloof te versterk. Hulle moet ook daagliks sekere Bybelse tekste bely (Trollinger, 2007:224-228).

Dit is vir die adolessent belangrik om stiltetyd elke dag te hê waarin hulle doelbewus na God se stem luister. Kommunikasie en luistervaardighede tussen die ouers en kinders word aangeleer (Trollinger, 2007:230).

#### 5.2.2.6 Bruikbare praktiese aspekte vanuit Trollinger se genesingsmodel

- Hierdie is ŉ holistiese benadering wat die fisiese-, geestelike- en emosionele gesondheid van die beradene aanspreek. Dit geld ook vir adolessente meisies met afwesige vaders wat moet besef dat hulle deur Jesus Christus verlos is (vgl. 5.2.2).
- God gebruik vergifnis om vryheid ook in ander areas waar heling nodig is te bewerkstellig. Vergifnis is ŉ wilsbesluit in gehoorsaamheid aan God (stap 1) en die adolessente meisie met ŉ afwesige vader moet tot gehoorsaamheid aan God begelei word (vgl. 5.2.2.1).
- Tieners, wat adolessente meisies met afwesige vaders insluit, en hulle ouers word deur hierdie model tot ŉ lewende verhouding met God begelei. Die herstelproses is veral op die herstel van gebroke verhoudings enersyds tussen tieners en hulle ouers en andersyds tussen tieners, hulle ouers en God gefokus (vgl. 5.2.2.1).
- Onverwerkte trauma uit die verlede en veral trauma wat van een generasie na die volgende oorgedra word, word op gefokus. Onder leiding van die Heilige Gees is die genesing van hierdie verwonding moontlik ook vir adolessente meisies met afwesige vaders (vgl. 5.2.2.3).
- Onvergewensgesindheid weens onverwerkte traumatiese gebeure uit die verlede, selfs voor geboorte, kan baie negatief manifesteer indien snellers geaktiveer word in die hede en gevolglik is dit belangrik om hierdie gebeure te identifiseer en tydens intensiewe gebed elkeen individueel aan te spreek en onvergewensgesindheid teenoor God te bely. Dit is belangrik om die adolessente meisie met ŉ afwesige vader hierin te begelei sodat sy Hom kan vergewe (vgl. 5.2.2.3).
- Dit is verder belangrik om moreel eerlik rakende sondes van die verlede te wees en berou te toon en die Heilige Gees toe te laat om pynlike gebeurtenisse van die verlede na vore te bring. Adolessente meisies met afwesige vaders moet ook hulle

eie sondes erken en berou toon en moet hierin onder die leiding van die Heilige Gees begelei word (vgl. 5.2.2.4).

- Dit is noodsaaklik om grense te stel en te onderhou. Die denke van die adolessent, wat meisies met afwesige vaders insluit, moet in lyn met morele beginsels uit die Woord van God gebring word (vgl. 5.2.2.5).

Vervolgens gaan die innerlike genesingsmodel van Charles H Kraft ondersoek word.

### 5.2.3 Charles H Kraft se model van innerlike genesing

#### 5.2.3.1 Inleiding

Charles H Kraft is ʼn professor in Antropologie en Interkulturele kommunikasie by die *Fuller Theological Seminary* se *School of World Mission*. Hy het onderrig in antropologie, missiologie, interkulturele kommunikasie, geestelike oorlogsvoering en gebedsbediening gegee. Hy bied verskeie seminare wêreldwyd aan rakende onderwerpe soos innerlike genesing, bevryding en geestelike oorlogvoering. Hy is ook die outeur van verskeie boeke soos *Deep wounds deep healing* en *Defeating Dark Angels*.

Hy beskryf innerlike genesing as ʼn diepvlakgenesing waar Jesus Christus in werklikheid aan die beradene verskyn en in die proses goed doen wat selde in normale kerklewe voorkom. Die genesing vind in die beradene se hart en gedagtes plaas. Alhoewel daar van tegnieke wat algemeen voorkom in die beradings-professie gebruik gemaak word, word die effektiwiteit daarvan deur die teenwoordigheid van Jesus Christus beïnvloed. Vryheid word nie noodwendig verkry deur bloot te probeer om die pyn van die verlede te vergeet nie, maar om dit te verwerk en in die proses word (Fil 3:13; 2 Kor 5:17) Jesus as die groot geneesheer, ervaar.

#### 5.2.3.2 Wat presies word met diepvlakgenesing bedoel?

Kraft (2010:21-22) beskryf diepvlakgenesing as ʼn tipe berading wat ten doel het om heling en vryheid aan die beradene in totaliteit (fisies, emosioneel en geestelik) deur die krag van die Heilige Gees te bring. Dit sluit in die gees, emosies en die liggaam. Die hooffokus van diepvlakgenesing is dus om te ervaar dat Jesus teenwoordig was tydens die gebeurtenis en dan die pyn vir Hom te gee. Die oogmerk is om genesing van probleme

soos onvergewensgesindheid, depressie, woede, ŉ lae selfbeeld, skuldgevoelens, skaamte, vrees, bekommernis, wellus en verwerping te bewerkstellig. Emosionele verwonding gaan dieper as bloot die verstand en emosies, aangesien die dieper wortels in die onderbewussyn ingebed is, en op hierdie vlak oorgedra word. Die feite rondom gebeurtenisse kan nie verander word nie, maar die emosies wat daaraan gekoppel is, kan met Jesus se hulp verander word. Die tema van vergifnis figureer prominent tydens die model van Kraft waar genesing deur middel van gebed plaasvind.

Volgens Kraft (2010:25-29) word ervaringe as beelde of prentjies in die brein gestoor en daarom is dit belangrik om met die herinneringe in beelde of prentjies eerder as slegs in woorde te werk. Die beradene word in beelde of prentjies teruggevat na die spesifieke gebeurtenis, sodat die waarheid dat Jesus self ook teenwoordig was tydens die gebeurtenis, ervaar kan word en hulle die pyn en verwonding vir Hom tydens die gebedsessie kan gee.

Genesing van die persoon in geheel wat die gees, liggaam, verstand, emosies, persoonlikheid en wil insluit, is dus belangrik tydens die gebedsessie (Kraft, 2010:25). Daar word spesifiek gefokus op, wat God wil hê die berader tydens die sessie moet doen (Kraft, 2010:31).

ŉ Vraelys soos aangeheg as Bylaag A (die tipiese inventaris wat in die Meier Klinieke gebruik word) word vooraf aan die beradene gegee om te voltooi en hierdeur kan die berader belangrike inligting, wat direk op die beradingsessie van toepassing is, verkry sodat die berader ŉ lys van die tersaaklike feite kan voorberei wat met die emosionele verwonding verband hou (Ferreira, 2014:245).

#### 5.2.3.3 Vryheid as fokus

Volgens Kraft (2010:45) is die hooftema van diepvlakgenesing om vryheid te verkry van die ballingskap waarin die bose die mens gevange hou, soos in Lukas 4:18-19 beskryf:

> Die Gees van die Here is op my. Hy het my aangestel om goeie nuus te bring vir daardie mense op wie almal neersien, van nou af is hulle vir God baie spesiaal. God het my gestuur om vir die gevangenes te sê dat hulle vonnis vir altyd verby is; en om die blindes weer te laat sien, om almal wat verdruk word te kom bevry, en om aan te

> kondig: God se bonusjaar is hier, Sy groot jaar om stukkende mense se lewe heel te maak (Van der Watt & Joubert, 2006:1274).

Daar is volgens Kraft (2010:41-47) verskeie hindernisse wat vryheid verhoed, naamlik wêreldbeskouings, sekere gewoontes en onvergewensgesindheid. Dit is veral die gewoonte wat ons as mense het om goed wat met ons gebeur teen onsself, ander en selfs God te hou, wat in onvergewensgesindheid eindig en gevolglik word die persoon as't ware ŉ gevangene van sy/haar eie gebrokenheid. Dit is dikwels vir die beradene baie moeilik om die oortreder, haarself en selfs God te vergewe. Vergifnis is egter ŉ doelbewuste keuse om enige struikelblok wat innerlike genesing kan blokkeer uit die weg te ruim (Ferriera, 2014:247).

Dit word verder dikwels ervaar dat persone wat deur ouers of ander gesagsfigure gemolesteer of mishandel is, geneig is om die karaktereienskappe van die oortreder aan God toe te dig, of God te blameer, omdat hy toegelaat het dat die insident gebeur sonder dat Hy die slagoffer beskerm het.

Dit kan volgens die navorser op adolessente meisies met afwesige vaders van toepassing gemaak word. Dit het tot gevolg dat sy God vrees of kwaad word vir God. Sulke persone is geneig om die gevoelens en herinneringe te vermy, maar Jesus sê in Sy Woord dat die enigste pad na vryheid is om die waarheid te erken. Die slagoffer kan maklik, en verstaanbaar woede, ŉ wrok of haat jeens die oortreder koester, maar selfs die slagoffer moet verantwoordelikheid vir sulke reaksies aanvaar as dit hulle in sonde soos onvergewensgesindheid inlei. ŉ Ernstige sonde waarteen die Bybel voortdurend waarsku (Kraft, 2010:46) soos aangetoon in Matteus 6:14-15 "As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle hemelse Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie" (Du Plessis, 2007:1388).

Die beradene se verwagtinge van die sessies, van die berader, asook van God word vervolgens vasgestel. Daar word uitgevra na die verhouding wat die beradene tans met God het en hoe hulle God in hulle lewens beleef. Indien daar nie geloofsekerheid bestaan nie, word die beradene die geleentheid gegun om ŉ geloofskeuse te maak of om weer ŉ oorgawe aan God te maak (Ferreira, 2014:242,243).

Diepvlakgenesing se oogmerk is dus genesing van innerlike pyn sodat die beradene vry van die gevolge van die innerlike pyn in hulle lewe kan wees en intimiteit met God en ander mense verkry kan word. Hierdie intimiteit word op twee maniere bewerkstellig, naamlik eerstens bring dit genesing van diep wonde, sodat daar op behoorlike wyse met God en andere in verhouding gestaan kan word, en tweedens wanneer ander gehelp word om hierdie vryheid te bekom, word jy as berader self aan God gebind op maniere wat jy nie gedink het moontlik is nie (Kraft, 2010:50).

#### 5.2.3.4 Emosionele wortels van diepvlak probleme

Sonde word as ŉ groot oorsaak in diepvlakgenesing gesien, aangesien feitlik alle probleme wat hanteer word sondeverwant is. Dit is óf die persoon wat vir hulp kom wat gesondig het, óf iemand anders het teen daardie persoon gesondig en die reaksie van so ŉ persoon op die mishandeling, ontwikkel dan in sonde (Kraft, 2010:54-58).

Nêrens in die Bybel word ons toestemming gegee om ander, die wêreld of Satan te blameer vir ons sondes nie. Elke persoon moet verantwoordelikheid vir sy eie sonde aanvaar. Diepvlakgenesing is nie daarop gemik om ander mense te laat skuldig voel nie, maar eerder om hulle te help, om die vergifnis wat hulle in Christus verkry het, te aanvaar.

Wanneer sonde ontken word, veroorsaak dit dat wonde nie volkome genees nie, wat Satan ŉ houvas op so ŉ persoon se lewe kan gee (Ef 4:27). Om dit egter te bely is die teenoorgestelde hiervan. Eerstens moet dit teenoor jouself bely word en daarna teenoor God. Nadat dit afgehandel is behoort die sonde teenoor die naaste bely te word en rekonsiliasie versoek word.

**Wat is sonde?**

Sonde kan gesien word as dat iemand sy lewensdoel mis. In wese word sonde beskou as ontrou aan God se Woord wat die verhouding met God in gedrang bring (Hill & Mullen, 2001:168). Volgens Romeine 14:23 word sonde as enige ongehoorsaamheid aan God gesien. Dit sluit in wrokke, weiering om te vergewe, woede en bitterheid, om wraak te begeer, om nie vir jouself lief te wees nie, jaloersheid, materialisme, om iemand iets te beny en selfs om individualisties te wees. Weens die feit dat die hedendaagse gemeenskap genoemde gedrag as aanvaarbaar beskou, veroorsaak dit dat mense dit

nie as sonde ervaar nie. Die term “sonde” word egter selde in diepvlakgenesing gebruik, aangesien Jesus self die term selde gebruik het. Daar is egter drie belangrike punte wat aandag moet kry rakende sonde en diepvlakgenesing. Eerstens moet die persoon wat herhaaldelike sondige gedrag openbaar, bereid wees om dit op te gee, en hulle wil aan God te onderwerp. Tweedens lê die wortels van sulke sondige gedrag in diep innerlike wonde en dus is dit moeilik vir die beradene om te kies om die gedrag bloot net te staak. Hulle sal egter krag ontvang namate daar deur die probleem gewerk word. Derdens mag die gedrag met sataniese teistering verband hou. Seksuele sondes word egter anders hanteer. Hier is nie slegs die liggaam nie, maar ook die gees betrokke en ongoddelike sielsbande gevorm.

Eerstens moet die persoon dit aan God bely en Sy vergifnis verkry. In gevalle van verkragting is dit nie nodig nie en hier word eerder op vergifnis van bitterheid of woede gefokus. Die persoon gaan na die gebeurtenis onder die leiding van die Heilige Gees terug om daardie persoon te vergewe. Alle sielsbande word in die naam van Jesus verbreek, sowel as enige sataniese teistering wat dit voed. Dieselfde proses kan op ongoddelike spirituele bande toegepas word, sodat die persoon daarvan bevry kan word. Sonde ontstaan dikwels weens die persoon se eie swak keuses, ander persone wat die persoon mishandel, deur sonde wat deur generasies oorgedra is, of selfs deur gesags-figure (Kraft, 2010:59-63).

Die ideale verhouding met God impliseer, volgens die Skrif, dat die persoon ’n nuwe mens word. Die ideale verhouding met jouself, beteken dat jy jouself sal liefhê soos God jou liefhet, jouself aanvaar en jouself vergewe. Die ideale verhouding met ander impliseer om hulle lief te hê soos God hulle liefhet en dus soos jy jouself liefhet (Kraft, 2010:64).

Die wortels van diepvlak probleme is dus hoofsaaklik gekoppel aan sonde, wanneer jy jou verhouding met God afskeep, wanneer jy ’n verwronge beeld van God het, woede teenoor God, sataniese teistering, demonisering en vloeke. Sulke tendense het nie slegs emosionele probleme tot gevolg nie, maar kan selfs ook in fisiese probleme eindig (Kraft, 2010:68-70). Diepvlakgenesing transformeer die mens op sy diepste vlak. Dit vereis totale geestelike oorgawe aan Jesus Christus en gaan met belydenis van sonde gepaard. Die onverwerkte pyn en trauma van die verlede wat in die diepste innerlike mens geberg

word, kan slegs deur eerlike introspeksie onder leiding van 'n begeleier wat totaal van die leiding van die Heilige Gees afhanklik is, ontbloot word. Genesing op hierdie vlak het langtermyn resultate tot gevolg, asook 'n beter verhouding met God, hulself en andere.

#### 5.2.3.5 Proses om wonde van die verlede te hanteer

Kraft (2010:82-85) beskryf drie tipes van geheue wat verwonde persone kan hê:

- **Prosedurele geheue**
  Hierdie tipe geheue is hoofsaaklik op aktiwiteite gebaseer wat vaardighede en gewoontes insluit. Reflekse wat outomaties gebeur word hier gestoor. Dit sluit in gewoontes van woede, onvergewensgesindheid, self-verwerping, skaamte, vrees en baie ander destruktiewe gevoelens (Kraft, 2010:83).

- **Semantiese herinneringe**
  Hierdie tipe geheue is op woorde gebaseer en stoor konsepte en feite. Die persoon se akkumuleerde kennis word hier geberg en speel 'n uiters belangrike rol in sy daaglikse lewe. Dit sluit veralgemenings en veroordeling van sekere groepe mense in. Hierdie geheue sluit in logiese denke, redenering, liniêre denke en ander intellektuele aktiwiteite (Kraft, 2010:83-84).

- **Episodiese herinneringe**
  Hierdie tipe geheue is op ondervinding gebaseer wat prentjies insluit. Die goeie sowel as die slegte herinneringe word so gestoor. Schacter (1996:17) verklaar die volgende hieroor "In order to be experienced as a memory, the retrieved information must be recollected in the context of a particular time and place and with some reference to oneself as a participant in the episode".

  Herinneringe wat hier gestoor word, sluit die totale ondervinding in, naamlik die gebeurtenis sowel as onder andere die gevoelens, reaksies en intuïsie. Met diepvlakgenesing word mense na die oorspronklike ervaringsgeheue teruggevat en hulle word daarvan bewus gemaak dat Jesus saam met hulle in die situasie was, en die berader moedig hulle aan om die pyn vir Hom te gee en die oortreder te vergewe. Feite kan nie verander word nie, maar die persoon se reaksie daarop kan verander. Feite en prentjies word dus in diepvlakgenesing gebruik deur ge-

stoorde herinneringe met ŉ nuwe prentjie te vervang met die feit dat Jesus tydens die gebeurtenis teenwoordig was. Dit is egter belangrik om te onthou dat baie van hierdie prentjies slegs in die onderbewuste van die persoon bestaan en dus slegs onder leiding van die Heilige Gees en tydens gebed herroep kan word (Kraft, 2010:84-86).

Nie alle mense kan hulleself weer in die gebeure beleef nie. Vir die sulkes kan dit genoeg wees om die gebeurtenis in hulle geheue te onthou en vervolgens te bid dat Jesus Sy kruis tussen hulle en daardie gebeurtenis plaas, sodat hulle genesing van daardie gebeure kan ontvang en slegs Jesus se genade en vrymaking deur kruisdood kan ervaar wanneer aan daardie gebeurtenis gedink word (Kraft, 2010:94).

Wonde van die verlede wat nie behandel word nie, raak geïnfekteerd en kan die huidige lewe van die persoon negatief beïnvloed. Sulke wonde veroorsaak dikwels gevoelens van verlating. Dit is veral belangrik in gevalle waar een van die ouers sterf of na ŉ egskeiding. Die kind blameer haar/homself vir die ouer wat "verloor" is. Daar ontstaan dikwels ŉ binne-kind. Verwerping is ŉ ander voorbeeld van ŉ wond, waarin die kind dit beleef asof daar fout is met hom-/haarself. Dit kan in self-verwerping ontwikkel en later moontlik selfs, selfhaat. Verder kan emosionele wonde ook gevoelens van waardeloosheid, skaamte, skuld, woede, wrokke, bitterheid, vrees, angs en bekommernis laat manifesteer.

#### 5.2.3.6 Genesing van ŉ beskadigde selfbeeld

Alhoewel die bose nie vir ons swakhede en mislukkings geblameer kan word nie, is dit tog heeltyd in die agtergrond. Dit is juis deur hierdie beskuldigings waar die bose sy grootste aanvalle loots, aangesien hy die mens wat na God se beeld en gelykenis gemaak is, haat. Dit dryf hom daartoe om die mens in sy identiteit as God se kinders aan te val. Satan is jaloers en val mense op verskeie maniere aan, maar veral om hulle leuens rakende hulle identiteit voor God te laat glo. God se beeld van die mens is wesenlik in kontras met, dit wat Satan wil hê die mens moet glo. Kraft (2010:141) gee ŉ skematiese voorstelling hiervan soos volg:

| SPIRITUELE WORTELS VAN DIE SELFBEELD | | | |
|---|---|---|---|
| Leuens maak ons kreupel | Satan se beskuldig prentjie | God se aanvaarding prentjie | Waarheid maak ons vry |
| | Verwerp jouself | Aanvaar jouself | |
| | Dra skuld | Aanvaar vergifnis | |
| | Onwaardig | Waardig | |
| | Onvoldoende | Voldoende | |
| | God het ons verlaat | God is by ons | |
| | Jy moet bekommer | Gee bekommernis vir God | |
| | Jy moet vrees | Jy moenie vrees nie | |

**Figuur 5.5: Kontras tussen God se prentjie en die van Satan (Kraft, 2010:141).**

Die vraag ontstaan dus hoe die selfbeeld beskerm en herstel kan word? Dit is belangrik om die strategiese aanslag wat Satan het te identifiseer en te besef. Die beskerming van Jesus moet voortdurend versoek word. Die wapenrusting van God soos in Efesiërs 6:13-18 uiteengesit moet daagliks gebruik word. Dit is duidelik in die Woord van God dat God ons reeds beplan en gekies het voor die grondlegging van die aarde (Ef 1:4, Jer 1:5), dat Hy ons na Sy beeld en gelykenis gemaak het (Gen 1:26) en dat Hy ons verlos het terwyl ons nog sondaars was (Rom 5:8). Dit is belangrik vir die beradene om te besef dat sy/haar koms dalk ŉ verrassing vir die ouers was, maar dat dit deel van God se plan was en dat Hy nie foute maak nie. Die beradene moet dus gehelp word om vry te kom en om gewoontes te verander want dit kan die disfunksionele houdings laat voortgaan. Dit alles vind onder leiding van die Heilige Gees plaas.

Na elke sessie behoort die persoon geseën te word en van enige vloeke of bindinge vrygespreek te word, sodat hulle die vermoë kan hê om hulleself te aanvaar en te vergewe soos God doen (Kraft, 2010:147-153).

As gevolg van die verwonding en traumatiese gebeure kon die adolessente meisie met ŉ afwesige vader totaal kwesbaar gewees het wat haar ontvanklik vir kognitiewe distorsie gemaak het. Dit het daartoe gelei dat ŉ klomp leuens wortel geskied het, wat vervolgens geïdentifiseer moet word, en met die waarheid tydens die gebedsessie vervang moet word (Ferreira, 2014:244, 245).

#### 5.2.3.7 Hoe word diepvlakgenesing toegepas?

Die dood of afsterwe van ʼn geliefde, soos byvoorbeeld ʼn pa, of egskeiding is van die grootste traumas wat beleef kan word. In gevalle soos hierdie behoort die volgende kwessies deur diepvlakgenesing aangespreek te word:

- Om met God saam te stem dat dit hanteer kan word dat die persoon weg is deur skuldgevoelens oor gebeure rakende die persoon te werk (unfinished business).
- Om vry van enige binding met die persoon te kom soos byvoorbeeld wraak-gevoelens.
- Om deur die pyn van skeiding te werk.
- Om jouself toe te laat om te rou.

Dit is belangrik om die beradene te help om die waarheid rakende die gebeure te erken en hulleself toe te laat om die pyn te ervaar. In die proses behoort hulle gehelp te word om Jesus in die gebeure te ervaar en die pyn vir Hom te gee. Die Heilige Gees gee gewoonlik aan die beradene ʼn prentjie van die gebeure, met Jesus daarin, wanneer die sessie begin word deur Sy leiding te vra.

Kraft (2010:233-234) beskryf verskillende rolle wat die Heilige Gees in verskillende situasies vir die vlakke van geestelike gawes beskikbaar stel.

Outoriteit vir diepvlakgenesing word deur drie belangrike komponente verkry, naamlik dat dit in God gewortel is, deur Jesus gemagtig word en deur intimiteit met God onderhou word. Volgens Kraft (2010:237-238) is gebed uiters belangrik vir elke aspek van diepvlak-genesing.

Hy beskryf die volgende ses tipes gebede wat in spesifieke gevalle gebruik kan word en toepaslik vir spesifieke tye is. Die eerste tipe gebed is om ʼn versoek te rig. Hierdie tipe gebed is ʼn aanduiding van die mens se vennootskap met God (Mat 7:7-11). Tweedens is daar dankseggingsgebede wat dankbaarheid aantoon om God selfs in moeilike omstandighede te eer (Ef 5:20). Derdens ʼn gebed vir belydenis van eie tekortkominge en ongehoorsaamheid, sodat wat vergewe is deur Jesus te aanvaar en te laat vaar (1 Joh 1:9). Vierdens noem Kraft intersessie gebede waar daar intens deur ander persone vir die berader ingetree word. Vyfdens gebede waarin outoriteit in die Naam van Jesus

geneem word om vryheid en heling aan ander te bring en laastens gebed waarin daar namens God gepraat word, rondom wat Hy ook al besluit mee gewerk moet word.

Dit is belangrik om seker te maak dat die beradene wel bereid is om in die beradingsessie betrokke te wees, dat die sessie totaal onder leiding en beheer van die Heilige Gees sal geskied en dat die berader spiritueel sterk sal bly.

Tydens sessies is dit baie belangrik om deurentyd na die stem van die Heilige Gees te luister en om nie die beradene te veroordeel of te verneder nie. ʼn Vertrouensverhouding waarin behoorlik na die beradene geluister word, is uiters belangrik maar waak teen oormatige emosionele betrokkenheid, aangesien dit tot emosionele afhanklikheid van die berader kan lei, in plaas van om op hulself en hulle verhouding met God te fokus. Dit is verder baie belangrik om nie die beradene se probleme vir jouself aan te trek nie en om alles vertroulik te hanteer. Ander aspekte wat van belang is vir diepvlakgenesing is dat die aanvanklike gebedsessie deur voortdurende gebed opgevolg moet word, deur almal wat betrokke by die sessie is/was. Seën die persoon met vrede, vryheid van vrees, openheid en wat die Heilige Gees ook al die berader lei om hom/haar mee te seën, sodat kalmte en vertroue aan die persoon gebring kan word (Kraft, 2010:151-152).

**Voortdurende gebed en nasorg**

Ondersoek die verlede weereens vir emosionele en spirituele probleme deur uit te kyk vir onvergewensgesindheid, emosionele wonde en om die waarheid te ontdek en deur te werk.

### 5.2.3.8 Bruikbare praktiese aspekte vanuit Charles H Kraft se model van innerlike genesing

Kraft se model word as diepvlakgenesing beskryf wat ten doel het om die persoon in totaliteit deur die Heilige Gees volkome genesing en vryheid te gee. Die liggaam, gees en emosies word dus aangespreek. Die adolessente meisie wat trauma beleef weens ʼn afwesige vader het genesing in totaliteit nodig wat liggaam, gees en emosies insluit aangesien hierdie wonde dikwels baie diep gebêre word.

Volgens Kraft word trauma in prentjies in die brein gestoor en genesing vind dus nie slegs deur woorde plaas nie, maar wel ook deur die herbelewing van die gebeurtenis. Om

waarlik vry te word, is dit belangrik dat die beradene ook sondebelydenis doen ten einde die volle vrymaking in Christus te beleef. Dit is belangrik vir die adolessente meisie met ŉ afwesige vader om fisies die gebeurtenis te herbeleef, maar hierdie keer met Jesus ook daar waar die gebeurtenis plaasgevind het en dus deel van die prentjie is.

Die meisie moet egter begelei word om ook haar eie sondes te bely sodat sy volle vrymaking deur die Heilige Gees in Christus kan verkry. ŉ Onwrikbare geloof in Christus is dus noodsaaklik. Die hooffokus is vrymaking deur die belewing van Jesus se teenwoordigheid tydens die krisis te ervaar. Die persoon word dus sover as moontlik in die verlede teruggeneem deur intensiewe gebed waar gefokus word op traumatiese gebeurtenisse wat in daardie persoon se kinderjare plaasgevind het wat veral verhoudings beïnvloed het. Dit is asof die persoon weer die traumatiese gebeurtenis beleef, maar met die verskil dat hulle hierdie keer Jesus se teenwoordigheid tydens die gebeure ervaar en dit lei tot vrymaking en genesing.

Tydens die proses ervaar die persoon dus ŉ herbevestiging van Jesus se liefde en sodoende word die impak van die traumatiese gebeure verminder. Hierdie herbevestiging van Jesus se liefde is ongelooflik belangrik vir die beradene, wat die adolessente meisie met ŉ afwesige vader insluit. Dikwels beleef hulle dat hulle aardse vaders hulle nie lief het nie en daarom is Jesus se liefde so belangrik.

### 5.3 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is drie bestaande pastorale hulpverleningsmodelle ondersoek. Bruikbare aspekte vanuit elk van die beradingsmodelle is saamgestel wat in die finale hoofstuk van hierdie studie verreken sal word.

Die pastorale beradingsmodelle is op die Woord van God gegrond en gebed vorm ŉ integrale deel van die hulp aan die beradene wat die adolessente meisie met ŉ afwesige vader insluit. Die familiegeskiedenis en familiekonteks is ook in die hulpverlening aangespreek wat generasieprobleme en disfunksionele huishoudings insluit. Die Heilige Gees se teenwoordigheid tydens die sessies bring genesing van die diep emosionele wonde wat volkome vryheid en genesing bewerkstellig.

Vervolgens gaan ondersoek ingestel word na riglyne vanuit die Woord van God en veral uit die brief aan die Efesiërs.

# HOOFSTUK 6: RIGLYNE UIT EFESIëRS VIR PASTORALE VERSORGING AAN ADOLESSENTE MEISIES WIE SE VADERS AFWESIG IS

## 6.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die derde vraag van Osmer naamlik “Wat behoort te gebeur?” vanuit bestaande pastorale modelle bestudeer. Die 10-fase genesingsmodel van Jan Frank is bestudeer, sowel as Trollinger se genesingsmodel en Kraft se model van innerlike genesing.

Hierdie vraag van Osmer gaan verder ondersoek word vanuit die Skrif en wel deur verklaring van Skrifgedeeltes uit Efesiërs. ŉ Teologiese perspektief op die probleem van die afwesige vader word verken. Die brief is baie toepaslik vir die bepaling van beginsels vir die pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders, aangesien belangrike aspekte van vader-afwesigheid se invloed op die meisies (soos in vorige hoofstukke vasgestel), in die brief aangespreek word.

Eerstens sal Efesiërs as ŉ pastorale brief ontleed word. Kernsake wat in die Pastoraat aangespreek moet word, is geïdentifiseer (vgl. hoofstuk 3) en sal verken word deur ontleding van die kerngedagtes in Efesiërs. Die volgende kernsake uit Efesiërs sal ondersoek word: die identiteit van die meisies in Christus (vgl. 3.3.1), wonde wat deur die afwesigheid van die vader veroorsaak word (pa-wonde; vgl. 3.4.1) en die honger na ŉ vader (pa-honger; vgl. 3.4.2), asook interpersoonlike verhoudings (vgl. 3.3.2).

Die grammaties-historiese wyse van eksegese (Jordaan *et al.,* 2011:234-239) sal in die navorsing vanuit Efesiërs benut word. Wanneer die Bybel ondersoek word, is dit belangrik dat die eksegeet besef dat daar ŉ groot gaping tussen die kultuur-historiese situasie van die oorspronklike skrywer en die lesers aan wie hy geskryf het en die leser vandag bestaan. Die gaping lê ook op die vlak van taal. ŉ Bepaalde woord kan verskillende betekenisse in verskillende kontekste hê. Die eksegeet moet dus die konteks van die brief, die perikoop en die vers in ag neem wanneer ŉ woord verklaar word. Daar moet ook in die verklaring van ŉ teks soos die Nuwe Testament in ag geneem word dat daar bepaalde diskontinue elemente in die teks is.

Hierdie elemente was op die oorspronklike lesers van toepassing maar kan nie sito-sito op die huidige leser van toepassing gemaak word nie. Hier is dit ook nuttig om tussen voorskriftelike gedeeltes en gedeeltes wat net ŉ bepaalde situasie beskryf, te onderskei. Die eksegeet moet daarom na die kontinue elemente vra, dit is in die beginsels geleë wat ten alle tye en plekke op elke leser van toepassing is. Wanneer Efesiërs vervolgens ondersoek word, sal hierdie beginsels van eksegese in ag geneem word. Die eksegese word vanuit ŉ reformatoriese perspektief op die Bybel as Woord van God gedoen.

## 6.2 Efesiërs en pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders

### 6.2.1 Efesiërs: ŉ pastorale brief

Christengelowiges se verbeelding, verwagtinge, ambisies, hoop en vrese kan deur die Bybel as die brondokument van die Christelike geloof uitgedaag word om te verander. ŉ Geïdentifiseerde behoefte van ŉ groep mense waarin voorsien moet word, beïnvloed die keuse van ŉ teks sodat daar duidelikheid sal bestaan oor wat God se wil rakende ŉ bepaalde saak is (Fee, 2002:135). Die betrokke Skrifgedeeltes wat dus geëksegetiseer word, is doelbewus gekies, omdat dit oor geestelike afhanklikheid van God handel en kernsake aanspreek wat toepaslik tot hierdie studie is.

Volgens Klein (2006:21) bestaan daar geen twyfel oor die identiteit van die skrywer, naamlik die apostel Paulus, soos in die openingswoorde van die brief aan die Efesiërs aangetoon word nie. Hy toon verder aan, dat dit een van vier briewe is wat Paulus geskryf het terwyl hy in die gevangenis was. Die ander briewe was aan die Kolossense, Filippense en Filémon geskryf. Alhoewel die outeurskap van Paulus bevraagteken word weens verskeie faktore soos verskille in die grammatika en taalgebruik teenoor die ander briewe, word Paulus vir die doel van hierdie studie as die outeur erken. Daar bestaan grootliks konsensus dat die dokument as ŉ brief beskou kan word (vgl. Breed, 2015:38).

Die brief Efesiërs is waarskynlik in die tydperk 56 tot 62 nC geskryf. Hierdie brief word as ŉ omsendbrief aan die gelowiges in Efese gesien maar die doel was waarskynlik dat alle gelowiges in Klein-Asië dit ook lees om hulle te bemoedig en te versterk om "…as die lewende liggaam van Christus op aarde te funksioneer" (Janse van Rensburg, 2007:1821).

### 6.2.2 Die struktuur van die brief

Antieke briewe soos hierdie brief aan die gemeentes in en om Efese het ŉ bepaalde struktuur gehad. Eerstens is die skrywer, asook die ontvangers van die brief geïdentifiseer, wat gevolg is deur ŉ groete boodskap (Ef 1:1-2). Hierna is daar gewoonlik ŉ gebed opgeteken wat dikwels ŉ wens vir goeie gesondheid was. Hierdie tipe gebed is egter in die brief Efesiërs deur lofprysing aan God vir sy werk deur Christus vervang (Ef 1:3-14). Daar is ook danksegging aan die lesers gerig en voorbidding vir die lewe in Christus (Ef 1:15-23; Snodgrass, 1996:43).

Bhae (2000:176-184) is van mening dat die brief hoofsaaklik op die kerk fokus met die kern van die brief in Efesiërs 1:15-19 saamgevat. Die vogende drie aspekte word deur hom geïdentifiseer, naamlik: "Die hoop van God se roeping" (Ef 1:18c); God se "…heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges" (Ef 1:18d); en "…die uitnemende grootheid van God se krag" vir die gelowiges (Ef 1:9). Hoehner (2002:106) is oortuig die brief handel oor God se liefde vir die mens en gelowiges se liefde vir mekaar. Pretorius (2006:256) formuleer die sentrale tema van die brief vanuit verskeie bronne as die Drie-enige God se bereiking van Sy wilsplan waarin Hy alles deur die kerk onder Jesus Christus met die medewerking van die Heilige Gees tot Sy eer verenig.

Volgens die meeste navorsers bestaan die brief uit twee dele (vgl. Breed, 2015:39). Die eerste deel handel oor die mens se verhouding tot God in Jesus (Ef 2:1-10), hoe verlossing by gelowiges plaasvind, wat God beplan om te doen en die krag wat Hy het om daardie doel te bereik. Dit handel dus hoofsaaklik oor wat binne die kerkgemeenskap gebeur (Pawson, 2015:1043-1047). Die verhouding tussen Jode en heidene wat bekeer is en nou as een kerk gesien word, word ook aangespreek (Ef 2:11-22). Die radikale ommekeer (lewe uit die dood) wat daar in iemand plaasvind wanneer hy/sy tot geloof kom, word in hoofstuk 2 beskryf.

Hierdie nuwe lewe wat iemand deur die werk van die Gees uit genade ontvang, het tot gevolg dat daar nie net eenheid tussen die mens en God bestaan nie, maar ook tussen gelowiges.

Efesiërs 3:1-13 handel hoofsaaklik oor ŉ beskrywing van die misterie van die eenheid

tussen die Jode en die heidene wat gelowig geword het, asook Paulus se bediening in die oordra van hierdie misterie aan die heidene. Die eerste deel van die brief word met ŉ gebed afgesluit. Soos in hoofstuk 1 vra Paulus in hierdie gebed dat die jong gelowiges meer en meer sal begryp wat die nuwe lewe wat hulle ontvang het, vir hulle beteken. Hier bid hy dat hulle innerlik versterk sal word, sodat hulle kan begryp hoe omvangryk die liefde van Christus vir hulle is en dat hulle binne die gemeenskap van die gelowiges die krag van God sal beleef wat baie groter is as wat hulle ooit kan bid of dink. Weereens word die hoogste doel van alles, naamlik die eer van God, beklemtoon (vgl. Hoehner, 2002:61-62).

Die tweede deel van die brief handel oor die mense se verhouding teenoor mekaar in die Here, asook hoe gelowiges behoort op te tree nadat hulle gelowig geword het wat geestelike oorlogvoering insluit. Dit handel dus hoofsaaklik oor wat in die gelowiges se daaglikse lewe behoort te gebeur (Pawson, 2015:1043-1047).

Hoofstuk 4-6 lê klem daarop dat die mens in die Gees moet wandel, aangesien dit beteken dat die mens een tree op ŉ slag in die regte rigting sal gee. Verder word eenheid in liggaam, gees, geloof en doop beklemtoon, aangesien daar net een God en Vader vir alle mense is (Pawson, 2015:1048-1051). Hoehner (2002:vii, 62, 66-69) analiseer Efesiërs 4-6 waarin die gedrag van die kerk beskryf word, volgens die volgende merkers met die Griekse word *peripateo* (wandel) telkens as aanduiding van ŉ nuwe afdeling:

- Wandel in eenheid (Ef 4:1-16).
- Wandel in heiligheid (Ef 4:17-32).
- Wandel in liefde (Ef 5:1-6).
- Wandel in die lig (Ef 5:7-14).
- Wandel in wysheid (Ef 5:15-6:9).
- Staan in oorlogvoering (Ef 6:10-20).
- Afsluiting (Ef 6:21-24).

Breed (2015:42) is van mening dat bogenoemde struktuur van Hoehner as God se plan beskou kan word soos in Efesiërs 1-3 beskryf, veronderstel is om in die lewe van elke gelowige en in die lewe van die kerk te realiseer.

Geestelike oorlogvoering word veral as belangrik beskou deur die verwysing na die volle wapenrusting van God, aangesien daar nie teen vlees en bloed baklei word nie maar teen die owerhede en magte in die geestelike realm (Pawson, 2015:1051).

### 6.2.3 Toepaslikheid van die brief vir riglyne oor die pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders

Die volgende kernsake wat in die Pastoraat van meisies met afwesige pa's aangespreek moet word, is in hoofstuk 3 geïdentifiseer: identiteit, wonde wat deur 'n vader veroorsaak is (pa-wonde), die honger na 'n vader (pa-honger) en interpersoonlike verhoudings.

Paulus spreek ook hierdie aspekte in sy brief aan die Efesiërs ten opsigte van die nuwe lewe wat die jong gelowiges moet leef aan. Die vraag of en hoe dit wat Paulus aan die jong gelowiges skryf in die Pastoraat aan meisies met afwesige pa's gebruik kan word, sal vervolgens beantwoord word. Die fokus val op bogenoemde aspekte. Dit moet hier beklemtoon word dat die imperatiewe deel van Paulus se brief (Ef 4-6) op die indikatief van God se werk soos in Efesiërs 1-3 beskryf, gebou is. Alles wat hierna gesê word oor die begeleiding van die meisies moet vanuit hierdie perspektief beskou word, hulle moet eers begelei word om die indikatief van God se groot genade te begryp en toe te eien, voordat daar aan hulle bepaalde eise gestel word. Hulle moet dus eers hulle identiteit in Christus begryp en toe-eien, voordat daar van hulle verwag word om hierdie identiteit uit te leef. Afhangende van die erns van die meisie se wonde, agterdog teenoor mense, twyfel in die waarheid van die Woord, twyfel in of selfs minagting van haarself, sal intensiewe bestudering van die indikatief nodig wees en selfs stadig met die aanmoediging begin word om die imperatiewe te begin uitleef.

#### 6.2.3.1 Identiteit

In hoofstuk 3 is vasgestel dat die afwesigheid van 'n vader 'n uiters negatiewe invloed op die identiteit van meisies met afwesige vaders het. Die meisie se selfbeeld en haar vertroue in haar eie vermoëns, trouens elke vlak van haar lewe, word negatief beïnvloed. Sy kan beleef dat sy minder werd is as ander mense en minder werd is om liefgehê te word. Haar verhoudings, met haarself, die teenoorgestelde geslag, asook met God word direk hierdeur geraak (vgl. 3.3.1). Ouers leer kinders hoe om liefde te gee en te ontvang,

hoe om verskille te hanteer en hoe om hulle gevoelens te verwerk. Volgens Freud is die verhouding met die vader die hooffaktor in die meisie se positiewe aanvaarding van haarself as 'n vrou (vgl. 3.3.2).

In die brief aan die Efesiërs word die gelowige se identiteit in Christus op verskeie plekke beskryf (vgl. veral hoofstuk 1-3; 4:1-16; 5:1-21). Daar word aan die jong gelowige beskryf hoe hierdie identiteit 'n integrale deel van hulle lewens kan word, sodat hulle die roeping wat God met hulle lewens beplan het tot uitvoer kan bring (vgl. veral hoofstuk 4-6). Verder word beklemtoon dat hulle nou kinders van God geword het en dat Hy hulle baie liefhet en dat hulle geseëndes is (Ef 1:2-10). Die Heilige Gees wat nou in hulle woon, stel hulle in staat om die wil van God te doen, waardig volgens hulle roeping te wandel, hoop te kry en dat hulle kan staatmaak op leiding van die Heilige Gees, net soos hulle op 'n aardse vader se leiding sou kon staatmaak.

In Efesiërs 1:1-14 beskryf Paulus die oorsprong van die gelowige se nuwe identiteit in Christus as God se wil wat in hulle lewe vorm aanneem (Breed, 2015:52). Hierdeur word hulle kinders en erfgename van God wat uitverkies, geseënd en vergeef is. Hulle leef nou as mense wat God se ewige raadsplan se geheimenisse ontdek het en verseël is deur die Heilige Gees, terwyl hulle God loof en eer (Ef 1:13). Paulus beskryf hierdie nuwe identiteit as 'n roeping met 'n radikale invloed op die gelowige se lewe (Ef 4:1-6) wat hoop, God se opstandingskrag en wysheid in hul lewens openbaar (Breed, 2015:52). Die begin van Paulus se onderrig aan die jong gelowiges aan wie hy skryf, is om dit vir hulle duidelik te maak wat hulle nuwe identiteit is, hoe hulle hierdie nuwe identiteit ontvang het en wat nou moet gebeur dat hierdie identiteit 'n integrale deel van hulle lewe sal word.

Daarom bid hy volgens die einde van hoofstuk een dat hulle sal begryp wat die hoop van hulle roeping is, hoe wonderlik hulle as erfdeel van God is, en hoe groot die krag wat in hulle werk, is. Dit is dieselfde krag wat Christus uit die dood opgewek het en Hom as koning bo alle dinge verhef het.

Wanneer hierdie hoofstuk in die Pastoraat aan meisies met afwesige vaders gebruik word, behoort die meisies begelei te word om, soos hierdie jong gelowiges aan wie Paulus skryf, tot die oortuiging te kom dat hulle deur hulle geloof in Christus, ook dieselfde genade ontvang het. Hulle is nou nuwe mense.

Begeleidende pastorale versorging aan hierdie meisies is van kardinale belang, sodat hulle toenemende insig in hulle identiteit in Christus sal verkry wat sigbaar in alle fasette van hulle lewens sal wees (Breed, 2015:52; Fowl 2012:126-127). Breed (2015:52) toon verder aan dat die identiteit in Christus deel van die identiteit in die liggaam van Christus vorm en dus behoort daar na ongelowiges of adolessente meisies wat nie in ŉ verhouding met die Here staan nie, uitgereik te word sodat hulle begelei kan word om ook hulle eie identiteit in Christus te ontdek. De Klerk (2001:80) toon aan dat die "nuwe mens" nou in ŉ herstelde verhouding met God is en daarom in staat is om God se wil te ken en te doen. Vanweë die Heilige Gees wat in hulle woon, is hulle in staat om waardig hul roeping te wandel. Hulle kan ook op die leiding van die Heilige Gees staatmaak om die nodige wysheid en openbaring te ontvang, sowel as kennis oor hoe sekere situasies waarin hulle mag beland of verkeer hanteer moet word (Ef 1:17,18; Du Plessis, 2019:217).

Daar moet egter kreatief te werk gegaan word om hierdie adolessente te begelei om hulle identiteit in Christus, hulle eie te maak (vgl. Die riglyne wat in verskillende modelle in hoofstukke 4 en 5 ontdek is). Hulle moenie ŉ stel reëls kry wat op hulle afgedwing word nie, aangesien dit hulle sal ontmoedig.

Volgens Hoehner (2008:501-513) behoort elke gelowige weens hulle posisie in Christus, nie slegs as individu nie, maar ook saam, die eenheid wat reeds bestaan te bewaar. Paulus illustreer in Efesiërs 4:4-6 dat die drie Persone van die Drie-enige God as basis vir die eenheid dien en De Klerk (2001:65) toon aan dat dit ook die eenheid van die kerk is. Volgens Paulus is die eenheid deur die Heilige Gees bewerkstelling en het vrede tot gevolg. In Efesiërs 4:1-6 word die woord "een" sewe keer herhaal.

Paulus verwys na die volgende:

- "een" liggaam (Ef 1:23; 2:16; 3:5-6) wat na die universele kerk verwys wat nou uit Jode, sowel as heidene bestaan wat gelowig geword het en nou een liggaam van gelowiges geword het (vgl. Best, 1998:358);
- "een" Gees wat na die Heilige Gees verwys waardeur gelowiges toegang tot God verkry het (Ef 2:18; vgl. Hoehner, 2008:79);
- "een" hoop wat begin het toe die gelowige geroep is (Ef 1:18). Dit word egter ook aan die heidene wat bekeer is gegee deur God se genade, aangesien Jode sowel

as heidene "een" hoop in Christus het (vgl. Hoehner, 2008:79);

- "een" Here (Ef 4:5) wat na Jesus Christus verwys, aangesien Paulus in Efesiërs 4:4 na die Heilige Gees en in Efesiërs 4:6 na God die Vader verwys. Hoehner (2008:79) voer aan dat Christus die "een" Here is, aangesien Hy die Hoof (Ef 1:22-23) en hoop (Ef 1:12) van die kerk is en die verlossing bewerkstellig het (Ef 1:7);
- "een" geloof wat deur Roberts (1990:107) as die gelowige se vertroue in God beskryf word;
- "een" doop wat die vereenselwiging van die gelowiges met Christus se dood en opstanding is;
- "een" God en Vader wat die ware God (1 Kor 8:5-6) en Vader is (1 Kor 15:24, Gal 1:4). Hy is "oor almal" wat spesifiek na die gelowiges verwys (Hoehner, 2008:80).

Die pastor en geestelik volwasse lidmate het die verantwoordelikheid om die eenheid wat reeds in die kerk bestaan, te beskerm deur elke individu te leer dat hulle die verantwoordelikheid het om as eenheid met die gemeente te leef en goeie verhoudings met mekaar en diegene wat hulle onderrig te handhaaf. Daar word dus van diegene wat die verantwoordelikheid het om die heiliges vir dienswerk toe te rus (Ef 4:12) verwag om ook adolessente meisies met afwesige vaders te leer dat daar geen verdeeldheid in Christus is nie (vgl. 1 Kor 1:13; Gal 1:7; Du Plessis, 2019:213). Hierdie meisies het die ervaring nodig vir die herstel van die wonde en wanpersepsies in hulle lewe.

Hierdie sewemalige gebruik van die woord "een" deur Paulus, is van kardinale belang vir die begeleiding na geloofsgroei en toerusting van adolessente meisies met afwesige vaders. Die geestelike volwasse leiers se modellering van Christelike waardes lewer 'n direkte bydrae tot volwassenheid wat adolessente meisies met afwesige vaders insluit (Strommen & Hardel, 2008:119-122). Geestelik volwasse lidmate behoort aan die adolessente meisie met 'n afwesige vader te demonstreer hoe hulle deel van die "een" liggaam is deur hulle by die gemeentelewe in te sluit. Verder moet hierdie geestelik volwasse lidmate ook aan sulke meisies verduidelik dat die Heilige Gees aan almal as kinders van God gegee is en die hele liggaam van die gemeente of kerk verkry toegang tot die Vader (Ef 3:12).

Hierdie meisies behoort ook weerbaar gemaak te word om negatiewe invloede in hulle lewens te weerstaan, deur vir hulle te laat deel in die "een" hoop vir hulle toekoms wat

daar in Christus is van die oomblik dat hulle bekeer is. Hulle staan dus saam met die volwasse lidmate onder Jesus as Hoof en hulle moet geleer word om ʼn onwrikbare geloof in God te hê. Die "doop" kan op bekering volg wat gehoorsaamheid aan God beklemtoon en dit impliseer ʼn nuwe persoon wat uit die dood opgewek is, net soos Christus uit die dood opgewek is (Rom 6:1-14). Verder moet hulle geleer word dat daar net een God en Vader is wat ook Hoof van die gemeente is en almal wat deel van die gemeente is behoort aan Hom (vgl. Ef 4:1-6).

Paulus beskryf in Efesiërs 4:7-16 die elemente wat noodsaaklik vir die behoud van hierdie eenheid is en hy verwys spesifiek na die gawes van die kerk (Hoehner, 2002:521). Paulus maak dit duidelik dat hierdie gawes aan elke individu gegee is wanneer hy in vers sewe verwys na "elkeen" en dit is aan Christengelowiges gegee met die oog op bemagtiging en bediening (Du Plessis, 2019:217-218). In Efesiërs 4:12 vestig hy spesifiek die aandag daarop dat sommige mense as gawes aan die kerk gegee word, sodat lidmate vir dienswerk toegerus kan word en elkeen dus sy spesifieke rol binne die kerk kan vervul. Die kerk as geloofsgemeenskap het die belangrike rol om elke adolessent, wat meisies met afwesige vaders insluit, te begelei om hulle eie dienswerk in die navolging van Christus te doen (Breed & Kruger, 2014:2).

Wanneer meisies met ʼn lae selfbeeld en selfvertroue hulle unieke gawes ontdek en dit in diens van ander mense gebruik, ervaar hulle dat Christus, hulle begenadig het, en dat hulle waarde nie in die optrede van hulle afwesige vader lê nie, maar in hulle roeping as kinders van God.

Breed (2013:227) toon aan dat jeugbediening "…van die kerk aan ʼn besondere deel van die liggaam van Christus" ʼn onlosmaaklike deel van dienswerk is. In hierdie studie verwys jeugbediening spesifiek na die ondersteuning, toerusting en bediening aan adolessente meisies met afwesige vaders. Berding (2006:105) is van mening dat die lede wat die grootste behoefte aan versorging het meer versorging moet ontvang, daarom behoort besondere versorging aan hierdie meisies gegee te word, aangesien hulle geestelik kwesbaar en dikwels materieel afhanklik van ander is.

Gelowiges is as God se eiendom deur die Heilige Gees beseël soos God belowe het. Namate jy as mens die Heilige Gees se werking in jou lewe ervaar, moet jy ook die seker-

heid in jou laat groei dat die ander beloftes van God ook waar sal word (Ef 1:13-14;1:17). Deur die Heilige Gees het die mense dus ook toegang tot die Vader (Ef 2:18), sodat hulle in vrede kan leef deur die eenheid wat deur die Heilige Gees geskep is want die Drie-enige God is bo almal, werk deur almal en lewe in almal (Ef 4:4-6; Breed, 2015:48). Die vrymoedigheid wat meisies kan opbou om met God die Vader oor alles in hulle lewe te praat, kan meehelp om die wonde wat deur die afwesigheid van hulle pa toegedien is, te genees.

Efesiërs 1:19 vertel van die groot krag van God. Ons dien ŉ God wat Jesus Christus weer lewend gemaak het en wat ook in die mens se lewe verandering uit ŉ skynbaar "doodsituasie" kan bring. God het dus die mens uit liefde gered en opgeroep om goeie dade uit erkenning en dankbaarheid te doen (Ef 2:10; Janse van Rensburg, 2007:1826). Die werklike transformasie vind dus in die harte en gedagtes van mense plaas (Petrenko, 2011:11-128).

Adolessente meisies met afwesige vaders moet dus deeglik met die waarheid van God se Woord toegerus word, sodat hulle die groot krag van God sal besef, Sy heerlike erfenis vir die gelowiges sal aanvaar, en sal glo dat God al Sy beloftes waar sal maak, en dat niks vir God onmoontlik is nie. Dit sal hulle ook in staat stel om in moeilike situasies staande te bly. Die groeiende begrip van die krag waartoe hulle toegang het en wat hulle in staat kan stel om enige hartseer, pyn of trauma te hanteer, kan hulle help om nie in selfbejammering te verval of vas te steek nie.

#### 6.2.3.2 Pa-wonde

Die brief aan die Efesiërs is aan mense in ŉ stukkende situasie geskryf. Die gemeente het uit gelowiges uit die heidene en uit die Jode bestaan. Voorheen was daar ŉ absolute skeiding deur die Jode tussen Jode en nie-Jode gehandhaaf (Ef 2:14,15). Paulus is deur God geroep en gestuur om ŉ radikale nuwe boodskap te verkondig (Ef 3:1-13), naamlik dat die skeiding wat daar was nou opgehef is (Ef 2:14-22; 3:6) en dat daar in Christus, deur sy bloed nou vir alle mense, ongeag hulle verlede of afkoms, toegang tot God se genade is (Ef 3:6, 12). Meisies wat vanweë hulle pa se afwesigheid ŉ diepe ervaring van verwerping en dalk minderwaardigheid het, kan in die Pastoraat begelei word om te begryp dat dit, wat voorheen hulle situasie was of aan hulle gedoen is, op geen manier hulle

toegang tot God en sy genade kan blokkeer nie. Die volkome aanvaarding deur God in Christus moet gaandeweg deel van hulle selfbeeld en hulle wêreldbeeld gemaak word. Paulus skryf in Efesiërs 2:11-13 aan die heidene wat eers geen toegang tot God en sy genade gehad het nie, die volgende:

> 2:11 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, 12 dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. 13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus (Bybel, 1954:251).

Indien ŉ meisie hierdie waarheid haar eie kan maak en kan beleef dat sy ondanks haar pa se afwesigheid, verwerping of mishandeling ŉ intieme verhouding met God die Vader kan hê (Ef 2:18), ŉ verhouding waarin sy nooit weer verwerp sal word nie, kan haar pa-wonde begin genees.

Efesiërs verkondig egter ook die moontlikheid van die genesing van die ergste wonde en die moontlikheid om uit die diepste put van sonde of verkeerde denke op te staan. Paulus beskryf die plek waar alle mense van nature met die beeld van die dood is (Ef 2:1), van verslawing aan jou eie begeertes (Ef 2:3) en van die verduistering van die verstand (Ef 4:17). Hy verkondig egter ook aan hierdie mense wat in hierdie desperate situasie sonder hoop (Ef 2:12) op uitkoms daaruit, die genade van God. Die genade van God wek die mens uit die dood op en maak hulle deel van die noue verbondsverhouding wat tussen God en sy volk bestaan (Ef 2:12-14). Uit genade, sonder dat ons dit hoef te verdien, herskape hy ons in Christus (Ef 2:10), hy vernuwe ons denke deur die Heilige Gees (Ef 4:20) en deur die kennis van Christus (Petrenko, 2011:147-148). Vanuit hierdie verkondiging kan die meisie wat in ŉ doodloopstraat gekom het of in ŉ lewe weg van God verval het, die vrymoedigheid ontwikkel om terug te keer en die genade van God toe te eien. In Efesiërs 4:17-32 beskryf Paulus die proses waardeur iemand wat nuut gemaak is deur God, die ou lewe kan aflê en ŉ nuwe lewe kan opneem. Al is dit ŉ langsame proses, in die pastorale berading kan meisies verseker word dat dit moontlik is om hulle denke en lewe te verander, sodat hulle God se vrede en vreugde kan beleef. Hulle kan ook kom om mense wat hulle gewond het, te vergewe (Ef 4:32). Efesiërs beskryf dus die

moontlikheid en die proses van verandering en daarom ook die genesing van die pa-wonde.

#### 6.2.3.3 Pa-honger

Omdat God se Gees binne in die gelowige kom woon het, gee Hy die versekering dat God die gelowige nooit sal verlaat of in die steek laat nie. Verder sal Hy die gelowige elke dag help, versterk, bemoedig, voortdurend lei en elke tree saam met hom of haar stap (Kendrick & Kendrick, 2019:197).

Gelowiges het toegang tot die Vader deur die Heilige Gees verkry wat in hulle woon (Ef 2:18). God se wil wat in die gelowige se lewe vorm aanneem, word deur Paulus as die oorsprong van die nuwe identiteit van die gelowige beskryf (Ef 1:1-14). Jesus Christus het alle mense onder een Vader verenig (Ef 3:14). Hierdeur het die gelowige vrede verkry (Jarvis, 1991:284).

Ook adolessente meisies met afwesige vaders is nie meer ver van God nie (Ef 2:17-22) en leef nie meer in die donker nie. Hulle kan dus met die werke van die duisternis breek en volgens Efesiërs 4:17-32 as nuwe mense leef wat voortdurend daarna streef om met God se Gees gevul te word (Ef 5:18), sodat God se krag hulle kan versterk (Ef 6:10). Dit alles het slegs ten doel om alles onder Christus te vergader (Ef 1:10, 11, 22, 23; 2:13-22; 3:8-13; 4:11-16; 5:23; Breed, 2015:48). Die Heilige Gees versterk dus die innerlike mens, sodat hy die omvang van Christus se liefde binne die gemeenskap van die kerk kan verstaan (Ef 3:16-19; Breed, 2015:41).

Strommen en Hardel (2008:209) benadruk die hegte gemeenskap binne die kerk waar daar onderling menings uitgeruil kan word en moeite gedoen word om vas te stel wat God oor ŉ onderwerp sê. Dit is ook belangrik om vir die nodige leiding en krag saam te bid. Volgens Strommen en Hardel (2008:211) behoort ook adolessente meisies met afwesige vaders die kans by sulke geleenthede te kry om vrae te vra oor afwesige vaders en uit die Woord van God te kan ontdek wat God oor hierdie onderwerp vir hulle wil sê.

Paulus bid in Efesiërs 3:18,19 dat die leser die liefde van Christus, tesame met “al God se mense” sal verstaan, sodat God in die kerkgemeenskap ook verheerlik kan word (Ef 3:20,21). Adolessente meisies met afwesige vaders met ŉ konstante honger na ŉ vader

kry nou ook toegang tot God die Vader deur Christus se kruisiging en die Heilige Gees sodat hulle God as hulle vader kan beleef en dat die gemeenskap met die heiliges ook vir hulle vrede sal bring. Wanneer hulle al meer en meer die omvang van Christus se liefde begryp en binne die gemeenskap van gelowiges ervaar, kan die honger na vaderliefde daardeur verminder of bevredig word.

#### 6.2.3.4 Verhoudings

Die verhouding wat adolessente meisies met die Here het, behoort soos vir enige gelowige die belangrikste verhouding van alle verhoudings te wees. Die verantwoordelikheid om tot geestelike volwassenheid te groei is dus ook noodsaaklik vir adolessente meisies met afwesige vaders. Die toegewydheid om met volharding dit wat God van hulle vereis ten einde hulle roeping in Christus te vervul, is van die uiterste belang (Tim 1:6; 4:5; Kol 4:17; 1 Kor 4:1-2).

In die tweede gedeelte van Efesiërs, naamlik Efesiërs 4 – 6 word beskryf hoe gelowiges behoort op te tree. Die woord “wandel” word in vyf van die ses afdelings waarin hierdie gedeelte verdeel kan word, gebruik. Hoehner (2008:62) beskryf dit soos volg: (1) wandel in eenheid (Ef 4:1-16); (2) wandel in heiligheid en nie soos heidene nie (Ef 4:17-32); (3) wandel in liefde soos God en weerhou jou van verkeerde dinge (Ef 5:1-6); (4) wandel in die lig deur verkeerde dinge te vermy (Ef 5:7-14); (5) wandel in wysheid onder leiding van die Heilige Gees. In die sesde afdeling beskryf Paulus gelowiges wat hul krag in God vind, sodat hulle teen bose magte staande kan bly (Ef 6:21-24). Hierdie ses afdelings hou direk met verhoudings verband en hoe die gelowige behoort op te tree. Dit geld ook vir die adolessente meisies met ’n afwesige vader.

Die eerste gedeelte van Efesiërs handel oor die teologie waarin die lesers aan hulle verhouding met God voor en na hulle nuwe identiteit in Christus, herinner word (Ef 2:1-10), sowel as die nuwe eenheid tussen Jode en heidene wat nou as een persoon, naamlik die kerk, beskou word (Ef 2:11-22; Hoehner, 2008:61). Die eenheid wat verkry is, is deur die werking van die Heilige Gees en die resultaat is vrede. Gelowiges is in staat om deur hierdie eenheid liefdevolle verhoudings met mekaar te handhaaf. Dit sluit die verskille tussen generasies (Hoehner, 2008: 79), soos vaders en dogters ook in. Elke individu binne die kerk het dus die verantwoordelikheid om as ’n eenheid met die gemeente as ’n

geheel saam te leef en dit is die verantwoordelikheid van pastors en geestelik volwasse lidmate om hierdie begrip aan adolessente meisies met afwesige vaders oor te dra, sodat hulle ook daarna sal streef om ten alle tye liefdevolle verhoudings met mekaar en diegene wat hulle onderrig, wat hulle vaders insluit, te handhaaf (Du Plessis, 2019:211).

ŉ Gelowige word ook vermaan om in heiligheid, volgens die goeie werke wat God voorberei het te wandel en nie soos ongelowiges deur nuttelose gedagtes oorheers te word nie (Ef 4:17).

Die adolessente meisie met ŉ afwesige vader moet dus nie toelaat dat nuttelose gedagtes wat haar negatief en opstandig maak haar lewe oorheers nie, sy moet waardig wandel in die roeping wat God op haar lewe geplaas het (Ef 4:1; Hoehner, 2008:62). Die kerk behoort sulke meisies by te staan, sodat Christus meer prominent in hulle lewens vertoon word (Ef 4:4-16) en ook sodat hulle deel aan die eenheid van die kerk kan hê (Ef 4:3, Petrenko, 2011:147,148).

Daar word verder van die gelowige verwag om in liefde te wandel en nie soos ŉ ongelowige op te tree nie (Ef 5:1-6). Volgens Hoehner (2008:62,63) het God gelowiges gekies sodat hulle onberispelik en heilig in liefde kan lewe (Ef 1:4). God word deur Paulus geprys vir die genade wat Hy in Jesus Christus oor die gelowiges uitstort (Ef 1:6) en hy loof die liefde wat die Efesiërs teenoor mekaar bewys (Ef 1:15). God se genade word deur Sy liefde vir gelowiges ten toon gestel (Ef 2:4) en omdat gelowiges in God se liefde gewortel en gegrond is (Ef 3:17) bid Paulus vir die gelowiges dat hulle God se liefde sal verstaan (Ef. 3:19). Van die gelowige word verwag om in sy/haar roeping te wandel sodat hulle mekaar in liefde kan verdra (Ef 4:2). Dit word ook van die adolessente meisie met ŉ afwesige vader verwag dat sy volgens haar roeping in Christus sal wandel en dus ook haar afwesige vader en sy tekortkominge in liefde sal verdra. Daar word verder van elke gelowige verwag om eerlik in liefde op te tree (Ef 4:15), sodat die liggaam van Christus wat deur die kerk verteenwoordig word, sal groei en opgebou word (Ef 4:16). Daar word dus van hierdie meisies verwag om lief te hê soos Christus die mensdom liefhet (Ef 5:2). Verder word daar ŉ seën uitgespreek aan almal wat Jesus Christus onvoorwaardelik liefhet (Ef 6:24). Dit is ook vir die adolessente meisie met ŉ afwesige vader belangrik om Jesus Christus so lief te hê, sodat sy ook hierdie seën in haar lewe kan ervaar.

Die verdere aspek van hoe die gelowige behoort op te tree, naamlik wandel in die lig soos God en om verkeerde dinge te vermy (Ef 5:7-14) is ook op adolessente meisies met afwesige vaders toepaslik. Christus se oorwinning oor bose magte het ŉ direkte invloed op gelowiges se lewens, aangesien hulle nou in ŉ nuwe verhouding tot Hom staan en nie meer hulle eie begeertes volg nie (Ef 5:1; 1:5; Petrenko, 2011:147,148). Om in die lig te wandel beteken ook dat elke aspek van hierdie meisies se lewens tot eer en verheerliking van God sal wees. Hulle moet hulle dus van enige iets weerhou wat boos is, soos enige vorm van hoerery (1 Tess 4:3). Die toerusting en begeleiding wat die kerk aan adolessente meisies met afwesige vaders bied is van kardinale belang, veral rakende morele verval onder sulke meisies. Adolessensie is ŉ baie gekompliseerde en moeilike fase vir enige jong meisie en soos reeds aangetoon in hierdie studie (vgl. 2.5-2.8; 2.9.4-2.9.8) is daar verskeie negatiewe gevolge as gevolg van vader-afwesigheid, veral tydens hierdie ontwikkelingsstadium. Hierdie gevolge is meestal morele verval en dit is dus noodsaaklik dat die leierskap van die kerk sulke meisies bystaan en onderrig om antwoorde op hulle lewensvraagstukke te verkry om sodoende morele verval te voorkom en deel van die gemeenskap binne die kerk te wees (Du Plessis, 2019:285).

ŉ Verdere aspek is om in wysheid onder leiding van die Heilige Gees te wandel. Wysheidsliteratuur soos in Psalms, Spreuke, Prediker en Job uiteengesit is noodsaaklike lering wat deur leierskap van die kerk in hierdie meisies aangemoedig behoort te word, sodat hulle God se Woord op praktiese wyse in hulle daaglikse lewenswandel kan toepas (Du Plessis, 2019:303). Dit is belangrik om hulle so te onderrig dat hulle sal besef dat die Heilige Gees vir enige leiding gevra kan word, ook rakende alledaagse vraagstukke soos afwesige vaders (Jak 1:5-7). Hier speel gesinsbediening, wat ŉ onderafdeling van jeugbediening is, ŉ belangrike rol (Deut 6). Ouers behoort egter ŉ voorbeeld vir hulle kinders te wees van hoe ŉ lewe wat totaal aan God toegewy is, lyk.

Hulle lewe behoort die volgende te reflekteer, naamlik:

- daaglikse gebed (1 Tess 5:17; Kol 4:2);
- daaglikse Bybellees en bestudering van die Skrif (Jos 1:8; Ps 1:2); en
- om gereeld kerkdienste by te woon (Heb 10:25).

Hierdeur verkry kinders respek vir ouers en sal ouers geëer word. Om in wysheid te

wandel beteken ook dat die wyse waarop hierdie meisies binne die portuurgroep optree, God sal verheerlik. Galasiërs 1:10 waarsku juis daarteen dat die gelowige se gewildheid nie ten koste van sy/haar geloof in God moet wees nie.

Die laaste aspek wat Hoehner (2008:62) aanvoer is om krag in God te verkry ten einde staande teen bose magte te kan bly. Enige wedergebore Christen, is in ŉ daaglikse worstelstryd met die Bose gewikkel (Ef 6:12). God gee Sy wapenrusting, wat daagliks aangetrek moet word, ten einde staande teen hierdie aanslag te kan bly. Dit geld ook vir adolessente meisies met afwesige vaders. Satan sal enige geleentheid gebruik om toegang tot die gelowige se lewe te verkry (Joh 10:10a). Die leierskap in die kerk behoort dus ingelig te wees oor watter probleme adolessente meisies met afwesige vaders daagliks ervaar, sodat hulle hierdie meisies op effektiewe wyse kan inlig oor hoe om die wapenrusting van God in konkrete situasies in hulle daaglikse lewenswandel toe te pas.

In die Pastoraat word die meisie begelei om haar herstelde, intieme verhouding met God te beleef en vanuit hierdie verhouding na haar verhoudings met ander mense te kyk. God se opdragte wat in Efesiërs deur middel van die "wandel" voorskrifte aan die geliefde kinders (Ef 5:1-2) gegee word, word vervolgens liefdesgrense vir die meisie. Sy streef om dit na te volg, nie as koue harde wette van ŉ diktator God nie, maar as rigtingwysers van haar Vader, tot ŉ lewe van volheid, vrede en vreugde.

### 6.2.4 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is bespreek hoe adolessente meisies met afwesige vaders vanuit die Woord van God begelei en onderrig kan word om uitdagings in hulle daaglikse lewenswandel die hoof te bied.

Tydens individuele berading of groepsessies kan die indikatiewe deel van Efesiërs 1-3 bestudeer word, veral met die oog op begrip en toe-eiening van die nuwe identiteit van die gelowige in Christus.

Dit sal egter noodsaaklik wees dat elke meisie individueel berading ontvang, dat haar spesifieke worstelinge rondom identiteit, haar pa-wonde, pa-honger, asook haar oortuigings rondom verhoudinge, vasgestel kan word. Elkeen van hierdie sake kan vanuit Efesiërs aangespreek word en sy kan begelei word om haar identiteit in Christus haar eie

te begin maak (met hulp en voortdurende begeleiding). Sy moet ook die wonde wat sy vanweë haar pa se afwesigheid of sy optrede ontvang het, in die oë kyk en besluit om God se pad na genesing te loop. Sy moet veral telkens wanneer obsessiewe gevoelens van verlange na haar pa (pa-honger) in haar opkom, haar behoefte aan liefde en aanvaarding by die Drie-enige God soek.

Wanneer die meisie op die pad gevorder het om vanuit die indikatief van God se genade te leef, kan begin word om haar te begelei om te verstaan hoe die imperatiewe deel by die indikatief aansluit. Sy leer vervolgens om te verstaan dat die indikatief juis in die lewe grondvat wanneer die imperatief progressief gehoorsaam word. Hier sal die regte benadering tot verhoudings ŉ belangrike rol speel.

Dit moet beklemtoon word dat die berading volgens en vanuit Efesiërs slegs as voorbeeld aangebied word, daar is ander moontlikhede ook naamlik om alternatiewe boeke of Skrifdele te gebruik. In elk geval sal dit waarskynlik nodig wees om tydens berading ook na ander Skrifgedeeltes te verwys afhangende van die vrae en behoefte van die meisies.

Riglyne vir ŉ bedieningmodel waarin hierdie meisies in die praktyk ondersteun en pastoraal versorg kan word, gaan vervolgens aangetoon word.

# HOOFSTUK 7 DIE FORMULERING VAN PRAKTYK-TEORETIESE RIGLYNE VIR PASTORALE VERSORGING AAN ADOLESSENTE MEISIES MET AFWESIGE VADERS

## 7.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan op die daarstelling van teoretiese praktykgerigte riglyne vir pastorale versorging van adolessente meisies met afwesige vaders gefokus word. Dit geskied teen die agtergrond van die insigte soos vanuit die Psigologie en Sosiologie (vgl. hoofstuk 4), tesame met die modelle van innerlike genesing wat vroeër in die studie geëvalueer is (vgl. hoofstuk 5), sowel as ŉ basis vanuit die Skrif rakende die pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders (vgl. hoofstuk 6) verkry. Die sekondêre gevolge van vader-afwesigheid soos in hoofstuk 2 geïdentifiseer, is nie die primêre fokus van hierdie studie nie en word slegs aangetoon ten einde ŉ beter begrip van die invloed van vader-afwesigheid op die adolessente meisie se lewe te illustreer. Die riglyne wat voorgestel word sal deurgaans die breë parameters van die Suid-Afrikaanse konteks in ag neem.

## 7.2 Doelstellings

Die laaste vraag van Osmer naamlik "Hoe kan hierop reageer word of wat kan hieraan gedoen word?", word in hierdie hoofstuk beantwoord. Die hulpverlening sal hoofsaaklik op die identiteitsveranderinge, pa-wonde en pa-honger, asook probleme met verhoudings van meisies met afwesige vaders gegrond wees.

In hierdie hoofstuk gaan dus veral daarop gefokus word om riglyne vir ŉ raamwerk van ŉ genesingsmodel te verskaf wat vir pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders gebruik kan word. Praktiese riglyne vanuit elke model wat in die vorige hoofstukke bespreek is, sal geïntegreer word om praktiese-teoretiese riglyne daar te stel vir adolessente meisies met afwesige vaders.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is daar nie baie voorbeelde van holistiese beradingsentrums soos die Meier klinieke in Amerika nie. Hierdie klinieke fokus veral op ŉ model van innerlike genesing wat holisties is en die fisiese, emosionele en geestelike dimensies insluit.

## 7.3 Belangrike merkers vir die saamstel van die riglyne vir pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders

### 7.3.1 Merkers vanuit die Skrif

God het die mens vir 'n doel geseën en uitverkies. Daarom is die gelowige 'n uitverkorene van God wat hulle identiteit in Jesus Christus alleen verkry het, want hulle het nou kennis van God se plan vir hulle lewe as verlostes en erfgename van Christus wat met die Heilige Gees verseël is. God wil hierdeur gebroke, moedelose en stukkende mense tot genesing en herstel in hulle lewens lei en dit sluit adolessente meisies met afwesige vaders in (vgl. 6.2.3.1).

God het die gelowige nou deel van Sy gesin, verbond en tempel gemaak. Dit beteken die gelowige het 'n intieme verhouding met die Here en het die keuse om meer en meer gehoorsaam aan Hom te leef. Indien die gelowige die roeping wat God vir haar lewe het uitvoer, dra dit by tot innerlike genesing. God bied dit aan die wat Hom soek en aanneem. Die gelowige is vervolgens tot goeie werke deur die krag van die Heilige Gees wat in hulle werk, in staat. God se aanraking stel gelowiges dus deur die werk van die Heilige Gees in staat om verkeerde keuses en besluite te vermy en sodoende gehoorsaam aan Sy Woord te bly (vgl. 6.2.3.4).

Die gelowige verkry ook 'n ondersteuningsnetwerk deur die gemeenskap van die gelowiges in die kerk en die mens se eenheid met God. Hierdeur wil God ook aan die adolessente meisie die geleentheid gee om vertroosting en aanvaarding binne die kerk en geloofsgemeenskap deur Sy Heilige Gees te verkry (vgl. 6.2.2).

God bied nou aan die mense wat 'n intieme verhouding met Hom het en in Sy Woord wandel, Sy wapenrusting sodat hulle in staat is om die aanvalle van bose magte wat daagliks op hulle pad mag kom, te kan teëstaan. Die mense wat deur hulle verwonding God as Vader leer ken het, kry ook die oorwinning in Jesus Christus en die troosvolle medewerking van die Heilige Gees (vgl. 6.2.3.4). Die pad na genesing en gehoorsaamheid is 'n pad van volharding waarin die gelowige telkens met vorige oortuigings en denkwyses moet breek, die waarhede van God se Woord moet omhels, en daarvolgens moet begin optree.

Meisies met afwesige vaders moet binne die gemeenskap van die kerk hierin onderrig, ondersteun, verantwoordbaar gehou en met die genade van God bedien word (vgl. 6.2.3.1).

### 7.3.2 Merkers vanuit die genesingsmodelle

Die mens staan in alle vlakke (fisies, emosioneel en geestelik) in verhouding tot God wat deur Sy Woord riglyne vir die genesing van emosionele en geestelike pyn gee (vgl. 5.2.3.2).

Die mens word op sy diepste vlak met diepvlakgenesing getransformeer. Totale geestelike oorgawe aan Jesus Christus wat met belydenis van sonde gepaard gaan word vereis. Die onverwerkte pyn en trauma van die verlede wat in die diepste innerlike mens geberg word, kan slegs deur eerlike introspeksie, onder leiding van ŉ begeleier, ontbloot word wat totaal afhanklik van die leiding van die Heilige Gees is. Genesing op hierdie vlak het langtermyn resultate tot gevolg, asook ŉ beter verhouding met God, hulself en andere (vgl. 5.2.3.4).

Dikwels ervaar persone tydens die gebedsbegeleiding genesing wanneer die Heilige Gees ook tydens die herbelewing van die oorspronklike trauma teenwoordig is (vgl. 5.2.3.5).

God se doel is om mense te genees en te restoureer, wat gewoonlik gebeur wanneer Hy met Sy genesende krag fisiese probleme aanraak en genees. Dit is noodsaaklik om die volle waarheid van die verlede te bely (vgl. 5.2.3.5).

Een van die grootste struikelblokke vir diepvlak innerlike genesing is onvergewensgesindheid. ŉ Intieme verhouding met God is noodsaaklik en gaan gewoonlik met goddelike ingryping in die mens se totale bestaan gepaard. Gesonde grense word deur herprogrammering van gewoontes in plek gestel (vgl. 5.2.2.3).

God se opdragte word in groot afhanklikheid en met ŉ diepe geloof in Christus tydens diepvlakgenesing uitgevoer (vgl. 5.2.3.7).

### 7.3.3 Merkers vanuit die grenswetenskappe

ŉ Voorgraadse kursus vir studente meisies rakende vaders en dogters help meisies om meer van hulle vaders se emosies bewus te raak, veral rondom egskeiding in plaas daarvan om te dink dat die vader hulle slegs verwerp het. Hulle leer dus hulle vaders beter ken en kan veranderinge in hulle eie gedrag aanbring wat die verhouding met hulle vaders kan verbeter (vgl. 4.2.1.1).

Tydens die *Group cinematherapy* sessies kan die berader die beradene help om haar gevoel van andersheid en isolasie met identifisering en empatie met die karakters te vervang. Die adolessente meisie met ŉ afwesige vader is vervolgens in staat om te besef die probleem is baie meer universeel as wat sy gedink het en nie uniek tot haar situasie nie. Sy word in staat gestel om die groter bewustheid van belangrike lewenskwessie wat sy uit die metafore gekry het, in haar individuele lewensondervindinge toe te pas en sodoende is sy in staat om die ondervindinge vanuit ŉ breër perspektief te verken (vgl. 4.2.2.1).

Wineburgh doen gesinsessies waarin ook die afwesige vader betrek word. Dit word gedoen om die kind in die familiekonteks beter te verstaan. Vrae rondom die afwesigheid van die vader word bespreek, sodat die kind duidelikheid rondom die redes vir die afwesigheid verkry en nie dink sy is die rede daarvoor nie. Daar word van beide ouers verwag om saam te werk ten einde harmonie en wedersydse respek te bewerkstellig. Die idealisering van die afwesige vader word ook deurgewerk en die meisies sien die vader vervolgens meer objektief. Verder word sy geleer om haarself van negatiewe gedrag en identifikasie te distansieer (vgl. 4.2.3.1).

Tydens die "wonderwerk-vraag" kry die beradene die indruk dat die berader glo die beradene het die vermoë om ŉ betekenisvolle beskrywing te gee van hoe sy graag sal wil hê haar lewe moet funksioneer. Die beradene se vermoëns en bevoegdhede word in die formulering van oplossings gebruik. Daar word op die hede gefokus wat die beradene onbewustelik forseer om op nuwe maniere te begin dink, sodat selfvertroue herstel word en hoop gegee word (vgl. 4.2.4.1).

Aangesien musiek ŉ integrale deel van die adolessent se lewe uitmaak, kan goeie kontak

makliker opgebou word met die vaderlose adolessente meisie tydens musiekterapie, aangesien sy eers vertroue in die musiek kry en dan vertroue in die berader.

Dit is baie veiliger vir die beradene om haar emosies deur musiek aan te spreek, as om dit te verbaliseer en gevolglik word die adolessente meisie met ’n afwesige vader in staat gestel om nuwe verhoudings te bou en beter keuses te maak (vgl. 4.2.5.1).

“Bewustheidsgebaseerde benaderingstegniek” sluit gereelde groepsessies en tuis-oefeninge in, wat streshantering insluit en belangrik vir adolessente meisies met afwesige vaders kan wees (vgl. 4.2.6.1).

Geldrad en Geldard se benadering neem die selfbeeld, volwassenheid en ontwikkelings-behoeftes van die adolessent in ag en laat die adolessente self verantwoordelikheid vir hulle eie aandeel in die sukses van die sessies neem. Die proses en strategieë wat gebruik word, is op ’n spesifieke kliënt-berader verhouding vir adolessente gebaseer en hulle word dus direk by die strategieë betrek.

Die adolessent se konstrukte rakende die persoonlike ondervindinge en oortuigings asook ontwikkelingsbehoeftes en take moet gerespekteer, ondersoek en behoorlik verstaan en in ag geneem word. Dit is belangrik om die adolessent te glo, ’n adolessente kommunikasiestyl toe te pas, mikro-vaardighede[5] tydens die proses te verander, pro-aktief op te tree en vertroulikheid wat wetlike aspekte in ag neem te behou.

Daar moet opreg en nie-veroordelend teenoor die adolessent opgetree word met goeie interpersoonlike verhoudings waarin warmte, empatie, aanvaarding en begrip weerspieël word, sodat die adolessent vrylik persoonlike inligting en probleme kan deel.

Probleme wat met die ouers bespreek moet word, moet in samewerking met die adolessent geskied, en voortdurende evaluasie van die adolessent se toestand, is noodsaaklik.

Die adolessent kan maklik mislukking beleef indien die oplossing wat voorgestel is, nie in die praktyk sou werk nie, en daarom is dit belangrik dat elke oplossing wat die adolessent

---

[5] Sien voetnota 2 op bladsy 77

voorstel eers in ŉ veilige omgewing getoets moet word. Hulle moet dus vaardighede ontvang om toekomstige probleme self die hoof te bied (vgl. 4.2.7.6).

## 7.4 Voorgestelde riglyne vir die pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders

### 7.4.1 Fase1: Belangrike aspekte ter voorbereiding

ŉ Kalm en rustige atmosfeer met sagte geestelike musiek in die agtergrond vir die beradingskamer skep ŉ ontvanklike gemoedstoestand vir beide die berader en beradene.

Elke sessie word met gebed ingelei, sodat voorbidding gedoen word vir beide die berader en beradene. Die hele sessie word aan die Heilige Gees oorgegee en daar word spesifiek vir beskerming en bewaring teen enige negatiewe invloed van die Bose gebid.

Die beradene word ingelig dat die sessie te enige tyd getermineer kan word, indien dit so verkies sou word.

Die Skrif dien as basis vir die gebed en gesprek in geheel en word ook so aan die beradene oorgedra. Die beradene moet besef dat slegs die Heilige Gees volkome genesing van diep emosionele wonde kan bring en dat die berader slegs as fasiliteerder tydens die gebed en gesprek optree.

Die selfbeeld, volwassenheid en ontwikkelingsbehoeftes van die adolessent moet deur die berader in ag geneem word en die adolessent wat beraad word, moet direk by die strategieë betrek word wat gevolg gaan word, sodat haar verantwoordelikheid in die sukses van die sessies begryp sal word.

Die berader moet sonder enige vooroordeel optree wat die gesprek nadelig kan beïnvloed en moet voortdurend tydens die gesprek die behoeftes van die adolessent in ag neem, sodat mikro-vaardighede[6] tydens die gesprek verander kan word, ten einde die adolessent in staat te stel om met vrymoedigheid hulle verhaal te deel.

Die berader moet aanpasbaar en buigbaar tydens die sessie wees om die beradene te

---

[6] Sien voetnota 2 op bladsy 77

lei om self moontlike oplossings, onder leiding van die Heilige Gees, te vind.

ŉ Gesinsessie waarin albei ouers, dus ook die vader, van die adolessent teenwoordig is, kan vooraf gedoen word ten einde die adolessent se posisie binne die familiekonteks beter te verstaan.

ŉ Vraelys soos as Bylaag A aangeheg (die tipiese inventaris wat in die Meier Klinieke gebruik word), word vooraf aan die beradene gegee om te voltooi en hierdeur kan die berader belangrike inligting wat direk op die beradingsessie van toepassing is verkry, sodat die berader ŉ lys van die tersaaklike moontlike feite kan voorberei wat met die emosionele verwonding verband hou (vgl. 5.2.3.2).

### 7.4.2 Fase 2: Verkryging van inligting

Tydens hierdie fase word die beradene se verwagtinge van die sessies, van die berader, asook van God vasgestel. Daar word na die verhouding uitgevra wat die beradene tans met God het en hoe hulle God in hulle lewens beleef. Indien daar nie geloofsekerheid bestaan nie, word die beradene die geleentheid gegun om ŉ geloofskeuse te maak of om weer ŉ oorgawe aan God te maak (vgl. 5.2.3.3).

Soveel as moontlik inligting word versamel. Hierdie insameling kan by konsepsie begin en dan deurgaan tydens elke fase van die persoon se lewe. Hier word veral op insidente gefokus wat negatiewe boodskappe kon uitstuur of emosionele aftakeling of wonde veroorsaak het. Insidente soos dat die ouers dalk nie die baba wou gehad het nie, probleme tydens die geboorteproses, emosionele pyn en aftakeling soos mishandeling, verwerping, verliese, rouprosesse wat nie afgehandel is nie, bitterheid, trauma en skokke. Dit is ook belangrik om soveel as moontlik inligting rakende vorige geslagte te verkry ten einde vas te stel of daar enige onverwerkte trauma vanaf vorige geslagte oorgedra is soos deur navorsing bewys.

Die vraelys van die Meier Klinieke wat reeds deur die beradene voltooi en deur die berader opgesom is, is hier van groot hulp.

Tydens die inwin van inligting gaan veral op die volgende punte gelet word:

- **Identiteit**
  - Hier sal spesifiek uitgevra word na gebeure rakende die afwesigheid van die vader wat die identiteit van die meisie beïnvloed. Daar sal veral op spesifieke persepsies of voorveronderstellings gelet word wat ontwikkel het wanneer sy in spesifieke omstandighede probeer inpas het. Haar selfvertroue en geloof in eie vermoëns wat 'n direkte uitvloeisel van haar identiteit is, sal veral op gelet word. Daar moet ook fyn na gebeure geluister word wat veroorsaak het dat sy dink sy minder werd is om liefgehê te word. As gevolg van die verwonding en traumatiese gebeure kon sy totaal kwesbaar gewees het, wat haar ontvanklik vir kognitiewe distorsie gemaak het. Dit kan daartoe lei dat 'n klomp leuens wortelskiet wat vervolgens geïdentifiseer moet word en met die waarheid tydens die gebedsessie vervang moet word (vgl. 5.2.3.4).

- **Verhoudings**
  - Luister fyn na die meisie se persepsies en verwagtinge rondom verhoudings. Daar moet op moontlike self-afbakening gelet word wat haar verhoed om verbintenisse aan te gaan. Dit is hier ook belangrik om vrae rondom haar verhouding met God te vra, aangesien dit deur die verhouding met haar aardse vader beïnvloed kon word.

- **Pa-wonde**
  - Let veral hier op na dit wat die vader NIE doen of gedoen het nie. Daar moet ook fyn geluister word na enige boodskappe van minderwaardigheids-gevoelens, gevoelens van verwerping en "jy is nie belangrik nie". Pa-wonde is dikwels baie moeilik om vas te stel, aangesien die meisie totaal onbewus hiervan mag wees maar die boodskap wat hierdeur oorgedra word, veroorsaak dat hulle bevestiging in ander mense en dinge soek. Let ook daarop of sy haarself vir die gebrek aan haar vader se liefde mag blameer. Dit lei dikwels tot gevoelens van eiegeregtigheid en verontwaardiging (vgl. 3.4.1). Hier moet ook verder opgelet word na moontlike woede en depressiewe

gedrag. Snellers wat hier as gevolg van die onverwerkte trauma vanuit die verlede mag manifesteer, is dikwels net ŉ noodkreet om hulp (vgl. 3.4.1).

- **Pa-honger**
    - Hier behoort veral na moontlike probleme geluister te word om woede uit te druk, aangesien hulle bang is om iemand anders aanstoot te gee. Hulle sukkel ook om hulle behoeftes aan ander bekend te maak. Dikwels is daar ook angs en depressie teenwoordig.
    - Die sekondêre trauma wat deur die afwesigheid van die vader, soos in hoofstuk 2 bespreek, veroorsaak word, is nie die primêre fokus van hierdie studie nie, alhoewel meeste van hierdie probleme deur die riglyne wat in hierdie studie aangetoon word ook opgelos kan word. Swak opvoedkundige prestasies, losbandigheid en tienerswangerskappe, drank- en dwelm-misbruik en eetversteurings hou direk met die afwesige vader verband en ontstaan as gevolg van die emosionele invloed van die afwesigheid van die vader op die adolessente meisie se lewe. Hierdie probleme sal dus ook aangespreek en behandel word met die riglyne soos in hierdie studie uiteengesit. Die armoede wat weens die afwesigheid van die vader ontstaan, word deesdae toenemend deur kerke hanteer en sodoende verbeter ook hierdie sekondêre gevolg van vader-afwesigheid.

### 7.4.3 Fase 3: Die gebedsessie

Dit is belangrik om deur elkeen van die traumatiese gebeure wat geïdentifiseer is, in kronologiese volgorde tydens die gebedsessie te werk. Hier word die beradene telkens na elkeen van hierdie situasies tydens gebed "teruggeneem". Dikwels beleef hulle die oorspronklike emosies, maar daar kan ook nuwe emosies of herinneringe tydens gebed na vore kom en daarom behoort die berader telkens ŉ kort tussenpose toe telaat, sodat die beradene terugvoer kan gee van enige addisionele emosies of selfs liggaamsgeheue wat tydens gebed plaasgevind het. Hierdie terugvoer bied belangrike inligting rakende die helingsproses.

Dikwels ervaar die beradene Jesus Christus se teenwoordigheid tydens die traumatiese gebeure. Dit is egter nie ŉ voorvereiste nie, maar wat wel moet gebeur is dat die beradene

God se vrede wat alle verstand te bowe gaan moet ervaar wanneer weer aan hierdie traumatiese gebeurtenis gedink word of daaroor gepraat word. Die beradene moet egter nie emosioneel oorweldig word soos in die verlede nie.

Indien die beradene wel Jesus tydens die gebedsessie in een van die herinneringe wat in haar brein gestoor is ervaar, behoort sy aangemoedig te word om met Hom oor die pyn en gebeure te praat. Dit is belangrik om wel terugvoer aan die berader te gee. Dikwels veroorsaak dit totale heling.

### 7.4.4 Fase 4: Vergifnis

Dit is dikwels vir die beradene baie moeilik om die oortreder, haarself en selfs God te vergewe. Vergifnis is egter ŉ doelbewuste keuse om enige struikelblok wat innerlike genesing kan blokkeer, uit die weg te ruim (vgl. 5.2.3.3). Indien die beradene Jesus Christus se teenwoordigheid tydens die traumatiese gebeure kan ervaar is hulle dikwels bereid om te vergewe wat ŉ groot deurbraak vir innerlike en emosionele vryheid is.

### 7.4.5 Fase 5: Nuwe grense

ŉ Intieme verhouding met Jesus Christus is noodsaaklik vir langdurige vryheid van emosionele wonde en gebondenheid en die beradene moet bereid wees om Jesus as haar persoonlike Verlosser aan te neem alhoewel ŉ kind van God nie gevrywaar is van emosionele seer nie. Dikwels gebeur dit spontaan na so ŉ intieme gebedsessie waarin Jesus tydens die traumatiese gebeure ervaar word.

Dit is belangrik om nuwe grense te stel indien dit in die verlede tot die emosionele verwonding bygedra het en sodoende ook nuwe waardes daar te stel. Die berader kan die beradene hierin begelei.

Laastens word die beradene die geleentheid gegun om Jesus te bedank vir die vryspraak en genesing. Die berader behoort hierna ook die sessie met lofprysing en dank aan die Here af te sluit.

### 7.4.6 Fase 6: Aanspreeklikheid

- Die geestelike volwasse lidmate behoort die beradene te leer dat daar geen

verdeeldheid in Christus is nie en daarom het hulle die verantwoordelikheid om in eenheid met alle mense te leef.

- Dit is die verantwoordelikheid van die beradene om rein en heilig voor God te leef deur met die werk van die duisternis te breek en voortdurend daarna te streef om met God se Gees gevul te word.
- Die beradene behoort ook vermaan te word om nie soos ongelowiges deur nuttelose gedagtes wat hulle opstandig en negatief maak oorheers te word nie.
- Aangesien die beradene haar identiteit in Christus gevind het, word daar van haar verwag om in liefde te wandel en dus haar afwesige vader se tekortkominge in liefde te verdra. Verder moet hulle ook respek vir hulle ouers openbaar en hulle ouers eer.
- Binne die portuurgroep, word ook van die beradene verwag om so op te tree dat God verheerlik word.

### 7.4.7 Fase 7: Opvolg en Koinonia

- Die beradene word begelei om te besef dat hulle nou kinders van God is, dat Hy hulle baie liefhet en dat hulle geseëndes is. Hulle het ŉ nuwe identiteit in Christus en is dus nuwe mense. Verder moet hulle deeglik met die waarheid uit God se Woord toegerus word, sodat hulle sal glo Hy sal al Sy beloftes waar maak. Die Heilige Gees wat in hulle woon, stel hulle in staat om die wil van God te doen sodat hulle waardig hulle roeping in God, onder die leiding van die Heilige Gees, kan wandel.
- Die kerk behoort na beradenes uit te reik wat nog nie ŉ verhouding met God het nie.
- Die beradene behoort deur geestelik volwasse lidmate by die gemeentelewe betrek te word, sodat hulle besef hulle staan ook onder Jesus as Hoof en dat hulle ŉ onwrikbare geloof in God moet hê. Deur gehoorsaam aan God te wees word hulle in staat gestel om verkeerde keuses en besluite te vermy.
- Verder moet hulle ook begelei word om hulle eie dienswerk in navolging van Christus te doen want hierdeur ontdek hulle, hulle eie gawes wat in diens van ander gebruik kan word. Hulle sal opnuut besef dat God die mens uit liefde tot goeie dade gered en opgeroep het. Hierdeur word erkenning en dankbaarheid aan God bewys

en word hulle sodoende deel van ŉ nuwe gemeenskap met ŉ nuwe lewensdoel.

- Die beradene behoort verder begelei te word om liefdevolle interpersoonlike verhoudings ook met hulle afwesige vader te handhaaf aangesien hulle ŉ verantwoordelikheid het om as ŉ eenheid met die gemeente saam te leef.
- Gesinsbediening en jeugbediening behoort deur die gemeente aangebied te word ten einde vir die beradene ŉ voorbeeld te wees van hoe ŉ lewe wat totaal aan God toegewy is behoort te lyk.

## 7.5 Samevattend

In hierdie hoofstuk is daar belangrike merkers vir die samestelling van riglyne vir pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders vanuit die aangrensende wetenskappe, bestaande pastorale modelle sowel as die Skrif daargestel. Verskillende fases van die riglyne vir pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders is aangetoon. Tydens fase 1 word die aspekte ter voorbereiding van die pastorale versorging aangetoon. Die riglyne vir die versameling van inligting word in fase 2 voorgestel. Hier is veral op inligting rakende probleemareas van adolessente meisies met afwesige vaders, soos identiteit, pa-wonde en pa-honger en verhoudings gefokus. In fase 3 word die gebedsessie wat ŉ integrale deel van die pastorale versorging vorm se riglyne aangetoon en fase 4 gee riglyne rakende vergifnis wat ŉ baie belangrike faset van die pastorale versorging is. Riglyne rakende nuwe grense wat ingestel moet word, is in fase 5 aangetoon. Die navorser is van mening dat hierdie riglyne ŉ groot hulp in die pastorale versorging en begeleiding aan adolessente meisies met afwesige vaders kan wees.

# HOOFSTUK 8  SAMEVATTENDE PERSPEKTIEWE

## 8.1 Waarom die studie onderneem is

Navorsing het aan die lig gebring dat in die algemene samelewing vader-afwesigheid 'n groot probleem is en geweldig toegeneem het. Min navorsing is gedoen rondom die pastorale versorging van adolessente meisies met afwesige vaders alhoewel hierdie meisies ernstige sekondêre probleme soos armoede, swak skolastiese prestasies, losbandigheid, tienerswangerskappe, drank- en dwelmmisbruik en eetversteurings ervaar. Die fokus van hierdie studie is egter in die emosionele probleme rondom identiteit, pa-wonde, pa-honger en verhoudings, veral met die teenoorgestelde geslag, gesetel. Die vernietigende effek wat vader-afwesigheid op sy dogter se lewe het, het aanleiding tot die navorsingsvraag van hierdie studie gegee, naamlik "Watter riglyne vir pastorale versorging en begeleiding aan adolessente meisies wie se vaders afwesig is, kan gegee word?" (vgl. 1.3).

## 8.2 Doelstellings en doelwitte van die studie

Die oorkoepelende doelwit van hierdie studie is om riglyne daar te stel ten einde adolessente meisies met afwesige vaders pastoraal te versorg. Die spesifieke doelwitte is soos volg:

- Om eerstens deur 'n literatuurstudie vas te stel wat die huidige stand van sake rakende die effek wat vader-afwesigheid op die adolessente meisie het, is (hoofstuk 2).
- Om tweedens te bepaal waarom vader-afwesigheid so toegeneem het en ook waarom dit so 'n effek op die adolessente meisie in veral die Suid-Afrikaanse konteks het (hoofstuk 3).
- Om derdens riglyne vanuit die grenswetenskappe rakende die versorging van hierdie meisies te verkry (hoofstuk 4).
- Om vierdens praktyk-teoretiese gerigte, pastorale versorgingsriglyne, vas te stel (hoofstuk 5).
- Om vyfdens te bepaal watter perspektiewe vanuit die Skrif verkry kan word waarvolgens adolessente meisies met afwesige vaders pastoraal versorg kan word.

- Om laastens vanuit al die vorige perspektiewe ŉ aantal oorkoepelende praktyk-teoretiese riglyne te formuleer vir die pastorale versorging en begeleiding aan adolessente meisies met afwesige vaders.

## 8.3 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie pastorale studie is om riglyne daar te stel deur perspektiewe vanuit die Bybel en aangrensende wetenskappe vir die versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders te ondersoek en daar te stel ten einde hierdie meisies pastoraal te versorg.

## 8.4 Metodologie

Vir hierdie pastorale studie is Osmer (2008:4) se model gebruik wat uit vier take bestaan wat elkeen poog om ŉ spesifieke vraag te beantwoord (vgl. 1.6), naamlik:

- Die beskrywend-empiriese taak: "Wat gebeur tans?".
- Die interpreterende taak: "Waarom gebeur dit?".
- Die normatiewe taak: "Wat behoort te gebeur?".
- Die pragmatiese taak: "Hoe kan daarop gereageer word of wat kan daaraan gedoen word?".

Deur die beantwoording van elkeen van hierdie take word die navorser in staat gestel om werkbare riglyne daar te stel vir die pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders.

## 8.5 Afdeling A: Die beskrywend-empiriese taak

### 8.5.1 Hfst. 2: Gevolgtrekking ten opsigte van problematiek van die pa as afwesige vader

Vader-afwesigheid is wêreldwyd ŉ groot probleem. In Suid-Afrika is vaderskap baie kompleks en hou vele uitdagings vir vaderskap in aangesien enige ander man as die biologiese vader dikwels die rol van vader in die huishouding vervul. Poligamie en dieselfde geslag huwelike wat beide wettig in Suid-Afrika is vererger die probleem weens die stigma wat steeds daaraan kleef en die kind se lewe drasties beïnvloed.

Fisiese veranderinge tydens adolessensie hou groot gevaar vir meisies rakende hul selfbeeld en selfevaluering in indien hulle hulself as “anders as die norm” beleef. Die emosionele ontwikkeling tydens adolessensie kan roekelose en impulsiewe gedrag tot gevolg hê. Groepsdruk raak geweldig belangrik en het ŉ direkte invloed op die meisies se identiteit.

Kognitiewe veranderings tydens adolessensie verhoog die risiko vir verslawings en kognitiewe gedragsversteuring en indien die vader afwesig is, het dit ŉ beduidend negatiewe invloed op die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent.

Tydens adolessensie ontwikkel morele waardes en indien die vader afwesig is, word die neiging tot empatie nadelig geraak.

Die afwesigheid van die vader veroorsaak dat die meisie ŉ lae selfbeeld en geen selfwaarde het nie en dikwels ook bitterheid en woede ervaar. Die meisie ontwikkel ŉ ongesonde behoefte om aanvaar en liefgehê te word indien die vader afwesig is veral indien vader-afwesigheid tydens adolessensie plaasvind. Sulke meisies voel ongeliefd en onwaardig en kan aandag op verkeerde plekke soek.

Verskeie aspekte van die meisie se lewe word negatief beïnvloed indien haar vader afwesig is soos dat sy dikwels arm is, swak skolastiese prestasies het, losbandig lewe en dikwels op ŉ vroeë ouderdom swanger raak. Sy kan makliker dwelms en drank misbruik en haar verhouding met God en die teenoorgestelde geslag word direk beïnvloed.

Pastorale versorging behels ŉ algemene daad van omgee deur alle gelowiges. Weens ŉ tekort aan praktiese teologie rakende enkelouerskap sukkel die hedendaagse kerk veral met die pastorale versorging van enkel-moeders.

Pastorale versorging aan leerders in Suid-Afrika word dikwels deur die onderwysers gedoen alhoewel hulle nie daarvoor opgelei is of die nodige hulpbronne tot hulle beskikking het nie.

## 8.6 Afdeling B: Die interpretatiewe taak

### 8.6.1 Hfst. 3: Gevolgtrekkings ten opsigte van die ontstaan van die problematiek rondom die afwesige vader

Verreikende negatiewe gevolge vir die gesin is deur sosiologiese veranderinge in die samelewing veroorsaak. Die feministiese beweging sowel as die twee wêreldoorloë het ŉ massiewe impak op die struktuur van die hedendaagse gesin gehad. Die trekarbeidstelsel in Suid-Afrika was verantwoordelik vir grootskaalse afwesigheid van vaders. Vaderskap word deur verskillende kulture verskillend beskou en het ŉ enorme invloed op die samelewing ook veral in Suid-Afrika met sy diversiteit van kulture.

Die vader is nie meer die alleen broodwinner binne die gesin nie en dit het verreikende gevolge vir onder andere rolverdeling binne die huwelik asook komplekse onderhandelinge tussen egpare vir take wat gedoen moet word.

Weens lae betalende beroepe en die onsekerheid van die arbeidsmark word ouers gedwing om meer as een werk aan te neem en die ma word ook gedwing om te gaan werk wat veroorsaak dat beide ouers lang ure weg van die huis en kinders is. Verder het die sogenaamde 24/7 werkskedules ŉ negatiewe impak op die kind se ontwikkeling. Vaderskap word deur omstandighede beïnvloed wat die vader forseer om volgens die situasie op te tree en dit is dikwels nie tot voordeel van die kinders nie.

Postmodernisme vra na aanvaarding van gedrag wat verskil van ŉ Christelike perspektief rakende die familie. Die hedendaagse kultuur wil doelbewus nie aan Christelike geloof gekoppel word nie. Ateïsme, sekularisme en geloofsverflouing neem wêreldwyd, maar ook in Suid-Afrika, geweldig toe.

Kinderjare identifikasie word deur bevredigende interaksie met betroubare en betekenisvolle rolle van generasies wat saambly soos in ŉ gesin bepaal. Vader-afwesigheid het ŉ enorme invloed op die adolessente meisie se identiteit en selfbeeld aangesien haar selfvertroue asook haar vertroue in haar vermoëns as mens verminder.

Vader-afwesigheid veroorsaak dat die adolessente meisie ŉ nuwe identiteit in terme van wie sy nou is, moet ontwikkel. Sy raak meer bekommerd oor hoe sy nou in die oë van ander lyk vergeleke met hoe sy oor haarself voel.

Die adolessente meisie se verhouding met haar vader vorm bewustelik en onbewustelik haar persepsies rondom verhoudings en van wat aanvaarbaar binne ŉ romantiese verhouding is. Hoe sterker die verhouding met haar pa, hoe meer geloof het sy in haar eie vermoë om goeie verhoudings met die teenoorgestelde geslag te hê.

Pa-wonde word veroorsaak deur, dit wat die pa NIE doen nie. Die wonde is dikwels baie diep en veroorsaak minderwaardigheidsgevoelens by die meisie aangesien sy dink sy is nie belangrik nie en dat daar iets fout met haar is. Die vaderlose adolessente meisie vrees dikwels verwerping, wil elke verhouding beheer en kry dikwels woedeuitbarstings teenoor mans.

Pa-honger het ŉ beduidende bydrae tot die psigologiese ontwikkeling van die kind. Dit ontstaan weens te min kwaliteit vaderskap en word van geslag tot geslag oorgedra.

## 8.7 Afdeling C: Die normatiewe taak

### 8.7.1 Hfst. 4: Gevolgtrekkings ten opsigte van hulpverlening aan adolessente met afwesige vaders vanuit die gedragswetenskappe

Daar is verskeie tegnieke beskikbaar wat groot voordele vir die adolessente meisie met ŉ afwesige vader inhou.

Die kursus *Fathers and daughters* is baie goed vir meisies om hulle vaders beter te verstaan asook om hulle eie gedrag te verstaan en te verander ten einde beter verhoudings met hulle vaders te bou.

Deur *Cinematherapy* word die adolessente meisie met ŉ afwesige vader bewus dat haar assosiasies, idees en gevoelens meer universeel is as wat sy dink en gevolglik stel dit haar in staat om dit in haar individuele lewensondervindinge toe te pas sodat sy haar ondervindinge vanuit ŉ breër perspektief kan beskou.

Wineburgh se model van gesinsterapie wat die afwesige vader ook betrek help om die adolessente meisie beter binne die konteks van die gesin te verstaan. Dit help ook om die afwesigheid van die vader beter te verstaan en die idealisering van die vader meer objektief te beskou.

Die “wonderwerk vraag” tegniek laat die kliënt glo dat sy die vermoë besit om ’n betekenisvolle beskrywing te kan gee van hoe sy wil hê haar lewe moet lyk en hoe sy graag in die wêreld sou wou funksioneer wat haar selfvertroue versterk.

Musiekterapie is belangrik in die adolessent se lewe en die adolessente meisie met ’n afwesige vader sukkel om mense te vertrou. Deur musiek voel sy haar stem word gehoor en kan sy beter keuses ten opsigte van haar lewe maak.

Bewustheidsgebaseerde benaderings se weeklikse groepsessies en tuisoefeninge soos stap, is baie voordelig vir die adolessente meisie met ’n afwesige vader ten opsigte van streshantering.

Geldard en Geldard is van mening dat daar ’n spesifieke kliënt-berader verhouding en kommunikasiestyl vir adolessente toegepas behoort te word en dit verskil van die vir volwassenes en kinders.

Dit is belangrik om adolessente direk by die strategieë te betrek wat vir die berading-sessies gebruik gaan word sodat hulle ook verantwoordelikheid vir hulle eie aandeel in die sukses van die sessies kan aanvaar. Die verhouding tussen die adolessent en die berader is dus van kardinale belang.

Dit is belangrik om die ontwikkelingsbehoeftes van die adolessent in ag te neem en om die adolessent se storie te glo. Die berader moet die adolessent daartoe lei om self oplossings vir die probleme te vind en dit uit te toets voor die adolessent dit in die praktyk gaan toepas.

Elke sessie moet ’n volledige sessie wees indien die adolessent sou besluit om nie terug te kom nie.

### 8.7.2 Hfst. 5: Gevolgtrekkings ten opsigte van belangrike perspektiewe vanuit verskillende pastoraal-teologiese modelle met betrekking tot die begeleiding van adolessente meisies met afwesige vaders.

Daar bestaan verskeie pastorale beradingsmodelle wat met groot effektiwiteit in die hedendaagse samelewing toegepas word en diep innerlike wonde genees.

#### 8.7.2.1 Jan Frank se 10-Fase genesingsmodel

- Die beradene moet haarself deeglik ondersoek en evalueer sodat sy die probleem kan konfronteer want slegs dan word die Heilige Gees toegelaat om heling te bewerkstellig.
- Dit is belangrik om die insident te verbaliseer sodat die emosies en gedagtes wat weens die impak van die gebeure geblokkeer is, losgemaak kan word.
- Die slagoffer se familiegeskiedenis is noodsaaklik sodat die gebeurtenis in konteks gesien kan word.
- Dit is belangrik om die gevoelens en emosies wat tydens so ŉ traumatiese gebeurtenis ervaar is, met die hulp van ŉ opgeleide berader, weer as deel van die helingsproses te ervaar.
- Veral by seksuele misdrywe is dit noodsaaklik dat verantwoordelikheid geïdentifiseer en gevestig word. Dikwels ontstaan ongesonde gedragspatrone weens traumatiese gebeure en dit moet ontwortel en verander word. Ondersteuningsgroepe is van groot waarde vir getraumatiseerde persone.
- Die aggressor moet gekonfronteer word indien daar nog kontak bestaan.
- Vergifnis is die uiteindelike doel van die terapie wat insluit dat die beradene haar pyn moet erken en die bitterheid en woede moet laat staan terwyl sy ŉ begeerte na versoening moet ontwikkel. Hierdeur word die gevolge van die dade nie kwytgeskeld nie maar sy besef dat God net so gebroke is oor die onreg wat haar aangedoen is en tog is Hy in staat om totale heling, te midde van die pyn, te bewerkstelling.
- Die meisie se selfbeeld moet herstel word alvorens sy in staat sal wees om ander verhoudings te herstel. Haar beeld van God moet dikwels verander deur ŉ verhouding met die lewende God te bou en vervolgens gehoorsaam aan Hom te lewe.
- Sy moet na ander uitreik.

#### 8.7.2.2 Sara Trollinger se beradingsmodel

- ŉ Verhouding met die Lewende God is noodsaaklik vir volkome vryheid en genesing en die beradene behoort hierin begelei te word.

- Vergifnis baan die weg vir totale vryheid en dit is ŉ wilsbesluit wat nie op gevoelens gegrond is nie. Dikwels moet die beradene haarself, mense wat haar seergemaak het sowel as God vergewe aangesien God dikwels vir trauma blameer word. Vergifnis is ŉ voortdurende proses wat nooit ophou nie. Vergifnis word deur God vereis en dikwels moet jy jou eie aandeel in die situasie raaksien voor jy tot vergifnis in staat sal wees.
- Die diepgewortelde behoefte aan liefde en aanvaarding binne elke mens kan slegs deur God bevredig word. Kinders uit disfunksionele huise verloor dikwels vertroue en sekuriteit en voel waardeloos.
- Tydens die model moet die Heilige Gees se leiding volkome vertrou word en daarom moet die Heilige Gees ook genoegsaam tyd gegee word om heling te bewerkstellig.
- Spesifieke sondes van vorige geslagte moet geïdentifiseer word. Dit is noodsaaklik sodat dit onder gebed aan die Heilige Gees oorgegee kan word vir volkome bevryding.
- Jesus moet gevra word om almal wat aan die sessie deelneem met Sy bloed vir beskerming, vrede en oorwinning te bedek.
- ŉ Verhouding met God moet ŉ integrale deel van elke beradene se lewe word en verhoudings met ander persone moet sover moontlik herstel word en hiervoor is die korrekte grense noodsaaklik aangesien dit die beradene selfbeheersing leer en sekuriteit gee.
- Die hele gesin behoort gerestoureer te word ten einde volkome herstel te bewerkstellig.

#### 8.7.2.3 Charles Kraft se model van diepvlakgenesing

- Diepvlakgenesing is ŉ holistiese benadering wat onder die leiding van die Heilige Gees tydens gebed volkome genesing en vryheid bewerkstellig en daarom is ŉ diep gewortelde geloof in Jesus noodsaaklik vir diepvlakgenesing en die beradene moet hierin begelei word.
- Traumatiese gebeure word as prentjies in die brein saam met die gevoelens en emosies gestoor en tydens diepvlakgenesing ervaar beradenes Jesus se teenwoordigheid in die prentjie wat gesien word tydens die herbelewing van die

traumatiese gebeure wat groot impak het en tot vrymaking en genesing lei.

- Die herbevestiging van Jesus se liefde verminder die impak van die traumatiese gebeure en al kan die gebeure nie ontdaan gemaak word nie, word volkome vrede, vryheid en genesing ervaar.

#### 8.7.2.4 Hfst. 6: Gevolgtrekkings ten opsigte van die riglyne vanuit Efesiërs vir pastorale hulpverlening aan adolessente meisies met afwesige vaders

Dit is noodsaaklik om die meisie met ʼn afwesige vader te begelei om God se groot genade te begryp alvorens enige eise aan haar gestel word. Sy moet dus eers haar identiteit in Christus begryp alvorens daar verwag kan word dat sy dit kan uitleef. Intensiewe bestudering van haar wonde soos agterdog teenoor mense, twyfel in die waarheid van die Woord en twyfel of selfs minagting van haarself sal eers nodig wees sodat sy met aanmoediging en begeleiding die imperatief kan begin uitleef.

- **Identiteit**
  - Indien die jong gelowige haar identiteit in Christus vind kan dit so ʼn integrale deel van haar lewe uitmaak dat sy die roeping wat God met haar lewe het tot uitvoer kan bring.
  - Aangesien sy ʼn kind en uitverkorene van God word, wat geseënd, uitverkies en vergeef is, stel die Heilige Gees binne haar, haar in staat om God se wil te doen terwyl sy op Sy leiding kan staatmaak.
  - Deur begeleiding kan die meisie begryp dat sy deur haar geloof in Christus dieselfde genade as jong gelowiges in die brief Efesiërs ontvang het.
  - Begeleidende pastorale versorging aan hierdie meisies is noodsaaklik sodat hulle insig in hulle identiteit in Christus verkry wat in alle fasette van hul lewens sigbaar sal wees.
  - Die adolessente moet nie ʼn stel reëls kry wat op hulle afgedwing word nie aangesien dit hulle net sal ontmoedig.
  - Die pastor en geestelik volwasse lidmate het die verantwoordelikheid om die kerk se eenheid te beskerm deur die individuele lidmate te onderrig dat hulle ook ʼn verantwoordelikheid het om as eenheid met die gemeente te leef en goeie verhoudings moet handhaaf. Die meisie met ʼn afwesige vader

behoort dus ook onderrig te word dat daar geen verdeeldheid in Christus is nie.

- Die modellering van Christelike waardes deur geestelik volwasse leiers aan meisies met afwesige vaders is noodsaaklik veral in die gemeentelewe. Hulle moet dus by die gemeentelewe ingesluit word want hulle is deel van "een liggaam".
- Hulle moet weerbaar gemaak word om negatiewe invloede te weerstaan deur hulle te laat deel in "een hoop" in Christus.
- Hulle moet tot 'n onwrikbare geloof in Christus begelei word sodat hulle gedoop kan word en gehoorsaam aan God se wil vir hulle lewens kan wees. Hulle moet verder geleer word dat daar slegs een God en Vader is.
- Die kerk moet elke adolessente meisie begelei om hulle eie dienswerk in die navolging van Christus te doen.
- Meisies met afwesige vaders wat hul gawes ontdek en in diens van ander gebruik besef hulle waarde is nie in die optrede van hul afwesige vader nie maar in hul roeping as God se kinders. Daar moet besondere versorging aan hierdie meisies binne die kerk gegee word. Werklike transformasie vind in die hart en gedagtes van mense plaas.
- Hierdie meisies kan in moeilike situasies staande bly deur te glo dat niks vir God onmoontlik is nie en dat hy ook Sy ander beloftes sal waar maak.

- **Pa-wonde**
  - Die basis vir die kerk asook die lewe in Christus is die gawes wat Christus aan die kerk en gelowiges skenk.
  - Indien gelowiges die regte gesindheid teenoor eenheid openbaar sal hulle in staat wees om ten spyte van verskille in generasies liefdevolle verhoudings met mekaar te handhaaf aangesien hulle tot vergifnis in staat sal wees.
  - Omdat God die gelowige as Sy kinders aangeneem het en hulle mede-erfgename word, leer die adolessente meisie met 'n afwesige vader God as Vader ken.
  - Deur die oorwinning in Christus verkry meisies met afwesige vaders meelewing en vertroosting deur die Gees van God.

- **Pa-honger**
  - God sal die gelowige nooit verlaat of in die steek laat nie omdat Sy Gees binne in die gelowige woon.
  - Die innerlike mens word deur die Heilige Gees versterk sodat die omvang van Christus se liefde binne die kerkgemeenskap verstaan kan word.
  - Die honger na ŉ pa se liefde kan bevredig of verminder word wanneer die omvang van Christus se liefde binne die gemeenskap van die gelowiges begryp word.

- **Verhoudings**
  - Die verhouding met die Here behoort die belangrikste verhouding vir enige adolessente meisie te wees.
  - Dit is noodsaaklik om met toegewydheid en volharding te doen wat God van die gelowige verwag ten einde die roeping in Christus te volbring sodat tot geestelike volwassenheid gegroei kan word.
  - Die eenheid wat deur die werking van die Heilige Gees verkry is, is vrede en dit stel gelowiges in staat om liefdevolle verhoudings met mekaar te handhaaf.
  - Daar word van die gelowige verwag om in liefde te wandel en nie soos ŉ ongelowige op te tree nie sodat hulle mekaar in liefde kan verdra. Daar word verder van die gelowige verwag om eerlik in liefde op te tree sodat die kerk kan groei en opgebou word.
  - Dit is die kerk se plig om adolessente meisies met afwesige vaders te begelei en toe te rus rakende morele verval sodat hulle antwoorde op hulle lewensvraagstukke kan verkry. Leierskap van die kerk behoort die lees van wysheidsliteratuur aan meisies met afwesige vaders aan te moedig sodat hulle God se Woord op praktiese wyse in hulle lewens kan ervaar en toepas.
  - Gesinsbediening speel ŉ belangrike rol in jeugbediening en ouers behoort aan hulle kinders te demonstreer hoe ŉ lewe wat totaal aan God toegewy is lyk, sodat meisies kan besef hulle gewildheid mag nie ten koste van hulle geloof in God wees nie.

- Die leierskap in die kerk behoort ingelig te wees rakende meisies met afwesige vaders se probleme sodat hulle aan sulke meisies die nodige leiding kan verskaf om die wapenrusting van God op effektiewe wyse in konkrete situasies toe te pas.

## 8.8 Afdeling D: Pragmatiese taak

### 8.8.1.1 Gevolgtrekkings vanuit die formulering van praktyk-teoretiese riglyne vir pastorale versorging aan adolessente meisies met afwesige vaders

ŉ Bepaalde keuse moet deur die beradene uitgeoefen word om ŉ lewende verhouding met Jesus Christus aan te gaan aangesien Hy die groot Geneesheer is. Hierdeur word ŉ totale emosionele transformasie verkry.

Die berader en beradene onderwerp hulle volledig aan die leiding en gesag van die Heilige Gees tydens gebed wat ŉ kardinale rol in die genesing van emosionele wonde speel. Gehoorsaamheid aan God se Woord is hier van kardinale belang. Die Heilige Gees openbaar die diep emosionele en geestelike pyn en dit baan die weg tot herstel.

Die beradene word tydens gebed begelei om die traumatiese gebeure asook die emosies en gevoelens wat daarmee gepaard gaan te herbeleef maar hierdie keer is Jesus saam met die beradene in die toneel. Hierdie aspek veroorsaak dikwels dat die beradene tot vergifnis van die oortreder, hulleself en selfs God in staat is.

ŉ Nuwe verhouding met God, hulleself en andere word vervolgens gevestig en totale geestelike en emosionele vryheid word verkry.

### 8.8.2 Finale gevolgtrekkings

Uit hierdie studie het dit na vore gekom dat daar hoop vir adolessente meisies met afwesige vaders is, om volkome getransformeer te word, ten einde emosionele en geestelike vryheid te kan ervaar. Die riglyne soos in hierdie studie verskaf en wat ook sterk op die Pastoraat van toepassing is, is dat meisies met afwesige vaders wat diep emosionele- en geestelike wonde opgedoen het weens die verlies van hulle vaders uiteindelik van hierdie diep wonde vry kan word. Hulle verkry ŉ nuwe perspektief op die traumatiese gebeure wat veroorsaak dat hulle innerlike vrede en kalmte ervaar.

### 8.8.3 Voorgestelde temas vir verdere navorsing

- ʼn Innerlike genesingsmodel vir adolessente wat tot dieselfde geslag verhoudings aangetrokke voel.
- Pastorale versorging aan adolessente meisies wat swanger raak op skool.

## BRONNELYS


Adewale, J. 2013. Absent fathers: understanding perceptions adult males have of their absent fathers. Lexington, KY: s.n.

Agbiji, E. & Agbiji, O.M. 2016. Pastoral care as a resource for development in the global healthcare context: implications for Africa's healthcare delivery system. *HTS teologiese studies*, 72(4), a3507.

Akpanessian, A. 2015. The role of pastoral care and guidance in the spiritual development of postmodern youth in Nigeria. Ontario: University of Toronto. (Dissertation – MTh).

Allgood, S.M., Beckert, T.E. & Peterson, C. 2012. The role of father involvement in the perceived psychological well-being of young adult daughters: a retrospective study. *North American journal of psychology*, 14(1):95-110.

Amitin, R. 2016. If only I had a dad: finding freedom from fatherlessness. San Francisco, CA: Rick Amatin.

Anderson, R.S. 2007. Something old, something new: marriage and family ministry in a postmodern culture. Eugene, OR: Wipf & Stock.

Anon. 2014. Social and emotional changes in adolescence. https://www.healthyfamiliesbc.ca/home/articles/social-and-emotional-changes-adolescence-teens Date of access: 19 Dec 2018.

APA dictionary of Psychology. 2015. 2nd ed. Washington, DC: American Psychological Association.

Baloyi, M.E. 2016. The church's pastoral role concerning challenges faced by teachers in South-African public schools: some practical theological perspectives. *In die Skriflig*, 50(1), a2107.

Barras, J.B. 2000. Whatever happened to daddy's little girl: the impact of fatherlessness on black women. New York, NY: Ballantine Publishing.

Berding, K. 2006. What are spiritual gifts? Rethinking the conventional view. Grand Rapids: Kregel.

Bertelsmann, M. 2016. Where have our fathers gone? https://www.parent24.com/Family/Parenting/where-have-our-fathers-gone-20160217-2 Date of access: 18 Jul. 2018.

Best, E. 1998. A critical and exegetical commentary on Ephesians. London: T & T Clark.

Bhae, J.Y. 2000. The subject of the letter to the Ephesians: a thought-mapping approach. Potchefstroom: NWU. (Thesis – PhD).

Bhana, D., Morrell, R., Epstein, D. & Moletsane, R. 2006. The hidden work of caring: teachers and the maturing AIDS epidemic in diverse secondary schools in Durban. *Journal of education*, 38(1):5-24.

Bierman, J.S., Krieger, A. R. & Leifer, M. 2003. Group cinematherapy as a treatment modality for adolescent girls. *Residential treatment for children & youth*, 21(1):1-15.

Bita, N. 2013. Long hours at work harm kids as much as parental depression. https://www.news.com.au/lifestyle/parenting/long-hours-at-work-harm-kids-as-much-as-parental-depression/news-story/0425d694366a0a0325981deac4f5dccc Date of access: 21 Feb. 2019.

Bögels, S. & Phares, V. 2008. Father's role in the etiology, prevention and treatment of child anxiety: a review and new model. *Clinical psychology review,* 28(4):539-55.

Bomo, A. 2016. Why we should all care about the fatherless daughter syndrome. https://medium.com/@andreabomo/why-we-should-all-care-about-the-fatherless-daughter-syndrome-5fe527e22cc5 Date of access: 9 Sept. 2018.

Booth, A., Scott, M.E. & King, V. 2010. Father residence and adolescent problem behavior: are youth always better off in two-parent families? *Journal of family issues*, 31(5):585-605.

Bosoni, M.L. 2014. Breadwinner or involved fathers?: men, fathers and work in Italy. *Journal of comparative family studies*, 4(2):293-315.

Botha, A.E. 2014. Onderwysers se persepsie oor die impak van vaderloosheid op kinderontwikkeling. Potchefstroom: NWU. (Thesis – MA).

Botha, C.S. & Hay, J. 2016. Narratives of adolescent girls journeying via feminist participatory action research through the aftermath of divorce. *Africa education review,* 13(2):165-180.

Botha, K.F.H. & Ackermann, D.W.J. 2014. Self-regulation strategies of white young adult male students who grew up with emotionally absent fathers. Potchefstroom: NWU. (Dissertation – MA).

Breed, G. 2013. Metateoretiese vertrekpunte ten opsigte van wetenskaplike navorsing in kinder- en jeugbediening. (*In* De Klerk, B.J. & De Wet, F.W., *reds*. Met die oog op God: voorveronderstellings van die reformatoriese invalshoek op Praktiese Teologie. Noordbrug: PTP. p. 197-222).

Breed, G. 2015. Ministry to the congregation according to the letter to the Ephesians. *Acta Theologica,* 35(1):37-58.

Breed, G. & Kruger, F.P. 2014. ŉ Prakties-teologiese besinning oor die begeleiding en toerusting van kinders tot dienswerk as ŉ weg tot die navolging van Christus. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 70(2):1-11.

Brener, N.D., Weist, M., Adelman, H., Taylor, L. & Vernon-Smiley, M. 2007. Mecial services: results from the School Health Policies and Progams Study 2006. *Journal of school health*, 77(8):486-499.

Brown, S.J. 2018. The lived experience of daughters who have absent fathers: a phenomenological study. Minneapolis, Minn.: Walden University. (Dissertation – Ph.D).

Budlender, D. 2018. Income support for children in the context of poverty and inequality. (*In* Hall, K., Richter, L., Mokomane, Z. & Lake, L. *eds.* South African child gauge 2018: children, families and the state: collaboration and contestation. Cape Town: Children's Institute, UCT. http://www.ci.uct.ac.za/ci/child-gauge/2018 Date of access: 3 Jan. 2019. p. 93-100).

Burke, C.A. 2010. Mindfulness-based approaches with children and adolescents: a preliminary review of current research in an emergent field. *Journal of child and famiy studies,* 19(2):133-144.

Bybel. 1954. Die Bybel, dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Hers. uitg. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Cabrera, N.J., Tamis-Lemonda, C.S., Bradley, R.H., Hofferth, S. & Lamb. E. 2000. Fatherhood in the twenty-first century. *Child development,* 71(1):127-136, Jan/Feb.

Cameron, H., Bhatti, D., Duce, C., Sweeney, J. & Watkins, C. 2011. Talking about God in practice: theological action research and practical theology. *Journal of multidisciplinary research*, 3(2):125-127.

Capra, J.L. & Capra, M.A. 2017. Raising courageous children in a cowardly culture: the battle for hearts and minds of our children. s.l. Lulu publishing services.

Casey, T. & Maldonado, L. 2012. Worst off – single-parent families in the United States: a cross-national comparison of single parenthood in die U.S. and sixteen other high-income countries. https://www.researchgate.net/publication/285206732_Worst_Off-_Single-Parent_Families_in_the_United_States_A_Cross-National_Comparison_of_Single-Parenthood_in_the_US_and_Sixteen_Other_High-Income_Countries Date of access: 3 Feb. 2020.

Charalampidis, M. 2014. Where fatherlessness meets music therapy: "the importance of therapist & the uniqueness of music". Jyväskylä: University of Jyväskylä. (Thesis – MA).

Clowes, L., Ratele, K. & Shefer, T. 2013. Who needs a father?: South-African men reflect on being fathered. *Journal of gender studies,* 22(3):255-267.

Coetzer, W.C. 2012. Jan Frank se tien fase genesingsmodel. Potchefstroom. (Ongepubliseer).

Coetzer, W.C. 2015. Pa-wonde en pa-honger. Potchefstroom. (Ongepubliseer).

Coleman, W.L., Garfield, C. & Committee on Psychosocial Aspects of Child and Family Health. 2004. Fathers and pediatricians: enhancing men's roles in the care and development of their children. *Pediatrics,* 113(5):1406-1411.

Comings, D.E., Muhleman, D., Johnson, J.P. & MacMurray, J.P. 2002. Parent–daughter transmission of the androgen receptor gene as an explanation of the effect of father absence on age of menarche. *Child development*, 73(4):1046–1051.

Cooper, S.M. 2009. Associations between father-daughter relationship quality and the academic engagement of African American adolescent girls: self-esteem as a mediator? *Journal of black psychology*, 35(4): 495-516.

Cooperman, A., Smith, G. & Ritchey, K. 2015. America's changing religious landscape: Christians decline sharply as population; unaffiliated and other faiths continue to grow. https://www.pewforum.org/wp-content/uploads/sites/7/2015/05/RLS-08-26-full-report.pdf Date of access: 02 May 2019.

Craven, S.M. 2006. Father: the greatest influence. https://www.crosswalk.com/faith/spiritual-life/fathers-the-greatest-influence-1402532.html Date of access: 4 May 2019.

Crone, E.A. & Dahl, R.E. 2012. Understanding adolescence as a period of social–affective engagement and goal flexibility. https://dejongeakademie.nl/shared/resources/documents/publicatie-nature-eveline-crone.pdf Date of access: 15 Mar. 2019.

Cullinan, K. 2015. Grants help children out of poverty. https://www.health-e.org.za/2015/11/10/grants-help-children-out-of-poverty/ Date of access: 3 Oct. 2018.

Dahl, R.E. 2004. Adolescent brain development: a period of vulnerabilities and opportunities. *Annals of the New York academy of Science*, 1021:1-22.

Dalton III, W.T., Frick-Horbury, D. & Kitzmann, K.M. 2006. Young adults' retrospective reports of parenting by mothers and fathers: associations with current relationship quality. *The journal of general psychology*, 133(1):5–18.

Degortes, D., Santonastaso, P. & Favaro, A. 2018. (*In* Cuzzolaro, M. & Fassino, S., *eds.* Body image, eating & weight: a guide to assessment, treatment and prevention. Cham: Springer. p. 127-140).

De Jager, I. 2009. Die kind in die middelkinderjare se belewing van vaderlike afwesigheid. Pretoria: UNISA. (Verhandeling – MDiac).

De Jong, P. & Berg, I.K. 1998. Interviewing for solutions. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.

De Klerk, B. 2001. Fokus op Efesiërs. Potchefstroom: Admin. Buro van die GKSA. (Soeklig).

De Shazer, S, Dolan, Y.M., Korman, H., Trepper, T., McCollum, E. & Berg, I.K. 2007. More than miracles: the state of the art of solution-focused brief therapy. New York, NY: Haworth Press.

Diamond, M.J. 2007. My father before me: how fathers and sons influence each other throughout their lives. New York, NY: Norton.

Diamond, J. 2017. Surprising ways the father wound harms women. http://menalive.com/5-surprising-ways-father-wound-harms-women/ Date of access: 3 Mar. 2019.

Dick, G.L. 2011. The changing role of fatherhood: the father as a provider of selfobject functions. *Psychoanalytic social work,* 18:107–125.

Doehring, C. 2015. The practice of pastoral care: a postmodern approach. Rev. and exp. ed. Louisville. Kentucky, KY: Westminster John Knox.

Dryden, W. & Still, A. 2006. Historical aspects of mindfulness and self-acceptance in psychotherapy. *Journal of rational-emotive & cognitive-behaviour therapy*, 24(1):3-28.

Du Plessis, D.J. 2019. Facebook en die bediening van die kerkjeug in die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika: ŉ pastorale studie. Potchefstroom. NWU. (Verhandeling – PhD).

Du Plessis, I.J. 2007. Matteus. (*In* Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F., *eds*. Die Bybel in praktyk. 4de uitg. Vereeniging: CUM. p. 1368-1445).

Du Plooy, K. & Van Rensburg, E. 2016. What do the true experts say?: young adults' recommendations for coping with parental divorce. *The social work practitioner-researcher, 28(2):138-156.*

Du Rand,J.  2011.  Johannes.  (*In* Vosloo, W. & Du Toit, A., *eds*.  Die Bybel: nuwe lewende vertaling.  2de uitg.  Vereeniging: CUM.  p. 1121).

East, L., Jackson, D. & O'Brien, L.  2006.  Father absence and adolescent development: a review of the literature.  *Journal of child health care*, 10(4):283-295.

Ebstyne, K.P. & Boyatzis, C.J.  2004.  Exploring adolescent spiritual and religious development: current and future theoretical and empirical perspectives.  *Applied developmental science,* 8(1):2-6.

Eddy, M. M., Thomsom-deBoor, H. & Mphaka, K.  2013.  So we are ATM fathers: a study of absent fathers in Johannesburg, South-Africa. https://www.uj.ac.za/faculties/humanities/csda/Documents/Absent-fathers-full-report%202013.pdf.  Date of access: 16 Jul. 2018.

Erasmus, J.A. & De Klerk, B.J.  2002.  Perspektiewe vanuit die psigologie en sosiale wetenskappe vir kerklike bediening aan die adolossent: 'n ondersoek na die leefwêreld van die adolessent.  *Verbum et Ecclesia*, 23(2):343-352.

Erikson, E.H.  1980.  Identity and the life cycle.  New York, NY: W.W. Norton.

e-WAT (e-Woordeboek van die Afrikaanse taal).  2018. http://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za/.  Datum van gebruik: 27 Feb. 2018.

Fee, G.D.  2002.  New Testament exegesis: a handbook for students and pastors.  3rd ed.  Louisville: Westminister John Knox.

Ferreira, A.M.  2014.  'n Pastorale ondersoek na die inrigting van geestelike en emosionele herstel in kontemporêre modelle vir innerlike genesing.  Potchefstroom: NWU.  (Proefskrif - PhD).

Flouri, E. &  Buchanan, A.  2003.  The role of father involvement in children's later mental health.  *Journal of adolescence*, 26(1):63–78.

Fowl, S.E. 2012. Ephesians: a commentary. Louisville: John Knox.

Frank, J. 1995. Door of hope. Rev. and upd. ed. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson.

Freeks, F. E. 2004. Die rol van die ontbrekende vaderfiguur in die Suid-Adrikaanse konteks: ŉ prakties-teologiese studie. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – ThM).

Freeks, F.E. 2013. Dad is destiny: the man God created to be. Potchefstroom: Ivyline.

Freeks, F.E. & Lotter, G.A. 2009. ŉPraktiese-teologiese ondersoek na die uitwerking van afwesige vaders: ŉverkennende kwalitatiewe ondersoek in die Promosa-gemeenskap. *Koers*, 74(3):519-534.

Freeks, F.E., Strydom, C. & Bartlett, E. 2015. Die impak van afwesige vaders op adolessente dogters se psigososiale welstand. *Health SA gesondheid*, 20(1):45-58.

Freeman, T. 2008. Psychoanalytic concepts of fatherhood: patriarchal paradoxes and the presence of an absent authority. *Studies in gender and sexuality*, 9(2):113-139.

Furman, E. 1999. The role of the father in earliest childhood. (*In* Cohen, T., Etezady, M.H. & Hossein, M., *eds*. The vulnerable child. Volume 3. Madison, CT: International Universities Press. p. 272-274.

Gallup International Association. 2012. Global index of religiosity and atheism. https://www.scribd.com/document/136318147/Win-gallup-International-Global-Index-of-Religiosity-and-Atheism-2012 Date of access: 17 Jan. 2020.

Geldard, K. & Geldard, D. 2010. Counselling adolsecents: the proactive approach for young people. London. Sage.

Goldin, C.D. 1991. The role of World War II in the rise of women's employment. *American economic review*, 81(4):741-756.

Green, S. 2002. Involving fathers in children's literacy development: an introduction to the fathers reading every day (FRED) program. http://www.joe.org/joe/2002october/iw4.shtml Date of access: 21 Mar 2019.

Hall, K. 2017. Children living with parents. http://childrencount.uct.ac.za/indicator.php?domain=1&indicator=2 Date of access: 2 Jul. 2018.

Hall, K. & Sambu, W. 2017. Demography of South Africa's children. Cape Town: Children's Institute, UCT.

Harris, J. & White, V. 2018. A dictionary of social work and social care. 2nd. ed. Oxford: Oxford University Press. https://www-oxfordreference-com.nwulib.nwu.ac.za/view/10.1093/acref/9780198796688.001.0001/acref-9780198796688-e-31?rskey=IYzpjj&result=33 Date of access: 29 Jan. 2020.

Hayghe, H.V. 1997. Developments in women's labor force participation. *Monthly labour review,* 120(9):41-46.

Heilman, R. 2016. If dad takes faith in God seriously, so will his children. https://www.romancatholicman.com/dad-takes-faith-god-seriously-will-children/ Date of access: 12 Mar. 2019.

Hemovich, V. & Crano, W.D. 2009. Family structure and adolescent drug use: an exploration of single-parent families. *Substance use & misuse*, 44:2099–2113.

Hertzog, J.M. 2001. Father hunger: explorations with adults and children. Hillsdale, NJ: Analytic Press.

Heston, M. & Kottman, T. 1997. Movies as metaphors: a counseling intervention. *Journal of humanistic education and development*, 36(2): 92-99.

Hill, T. 2018. 7 consequences of having an emotionally detached parent. https://blogs.psychcentral.com/caregivers/2016/03/7-consequences-of-having-an-emotionally-detached-parent/ Date of access: 15 Oct. 2018.

Hill, E.W. & Mullen, P.M., 2001, 'Revisiting the process theology of Daniel Day Williams with implications for pastoral care', *Journal of Pastoral Care,* 55(2), 167–179.

Hix, R. 2018. The affirmation crisis: healing the wounds of a fatherless generation. s.l.: Elm Hill.

Hochschild, A.R. 1995. The second shift: employed women are putting in another day of work at home, (*In* Kimmel, M.S. & Messner, M.A., *eds.* Men's lives. Massachusetts, MS. Simon and Schuster. p 443-447).

Hoehner, H.W. 2002. Ephesians: an exegetical commentary. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Hoehner, H.W. 2008. Ephesians. (*In* Comfort, P.W., *ed.* Cornerstone biblical commentary. Vol. 16. Carol Stream: Tyndale House. p. 1-138).

Holborn, L. & Eddy, G. 2011. First steps to healing the South African family. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

House of Hope Orlando. s.a. About our founder: Sara E. Trollinger. https://www.houseofhopeorlando.org/about-us/sara-trollinger Date of access: 28 Dec.

Hübner, S.R. & Ratzan, D.M. 2009. Fatherless antiquity?: perspectives on "fatherlessness" in the ancient Mediterranean. (*In* Hübner, S.R. & Ratzan, D.M., *eds.* Growing up fatherless in antiquity. Cambridge: Cambridge University Press. p. 3-28).

Jackson, L.M. 2010. Where's my daddy?: effects of fatherlessness on women's relational communication. San José: SJSU. (Thesis: MA).

Jacobs, M. 2002. Counselling. (*In* Carr, W., *ed*. The new dictionary of pastoral studies. London: SPCK. p. 75-76).

Jacobs, J.E., Chin, C.S & Bleeker, M. M. 2006. Enduring links: parents' expectations and their young adult children's gender-typed occupational choices. *Educational research & evaluation*, 12(4):395-407.

Janse van Rensburg, F.J. 2007. Efesiërs. (*In* Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F., *eds*. Die Bybel in praktyk. 4de uitg. Vereeniging: CUM. p. 1821-1835).

Janse van Rensburg, J. & Breed, J. 2011. A structured approach to pastoral care and poverty. *Verbum et Ecclesia*, 32(1), art. 490.

Jarvis, C.A. 1991. Ephesians 3:14-21. *Union Seminary review,* 45(3):283-288.

Jimenez, P. 2002. Whatever happened to daddy's little girl?: the impact of fatherlessness on black women by Jonetta Rose Barras. *Permanente journal*, 6(2):80-81.

Jordaan, G.J.C., Van Rensburg, F.J. & Breed, D.G. 2011. Hermeneutiese vertrekpunte vir gereformeerde eksegese. *In die Skriflig,* 45(2 & 3):225-258.

Jungen, K.A. 2008. Parental influence and career choice: how parents affect the career aspirations of their children. Menomonie: University of Wisconsin-Stout. (Thesis – MSc).

Kabat-Zinn, J. 2003. Mindfulness-based interventions in context: past, present, and future. *Clinical psychology: science and practice*, 10:144–156.

Katz, J. 2010. Father emotional responsiveness and college women's sexual refusal behaviors. *American journal of family therapy,* 38(4):344-356.

Kendrick, S. & Kendrick, A. 2019. Identiteit: wie God sê jy is. Vereeniging: CUM.

Klein, W.W. 2006. Ephesians. (*In* Longman III, T. & Garland, D.E., *eds.* The expositor's Bible commentary: Ephesians-Philemon. Grand Rapids: Zondervan. p. 21-173).

Koen, V. 2010. African female adolescents' experience of parent-adolescent relationships and the influence thereof on their well-being. Potchefstroom: NWU. (Thesis – MA).

Kraft, C.H. 2010. Deep wounds, deep healing: discovering the vital link between spiritual warfare and inner healing. Ann Arbor, MI: Servant Publications.

Krampe, E.M. & Newton, R.R. 2012. Reflecting on the father: childhood family structure and women's paternal relationships. *Journal of family issues*, 33(6):773-800.

Krawcheck, S. 2017. Own it: the power of women at work. New York, NY: Crown Business.

Krohn, F.B. & Bogan, Z. 2001. The effects absent fathers have on female development and college attendance. *College student journal*, 35(4):598-608.

Kromberg, J. 2013. How dads shape daughters' relationships. https://www.psychologytoday.com/us/blog/inside-out/201307/how-dads-shape-daughters-relationships Date of access: 8 Mar. 2019.

Kruger, S.F. 1993. Die pastorale bediening aan die selfgesentreerde gelowige. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – MTh).

Laberge, M. 2006. Human growth and development. (*In* Krapp, K., *ed*. The Gale encyclopedia of nursing & allied health. Detroit: Gale Group. p. 1206-1210).

La Guardia, A.C., Nelson, J.A. & Lertora, I.M. 2014. The impact of father absence on daughter sexual development and behaviors: implications for professional counselors. *The family journal: counseling and therapy for couples and families*, 22(3):339-346.

Lamb, M. E. 1987. Introduction: the emergent American father. (*In* Lamb, M.E., ed. The father's role: cross-cultural perspectives. Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum. p. 3-25).

Lamb, M. E. 2000. The history of research on father involvement. *Marriage and family review,* 29(2-3):23-42.

Lamb, M.E. 2010. How do fathers influence children's development?: let me count the ways. (*In* Lamb, M.E., *ed.* The role of the father in child development. 5th ed. Heboken, NJ: Wiley. p. 1-26).

Leman, K. 2014. Wees die pa wat sy nodig het. Struik: Tygervallei.

Levy, M.F. 1983. Research and theory in developmental psychology: a collection of awards papers of the New York State Psychological Association. New York, N.Y.: Irvington.

Littauer, F. 1996. Touched by the master. Lake Mary, FL: Creation House.

Louw, D.A. 1992. Menslike ontwikkeling. 2de uitg. Kaapstad: HAUM.

Low, R. 2003. The truth about men & church. http://www.touchstonemag.com/archives/article.php?id=16-05-024-v Date of access: 4 May 2019.

Lubbe, C. 2007. Mothers, fathers or parents: same gendered families in South Africa. *South-African journal of psychology,* 37(2):260-283.

Main, M. 2004. Father hunger: fathers, daughters and the pursuit of thinness. 2nd ed. Carlsbad, CA.: Gürze Books.

Mancini, L. 2010. Father absence and its effects on daughters. Danbury, CT: Western Connecticut State University. (Undergraduate thesis for WRT 465). http://library.wcsu.edu/dspace/bitstream/0/527/1/Final+Thesis.pdf Date of access: 10 Apr. 2018.

Mander, G. 2001. Fatherhood today: variations on a theme. *Psychodynamic counselling,* 7(2):141-158.

Marzola, E. & Abbate-Daga, G. 2018. Body image disturbances in Anorexia Nervosa. (*In* Cuzzolaro, M. & Fassino, S., *eds.* Body image, eating & weight: a guide to assessment, treatment and prevention. Cham: Springer. p. 113-126.

Matsafu, M.E. 2005. Effects of divorce on children. Mafikeng: NWU. (Thesis – MA).

Mbugua, P. 2005. The responsible father. *WAJIBU*, 20(1):15-16.

McCrae, R.R. & Costa, P.T., Jr. 2008. Empirical and theoretical status of the five-factor model of personality traits. (*In* Boyle, G.J., Matthews, G. & Saklofske, D.H., *eds*. The SAGE handbook of personality theory and assessment. Vol. 1. Personality theories and models. Thousand Oaks, CA: Sage. p. 273-294).

McClure, B. 2014. Pastoral care. (*In* Miller-McLemore, B.J., *ed.* The Wiley Blackwell companion to practical theology. Chicester: Wiley-Blackwell. p. 269-278).

Meier, P. & Wise, R.L. 2003. Crazy makers: getting along with the difficult people in your life. Nashville, TN: Thomas Nelson.

Mercer, J.A. 2008. "Sometimes I feel like a fatherless child": a feminist practical theological perspective on adolescent girls and father-loss. (*In* Moore, M.E. & Wright, A.M., *eds.* Children, youth, and spirituality in a troubling world. St Louis, MO: Chalice Press. p. 78-91).

Meyers, M. 2018. Fatherless daughters: how growing up without a dad affects women. https://wehavekids.com/family-relationships/When-Daddy-Dont-Love-Their-Daughters-What-Happens-to-Women-Whose-Fathers-Werent-There-for-Them Date of access: 7 Mar. 2019.

Miklikowska, M. 2011. Family roots of empathy-related characteristics: the role of perceived maternal and paternal need support in adolescence. *Developmental psychology,* 47(5):1342–1352.

Miller, E.D. 2012. Why the fatherwound matters: consequences for male mental health and the father-son relationship. *Child abuse review*, 22:194-208.

Mills, L.O., 1990. Pastoral care: history, traditions, and definitions. (*In* Hunter, R.J., *ed*. Dictionary of Pastoral care and Counseling. Nashville: Abingdon Press. p. 836-842).

Molineux, M. 2017. A dictionary of occupational science and occupational therapy. Oxford: Oxford University Press. https://www-oxfordreference-com.nwulib.nwu.ac.za/view/10.1093/acref/9780191773624.001.0001/acref-9780191773624-e-0151?rskey=DCZkm8&result=154 Date of access: 27 Jan. 2020.

Morelli, A.O. 2018. Child development theory: adolescence (12-24): adolescent physical development. https://www.simhcottumwa.org/poc/view_doc.php?type=doc&id=41153&cn=1310 Date of access: 14 Nov. 2018.

Morrell, R. 2006. Fathers, fatherhood and masculinity in South-Africa. (*In* Richter, I. & Morrell, R., *eds.* Baba, men and fatherhood in South-Africa. Cape Town: HSRC. p. 3-25).

Morrill, M. & Hellerstein, J. 2011. Father's impact on daughter's career. *Journal of human resources,* 46(2):333-372.

Mõttus, R. 2017. Five-factor theory and personality development. (*In* Specht, J., *ed*. Personality across the life-span. London: Academic Press. p. 87-100).

National Fatherhood Initiative. 2016. The father absence crisis in America. https://cdn2.hubspot.net/hub/135704/file-396018955-pdf/RyanNFIFatherAbsenceInfoGraphic051614.pdf?t=1517864397196 Date of access: 6 Feb. 2018.

NEA (National Education Association). 2008. Parent, family, community involvement in education. *NEA policy brief*. http://www.nea.org/assets/docs/PB11_ParentInvolvement08.pdf Date of access: 15 Jan. 2019.

Nielsen, L. 2001. Fathers and their daughters: why a course for college students? *College student journal,* 35(2):280-316.

Nielsen, L. 2014a. How dads affect their daughters into adulthood. *CP politics*, 13 Jun. https://www.christianpost.com/news/how-dads-affect-their-daughters-into-adulthood.html Date of access: 30 Dec. 2018.

Nielsen, L. 2014b. Young adult daughters' relationships with their fathers: review of recent research. *Marriage & family review*, 50(4):360–372.

O'Callaghan, P. 2017. Cultural challenges to faith: a reflection on the dynamics of modernity. *Church, commuication and culture, 2*(1):25-40.

Osmer, R.R. 2008. Practical theology: an introduction. Cambridge: Eerdmans.

Palkovitz, R.J. 2002. Involved fathering and men's adult development: provisional blances. New York, NY: Lawrence Erlbaum.

Parks, S. D. 1990. Young adults. (*In* Hunter, R.J., *ed*. Dictionary of Pastoral care and Counseling. Nashville: Abingdon Press. p. 1344-1345).

Patton, J. 1990. Pastoral counseling. (*In* Hunter, R.J., *ed*. Dictionary of pastoral care and counseling. Nashville: Abingdon Press. p. 849-854).

Paus, T., Keshavan, M. & Giedd, J.N. 2008. Why do many psychiatric disorders emerge during adolescence. *Nature reviews neuroscience, 9:947-957.*

Pavlakos, A.O.S. 2017. Hungry for father: perceived father presence and the psychological well-being, self-worth, and interpersonal functioning of young women. Brookville, NY: Long Island University. (Dissertation: DPhil).

Pawson, D. 2015. Unlocking the Bible: a unique view of the whole Bible. London: HarperCollins.

Pedersen, F.A. 1987. Introduction: a perspective on research concerning fatherhood. (*In* Berman, P.W. & Pedersen, F.A., *eds*. Men's transitions to parenthood: longitudinal studies of early family experience. Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum. p. 1-12).

Perrin, P.B., Baker, J.O., Romelus, A.M., Jones, K.D. & Heesacker. M. 2009. Development, validation, and confirmatory factor analysis of the father hunger scale. *Psychology of men & masculinity* 10(4):314 –327.

Petrenko, E.A.G.D. 2011. Created in Christ Jesus for good works: the integration of soteriology and ethics in Ephesians. Paternoster: Milton Keynes.

Pew Research Centre. 2015. Religious landscape study: belief in God. Parent of children under 18 by belief in God. http://www.pewforum.org/religious-landscape-study/belief-in-god/ Date of access: 2 Mar. 2019.

Peyper, E. 2013. Experiences of young adult women with emotionally absent fathers. Potchefstroom: NWU. (Mini-dissertation – MA).

Presser, H.B. 2003. Working in a 24/7 economy: challenges for American families. New York: Russell Sage Foundation.

Pretorius, M. 2006. The theological centre of Pauline theology as it relates to the Holy Spirit. *Hervormde Teologiese Studies, 62(1):253-262.*

Popenoe, D. 1996. Without father. New York, NY: Free Press.

Rabe, M. 2018. The history of fatherhood in South Africa. (*In* Van den Berg, W. & Makusha, T, *eds*. State of South Africa's fathers 2018. https://genderjustice.org.za/publication/state-of-south-africas-fathers-2018/ Date of access: 3 Jan. 2018. p. 13-48).

Radl, J., Salazar, L. & Cebolla-Boado, H. 2017. Does living in a fatherless household compromise educational success?: a comparative study of cognitive and non-cognitive skills. *European journal of population*, 33(2):217-242.

Radwan, M. F. 2006-2017. Psychology of fatherless children. https://www.2knowmyself.com/psychology_of_fatherless_children. Access obtained: 19 Sept. 2018.

Roberts, J.H. 1990. Die brief aan die Efesiërs. 2de uitg. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers. (Skrifuitleg vir Bybelstudent en gemeente).

Robinson, M. 2004. Longing for dady: healing from the pain of an absent or emotionally distant father. Colorado Spring, Colo.: Waterbrook Press.

Roodt, M. 2018. South Africa's family fabric. SA Institute of Race relations. *Free facts,* 5. https://irr.org.za/reports/freefacts/files/free-ff-2014-september-2018.pdf Date of access: 4 Dec. 2018.

Rostad, W.L., Silverman, P. & McDonald, M.K. 2015. Daddy's little girl goes to college: an investigation of females' perceived closeness with fathers and later risky behaviors. *Journal of American college health*, 62(4):216-220.

Sanders, M. & Mayeda, S. 2008. Daddy's little girl: fatherlessness and substance abuse in adolescent girls *Counselor*, 9(5):30-34.

Schacter, D.L. 1996. Searching for memory: the brain, the mind, and the past. New York, N.Y.: BasicBooks.

Schaick, K. & Stolberg, A. 2001. Paternal involvement and young adult's intimate relationships. *Journal of divorce and remarriage,* 36(1/2):99-121.

Schaller, J.L. s.a. The search for lost fathering: rebuilding your father relationship. http://www.personalconsult.com/books/lostfathering1.html Date of access: 6 Mar. 2019.

Sebastian, C., Burnett, S. & Blakemore, S.J. 2008. Development of the self-concept during adolescence. *Trends in cognitive sciences,* 12(11):441-446, Nov.

Secunda, V. 1996. Women and their fathers: the sexual and romantic impact of the first man in your life. London: Reed International.

Sithole, J. 2018. Teenage pregnancy rises by 78% in one year – DA Mpumalanga. http://www.politicsweb.co.za/politics/teenage-pregnancy-rises-by-78-in-one-year--da-mpum Date of access: 16 Nov. 2018.

Shoemaker, S. F. 1990. Adolescents. (*In* Hunter, R. J., *ed*. Dictionary of pastoral care and counseling. Nashville: Abingdon Press. p. 8-9).

Snodgrass, K. 1996. Ephesians: the NIV application commentary from Biblical text – to contemporary life. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Sowers, J. 2010. Fatherless generation: redeeming the story. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Spicer, F. 1987. Adolescence. (*In* Campbell, A. V., *ed.* A dictionary of pastoral care. New York. NY: Crossroad. p. 5-7).

Spielman, J.B. 2005. The effects of parental loss throughout adolescent stages of development. Cedar Falls, IA: University of Iowa. (Thesis - MBA).

StatsSA (Statistics South-Africa). 2015. Poverty trends in South Africa: an examination of absolute poverty between 2006 and 2015. http://www.statssa.gov.za/publications/Report-03-10-06/Report-03-10-062015.pdf Date of access: 31 Oct. 2018.

StatsSA (Statistics South-Africa). 2016. Marriages and divorces. Statistical release, P0307. http://www.statssa.gov.za/publications/P0307/P03072016.pdf Date of access: 21 April 2019.

StatsSA (Statistics South Africa). 2017. Poverty trends in South Africa: an examination of absolute poverty between 2006 and 2015. Report no. 03-10-06. http://www.statssa.gov.za/publications/Report-03-10-06/Report-03-10-062015.pdf Date of access: 31 Oct. 2018.

StatsSA (Statistics South-Africa). 2019. Quarterly labour force survey. Report no. P0211. http://www.statssa.gov.za/publications/P0211/P02114thQuarter2018.pdf Date of access: 25 Feb. 2019.

Steytler, J.P.D. 2007. Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkinderjare. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MA).

Steytler, J.P.D. & Strydom, H. 2013. Mentor relationship effects on perceived quality of life by a sample of rural South African teenagers *Journal of psychology in Africa*, 23(1):123-128.

Straus, M.B. 2017. Treating trauma in adolescents: development, attachment, and the therapeutic relationship. New York, NY: Guilford.

Strommen, M.P. & Hardel, R.A. 2008. Passing on the faith: a radical model for youth and family ministry. Rev. ed. Winona, MN: Saint Mary’s Press.

Tanga, P.T. 2013. The impact of the declining extended family support system on the education of orphans in Lesotho. *African journal of AIDS research*, 12(3): 173–183.

Thomas, D,.L., Gecas, V., Weigert, A. & Rooney, E. 1974. Family socialization and the adolescent: determinants of self-concept, conformity, religiosity, and counterculture values. Lexington, Mass.: Lexington Books.

Townes, S. 2017. Towards a theology of the single mother. Newberg, OR: George Fox University. (Dissertation – MATS).

Trollinger, S. 2007. Advanced triage counselling: counseling that heals teenagers and parents. Oviedo, FL: Higherlife Press.

U.S. Census Bureau. 2011. America's families and living arrangements: table C8: poverty status, food stamp receipt, and public assistance for children under 18 years/1 by selected characteristics. https://www.census.gov/population/www/socdemo/hh-fam/cps2011.html Date of access: 4 Jan. 2019.

U.S. Census Bureau. 2012. America's families and living arrangements: table C3: living arrangements of children under 18 years/1 and marital status of parents, by age, sex, race, and Hispanic origin/2 and selected characteristics of the child for all children. https://www.census.gov/prod/2013pubs/p20-570.pdf Date of access: 4 Jan. 2019.

U.S. Cencus Bureau. 2016. The majority of children live with two parents, Cencus Bureau reports. Release number: CB16-192. https://www.census.gov/newsroom/press-releases/2016/cb16-192.html Date of access: 15 Jul. 2018.

U.S. Census Bureau. 2017. America's families and living arrangements: table C3: living arrangements of children under 18 years and marital status of parents, by age, sex, race, and Hispanic origin and selected characteristics of the child for all children: 2017. https://www2.census.gov/programs-surveys/demo/tables/families/2017/cps-2017/tabc2-all.xls Date of access: 16 Nov. 2018.

Van den Berg, W. & Makusha, T. 2018. Introduction: state of South Africa's fathers. (*In* Van den Berg, W. & Makusha, T., *eds.* State of South Africa's fathers 2018. https://genderjustice.org.za/publication/state-of-south-africas-fathers-2018/ Date of access: 3 Jan. 2019. p. 5-10).

Van der Watt, J. & Joubert, S. 2006. Die boodskap: die Nuwe Testament in hedendaagse Afrikaans. 2de Uitg Vereeniging: CUM.

Van Niekerk, E. 2005. 'n Teologiese perspektief op die moderne probleem van die man as afwesige pa. Johannesburg: UJ. (Verhandeling – MA).

Venter, H.V. 2004. Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk binne die konteks van die postmodernisme: 'n prakties-teologiese benadering. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MTh.).

Visagie, I.J. 2005. Pastorale berading van die vader in die postmoderne gesin. Potchefstroom. NWU. (Proefskrif - PhD).

Wakerman, E. 2015. Father loss: daughters discuss life, love, and why losing a dad means so much. New York, NY: Skyhorse.

Walker, J.E. 2015. A how-to guide to single-parent ministry: an inside look to the single-parent world in the Christian community. Lynchburg, Va.: Liberty University. (Thesis – Honours). https://digitalcommons.liberty.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1594&context=honors Date of access: 7 Jan. 2019.

Ward, B.M. 2008. Educational outcomes of children with absent-fathers: an examination of children with deceased fathers and children with fathers absent for other reasons compared with fathers present in a two-parent home. Iowa: Iowa State University. (Dissertation – MSc).

Warren, R. 2014. Bad dads: no more holes and wounded souls. Faithgateway. www.faithgateway.com/bad-dads-holes-wounded-souls/#.XHvegzZPY Date of access: 3 Mar. 2019.

White, J.M. & Klein, D.M. 2002. Family theories. 2nd ed. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.

Williams, S. 2008. What is fatherhood?: searching for the reflexive father. *Sociology*, 42(3):487-502.

Williams, J.M. & Currie, C. 2000. Self-esteem and physical development in early adolescence: pubertal timing and body image. *Journal of early adolescence*, 20(2):129-149.

Wineburgh, C.S.W. 2000. Treatment of children with absent fathers. *Child and adolescent social work journal,* 17(4):254-273.

Woodbridge, N. 2014. The EDNA model for doing research in practical theology: a biblical approach. *Conspectus: the journal of the South African Theological Seminary*, 17(1):89-121.

Wright, H.N. 2011. The complete guide to crisis & trauma counseling: what to say when it matters most. Up. and exp. ed. California, CA: Regal.

Zastrow, C.H. & Kirst-Ashman, K.K. 2007. Understanding human behavior and the social environment. 7th ed. Belmont: Brooks/Cole.

Zhai, J.E., Ellison, C.G., Norval, D.G. & Marquardt, E. 2007. Parental divorce and religious involvement among young adults. *Sociology of religion*, 68(2):125-144.

# BYLAAG A: AGTERGRONDINVENTARIS VAN BERADENES

**AGTERGRONDINVENTARIS VAN BERADENES**

**(*Meier & Wise, 2003:134, Ferreira, 2014:277-286*)**

In die Meier klinieke word daar van die volgende lys opdragte en vrae gebruik gemaak ten einde beradenes te help om beter selfkennis te bekom en tegelykertyd ŉ volledige agtergrondgeskiedenis van die betrokke persoon te verkry.

**Ontmoet die innerlike jy**

- Beskryf waar jy woon en of jy getroud, enkellopend of geskei is.
- Beskryf jou huweliksmaat/verloofde en sy/haar werk. Wat is jou gevoelens omtrent jou maat in hierdie stadium?
- Beskryf jouself. Wanneer en waar is jy gebore?
- Beskryf jou pa en sy beroep.
- Beskryf hoe jou pa jou gedurende die eerste ses jaar van jou lewe hanteer het.
  - Beskryf enige situasies waar jou pa jou moontlik emosioneel, fisies of seksueel misbruik of op onvanpaste wyse teenoor jou opgetree het – ook wat sy optrede teenoor jou broers/susters, jou ma en enigiemand anders betref.
- Gee ŉ beskrywing van die dinge waarvan jy betreffende jou pa van hou.
- Gee ŉ beskrywing van enigiets wat jy graag sou wou verander met betrekking tot die wyse waarop jou pa jou behandel het.
- Kyk na jouself deur jou pa se oë – wat sien jy?
- Beskryf hoe die werklike jy van die persepsie wat jou pa van jou het of gehad het, verskil.
- Beskryf die emosies wat jy gewoonlik teenoor jou pa tydens jou grootword jare beleef het.
- Lewe jou pa steeds? Indien nie, wanneer en hoe is hy oorlede?
- Beskryf enige fantasieë aangaande sy toekomstige verhouding met jou wat vernietig is toe hy gesterf het.
- Wanneer jy mansvriende tot dusvêr gedurende jou lewe gekies het, was jy geneig

om persone te kies wat soos jou pa was? Waarom dink jy het jy sulke keuses gemaak?

- Sou hierdie keuses moontlik ʼn manier wees om ʼn vakuum in jou binneste te vul omdat jy emosioneel nooit so ná aan jou pa was as wat jy gewens het julle kon wees nie? Of sou hierdie keuses van mansvriende onbewustelik met ʼn poging om jou pa te 'fix' verband kon hou? Beskryf enige van die maniere wat jy dink jy moontlik ook poog om hierdie mansvriende van jou te 'fix'.
- Het jy ooit onbewustelik probeer om op jou pa wraak te neem deur in wraaksugtige verhoudings met hierdie 'vader-substitute' betrokke te raak? Indien wel, brei hierop uit.
- Beskryf die negatiewe dinge wat jy vir jouself sê wanneer jy ʼn fout gemaak het.
- Sal jy hierdie selfde negatiewe dinge aan jou beste vriende sê? Waarom of waarom nie?
- Waarom sê jy hierdie dinge vir jouself? Is enige van hierdie stellings op boodskappe vanaf jou pa, wat hy teenoor jou of van jou gemaak het, gebaseer?

Dink baie mooi oor bovermelde stellings en vrae na en neem vervolgens jou Bybel en skryf heel voor in die verklaring dat jy vandag besluit het om jou eie beste vriend(in) te word en teken vandag se datum daarby aan – teken ook jou naam daarby. Jy gaan ook voortaan poog om nooit weer die tipe negatiewe dinge aan jouself te sê wat jy nie eens vir jou beste vriend(in) sal sê nie.

Ons let vervolgens op ʼn aantal verdere negatiewe uitsprake wat verwonde persone soms met hul saamdra:

- Het jou pa enige negatiewe boodskappe soms aan jou gekommunikeer sonder om dit noodwendig in woorde uit te spel? Moontlik het hy nieverbale boodskappe aan jou gegee, soos byvoorbeeld dat jy hom nie moet pla nie aangesien hy besig is. Het hy moontlik by geleentheid ʼn sportberig in die koerant gelees terwyl jy gevoel het dat hy eintlik daardeur nie kans gesien het vir die emosionele krisis waarin jy jouself in daardie oomblik bevind het nie? Wat onthou jy hiervan?
- Watter ander soortgelyke boodskappe – wat geïmpliseer het dat hy nie beskikbaar is nie – het hy ook aan jou verbaal of nieverbaal gegee?

- As jy aan hierdie dinge uit die verlede terugdink, voel dit vir jou asof jy maar net kan doodgaan? Indien jou antwoord 'ja' is, haal dan diep asem en ontspan terwyl jy oor hierdie moeilike saak nadink. Dit is belangrik dat jy moeilike aspekte soos hierdie teen 'n pas waarmee jy gemaklik is, sal hanteer.
- Is dit miskien moontlik dat elke keer tydens jou jong volwasse (of volwasse) lewe, toe jy gewens het dat jy sommer net kon doodgaan, dit die gevolg kon wees van soortgelyke gevoelens tydens jou kinderjare? Beskryf enige gebeure tydens jou kinderjare toe jy na 'n oorlas gevoel het en van mening was dat andere beter af sou wees as jy nie meer daar sou wees nie.
- Het jy dit beleef dat jou pa onvoorwaardelik vir jou lief is, of het jy gevoel dat jy sy liefde moes verdien? Beskryf dit.
- Baseer jy jou eiewaarde steeds op dit wat jou pa van jou in die verlede gedink het of wat hy steeds vandag van jou dink?
- Aangesien daar ses biljoen mense op hierdie planeet is en jou pa slegs een van hulle is, kan jy nou sien hoe vrugteloos dit is om jou mening op een enkele ander persoon se mening te baseer?

Teen hierdie tyd besef jy sekerlik dat jou pa sy eie probleme gehad het wat niks met jou te doen gehad het nie. Sommige van jou pyn in jou verhouding met jou pa kon die gevolg van jou pa se eie innerlike worsteling en soeke na antwoorde gewees het. Die waarheid is dat dit nie jou skuld is dat jou pa nie nader aan jou was as wat die geval is nie.

Terwyl jy bovermelde vrae beantwoord het, het jy moontlik ook besef dat die eintlike sake nie so seer met jou pa was nie, maar eerder met jou ma – of jy kon verwerping en pyn met betrekking tot beide ouers beleef het. Sou jou ma die eintlike bron van al jou probleme gewees het, moet jy teruggaan en bovermelde vrae weer deurgaan, maar hierdie keer haar naam oral invul. Moenie voel dat dit abnormaal is wanneer jy selfs bewoë raak soos wat jy deur hierdie vrae werk nie.

Talle van die probleme wat mense in hul verhoudings met moeilike persone ervaar hou met die tipe verhouding verband wat hulle met hul ouers gehad het. Aangesien 85% van jou volwasse persoonlikheid reeds gedurende die eerste ses jaar van jou lewe gevorm

is, is dit so dat die verwagtinge wat mens het van hoe ander persone teenoor jou sal reageer en optree, heel dikwels met kondisionering tydens jou kinderjare verband hou.

Soos wat jy deur hierdie vrae en stellings werk, gaan jy heel waarskynlik belangrike ontdekkings oor jou eie lewe maak.

**Wat van die ander kinders?**

Noudat ons na jou ouers gekyk het, verskuif ons die fokus na die res van die gesin.

- Hoeveel broers en susters is/was julle?
- Beskryf jou rol in jou gesin van oorsprong. Is jy die oudste van die kinders, die middel-kind of die jongste? Hoe was jou interaksie met die res van die gesin vanuit jou rol wat jy moes vervul?
- Moes jy by tye as plaasvervanger-ouer optree, wat meegebring het dat jy eintlik van jou kinderjare beroof is? Dink terug aan alles wat gebeur het en oorweeg jou antwoord sorgvuldig.
- Was jy ooit die swartskaap?
- Was jy ooit soos ʼn plaasvervanger-maat vir jou ouer van die teenoorgestelde geslag behandel of hanteer?
- Het jy ooit besef dat die frase 'emosionele bloedskande' op kinders wat plaasvervanger-ouers moet wees van toepassing is en dat dit ingrypende negatiewe gevolge op jou kon hê?

Baie persone is net so sterk deur hul broers en susters as deur hul ouers beïnvloed. Talle van jou huidige verwagtinge kan die gevolg van die optrede of woorde van een van hierdie persone wees en jy is steeds besig om daarop te reageer, of jy is besig om die oorspronklike konflikte en moeilike situasies uit te reageer. Spandeer heelwat tyd deur na te dink wat jou ervaring van hierdie moeilike situasies was. Indien daar ʼn spesifieke moeilike situasie is wat aan ʼn spesifieke broer of suster gekoppel is, gaan weer deur die vorige lys vrae en vul hierdie betrokke persoon se naam op die gepaste plekke in. Ons let vervolgens op ʼn ander tipe situasie.

**Wat van God?**

- Het jy ʼn persoonlike verhouding met God?
- Beskryf hoe dit begin het en hoe jy dit tans beleef.
- Hoe sou jy God beskryf?
- Wat sou Hy moontlik op hierdie oomblik van jou dink?
- Is daar enige sterk ooreenkoms tussen jou beskrywing van God en dit wat jy van jou pa, ma, broer of suster gesê het? (jou antwoord kan moontlik vir jouself ʼn openbaring wees).
- Is dit moontlik dat jy die liefdevolle God van die Bybel met jou eie projeksies van jou pa of ma verwar het? Dink ʼn bietjie hieroor na.
- Is dit moontlik dat jy as kind onbewustelik iets soos die volgende kon gedink het wanneer jy saans gebid het voordat jy in die bed geklim het: Liewe hemelse weergawe van my aardse pa (of ma of broer/suster)? Indien dit wel die geval is, moet jy, voordat jy jou antwoord neerskryf, eers stop en ʼn ander gebed bid. Is jy gewillig om te bid: "Liewe God, wie U ook al in werklikheid is, sal U asseblief U-self aan my bekend maak en my deur hierdie fase van my lewe help?"
- Vra jouself af of hierdie presies dit is wat jy nou moet bid. Indien jy vrede daaroor het, plaas hierdie bundel eers eenkant en praat met God en vra Hom om Homself aan jou bekend te maak soos wat Hy werklik is. Spandeer ʼn paar minute in gebed terwyl jy vir God vra om voortaan ʼn belangrike deel van jou lewe te wees.

Ons let vervolgens op enkele ander destruktiewe wyses waarop jou lewe in die verlede beïnvloed kon gewees het.

**Wat van die negatiewe situasies in jou verlede?**

- Was jy ooit emosioneel, fisies of seksueel deur enigiemand in jou lewe misbruik?
- Indien wel, gee ʼn kort agtergrond van elke situasie en persoon wat jou ooit op enige wyse misbruik het (Beskryf dit sommer nou hardop indien moontlik. Laat jouself toe om jou eie woorde te hoor terwyl jy die detail van wat met jou in die verlede gebeur het, beskryf).
- Indien jy een of meer soortgelyke slegte ervarings gehad het, het jy toe gevoel dat daar ʼn ouer of enigiemand anders of selfs God was wat jou nie tydens daardie

krisisse beskerm het nie?

- Besef jy dat die ouer wat kennis van die gebeure gehad het en nogtans toegelaat het dat jy misbruik word, eintlik presies dieselfde skade aan jou gedoen het as die misbruiker self (just as abusive as the person who hurt you). Hoe laat ’n gedagte soos hierdie jou op hierdie oomblik voel? (Beskryf jou gevoelens hardop indien moontlik).

Jy hoef nie al die leuens te glo wat deur verwonding op jou geprojekteer is nie. *“You are of infinite worth and deserve to be loved. You deserve to be loved by people who know all of your secrets.”* Dit sal goed wees om nou ook na Ps 139 te blaai en te lees hoe God reeds met jou in jou moederskoot besig was en dat Hy elke dag en elke oomblik aan jou dink.

Indien daar enige wraakgedagtes in jou binneste betreffende enige persoon en selfs ook teenoor God is omdat jy mag voel dat Hy jou nie beskerm of ingegryp het nie, dan het dit nou tyd geword om al daardie emosies en gedagtes vir Hom te gee.

**Wat van jou emosionele geskiedenis?**

- Het jy tydens jou jeugjare dikwels meer depressief as jou vriende gevoel?
- Was daar depressie by sommige van jou ander gesinslede. Indien wel, gee ’n beskrywing van die persoon of persone wat daarmee geworstel het en ook die tipe depressie wat hulle gehad het.
- Is of was daar ander familielede wat ’n probleem met depressie, angs of ander emosionele probleme gehad het? Indien wel, gee ’n beskrywing daarvan.
- Sou jou depressie moontlik geneties kan wees? Sou dit die gevolg van omstandighede kan wees? Of beide?
- Het jy ooit so depressief gevoel dat jy eerder wou doodgaan?
- Het jy ooit selfmoord probeer pleeg of baie naby daaraan gekom?
- Wat was die kragbronne waaruit jy kon put wat vir jou deur sulke moeilike tye gedra het?

Die feit dat jy nie selfmoord gepleeg het nie getuig onder andere van innerlike moed,

krag, sterkte en hoop by jou. Jy was heldhaftig genoeg om jouself, te midde van ontsettende pyn, aan die lewe te hou. Dit getuig ook van die Here se genade. Jy kan jouself oor hierdie sterkpunte waaroor jy beskik sowel as oor God se genade wat groot was, verheug.

**Depressie en ŉ gebrek aan lewensvreugde**

- Hoeveel keer in jou lewe het jy ŉ intense depressie ervaar wat langer as ŉ maand geduur het en waartydens jy moontlik ook op so ŉ laagtepunt was dat jy wou doodgaan?
- Het sulke depressies sommer uit die bloute op jou toegesak en uiteindelik ŉ patroon in jou lewe geword? Of het dit gebeur nadat jy verwerping ervaar het of deur ŉ krisisfase geworstel het? Beskryf die omstandighede.
- Sou dit aan die ander kant moontlik wees dat jy ŉ fisiese probleem soos oorerwing van lae serotonienvlakke of lae skildklier hormoonvlakke gehad het – beide hierdie faktore kon so intense depressie veroorsaak het dat jy met selfmoordgedagtes kon worstel?
- Wanneer was die laaste keer dat jy innerlike vrede en vreugde vir ŉ paar maande aaneen beleef het?
- Beleef jy dit ooit dat jy oormatig gelukkig vir twee of meer dae na mekaar voel, terwyl jy dan geneig is om vinniger te praat en gesprekke te domineer? Slaap jy minder tydens sulke fases, met woelende gedagtes deur jou kop terwyl jy soms ook geneig is om ŉ groot klomp geld met jou kredietkaart te spandeer? Raak jy in flirtasies betrokke, is jy vol van nuwe kreatiewe idees, word jy deur grandiose gevoelens oorweldig of het jy probleme om stil te sit en daarom is jy altyd aan die beweeg?
- Talle persone het bipolêre versteurings oorgeërf wat verantwoordelik vir die tipiese simptome, soos in die vorige punt beskryf, kan wees. Indien bovermelde beskrywing op jou van toepassing is, is dit waarskynlik nodig dat jy by ŉ psigiater vir gemoedstabiliserende medikasie sowel as ŉ antidepressant sal moet uitkom (indien jy slegs ŉ antidepressant ontvang, kan dit selfs die bipolêre simptome laat vererger – beide hierdie tipe medikasies is nodig vir persone met bipolêre gemoedswisselings).

- Het jy ooit die bekommernis, sonder enige goeie rede, ervaar dat jou telefoon afgeluister word of dat iemand jou dalk wou vergiftig. Het jy ooit die neiging gehad om paranoïes te raak – heeltyd die gevoel dat vreemdelinge negatiewe dinge van jou sê of dat jy in ŉ winkel tussen die rakke agtervolg word?

Die vrese soos in bovermelde vrae aangedui, sou daarop kon dui dat jy by ŉ psigiater medikasie moet ontvang wat die dopamienbalans kan herstel en gevolglik die paranoia laat opklaar – dit vind gewoonlik binne ŉ paar dae plaas. Hoe langer ŉ persoon egter paranoïes bly en nie medikasie ontvang nie, hoe moeiliker raak dit in die langtermyn om volkome te herstel.

- Het jy ooit lewenslange patrone ontwikkel om dinge te begin tel sodra jy ŉ vertrek binnestap? Jy maak saans drie kere na mekaar seker dat die deure gesluit is? Jy was jou hande 20 of 30 keer per dag? Honger jy jouself tot by ŉ onveilige gewigsgrens uit of braak jy kompulsief ten einde jou gewig onder beheer te probeer hou?

Dit is moontlik dat kompulsiewe aktiwiteite ŉ aanduiding kan wees dat jy met obsessiewe-kompulsiewe patrone worstel in ŉ poging om kontak met jou eie emosies te probeer vermy. Al hierdie tipe gedrag is behandelbaar en jy sal slegs die stap moet neem om by ŉ professionele persoon uit te kom. Medikasie wat veral op die serotonienvlakke gefokus is, kan gedrag en gewoontes soos hierdie binne ŉ maand of twee laat verdwyn. Sommige persone met obsessiewe-kompulsiewe ver-steuring (OCD) kan slegs deur middel van terapie herstel, terwyl andere nie sonder ŉ hoë dosis van serotonien medikasie sal kan herstel nie.

Ons het hierbo ŉ verskeidenheid van areas gedek ten einde jou te help om in kontak met jouself te kom. Jy behoort na dese ook jouself heelwat beter te verstaan. Jy sou moontlik ook meer begrip betreffende sekere gebeure in die verlede verkry het. Indien daardie moeilike persoon in jou lewe vir hierdie tipe vraelys oop sou wees, moet jy hom/haar aanmoedig om ook daardeur te gaan.